

DIE ETIOLOGIESE AGTERGROND VAN DIE GEDRAGSAFWYKENDE
KLEURLINGKIND EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR SY
HEROPVOEDING.

deur

EERW. F.A. BESTER, B.A., M.Ed.

=====

PROEFSKRIF INGEHANDIG AAN DIE
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS
TER GEDEELTELIKE VOLDOENING
AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD D.Ed.

=====

DRIE BANDE.

=====

BAND III : GESINDHEID EN OPVOEDING.

=====

PROMOTOR: PROF. DR. H.J.J. BINGLE.

1961.

=====

INHOUDSOPGAWE EN LYTE VAN TABELLE, GRAFIEKE, BYLAES
EN AFKORTINGS IN BAND I, PP. (iii) TOT (xxxi).

HOOFSTUK VIII.

ONDERWYSTOESTANDE.

Waar so baie faktore uit so baie rigtings en op so baie terreine 'n nadelige invloed op die vorming van die Kleurlingjeug uitoefen, spreek dit vanself dat die eise wat in hierdie maatskappy aan die skool gestel sal word, buitengewoon hoog moet wees: Bo en behalwe die gewone bekende funksie van die skool, moet die Kléúrlingskool nie alleen die gemis op huislike en ander terreine op groot skaal vergoed nie, dit moet ook — op ewe groot skaal — wal gooi teen positief sede- en gedragskadefike invloede wat op daardie terreine losgelaat word. Die Kleurlingskool het derhalwe in sy maatskappy 'n haas onnoembaar veel groter en neteliger taak as die skool van enige ander rassegroep in Suid-Afrika.

Dit is dus van aktuele belang om deurtastend ondersoek in te stel na die onderwystoestande in Kleurlingskole. Sodoende kan bepaal word in welke opsig, indien enige, onderwysmisstande die vraagstuk van gedragsafwyking en jeugmisdaad onder Kleurlinge in die hand werk. Die onderhawige ondersoek het aan die lig gebring dat die volgende aspekte van Kleurlingonderwys in dié verband vermelding verdien: Vertraging en uitskakeling, leerplig, onderwysfasiliteite, opvoedbaarheid en die gehalte van onderrig.

Dit val dadelik op dat hierdie aangeleenthede onderling en kausaal met mekaar verstrengel is. Waar elk op sy beurt as 'n besondere identiteit geïsoleer, uitgelig en gekenskets word, geskied dit duidelikeids- en gerieflikeidshalwe, en nie sonder 'n mate van dwang van artifisiële analise nie: Daar moet dan ook telkens op die onderlinge verband gewys word.

1. Vertraging en Uitskakeling.

Skoolvertraging is 'n konsekwente byverskynsel van delinkwensie en hoe meer die vertraging is, hoe hoër word die korrelasie.¹⁾

(a)/.....

-
- 1) Glueck, S. en E.: Delinquents in the Making, p. 71;
: Unraveling Juvenile Delinquency, p. 137,
kol. 2;
Neumeyer, M.H.: Juvenile Delinquency in Modern Society,
pp. 228-231;
Robison, Sophia M.: Juvenile Delinquency. Its Nature and
Control, p. 147;
Pearce, J.D.W.: Juvenile Delinquency, p. 43 et seqq.,
Healy, William and Bronner, Augusta F.: New Light on Delin-
quency and its Treatment, p. 48.

(a) Monsterondersoek.

Die vertraging van 500 leerlinge ten tyde van hul toelating aan die Nywerheidskool Ottery is ondersoek, en die resultate is vervat in Tabel 71. Daàr uit blyk dat 75.2% van die leerlinge toegelaat word voor hul sestiende jaar met 14.9 as mediaan en 14 jaar as modus. Hierteenoor het 82.2% van hulle nie verder as standerd IV gevorder nie. Die hoogste persentasies van hulle word toegelaat in standers I tot IV, met standerd III as modus. Die ouderdoms- en standerdverspreiding van die leerlinge met toelating word treffend illustreer in Grafieke 21 en 22 respektiewelik.

Die mate van vertraagdheid van hierdie leerlinge met hul toelating blyk daaruit dat 3.8% van hulle nog nooit op skool was nie, of in alle geval nie daarin geslaag het om die eerste graad verby te steek nie en hul mediaan-ouderdom was 16.1 jaar. Daar kan dus met veiligheid aangeneem word dat hulle heeltemal anal-fabete was en sou gebly het. Diegene wat sub A bereik het, sou hulle in 'n gewone skool in sub B bevind het waar die mediaan ouderdom 8.74 is.¹⁾ Dit beteken dat die gedragsafwykende kind met sy 14.5 jaar by toelating reeds soveel as 5.8 jaar vertraag is. Inderwaarheid verander die mediaan-ouderdomme by die gedragsafwykendes slegs onbeduidend tussen sub A en std. IV en die verskille wissel van standerd tot standerd tussen .2 en .5 jaar. Eers in std. V bereik die mediaan-ouderdom 15.4 jaar in vergelyking met die 13.57 van die gewone Kleurlingskoolkind.

Uit hierdie syfers is dit derhalwe baie duidelik dat die gedragsafwykende Kleurlingkind wat tot die Nywerheidskool toegelaat word, meesal tussen 5 en 2 jaar meer vertraagd is as die een in die gewone skool, waar vertraging reeds een van die mees opvallende verskynsels in die onderwysstatistiek is. Hierdie skoolvertraging het van owerheidsweë reeds ernstige bedenkinge verwek, en selfs die wese van die Kleurlingonderwys as sodanig in gedrang gebring. Só belangrik is dit geag dat die Botha-kommissie van 1953-56²⁾ opdrag ontvang het

„om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen oor ... die doel en funksie en die doeltreffendheid van die onderwys in alle tipes van Kleurlingskole onder die huidige beleid, in ag geneem die onrusbarende vertraging van leerlinge soos geopenbaar deur ouderdomsverspreidings en uitslae by eksamens.”


Dit/.....

1) Vgl. Tabel 72, p.


2) Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop: Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1953-1956, p. 4, par. (d).

TABEL 71: OUDERDOM-STANDERD-VERSPREIDING VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGSEUNS TEN TYDE VAN HUL TOELATING.

OUDERDOM.	GEEN	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	TOTAAL	%	KUMULATIEWE PERSENTASIE
12	2	6	1	5	3	1	1	-	-	-	-	19	3.8	3.8
13	1	9	9	13	16	13	13	6	2	-	-	82	16.4	20.2
14	6	17	19	20	23	29	28	13	5	1	-	161	32.2	52.4
15	-	8	7	15	16	25	19	14	7	3	-	114	22.8	75.2
16	9	5	2	10	13	9	7	12	8	3	1	79	15.8	91.0
17	1	3	4	4	3	6	6	2	3	4	1	37	7.4	98.4
18	-	-	1	-	-	-	2	2	1	-	-	6	1.2	99.6
19	-	-	-	-	1	-	-	-	1	-	-	2	.4	100.0
TOTAAL	19	48	43	67	75	83	76	49	27	11	2	500	100.0	
MEDIAAN- OUDERDOM	16.1	14.5	14.2	14.7	14.8	15.0	14.9	15.4	16.9	16.5	17.0	14.9		
%	3.8	9.6	8.6	13.4	15.0	16.6	15.2	9.8	5.4	2.2	.4	100.0		
KUMULATIEWE PERSENTASIE	3.8	13.4	22.0	35.4	50.4	67.0	82.2	92.0	97.4	99.6	100.0			



GRAFIEK 21: PERSENTUELE OUDERDOMSPREIDING VAN 500 LEERLINGE MET TOELATING.



GRAFIEK 22: PERSENTUELE VERSPREIDING VAN 500 LEERLINGE
IN SKOOLSTANDERDS GESLAAG MET TOELATING.

Dit is dus nodig om die verdragingsverskynsel vir onderhawige doeleinds verder te ondersoek.

(b) Vertragingstatistiek in Provinsiale Skole.

Aangesien verreweg die grootste meerderheid Kleurlinge in die Kaapprovinsie woonagtig is, en dus skole in Kaapland besoek, word vir statistiese doeleindes slegs van die syfers verstrek deur die Kaapse Superintendent-generaal van Onderwys gebruik gemaak. Telkens word met die oog op vergelyking ook die syfers vir blankes aangedui.

(i) Ouderdom-standerd-verspreiding.

Vir vertragingstatistiek is die ouderdom-standerd-verspreiding van belang. Tabelle 72 en 73 is oorgeneem uit die jaarverslag van die S.G.O.¹⁾ en gee die syfers soos op 3 Junie 1958 vir die Kleurlinge en blankes in Kaaplandse skole respektiewelik aan. Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word:

aa) Waar blanke kinders gewoonlik tussen die ouderdomme van 6 en 7 jaar skool-toe kom, en alhoewel baie duisende Kleurlingkinders by hierdie ouderdom ook reeds op die skoolbanke is, word vir berekeningsdoeleindes gewoonlik aanvaar dat die Kleurlingkind gewoonlik 'n jaar later skool-toe kom.²⁾

bb) Die mediaan-ouderdomme vir elke klas weerspieël ook hierdie verskil van ongeveer een jaar baie duidelik. Grafiek 23 is op Tabelle 72 en 73 gebaseer en illustreer die verskille in die mediaan-ouderdomme op 'n treffende wyse. Die verskil tussen blank en Kleurling in sub A is presies een jaar, groei dan aan en bly meer as een jaar tot en met die vierde standerd waarna dit minder as 'n jaar is en geleidelik nog minder word, waarskynlik as gevolg van die feit dat die oudste kinders om en by die vierde standerd en daarna vinnig die skool verlaat en die jongeres proporsioneel langer aanbly om die verskil tussen die ouderdomme gaandeweg minder te maak.

cc) Van alle Kleurling-leerlinge is 18.1% onder 8 jaar en by die blankes is dit slegs 18.5%. Hierdie geringe verskil waarsku teen te veel klem op die latere toetredingsouderdom as 'n verklarende argument vir vertraging, en dui daarop dat die vertraging wat mag bestaan, grootliks aan ander faktore gewyt moet word.

dd)/.....

1) 1958: Bylaes P en K, pp. 56 en 52 respektiewelik.


2) Vgl.: Superintendent-generaal van Onderwys: op. cit., pp. 52 en 56.

TABEL 72: OUDERDOM-STANDERD-VERSPREIDING VAN KLEURLINGLEERLINGE IN KAAPLAND OP 3. 6.58.

Ouder- dom.	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	IX	X	Totaal	%
Onder 6	19												19	0.0
6- 7	13,764	266	8										14,038	5.9
7- 8	18,944	9,803	410	9									29,166	12.2
8- 9	8,929	13,063	8,841	976	35								31,844	13.3
9-10	3,875	7,842	11,043	7,595	1,053	35	2						31,445	13.2
10-11	2,001	4,162	7,701	8,653	6,070	992	54						29,633	12.4
11-12	1,030	2,193	4,417	6,483	7,497	5,046	938	49	1				27,654	11.6
12-13	614	1,213	2,549	4,088	5,885	5,721	3,771	806	44	3			24,694	10.3
13-14	255	584	1,327	2,123	3,536	4,470	4,370	2,925	514	28			20,132	8.4
14-15	118	248	551	932	1,686	2,613	3,055	3,032	1,621	333	22	1	14,212	6.0
15-16	56	109	218	377	702	1,056	1,610	1,934	1,491	977	144	16	8,690	3.6
16-17	22	31	83	123	226	388	520	770	771	839	347	121	4,241	1.8
17-18	3	8	32	32	55	94	186	270	291	477	343	230	2,021	0.8
18-19	1	4	8	5	15	23	34	65	69	180	189	211	804	0.3
Oor 19	4	5	3	4	5	4	8	14	20	60	100	202	429	0.2
Totaal	49,635	39,531	37,191	31,400	26,765	20,442	14,548	9,865	4,822	2,897	1,145	781	239,022	100.0
Medi- aan- ouder- dom.	7.58	8.74	9.85	10.82	11.83	12.73	13.57	14.38	15.15	16.13	17.17	18.10		
%	20.8	16.5	15.6	13.1	11.2	8.6	6.1	4.1	2.0	1.2	0.5	0.3		100.0

TABEL 73: LEEFTYD-STANDERD-VERSPREIDING VAN BLANKE LEERLINGE IN KAAPLAND OP 3. 6.58.

OUDERDOM	A	B	I	II	III	IV	V	SPESIALE KLASSE	VI	VII	VIII	IX	X	SPESIAAL	TOTAAL	%
Onder 6	1,325	1						1							1,327	0.7
6 - 7	14,455	1,679	9											1	16,144	8.4
7 - 8	3,169	12,730	2,138	23				19						1	18,080	9.4
8 - 9	312	3,538	12,378	2,347	51	2		104							18,732	9.7
9 - 10	49	441	3,995	11,753	2,395	38	1	256							18,928	9.8
10 - 11	10	54	656	4,039	11,079	2,334	68	322							18,562	9.6
11 - 12	3	8	97	847	4,512	11,025	2,428	512	59						19,491	10.1
12 - 13	4	3	20	154	999	4,346	8,738	653	2,084	72	1			1	17,075	8.9
13 - 14		2	7	24	216	1,162	4,292	791	8,235	2,210	71			6	17,016	8.8
14 - 15			1	17	54	288	1,343	738	4,251	7,270	2,009	78	1	90	16,140	8.4
15 - 16	2	1	1	1	11	73	388	643	1,488	4,143	5,735	1,462	55	237	14,240	7.4
16 - 17					3	12	48	192	384	1,183	2,787	3,778	1,312	133	9,833	5.1
17 - 18					1	2	4	37	51	200	687	1,531	2,820	56	5,389	2.8
18 - 19						1	2	10	8	16	92	253	1,016	14	1,412	0.7
Oor 19						1		8	1	2	7	29	219	3	270	0.2
Totaal	19,329	18,457	19,303	19,205	19,321	19,284	17,312	4,286	16,561	15,096	11,389	7,131	5,423	542	192,639	100.0
Mediaan- ouderdom	6.58	7.59	8.61	9.62	10.65	11.66	12.70		13.74	14.72	15.63	16.54	17.48			
Persen- tasie.	10.0	9.6	10.0	10.0	10.0	10.0	9.1	2.2	8.6	7.8	5.9	3.7	2.8			100.0



GRAFIEK 23: MEDIAAN-OUDERDOMME VAN ALLE BLANKE EN KLEURLING-LEERLINGE IN KAAPLAND, EN ALLE KLEURLINGLEERLINGE IN DIE NYWERHEIDSKOOL OTTERY OP 3 JUNIE 1958.

dd) Soos te wagte is, doen die verdragingsverskynsel hom in erg verskerpte graad voor by die gedragsafwykende Kleurlingkind. Dit het reeds geblyk by die ontleding van die skoolstander wat die 500 monsterleerlinge ten tyde van hul toelating te Ottery bereik het. Maar dit blyk verder ook uit Tabel 74 wat die stand van sake vir alle Kleurling-nywerheidskoolleerlinge op 3 Junie 1958 aandui. Word hierdie syfers vergelyk met die statistieke in Tabel 72 wat oor die gewone Kleurling-skoolkind gaan, word 'n klaaglike skouspel blootgelê. In sub A is daar 'n mediaan-leefitydsverskil van 7.86 jaar. Dit is veral aan laat toetrede te wyte, maar ook wel aan druiping, want dié is in die gewone Kleurlingskool selfs in die laagste primêre stander nie 'n danig rare verskynsel nie. Die verskil dun egter allengs af totdat dit in stander 8 nog twee jaar beloop. Die rede hiervoor is dat slegs die meer gevorderde en meer intelligente kinders daarin slaag om hierdie stander te bereik. Die ander se aanhoudingsperiode verstryk voor die tyd.

Die mediaan-leefityd soos verstrek deur hierdie tabel, is ook ingewerk in Grafiek 23, en dit stel die vergelykende stand teenoor die kinders in die gewone skole treffend voor. Hieruit is dit met die eerste oogopslag duidelik dat daar met die skoolopleiding van die gedragsafwykende Kleurlingkind 'n baie ernstige skroef los is.

(ii) Standerds en Aantal Jare Vertraag.

Om die verdragingsverskynsel verder toe te lig, is Tabele 75 en 76 respektiewelik vir Kleurlinge en blankes in Kaapland, soos op 3 Junie 1958, verwerk uit syfers van die S.G.O.¹⁾ Hierdie tabelle dui aan hoeveel leerlinge in elke stander een of meer jare vertraag is en gee terselfdertyd die persentasie vertraagdes in elke stander, sowel as die persentasies van die totale aantal leerlinge wat een, twee of meer jare vertraag is. By die saamlees van hierdie twee tabelle moet die volgende opgemerk word:

aa) By die Kleurlinge word die hoogste persentasie vertraagde leerlinge by standerds I, II en III aangetref met vinnige hellings aan weerskante, terwyl die hoogste persentasie vertraagdes onder blankes by standerds V, VI en VII aangetref word. Grafiek 24, gebaseer op Tabele 75 en 76, illustreer hierdie syfers op 'n betekenisvolle wyse.

bb)/.....

1) Jaarverslag 1958, Bylaes P en K, pp. 56 en 52.

TABEL 74: OUDERDOM-STANDERD-VERSPREIDING VAN ALLE NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGLEERLINGE OP 3.6.58.


OUERDOM	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	TOTAAL	%
12 - 13	4		2	1							7	1.1
13 - 14	4	12	5	9	2	2	1				35	5.7
14 - 15	3	6	5	7	6	5	6	1			39	6.4
15 - 16	8	4	15	8	14	9	16	14	8		96	15.7
16 - 17	2	6	10	8	14	22	26	20	8		116	19.0
17 - 18	3	5	6	10	13	20	23	21	21	5	127	20.8
18 - 19	3	2	4	5	14	17	12	19	32	4	112	18.3
19 - 20	2	2	1	3	4	14	3	8	10	1	48	7.9
20 - 21			1	2	2	2	3	6	8	5	29	4.8
21 en oor					1	1					2	.3
TOTAAL	29	37	49	53	70	92	90	89	87	15	611	100
MEDIAAN- OUERDOM	15.44	15.13	15.83	16.19	16.93	17.40	16.85	17.45	18.20	18.13	17.10	
PERSENTASIE	4.7	6.1	8.0	8.7	11.5	15.1	14.7	14.6	14.2	2.4	100.	

TABEL 75: VERTRAGING VAN KLEURLING-LEERLINGE (Lle.) BO DIE NORMALE LEEFTYD (N.L) OP 3 JUNIE 1958.

Aantal Jare bo N.L	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	IX	X	Totaal	%
1	8,929	7,842	7,701	6,483	5,885	4,470	3,055	1,934	771	477	189	202	47,938	20.1
2	3,875	4,162	4,417	4,088	3,536	2,613	1,610	770	291	180	100		25,642	10.9
3	2,001	2,193	2,549	2,123	1,686	1,056	520	270	69	60			12,527	5.2
4	1,030	1,213	1,327	932	702	388	186	65	20				5,863	2.4
5	614	584	551	377	226	94	34	14					2,494	1.0
6	255	248	218	123	55	23	8						930	.4
7	118	109	83	32	15	4							361	.1
8	56	31	32	5	5								129	
9	22	8	8	4									42	
10 en meer.	8	9	3										20	
Totaal bo N.L	16,908	16,399	16,889	14,167	12,110	8,648	5,413	3,053	1,151	717	289	202	95,946	40.1
Totale Aantal Leerl.	49,635	39,531	37,191	31,400	26,765	20,442	14,548	9,865	4,822	2,897	1,145	781	239,022	100.0
% Lle. bo N.L	34.1	41.5	45.4	45.1	45.2	42.4	37.3	30.8	23.9	24.7	25.2	25.9	40.1	

TABEL 76: VERTRAGING VAN BLANKE LEERLINGE (Lle.) BO DIE NORMALE LEEFTYD (N.L.) OP 3 JUNIE 1958.

Aantal Jare bo N.L.	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	IX	X	Spesiale Klasse	Totaal	%
1	3,169	3,538	3,995	4,039	4,512	4,346	4,292	4,251	4,143	2,787	1,531	1,016		41,619	21.7
2	312	441	656	847	999	1,162	1,343	1,488	1,183	687	253	219		9,590	5.0
3	49	54	97	154	216	288	388	384	200	92	29			1,951	1.0
4	10	8	20	24	54	73	48	51	16	7				311	.2
5	3	3	7	17	11	12	4	8	2					67	
6	4	2	1	1	3	2	2	1						16	
7			1		1	1								3	
8		1	1			1								3	
9	2													2	
10 en meer.													4,286		
Onge- klassi- fiseerd														4,286	2.2
Totaal bo N.L.	3,549	4,047	4,778	5,082	5,796	5,885	6,077	6,183	5,544	3,573	1,813	1,235		57,838	30.1
Totale Aantal Leerl.	19,329	18,457	19,303	19,205	19,321	19,284	17,312	16,561	15,096	11,389	7,131	5,423		192,097	100.0
% Lle. bo N.L.	18.4	21.9	24.8	26.5	30.0	30.5	35.1	37.2	36.7	31.3	25.5	22.9	100	30.1	



GRAFIEK 24: PERSENTASIE LEERLINGE, GEWOON EN GEDRAGSAFWYKEND, VERTRAAG IN ELKE STANDERD OP 3 JUNIE 1958.

bb) Reeds in die laagste primêre standerds is die verdragingsyfer vir Kleurlinge baie hoog en styg dit baie vinniger as vir die blankes. Dit kan wel deels deur latere toetreding beïnvloed word,¹⁾ maar dit is veral aan 'n hoër druipingsyfer te wyte. Reeds in 1937 het die Wilcocks-kommissie bevind: „Die gemiddelde Kleurlingleerling het oor die algemeen blykbaar 'n bietjie meer tyd nodig as die blanke leerling om 'n standaard van die primêre skool te voltooi.”²⁾

cc) Vanaf die derde standaard daal die persentasie vertraagde leerlinge by die Kleurlinge skerp, terwyl die ooreenstemmende daling by die blankes eers na die sewende standaard aanvang maak. Hierdie skerp dalings moet aan die verlies van die ouer leerlinge wat teen hierdie tyd die skool in groot getalle verlaat, toegeskrywe word. Die jongeres — en waarskynlik die meer intelligentes — bly agter om met die skoolwerk aan te gaan. Die feit dat die blankes eers na die sewende standaard vinnig begin weglek, het met die werking van die leerplig te doen. In die loop van die agste standaard, waarvan die mediaan-ouderdom 15.63 is,³⁾ bereik 'n groot aantal die sestiende lewensjaar wanneer hulle die skool op 'n wettige wyse mag verlaat.

dd) Om die eintlike graad van vertraging onder Kleurlinge in vergelyking met die blankes te begryp, moet daar op die totale aantal vertraagdes gelet word. Ooreenkomstig die gebruik in die Kaapse Onderwysdepartement, waar daar gereeld aan die Kleurlinge 'n addisionele jaar by die normale leeftyd toegelaat word — waarskynlik om die werking van die latere toetreding te verdiskonteer — is die normale leeftyd van die Kleurlingkind in Tabel 75 'n jaar hoër gereken as dié van die blanke in Tabel 76. Selfs met hierdie toegif is die aantal Kleurlingvertraagdes aansienlik veel hoër as die blankes, tewete 40.1% teenoor 30.1%. Word nou een jaar bokant die normale leeftyd nog as normaal beskou, soos die Kaapse Onderwysdepartement wel doen,⁴⁾ vind daar 'n aansienlike aksentverskuiwing plaas wat die Kleurlinge in 'n baie ongunstige lig stel: Dan is daar naamlik 20% van alle Kleurlingleerlinge vertraag teenoor slegs 8.4% van die blankes, spesiale klasse bygereken.


Grafiek 25 wat die persentasie vertraagdes teenoor die aantal jare vertraag, voorstel, dui treffend aan dat, alhoewel daar
aanvanklik/.....

1) Vgl. Par. 1(b)(i)(cc), p. 492.

2) U.G. No. 54, 1937: Par. 884(iii), p. 185.

3) Vid. Tabel 73, p. 494.

4) Vgl. Jaarverslag van die S.G.O., 1958, Bylaes P en K, pp. 56 en 52.



GRAFIEK 25: PERSENTASIE VERTRAAGDES EN DIE AANTAL JARE VERTRAAG OP 3 JUNIE 1958.


aanvanklik 'n kleiner persentasie Kleurlinge is wat een jaar vertraag is, die Kleurling-vertraagdes baie gou die blankes verbysteek en dan voorbly tot op die end van die kurwes waar die verskil in die aantal jare vertraag, strek van 4 by die blanke, tot 7 by die Kleurlinge. Hieruit spreek duidelik dat die Kleurling-kind op skool progressief verder en verder agtertraak by die blanke en die beeld sou heelwat slegter daar uitgesien het as daar vir Kleurlinge ook soos vir blankes leerplig bestaan het.

ee) Om vas te stel wat die toedrag van sake vergelykenderwyse is in verband met die gedragsafwykende Kleurling-kind, is Tabel 77 vir hulle opgestel. Dit is die totale aantal kinders in die Nywerheidskool Ottery op 3 Junie 1958, wat tevens ook die totale aantal nywerheidskool-Kleurlingkinders in die hele land is, aangesien Ottery die enigste skool van sy soort is. Ook in hierdie tabel word die fiasko van die vertragingstoestand by die gedragsafwykende kind blootgelê. Vir doeleindes van vergelyking is die resultate ingewerk op Grafieke 24 en 25 waaruit sprekend blyk dat tot en met std. IV alle gedragsafwykende Kleurlingseuns aan hierdie inrigting op skool vertraag is. Slegs in stds. V, VI en VII word enkeles aangetref wat binne die normale leeftyd val. In std. VII is die aantal vertraagdes die laagste, en daar is dit nog meer as 90% van die hele klas. Uit Grafiek 25 blyk duidelik dat, anders as by die gewone kinders waar die hoogste persentasie vertraagdes een jaar vertraag is, en die hoeveelheid daarna vinnig daal, daar by die gedragsafwykendes eers 'n skerp styging is, en die persentasie vertraagdes hul hoogtepunt bereik by diegene wat 3 en 4 jaar vertraag is, met 'n heel geleidelike daling wat sover strek as 'n vertraging van selfs twaalf jaar.

In verband met die vertraging van die Nywerheidskoolkind is dit noodsaaklik om verder daarop te let dat die toestand ná opname in die inrigting verder aansienlik versleg. Om dit te illustreer, is Grafiek 26 opgestel uit Tabelle 71 en 74 en word die mediaan-leeftyd van 500 leerlinge by toelating gestel teenoor dié van die hele skoolbevolking op 3 Junie 1958, dit wil sê nadat sommige van hulle al 'n betreklike lang tyd op skool was. Hier doen die duidelike neiging hom voor dat die mediaan-leeftyd styg behalwe in die heel laagste klas. Soos die leerlinge op skool bly, word die mediaan-leeftyd steeds hoër. Die verskil van .63 jaar in sub B groei aan tot 2.40 jaar in std. IV, wat alleen daarop kan dui dat 'n verdere proses van druiping vir hierdie agteruitgang verantwoordelik moet wees. Hierna word die verskil geleidelik weer kleiner soos te wagte is omdat die
meer/.....

TABEL 77: VERTRAGING VAN NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGLEERLINGE (Lle.) BO DIE NORMALE
LEEFTYD (N.L.) OP 3 JUNIE 1958.

JARE BO N.L.	A	B	I	II	III	IV	V	VI	VII	VIII	TOTAAL	%
1						2	6	14	8	5	35	5.7
2				1	2	5	16	20	21	4	69	11.3
3			2	9	6	9	26	21	32	1	106	17.3
4			5	7	14	22	23	19	10	5	105	17.2
5	4	12	5	8	14	20	12	8	8		91	14.9
6	4	6	15	8	13	17	3	6			72	11.8
7	3	4	10	10	14	14	3				58	9.5
8	8	6	6	5	4	2					31	5.1
9	2	5	4	3	2	1					17	2.8
10	3	2	1	2	1						9	1.5
11	3	2	1								6	1.0
12	2										2	.3
13												
14												
TOTAAL BO N.L.	29	37	49	53	70	92	89	88	79	15	601	98.4
TOTALE AANTAL Lle.	29	37	49	53	70	92	90	89	87	15	611	100
% LEERLINGE BO N.L.	100	100	100	100	100	100	98.9	98.9	90.8	100	98.4	



GRAFIEK 26: MEDIAAN-LEEFTYE VAN LEERLINGMONSTER MET TOELATING EN DIÉ VAN DIE HELE SKOOLBEVOLKING SOOS OP 3 JUNIE 1958.

meer intelligente seuns wat in staat is om uit die onderwys voordeel te trek, mettert tyd na die hoër klasse dreineer.

Die vertragingstatistiek tot dusver behandel, gee bloot 'n statistiese relaas van aantalle kinders van sekere ouderdomme in sekere standers in sekere skole op 'n bepaalde datum. Hier word swyend van die standpunt uitgegaan dat die standaard van die verskillende standers in die verskillende skole dieselfde is. Nou is dit 'n bekende feit dat dit nie so is nie, en dat daar selfs by die blankes van skool tot skool nogal aansienlike standaardverskille bestaan en dit ten spyte van die gelykmakende invloed van sillabusse en inspekteurs. Diegene wat met die Kleurlingskoolkind te doen kry, weet uit praktiese ondervinding maar te goed dat die standaardverskil van blanke skool tot Kleurlingskool oneindig veel groter is. Dit is standaardverskille wat onder andere met die gehalte van die onderrig, akkommodasie, onderwys hulpmiddele en opvoedbaarheid te doen het,¹⁾ en wat in openbare eksamenuitslae, intelligensie- en prestasietoetse duidelik blyk. Veral in die laerskool waar promosies 'n algehele interne aangeleentheid is, is die indikasie daar dat die standaard van die Kleurlingskool aansienlik laer is as dié van die blanke skool. In werklikheid beteken dit dus dat die eintlike vertraging van die Kleurlingkind in vergelyking met die blanke aansienlik meer is as wat deur die syfers van die vertragingstatistiek blootgelê word.

(c) Toetredingsouderdom.

Om die uitwerking van die toetredingsouderdom op skoolvertraging in perspektief te stel, is verdere ondersoek nodig.

Dit is weliswaar uit die staanspoor duidelik dat vertraagde toetreding verband hou met die afwesigheid van leerplig waardeur dit moontlik gemaak word dat die Kleurlingkind aansienlik later as die blanke tot die skool kan toetree, en die gemiddelde ouderdom van leerlinge opskuiwe. Die vraag is egter of die invloed van vertraagde toetreding so groot is as wat soms voorgegee word: Selfs die Kleurlingonderwys-kommissie van 1953-56 heg blykbaar veel gewig daaraan en noem dit as een van die hoofoor-sake vir vertraging.²⁾

Hierdie opvatting kan nie sondermeer onderskrywe word nie.

Reeds/.....

1) Vid. parr. 3, 4 en 5, pp. 530 et seqq.

2) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, p. 42.

Reeds in 1937 het die Wilcocks-kommissie 'n waarskuwende geluid laat hoor en gewys op die feit dat daar slegs 'n geringe verskil, tewete .6, in die persentasie leerlinge onder 8 jaar is ¹⁾ — 'n verskil wat in 1958 tot slegs .4% gedaal het.

Die ondersoek wat deur die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch na hierdie verskynsel ingestel is, lewer ook geen ondubbelsinnige antwoord nie. Van die stedelike Kleurlingkinders — en verreweg die meeste Kleurlingkinders is stedelik — is daar slegs 5% wat twee of meer jaar later as die blankes skool-toe kom, ²⁾ en op die platteland waar die toestand die ergste is en 13% van die Kleurlinge twee of meer jaar later as die blankes skool-toe kom, is die gemiddelde toetredingsouderdom vir die Kleurlinge bevind as 7.48 jaar teenoor die 7.16 jaar van die blanke. ³⁾ En hiervoor word by die statistiese berekeninge meer as vergoed deur die normale leeftyd vir die Kleurlingkind 'n volle jaar bokant dié van die blanke te stel.

Dit is besonder betekenisvol dat Du Preez ⁴⁾ ook bevind dat leerlinge met 'n hoër toetredingsouderdom 'n laer intelligensievermoë aan die dag lê sodat lae intelligensie as 'n aanleidende oorsaak vir die vertraagde toetredingsouderdom kan dien.

As die intelligensiegehalte gelyk is, sou verwag kan word dat die kind wat later skool-toe kom, vinniger behoort te vorder as die een wat op vroeëre leeftyd by die skool aansluit. En dit is inderdaad wat deur prof. Batson van die Universiteit Kaapstad in die stedelike gebiede gevind is. ⁵⁾ Du Preez het egter faktore soos opvoedingspeil, sosio-ekonomiese agtergrond en intelligensie konstant gehou en toe bevind dat leerlinge met die laer toetredingsouderdom in skolastiese toetse beter presteer as diegene wat op 'n hoëre leeftyd eers skool-toe gaan. Sy slotsom is,

„dat skooltoetredingsouderdom 'n hoë verband met skoolvertraging toon, d.w.s. die kind met vertraagde toetredingsouderdom is ook vertraag t.o.v. die gemiddelde standaard van sy spesifieke ouderdomsgroep. Daar is egter ook vasgestel dat indien die kind met 'n vertraagde toetredingsouderdom en dié met 'n normale toetredingsouderdom 'n gelyke aantal jare op skool is, die leerlinge met 'n vertraagde toetredingsouderdom

'n/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 881, p. 184.

2) Verslag van die Kommissie van Kleurlingonderwys, p. 40.

3) du Preez, J.J.: Skooltoetredingsouderdom by die Plattelandse Kleurlingkind, p. 13.

4) Op. cit., p. 94.

5) Verslag Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, Annexure 3, parr. 6.1 en 6.2, p. 11.

"'n tendens toon om swakker te presteer in skolastiese toetse en meermale te druip. Vertraagde toetredingsouderdom gee dus nie slegs aanleiding tot skoolvertraging nie, maar ook tot skolastiese vertraging." 1)

Daar kan dus aangeneem word dat afdoende bewys gelewer is van die positiewe verband tussen laat toetrede en die vertraging van die kinders wat laat toegetree het; maar om daarvandaan uit te brei en te beweer dat laat toetrede oor die hele statistiese front, dit wil sê by die verskynsel van vertraging in sy geheel, 'n deurslaggewende rol speel, is vergesog. Om die verskynsel van vertraging in die Kleurlingskole te verklaar, moet ander en veel belangriker oorsake gevind word.

(d) Druiping.

As eerste en belangrikste onmiddellike indikasie van vertraging staan druiping. 2) 'n Kind wat laat skool-toegekom het, mag in 'n laer standerd wees en is dan vir statistiese doeleindes vertraag. Hier gaan dit dan om wat eintlik kronologiese vertraging is. Dit beteken egter nog nie dat dié kind, wat die onderwyspraktyk betref, 'n vertraagde is nie, en hier eers gaan dit om die wesentlike ding, naamlik opvoedkundige vertraging. Vertraagd is eintlik slegs diegene dus wat gedruip het:

"As die oogmerk dus is om die vordering — of andersins die vertraging — van die leerlinge in oënskou te neem, moet 'n ander kriterium as die ouderdom van die leerlinge by die bereiking van die verskillende standers as maatstaf gebruik word. Die aantal male wat leerlinge in hul skoolloopbaan gesak het, is 'n goeie maatstaf vir hierdie doel." 3)

(i) Uitslae van Openbare Eksamens.

Aangesien die bevordering van leerlinge in die primêre standers vir elke skool feitlik 'n huishoudelike aangeleentheid is, het dit vir vergelykende statistiese doeleindes slegs twyfelagtige waarde. Die eintlike toets kom eers daár waar 'n mate van eksterne kontrole gehou en vergelyking dus moontlik word. Die Onderwyskommissie van 1953-56 4) het die gemiddelde persentasie druipelinge vir die drie jaar 1951 tot 1953 uitgewerk, en die resultaat word in Tabel 78 weergegee. Hieruit blyk dat een-kwart van die leerlinge op standerd VI-vlak nie kon slaag nie, en dat die persentasies in standers VIII en X/.....

1) du Preez, J.J.: op. cit., p. 95.

2) du Preez, J.J.: op. cit., p. 41.

3) Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, par. 14, p. 40.

4) Op. cit., par. 15, p. 40.

TABEL 78: GEMIDDELDE PERSENTASIE DRUIPELINGE IN KLEURLINGSKOLE TUSSEN 1951 EN 1953.

STANDERD	PERSENTASIE DRUIPELINGE.		
	Stedelike Skole	Ander skole	Totaal
VI	23	28	25
VIII	38	41	39
X	43	51	45

X tot 39 en 45 respektiewelik styg, wat daarop dui dat namate die gevorderdheid van die werk styg, die leerlinge meer en meer agter raak.

Sedert 1951-53 het daar wel 'n verbetering ingetree. Die Kaapse Onderwysdepartement het hom lewendig beywer vir die opknapping van eksamenuitslae. In weerwil van aktiewe maatreëls egter kon die Kleurlingskole nog nie daarin slaag om die druipsyfer in die Senior Sertifikaat-eksamen laer af te werk as die 39% en 35% vir seuns en dogters respektiewelik teenoor die ooreenkomstige 14% en 9% van die blanke skole in 1959 nie. ¹⁾ Dit kom daarop neer dat, persentueel bereken, daar byna 3 Kleurlingseuns en byna 4 Kleurlingdogters in matriek druipe teenoor elke blanke seun en dogter wat die paal nie kon haal nie.

(ii) Herhaaldelike Druiping.

TABEL 79: OUDERDOMME VAN LEERLINGE EN PERSENTASIE LEERLINGE WAT TWEE- EN MEERMALE GEDRUIPE HET.

OUDERDOM VAN LEERLINGE	PERSENTASIE LEERLINGE WAT TWEE- OF MEERMALE GESAK HET.	
	Stedelike skole	Plattelandse skole
11 Jaar	12	9
12 Jaar	19	12
13 Jaar	27	13
14 Jaar	31	11
15 Jaar	31	22
16 Jaar en ouer	24	31

Van besondere betekenis is ook die aantal kere wat die Kleurlingkind druipe en die ondersoek van die Onderwyskommissie ²⁾ het Tabel 79 opgelewer:

Hierdie/

1) Kaapse Onderwysdepartement, Eksamenafdeling: Onderhoud, 15 Junie 1961.

2) Op. cit., par. 16, p. 40.

Hierdie tabel gee die persentasie leerlinge op skool in 1954 wat reeds tweekeer of meer gedruip het; en dit blyk dat hoe langer die kind op skool is, dit wil sê hoe ouer hy is, hoe meer kere het hy reeds gesak, soos te begrype is. By 14 en 15 jarige leeftyd het 31% van die stedelike Kleurlingkinders reeds twee- of meermale gedruip. Die afname met 16 jaar beteken dat die swakker klas leerling reeds die skool verlaat het. Die fluktuasie op die platteland kan nouliks aan groter keurigheid met die bevorderings, maar moet eerder aan meer verliese van druipelinge toegeskrywe word. ¹⁾

(iii) Druiping as Simptoom van Vertraging.

Uit hierdie analise sal duidelik blyk dat druiping wel die simptoom van vertraging is en volgens die gebruikelike amptelike onderwystatistiek is dit nouliks moontlik om vertraging statisties te bepaal sonder om druiping as maatstaf te gebruik. Alhoewel druiping dan die openbaringsvorm van vertraging is, is dit nie die vertraging self nie. Dit is denkbaar dat daar baie vertrapte leerlinge, veral in die primêre standerds mag wees wat nog nie gedruip het nie. Alhoewel druiping ook die gebruikelike meetsnoer van vertraging is, is dit hoegenaamd nie die wesentlike grondliggende oorsaak van vertraging nie. Druiping is weer maar net die simptoom van die ander, die ware veroorsakende faktore wat vertraging ten grondslag lê — net soos die koors die simptoom, die waarneembare vorm van die siekte na buite toe mag wees; dit is nie die siekte self nie, en ook nie die oorsaak van die siekte nie. In dié sin sou dit dus oppervlakkig wees om van druiping te praat as „die kardinale oorsaak van vertraging.” ²⁾

Inderwaarheid word vertraging, soos aangedui deur druiping, onderlê deur kausale faktore soos gebrekkige intelligensie, ontoereikende onderwysfasiliteite, swak sosio-ekonomiese toestande en 'n minderwaardige gehalte van onderrig, aangeleenthede wat elders elk op sy beurt nadere toeligting ontvang. ³⁾

(e) Sosio-ekonomiese Omstandighede.

Beide die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch het nougesette aandag aan die invloed van sekere sosio-ekonomiese faktore op die skoolprestasie van die Kleurlingkind gewy. ⁴⁾ 'n Hele reeks magister-verhandelings in Sielkunde en Sosiologie/.....

1) Vgl. Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, par. 17, p. 41.

2) Vgl. du Preez, J.J.: op. cit., p. 41.

3) Vid. parr. 1(c), 3, 4 en 5.

4) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys: Bylaes 1, 2 en 3.

Sosiologie het as gevolg hiervan in die middel-vyftigerjare op Stellenbosch die lig gesien.¹⁾ Terwyl proff. S. Pauw en P.A. Theron van Stellenbosch ondersoeke van leerlingmonsters op die platteland hanteer het, het prof. E. Batson van Kaapstad hom tot die stedelike gebiede en omstreke van Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen beperk.

(i) Aard van die Onderzoek deur Stellenbosch en Kaapstad.

Die sosio-ekonomiese opname is aan die hand van 'n vooropgestelde skema gemaak waarby ondermeer die volgende ingesluit was:²⁾

- aa) Die gebied waarin die leerling woon.
- bb) Huishoudelike inkomste van die gesin.
- cc) Gesinstipe: Volledigheid, aanwesigheid van vreemdelinge, en dies meer.
- dd) Beroepstatus van die gesinshoof: professioneel, geskoold, ongeskoold, en dies meer.
- ee) Opvoedkundige status van die gesinshoof.
- ff) Behuisingstoestande: Aantal persone per vertrek.
- gg) Grootte van die huishouding.
- hh) Gesinsverband van leerling met gesinshoof.
- ii) Loonarbeid van moeder.
- jj) Afstand tussen huis en skool.

Benewens hierdie opname is intelligensietoetse asook skolas-tiese prestasietoetse in Afrikaans, Engels en Rekenkunde afgeneem. Algemene inligting oor die skoolloopbaan van die kind is volgens 'n vraelys met bemiddeling van die skoolhoof verkry.³⁾

(ii) Bevindings.

Daar is deurgaans betekenisvolle verband tussen sekere sosio-ekonomiese faktore en skoolfeite soos hulle die leerling raak, blootgelê. Van hierdie bevindings is die volgende vir onderhawige doeleindes van belang:

- aa) Daar bestaan 'n duidelike positiewe korrelasie tussen/.....

1) Vgl. du Preez, J.J.: Skooltoetredingsouderdom by die Plattelandse Kleurlingkind;
Steenkamp, W.L.: Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Skolas-tiese Vertraging van die Plattelandse Kleurling;
Kamfer, L.: Die Probleem van Skoolverlating by Kleurling-kindere;
Marais, J.C.: Die Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Druiping van skoolgaande Kleurlingkinders op die Platteland van die Kaapprovinsie.

2) Kleurlingonderwys-kommissie: op cit., Bylae 1, p. 3.

3) Kleurlingonderwys-kommissie: ibid.

tussen 'n vertraagde toetredingsouderdom aan die een kant en gebiede met 'n swak sosio-ekonomiese agtergrond, lae huishoudelike inkomste, lae beroepstatus van die gesinshoof, 'n swak opvoedkundige status van die gesinshoof, oorbewoonde huise, werkende moeders en lang afstande tussen huis en skool, veral op die platteland waar vervoergeriewe ontbreek. J.J. du Preez ¹⁾ wat hierdie vraagstuk ondersoek het, kom tot die slotsom

„dat by die Kleurling, net soos by die blanke, die sosio-ekonomiese faktor 'n belangrike rol speel by die bepaling van die leerling se toetredingsouderdom.”

bb) Die verhouding tussen die sosio-ekonomiese faktore aan die een kant en prestasie in intelligensie- en skolastiese toetse in Afrikaans, Engels en Rekenkunde is veral deur W.L. Steenkamp ²⁾ ondersoek en hy vind 'n duidelike verband tussen toetsprestasies en gebiede met beter sosio-ekonomiese geleenthede, huishoudelike inkomste, opvoedkundige en beroepstatus van die gesinshoof, oorbewoning, afstand tussen huis en skool, werkende moeders en leeglêer- broers en -susters by die huis.

„Dit is gevolglik baie duidelik dat die intelligensie-prestasie van die plattelandse Kleurling baie nou samehang met sy swak sosio-ekonomiese omstandighede. Die kind met 'n laer intelligensie het 'n swakker agtergrond ...,” ³⁾

en die gevolgtrekking kan

„in elke geval met sekerheid gemaak word dat sosio-ekonomiese agtergrond 'n baie hoë verband toon met skolastiese vertraging van die plattelandse Kleurling-kind: Die skolasties-vertraagde leerlinge kom hoofsaaklik uit gesinne met 'n swak sosio-ekonomiese agtergrond.” ⁴⁾

cc) J.C. Marais ⁵⁾ het die uitwerking van sosio-ekonomiese faktore op druipling ondersoek en bevind dat die ekonomiese peil 'n belangrike faktor is. Daar is veral vier faktore wat 'n direkte verband met ekonomiese welsyn toon, te wete die huishoudelike inkomste, die opvoedkundige en beroepstatus van die gesinshoof en die behuisingsomstandighede. Hierdie faktore is onderling verbind en by al vier is 'n beduidende positiewe verband met druipling gevind:

„Volgens/.....

-
- 1) Toetredingsouderdom by die Plattelandse Kleurlingkind, p. 59.
 - 2) Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Skolastiese Vertraging van die Plattelandse Kleurling.
 - 3) Ibid., p. 89.
 - 4) Ibid., p. 110.
 - 5) Die Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Druiping van Skoolgaande Kleurlingkinders op die Platteland van die Kaapprovinsie.

„Volgens die gegewens beskikbaar in hierdie ondersoek kan die gevolgtrekking gemaak word dat die huishoudelike inkomste en omstandighede wat daarmee gepaard gaan, die belangrikste faktor is in die huislike agtergrond wat die druipling van Kleurlingkinders beïnvloed. " 1)

dd) L. Kamfer ²⁾ het die vraagstuk van skoolverlating by die plattelandse Kleurlingkind ondersoek in sy verhouding tot die skoolprestasie en sosio-ekonomiese agtergrond. Hy bevind dat die skoolverlater 'n hoër mate van algemene vertraging toon, in 'n laer standaard as die normale kind verkeer en deurgaans swakker presteer in die skoolastiese prestasietoetse in Afrikaans, Engels en Rekenkunde, en dat vroeë skoolverlaters gewoonlik dié kinders is wat laat tot die skool toetree het. En net soos in die geval van laat toetreding is daar 'n positiewe verband tussen skoolverlating en verskeie sosio-ekonomiese faktore te wete die gesinstipe, waar volledigheid van die gesin 'n gunstige uitwerking het; huishoudelike inkomste, opvoedkundige en beroepstatus van die gesinshoof en behuising, al vier faktore wat ten seerste met ekonomiese welsyn te doen het, waar die kind uit die minderbevoorregte huis gewoonlik vroeër die skool verlaat; en in huise waar ander kinders tussen 6 en 16 jaar tuisbly, verlaat leerlinge gewoonlik gouer die skool, net soos in gevalle waar die gesinsverband versteur, en die afstand tussen huis en skool lank is. ³⁾

Uit hierdie studies wat spesiaal op versoek van, en in ooreenstemming met die Kommissie van Onderzoek insake Kleurlingonderwys onderneem is, ⁴⁾ blyk dit baie duidelik dat daar 'n positiewe verband bestaan tussen 'n ongunstige skoolgeskiedenis ten opsigte van vertraging en verlating aan die een kant, en ongunstige sosio-ekonomiese faktore aan die ander kant; en daar moet aangeneem word dat die verband nie net insidenteel nie, maar tot 'n sekere hoogte kausaal van aard sal wees. Daar moet egter gewaak en gewaarsku word teen die al te geredelike neiging van die materialistiese sosiologie om die blote sosio-ekonomiese agterstand as dié fundamentele verklarende ewel te sien en die patroon oor te vereenvoudig as sou huisgesinne veragter wees en kinders noodgedwonge swak presteer, druipling en uit die skool moet gaan bloot en alleen omdat daar armoede heers. Dit is nie ondenkbaar nie dat die kausale patroon soms juis omgekeerd mag wees/.....

1) Ibid., p. 94.

2) Die Probleem van Skoolverlating by Kleurlingkinders.

3) Ibid., pp. 143-147.

4) Marais, J.C.: op. cit., pp. 3 en 4.

wees: Daar heers armoede en veragtering in huise omdat die mense as gevolg van gebrek aan wilskrag, stamina, intelligensie, insig, ambisie, vlyt, deursettingsvermoë en dies meer, swak presteer, druip, die skool verlaat en gevolglik nie daarin slaag om bo hul eie ellendes uit te styg nie.

(f) Skoolverlating.

Hoe dit ook al sy, is die vraagstuk van skoolverlating onder die Kleurlinge vir die opvoedkundige ontstellend en vir die gemeenskap noodlottig.

(i) Aard en Omvang.

Die verskynsel van skoolverlating of uitskakeling het te doen met die verlies aan leerlinge wat van jaar tot jaar intree ten opsigte van die leerlingtal wat in 'n bepaalde jaar in 'n bepaalde standerd was. Dit het te doen met die verskynsel dat daar in die hoër standerd altyd minder leerlinge aangetref word as in die standerd wat onmiddellik voorafgaan. As die verskil tussen die laer en hoër standerd groot is, beteken dit dat baie leerlinge langs die pad weggelek het en vir opvoedkundige doeleindes is dit 'n ongesonde verskynsel. Hoe groter die lekkasie, hoe ongesonder is die toedrag van sake.

aa) Volgens Standerd-ouderdom-verspreiding.

Word nou Tabelle 72 en 73 ¹⁾ wat die ouderdom-standerd-verspreiding vir Kleurlinge en blankes respektiewelik op 3 Junie 1958 aandui, met mekaar vergelyk, word dáár reeds ten opsigte van die Kleurlinge 'n baie ongunstige opvoedkundige toestand blootgelê. Teenoor die 10% van blankes in sub A is daar 20.8% van alle Kleurlingkinders in sub A, en teenoor die 2.8% van die blankes wat in std. X is, beloop die ooreenstemmende syfer vir Kleurlinge slegs .3%. Van sub A tot std. V is daar ten opsigte van blankes en Kleurlinge respektiewelik dalings van slegs 10% tot 9.1% by die een, maar van 20.8% tot 6.1% by die ander. Terwyl slegs 39.6% van die blanke leerlinge hul in std. II en laer bevind, is daar soveel as 66% van alle Kleurlingleerlinge in die tweede standerd en laer, twee-vyfdes vir die een en twee-derdes vir die ander. Dit beteken dat by die Kleurlinge onderwyswerkzaamhede grootliks beperk is tot die laagste primêre standers, 'n feit wat 'n ongunstige lig werp op die opvoedingspeil van daardie gemeenskap.

bb) Volgens die Uitskakelingstabel.

Teen die redenering van die voorafgaande paragraaf/.....

1) Pp. 493 en 494.

paragraaf kan ernstige beswaar ingebring word, want daar gaan dit nie oor dieselfde kinders nie. Dié wat daar in sub A is, is nie dieselfde as wat in sub B en verder is nie. Dit gaan daar oor kinders wat toegelaat is oor minstens twaalf verskillende jare. Omdat die populasie groei, en daar jaar na jaar meer kinders toetree as die vorige jaar, kan die persentasies nie die eintlike verskynsel van uitskakeling reflekteer nie. Om hierdie moeilikheid te oorbrug, is Tabelle 80 en 81 vir die Kleurlinge en blankes respektiewelik uit S.G.O.-verslae tussen 1941 en 1958 opgestel. Hulle toon die uitskakeling van leerlinge aan soos dieselfde groep voortbeweeg van standerd tot standerd, jaar na jaar. Die tabelle weerspieël die werklike syfers sowel as die persentasies beracken op die basisse van stds. I en VI vir die primêre en sekondêre afdelings respektiewelik. So byvoorbeeld het 25,482 Kleurlingleerlinge in 1948 in std. I begin, en van hulle het 8,021 of 31% in 1953 tot by std. VI gevorder. Van dié 8,021 in std. VI in 1953 het slegs 735 of 9% in 1957 die tiende standerd bereik. Dit spreek vanself dat hierdie berekenings nie statisties absoluut juis is nie, omdat hier nie met druipelinge wat uit die vorige jaar oorgebly het, rekening gehou word nie. Om fouteloos te wees, moet daar seker aftrekkings en byvoegings gemaak word. Hierdie aftrekkings en byvoegings weeg egter grotendeels teen mekaar op en

"dit ly geen twyfel nie, dat hierdie syfers ... betroubaar genoeg is om ons in staat te stel om die algemene posisie ... ten opsigte van hierdie aangeleentheid van die uitskakeling van leerlinge vas te stel." 1)

Word hierdie tabelle nou ondersoek, blyk dit dat tussen die jare 1948 en 1958 die Kleurlingleerlinge in std. VI gewissel het tussen 28% en 34% van die totaal wat oorspronklik in std. I begin het. Alhoewel daar 'n progressiewe verbetering te bespeur is, beteken dit egter dat twee-derdes van die Kleurlingleerlinge tussen std. I en std. VI weglek, kinders in hul vroeë tienderjare wat te jonk is om te gaan werk, wat noodwendig leedig tuis en op straat moet wees, slegte maats sal maak en aan ernstige versoekinge tot wangedrag sal blootstaan.

Van diegene wat in std. VI begin het, het daar tussen die jare 1948 en 1958 tussen 5% en 9% die matrikulasieklas bereik. Ook hier is 'n aanskoulike progressiewe verbetering. Die persentasie het oor tien jaar byna verdubbel; maar nog steeds
beteken/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 879, p. 184.

TABEL 80: UITSKAKELING VAN KLEURLINGLEERLINGE, AKTUEEL EN PERSENTUEEL TEN OPSIGTE VAN STANDERDS I EN VI.

JAAR		I	II	III	IV	V	VI	VI	VII	VIII	IX	X
1948	Totaal	25,482	21,373	17,857	13,079	8,814	5,799	5,799	2,176	1,229	287	219
	%	100	88	75	58	41	28	100	39	22	6	5
1949	Totaal	26,793	22,252	18,616	13,931	9,388	6,166	6,166	2,388	1,321	343	203
	%	100	87	76	59	41	29	100	41	24	6	4
1950	Totaal	27,279	23,459	19,432	14,809	10,121	6,782	6,782	2,635	1,513	419	259
	%	100	88	76	61	43	30	100	43	26	7	5
1951	Totaal	27,823	23,765	20,576	15,604	10,829	7,268	7,268	3,000	1,708	426	329
	%	100	87	77	61	45	31	100	44	28	7	6
1952	Totaal	28,682	24,231	20,790	16,420	11,594	7,752	7,752	3,380	1,941	465	403
	%	100	82	76	61	45	31	100	47	29	8	7
1953	Totaal	29,591	24,834	21,166	16,224	12,180	8,021	8,021	3,646	2,132	586	395
	%	100	82	76	59	45	31	100	47	29	9	6
1954	Totaal	30,678	25,592	22,023	17,028	12,414	8,420	8,420	4,041	2,382	728	436
	%	100	86	77	61	46	31	100	50	31	10	6
1955	Totaal	32,604	26,558	22,471	17,604	12,735	9,175	9,175	3,991	2,387	815	554
	%	100	87	76	61	46	34	100	47	30	11	8
1956	Totaal	34,743	28,322	23,659	18,317	13,423	9,248	9,248	4,130	2,740	891	681
	%	100	87	77	62	47	33	100	45	33	11	9
1957	Totaal	36,472	30,120	25,234	19,190	13,953	9,805	9,805	4,286	2,825	1,104	735
	%	100	87	77	63	47	34	100	46	31	13	9
1958	Totaal	37,191	31,400	26,765	20,442	14,548	9,865	9,865	4,822	2,897	1,145	781
	%	100	86	77	63	47	33	100	49	31	12	9

TABEL 81: UITSKAKELING VAN BLANKE LEERLINGE, AKTUEEL EN PERSENTUEEL TEN OPSIGTE VAN STANDERDS I EN VI.

JAAR		I	II	III	IV	V	VI	VI	VII	VIII	IX	X
1948	Totaal	16,692					14,047	14,047	11,015	8,147	4,786	4,204
	%	100					91	100	79	56	32	28
1949	Totaal	17,213	16,442	16,612	16,016	15,633	14,215	14,215	11,486	8,253	4,779	4,085
	%	100	98	99	97	95	88	100	82	59	33	27
1950	Totaal	17,213	16,955	16,500	16,314	15,743	14,872	14,872	11,896	8,695	4,865	4,151
	%	100	99	99	98	95	91	100	84	62	35	29
1951	Totaal	17,741	16,950	17,004	16,004	16,114	15,036	15,036	12,952	8,917	5,114	4,161
	%	100	99	99	96	96	91	100	87	63	36	30
1952	Totaal	18,441	17,256	17,225	16,658	15,911	15,531	15,531	13,727	9,366	5,237	4,322
	%	100	98	100	97	95	93	100	91	63	37	31
1953	Totaal	18,560	17,950	17,283	16,756	16,334	15,148	15,148	14,048	9,719	5,451	4,441
	%	100	98	98	98	95	90	100	90	65	37	31
1954	Totaal	18,592	18,306	18,041	17,126	16,619	15,580	15,580	13,889	10,122	5,608	4,623
	%	100	98	98	97	97	91	100	92	65	37	31
1955	Totaal	20,285	18,307	18,406	17,668	16,758	15,797	15,797	13,917	10,316	5,969	4,702
	%	100	98	99	96	95	92	100	89	68	38	31
1956	Totaal	19,790	19,653	18,277	17,833	17,003	15,822	15,822	14,175	10,987	6,134	5,002
	%	100	97	98	96	92	89	100	89	70	40	32
1957	Totaal	19,618	19,303	19,684	17,953	17,375	16,134	16,134	14,499	11,140	6,755	5,186
	%	100	97	97	97	94	88	100	92	71	43	34
1958	Totaal	19,303	19,205	19,321	19,284	17,312	16,561	16,561	15,096	11,389	7,131	5,423
	%	100	98	97	95	93	89	100	94	72	45	35

beteken dit dat meer as nege-tiendes van die Kleurlingkinders wat in std. VI begin, langs die pad verlore raak voordat hulle std. X bereik.

Hoe ongunstig hierdie syfers eintlik is, blyk eers as dit met dié van die blankes in Tabel 81 vergelyk word. Hier is die invloed van leerplig in die laerskool duidelik te sien in die tussen 88% en 91% wat std. VI bereik. Van die wat hier verlore geraak het, mag verskeie in die spesiale klasse verkeer, maar die versekering is egter daar dat nie een van die vroeë tienderjariges vir kwaadgeld tuis en op straat rondloop nie. Van diegene wat in std. VI begin, bereik tans meer as een-derde die matrikulasie-klas, en ook hier het 'n indrukwekkende styging van 27% tot 35% oor 'n tydperk van ongeveer 10 jaar plaasgevind. In dieselfde periode het die aantal wat Junior-sertifikaat bereik het met byna die helfte gestyg van 56% in 1948 tot 72% in 1958. Vir die Kleurlinge is die vergelykende syfers 'n styging van 22% tot 31%, wat 'n soortgelyke verhouding, alhoewel op 'n laer vlak uitmaak.

(ii) Betekenis.

Hierdie vergelykende syfers lê ten opsigte van die Kleurlingbevolking 'n baie sorgwekkende toestand bloot. Volgens die Wilcocks-kommissie van 1937 „is die toestand van sake wat deur hierdie syfers geopenbaar word, baie ernstig," ¹⁾ en die Kaaplandse Superintendent-generaal van Onderwys noem dit op een plek „'n betreurenswaardige kenmerk" van die Kleurling-onderwys. ²⁾

Die Botha-kommissie van 1956 het die verskynsel ondersoek en bevind ³⁾ dat die grootste persentasie leerlinge die skool verlaat tussen hul dertiende en sestiende jaar en indien 16 jaar as die ouderdom beskou word waarop die kind bekwaam is om loonarbeid te verrig, is daar van die skoolverlaters 71.5% in die stede en 77.6% op die platteland wat te jonk is om te gaan werk. Van die skoolverlaters het 9.4% in die stede en 33.9% op die platteland hoogstens std. I voltooi,

„en kan beskou word as kinders wat so min kennis van skoolvakke gedurende hul skoolloopbaan opgedoen het dat die koste wat aan hul onderwys bestee is, feitlik verlore is." ⁴⁾

Hier/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 879, p. 184.

2) Jaarverslag, 1946, p. 27.

3) Par. 4, p. 43.

4) Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 5(e), p. 43.

Hier is uit die aard van die saak 'n groot braakland vir gedragssafwyking onder die Kleurlingjeug. Dit is byna sonder uitsondering uit hierdie groep wat die korrektiewe inrigting sy bevolking trek, soos Tabel 71 ¹⁾ afdoende bewys het.

2. Leerplig.

Dit is duidelik dat hierdie grootskaalse, potensieel-gedragsskadelike, sosiaal-gevaarlike en ekonomies-verkwistende verskynsel van skoolverlating ten nouste met die vraagstuk van leerplig te doen het.

(a) Grondslae van die Leerplig.

Na sy grondslae kan die leerplig nie van die noodsaaklikheid van die opvoeding ²⁾ losgemaak word nie:

"Zonder voeding sterft de mensch lichamelijk, zonder opvoeding sterft hij in geestelijken zin. Want een kind, dat niet opgevoed wordt, verwildert als de boom, die niet gesnoeid wordt; het wordt, wat toevallige omstandigheden van hem maken; het is gelijk aan een schip, dat door de golven op en neder geworpen wordt. De mensch, die van alle opvoeding verstoken blijft, word een vloek voor zichzelf, eene schande voor zijne familie, een ballast voor de maatschappij, een oneer voor God. Opvoeding is onmisbaar, is levensvoorwaarde voor het geestelijk, het redelijk-zedelijk welsijn van den mensch." ³⁾

Hierdie woorde is so aktueel waar ten opsigte van die gedragssmoelike Kleurlingkind dat Bavinck hulle ewe goed met die oog op dié mense kon geskryf het.

Hierdie noodsaaklike opvoeding wat kragtens die skeppingsorde van God die primêre verantwoordelikheid van die ouers is, het as gevolg van die kulturele verwickeldheid van die mens se lewenspatroon deels oorgegaan in die hande van die skool — daardie kunsmatige instelling wat tot stand gekom het om die opvoedende aktiwiteite van die ouers aan te vul omdat hulle

"nie altyd die tyd en die geleentheid en ook nie altyd die geleerdheid, ontwikkeling en bekwaamheid (het) om self aan hul kinders die nodige volle opvoeding te gee nie." ⁴⁾

Nou word dit die verantwoordelikheid van die ouer om sorg te dra dat sy kind die skool besoek om die so noodsaaklike opvoeding wat die ouer nie self kan gee nie, dáár te ontvang. Maar omdat
daar/.....

1) P. 489.

2) Coetzee, J. Chr.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 17-19.

3) Bavinck, H.: Paedagogische Beginselen, pp. 10-11.

4) Coetzee, J. Chr.: op. cit., p. 44;

: Vgl. ook Hff. III en IV, pp. 34-54.

daar altyd onder én kind én ouer diegene is wat hulle behoeftes of of verantwoordelikhede nie besef nie, is dit vir die staat nodig om per wetgewing in te gryp en te verseker dat die kind wel die skoolopvoeding ontvang. Dit is hier waar die leerplig te pas kom.

(b) Behoefte aan Leerplig.

Hoe minder ontwikkel en hoe meer onverantwoordelik die ouers is, hoe groter is die behoefte aan leerplig. In die praktyk kom dit daarop neer dat hoe meer kinders van skoolgaande leeftyd daar is wat nie skoolgaan nie en vir kwaadgeld rondloop, des te groter is die behoefte aan leerplig; en reeds in 1937 het die Wilcocks-kommissie gerapporteer,

„Daar is herhaaldelik in getuienis verklaar dat duisende Kleurlingkinders, veral in die Kaapprovinsie opgroei sonder enige onderwys hoegenaamd te geniet." 1)

Hierby moet dan duidelik ook nog die skoolverlaters gevoeg word, dié wat wel 'n mate van skoolonderwys ontvang, maar die skool op 'n onrype stadium en te vroeg verlaat net om sodoende terug te val, te verwilder en te verword op die strate.

Dit spreek vanself dat dit baie moeilik is om 'n akkurate beraming van die getal Kleurlingkinders te verstrek wat hierby betrokke is. In 1954 het die Botha-kommissie bereken dat daar „nog 37,500 kinders van skoolgaande ouderdom is vir wie voorsiening gemaak moet word," 2) en in 1961 berig die voorsitter, E.F. Doorman, op 'n T.E.P.A.-kongres: „Dertigduisend Kleurlingkinders het nog nooit die binnekant van 'n skool gesien nie." 3)

Hierdie soort van beramings word bemoeilik deur faktore soos die beskouing oor skoolpligtige ouderdom — wat tans vir die Kleurlingkind opgevat word as tussen 7 en 14 jaar 4) — en die onderwysstatistiek wat Kleurling- en Asiatiese leerlinge gesamentlik opgee. In die berekening wat hier volg, is die Asiate en Kleurlinge saamgegroepeer en is daar van die verstandhouding uitgegaan dat kinders skool-toe behoort te gaan van die begin van die sesde tot die einde van die vyftiende lewensjaar. Hierdie ouderdomme is gekies op grond van die feit dat, aan die een kant, 'n kind van ses gewoonlik ryp is vir die skool, en as hy nie skoolgaan nie, reeds tot 'n straatlewe neig waar hy aan ernstige anti-sosiale/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 868, p. 182.

2) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, par. 2, p. 19.

3) Die Burger, 13. 6.61, p. 3, kol. 4.

4) Ord. No. 20 van 1956, par. 177 (1).

anti-sosiale invloede blootstaan; aan die ander kant is 'n kind nie ryp vir die arbeidsmark voordat hy ten minste die sestiende jaar bereik het nie.

By die volkstelling van 1951 was daar altesame 1,103,016 Kleurlinge en 366,664 Asiate, van wie daar 279,001 en 103,286 respektiewelik tussen 6 en 16 jaar oud was, 'n gesamentlike persentasie van 25.5. Volgens die middeljaarramings van die Buro vir Sensus en Statistiek¹⁾ was daar in 1958 tot die naaste duisend 1,360,000 Kleurlinge en 441,000 Asiate van wie daar dan teen 'n persentasie van 25.5 ongeveer 459,255 kinders van skoolgaande ouderdom, teweete tussen 6 en 16 jaar, moes gewees het. In beide openbare en private skole was daar egter, volgens dieselfde bron,²⁾ slegs 388,062 Kleurlinge en Asiate op skool. Dit beteken dat minstens 71,193 kinders nie op skool was nie. En hierdie syfer is in werklikheid te laag, aangesien die volkstelling van 1960 aangedui het dat die middeljaarramings te konserwatief was,³⁾ en aangesien daar van die totale skoolbevolking in werklikheid 'n groot aantal leerlinge van 16 jaar en ouer was: In die openbare skole van die Kaapprovinsie alleen was daar in 1958 nie minder nie as 7,495 leerlinge in hierdie groep, 'n volle 3.1% van die totaal. Teen hierdie verhouding bereken moes daar 'n verdere 12,028 kinders tussen 6 en 16 jaar gewees het wat nie op skool was nie, 'n groototaal dus van 83,221.

Word nou van die standpunt uitgegaan dat leerplig vir die Kleurlinge en Asiate tussen 7 en 15 behoort te geld, dit wil sê van die begin van die sewende tot die einde van die veertiende jaar, word daar volgens die bostaande berekening bevind dat in 1958 daar 374,608 leerlinge op skool behoort te gewees het, terwyl daar van hierdie ouderdomsgroep slegs 333,160 wel op skool was. Dit sou beteken dat 41,448 Kleurlinge en Asiate van 7 - 15 jaar vir kwaadgeld rondgeloop het. En aangesien daar leerplig in Natal bestaan, het hierdie syfers slegs op Kaapland, Transvaal en die Oranje-Vrystaat betrekking, wat daarop neerkom dat dit hoofsaaklik 'n probleem vir Kleurlinge en hoofsaaklik 'n probleem van Kaapland is.⁴⁾

Daar moet egter op gewys word dat met die oog op die vraagstuk van gedragsmoeilikhed, dit nie doenlik is om die skoolpligtige jare tot die leeftyd tussen 7 en 15 te beperk nie. Vir hierdie/.....

1) Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, Jubileumuitgawe 1910-1960, p. A-8, koll. 47 en 48.

2) Op. cit., pp. E-15 en 16, koll. 201 en 206.

3) Die Burger, 19.12.60, p. 5, kol. 1.

4) Die Burger, 13.10.60, p. 20, kol. 8.

hierdie doeleindes moet die kinderjare oor minstens die leeftyd van ses tot sentien gereken word.¹⁾ En dit sou beteken dat Kaapland, Transvaal en die Vrystaat 'n totaal van meer as 80,000 leeglêer-kindere gehad het wat om dié rede alleen een en algar kandidate vir gedragsafwyking was. Dit is nodig om in hierdie verband die Botha-kommissie aan te haal:

"Dit ontgaan die Kommissie allermens dat dit gevaarlik is om kinders op die leeftyd van 13 tot 15 jaar uit die skool te laat gaan eenvoudig omdat hulle die primêre skool deurloop het maar voordat hulle 'n heenkome in die nywerhede kan vind. Die periode tussen skoolverlating en indienstreding is die tyd wanneer die skollie sy verskyning maak. Die Kommissie beskou std. V of 14 jaar dan ook as 'n oorgangstydperk tot tyd en wyl omstandighede 'n opskuiwing van die leerplig tot 'n hoër ouderdom moontlik maak." 2)

(c) Leerplig en die Owerheid.

Van vroeg af in die twintigste eeu is daar herhaaldelik op die owerheid beroep gedoen om leerplig vir die Kleurlinge by wyse van wetgewing in te stel, en van owerheidsweë is herhaaldelik op die aangeleentheid en die implikasies van so 'n stap ingegaan. Ernstige en tot dusver onoorkomelike probleme het hulle voorgedoen en doeltreffende oplossing onmoontlik gemaak. Daardie wetgewende maatreëls wat wel getref kon word, het ontoereikend geblyk.

(1) Eise om Leerplig.

In 1919 het die Kleurlinggemeenskap vir die eerste keer self op leerplig aangedring,³⁾ en sedertdien is hierdie ideaal met verskillende motiewe en grade van heftigheid uit verskillende oorde bepleit. Die pleitbesorgers het bestaan uit indiuidue en organisasies, uit opvoedkundiges, geestelikes, politici en propagandiste,⁴⁾ en dit spreek vanself dat die oogmerke, die begrip en die sin van verantwoordelikheid ten opsigte van alles wat daarby betrokke is, nogal aardig verskil van die een tot die ander.

Uit die rigting van die verantwoordelike instansies kom die sobere toon van die Kaaplandse Superintendent-generaal van Onderwys by 'n T.E.P.A.-kongres op 12 Junie 1961:

"Dit/.....

-
- 1) Vgl. Friedlander, R.M.: Disability in Coloured Education in the Cape, Cape Argus, 11. 1.61, p. 11, kol. 4.
 - 2) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 4, p. 20.
 - 3) Marais, N.J.: Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910, p. 56.
 - 4) Vgl. Joost, Rev. R.: Compulsory Education as a State Obligation, p. 10.

"Dit is nie nodig om oor die noodsaaklikheid daarvan te redeneer nie. Almal is dit daaroor eens, maar ons moet realisties wees. Verpligte onderwys bring ekstra skole mee en dit beteken ekstra geld. Geld is die beslissende faktor." 1)

Op dieselfde dag, op dieselfde plek en oor dieselfde saak kom dit van die voorsitter, mnr. E.F. Doman:

"As die regering wil hê ons kinders moet skoolgaan, sal hy wel geld kan vind ... As alle Kleurlingkinders op die platteland onderrig ontvang, sal daar geen rede wees vir gesubsidieerde uitgawe aan woningplanne ens. in die stede nie." 2)

Gesien die algemene verskynsel van verstedeliking van alle Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe, die Kleurlinge inkluis, wat deel uitmaak van 'n omvangryke industrialisasieproses, ³⁾ lê die oppervlakkigheid en onrealisme van hierdie foutvinderige propagandisme voor die hand.

Dieselfde bedekte tendensieuse heftigheid kenmerk die skynbaar beredeneerde uitlatings van eerw. R. Joorst:

"Compulsory school attendance is by no means synonymous with compulsory education as a state obligation, because the former is but only one single subordinate part of the latter. Experience during the past twelve years has supplied convincing proof that compulsory school attendance as a statutory educational practice can only be applied successfully and effectively where compulsory education as a state obligation forms the foundation. Obviously the former is mainly dependent on adequate and suitable school accommodation, but the latter makes it incumbent on the state to accept the obligation and to provide the required accommodation. And it is just in this respect that legislation in force at present is sadly lacking and therefore incapable of making up the leeway and to provide the necessary propelling force required to cope with the educational needs of the Coloured children." 4)

Hierdie soort van propaganda hou nie rekening met die feit dat wetgewing ook prakties uitvoerbaar moet wees nie.

Afgesien van die uiteenlopende oogmerke wat die verskillende pleitbesorgers motiveer, is daar nagenoeg algemene eenstemmigheid oor die vraagstuk self en hierdie eenstemmigheid word deur die Botha-kommissie só geformuleer,

"Met die uitsondering van enkele getuies, wat leerplig om verskeie redes afgekeur het, was daar merkwaardige

ooreenstemming/.....

1) Die Burger, 13. 6.61, p. 9, kol. 3.

2) Die Burger, 13. 6.61, p. 3, kol. 4.

3) Vgl. Hf. V, par. 6, p. 229.

4) Joorst, Rev. R.: Compulsory Education as a State Obligation, T.E.P.A.- Pamphlet No. 2, 1958.

„ooreenstemming dat die een of ander vorm van verpligting noodsaaklik is." 1)

Die vraag is nou hoe die owerheid op hierdie nagenoeg eenstemmige eis gereageer het.

(ii) Leerplig en Wetgewing.

Baie vroeg in die geskiedenis van Suid-Afrika het die onderwys van gekleurdes in die hande van die verskillende sendinggenootskappe oorgegaan, en sedert die veertiger jare van die neëntiende eeu het die Kaapse Onderwysdepartement finansiële hulp aan die genootskappe vir dié doel verleen. 2) Dit is eers sedert 1910 dat die Onderwysdepartement self onsektariese skole begin berskaf het. 3)

Die owerhede het van vroeg af die belangrikheid van leerplig ingesien en so vroeg soos 1905 is Skoolrade by wyse van wetgewing 4) onder sekere omstandighede gemagtig om verpligte skoolbezoek vir Kleurlingkinders in te stel mits daar genoegsame onsektariese akkommodasie beskikbaar sou wees. Dit was destyds egter nooit te eniger tyd of plek die geval nie, veral as gevolg van die hoë koste wat daaraan verbonde sou wees.

Die betrokke instansies het die saak egter nooit uit die oog verloor nie en in 1919 het die Superintendent-generaal van Onderwys gereken „it would be wise to consider ... the possibility of extending the application of the principle (of compulsory education) to Coloured ... primary education." 5) Net die instelling van vrye primêre onderwys vir Kleurlinge op 1 Julie 1920 het op sigself egter die beskikbare ruimte sodanig in beslag geneem dat die bestaande akkommodasie algeheel ontoereikend geword het. 6) Vanweë die depressie kon daar nouliks iets meer gedoen word, hoeseer die owerhede ook die noodsaaklikheid daarvan besef het:

„When times are admittedly so bad that thousands of white children cannot be given even a primary education, the prospects of improving the conditions of the Coloured people are remote; but the case is so urgent that it deserves the most careful and sympathetic consideration, especially if it is realised that, after all, it is wiser for a state to invest its money in schools than in prisons and reformatories." 7)

Die/.....

-
- 1) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 4, p. 20.
 - 2) Kleurlingonderwysverslag: op. cit., parr. 4-7, p. 21.
 - 3) Marais, N.J.: Die Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910, p. 55.
 - 4) School Board Act, No. 35, 1905, Art. 69.
 - 5) S.G.E.: Report on Education 1919, C.P. 4-20, p. 17.
 - 6) Marais, N.J.: op. cit., p. 57.
 - 7) S.G.E.: Report on Education, 1922, p. 34.

Die benarde finansiële toestand en onvermoë van die Provinsie om in die onderwywbehoefte van die Kleurlingbevolking te voorsien, het aanleiding gegee tot die benoeming van die Viljoen-kommissie wat in die jare 1925-26 die vraagstuk van Kleurlingonderwys moes ondersoek en aanbeveel het dat leerplig vir Kleurlingkinders tussen 7 en 13 jaar ingestel word. ¹⁾ Nog steeds egter is dit finansies en ontbrekende onsektariese skoolakkommodasie wat in die weg staan sodat ook van hierdie aanbeveling niks tereg kon kom nie.

Ondertussen word die aansprake van Kleurlingouers op leerplig vir hul kinders steeds sterker sodat die S.G.O. in 1933 ²⁾ moes toegee dat daar teoreties geen rede bestaan waarom skoolbezoek vir Kleurlingkinders nie verpligtend gemaak sou word nie. Sodra dit egter op praktiese oorwegings neerkom, het aansienlike moeilikhede steeds opgeduik. In 1934 het die Kaapse Provinsiale Raad selfs die beginsel van verpligte onderwys vir Kleurlingkinders in munisipale gebiede aanvaar, maar as gevolg van die netelike implikasies daarvan besluit om die behandeling van die saak uit te stel tot ná die verskyning van die Wilcocks-verslag. ³⁾

Die Wilcocks-kommissie wat die Kleurlingbelange oor die hele linie ondersoek het, het ook op die kwessie van leerplig ingegaan en toegegee: „Verpligte onderwys vir Kleurlingkinders was een van die moeilikste vraagstukke wat die Kommissie moes oorweeg.” ⁴⁾ Desnieteenstaande het hierdie liggaam in dié verband hoogs belangrike aanbevelings gedoen ⁵⁾ wat tot vandag toe feitlik letterlik die substansie uitmaak van wetgewing wat sedertdien ingevoer is. Die oogmerk was

„om die vraagstuk op 'n ordelike en progressiewe wyse op te los. By die aanvang sal die gebied wat deur verpligting geraak word, slegs klein wees; maar na gelang onsektariese skole geopen word, sal die gebied wat onder verpligting staan, toeneem totdat die stelsel uiteindelik taamlik algemeen verbreid sal wees.” ⁶⁾

Die Tweede Wêreldoorlog het verhinder dat hierdie dringende saak onmiddellike aandag sou geniet en eers in 1945 het die Kleurlingonderwys-ordonnansie ⁷⁾ die saak tot 'n punt gedrywe.
Hierin/.....

-
- 1) Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1925-26, K.P. 1-27, parr. 25-27.
 - 2) Report on Education 1932-1933, C.P. 4-34, p. 49.
 - 3) Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, U.G. No. 54, 1937, par. 871, p. 182.
 - 4) U.G. No. 54, 1937, ibid.
 - 5) U.G. No. 54, 1937, par. 874, p. 183.
 - 6) Ibid., par. 875, p. 183.
 - 7) Ord. No. 11 van 1945.

Hierin is wetlike voorsiening gemaak vir wat „toelaatbare leerplig" genoem kan word, ¹⁾ en wat daarop neerkom dat leerplig onder sekere omstandighede en onder sekere voorwaardes moontlik gemaak is. Dit moes as volg geskied: ²⁾ Indien daar in die magsgebied van 'n bepaalde skoolraad of Kleurlingonderwyskomitee genoegsame onsektariese onderwysfasiliteite beskikbaar sou wees, kan die raad of komitee 'n spesiale vergadering belê om spesifiek hierdie aangeleentheid te oorweeg. By hierdie vergadering wat deur minstens twee-derdes van die lede bygewoon moet word, kan dan besluit word om verpligte skoolbesoek in sy gebied by die Departement aan te beveel. Hierdie besluit, tesame met bewyse dat die nodige onderwysfasiliteite wel bestaan, word aan die Departement gestuur wat dit op sy beurt aan die Administrateur voorlê. Hy kondig dit by wyse van 'n proklamasie in die Provinsiale Kocrant af, en dan eers is leerplig in daardie bepaalde gebied bindend. Die voorwaardes is as volg:

aa) Dit is van toepassing op Kleurlingkinders vanaf die begin van die sewende tot die einde van die veertiende jaar.

bb) Die kind moet binne drie myl vanaf die naaste onsektariese skool woon.

cc) Kinders is vrygestel as hulle 'n sending-skool bywoon of op 'n ander manier bevredigende onderrig ontvang; as hulle weens siekte of ander voldoende redes die skool nie kan bywoon nie; as hulle reeds std. IV geslaag het, of indien hulle gereeld werk.

Hierdie wetgewing is as uiters konserwatief beskou: Leerplig kan ingevoer word slegs waar toereikende onsektariese onderwysfasiliteite bestaan en selfs dan nog kan die skoolraad nie gedwing word om die wet van toepassing te maak nie. Die gevolg was dat na verloop van 16 jaar daar nog steeds slegs ses sentra is waarop die wet afgekondig is, naamlik Cradock (1 Januarie 1947), Kimberley (1 Januarie 1948), Simonstad (1 Januarie 1949), King William's Town (1 Julie 1950), Keiskammahoek (1 Januarie 1952) en Alice (1 Julie 1953). ³⁾

Na intensiewe pogings deur die Botha-kommissie om hierdie wetgewing meer doeltreffend te maak, ⁴⁾ is die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie/.....

1) Vgl. U.G. No. 54, par. 874, (1), p. 183.

2) Ord. No. 11 van 1945, par. 2.

3) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 1, p. 19.

4) Ibid., par. 7, pp. 20-21.

Onderwysordonnansie ¹⁾ in 1956 aangeneem. Basies het hierdie ordonnansie geen verandering meegebring nie. Die vierde standaard as perk vir leerplig is tot die vyfde opgeskuif en ouers word verantwoordelik gehou vir die gereelde skoolbesoek van hul kinders. Enigeen wat 'n skoolpligtige kind in diens neem wat daarop bereken is om sy gereelde skoolbesoek te verhinder, is ook strafbaar. ²⁾

Dit blyk dus dat tussen 1905 toe die moontlikheid van leerplig vir Kleurlingkinders vir die eerste keer geboekstaaf is, tot 1961 daar nog geen doeltreffende oplossing vir die vraagstuk van verpligte skoolbesoek vir Kleurlingkinders gevind is nie.

(iii) Struikelblokke in die Weg van Leerplig.

Dit het reeds geblyk dat daar enkele uitstaande struikelblokke in die weg van leerplig staan.

aa) Ontoereikende Finansies.

As sine qua non vir die invoer van leerplig staan die beskikbaarheid van toereikende onderwysfasiliteite. Dit is hier dat daar eintlik 'n fundamentele anomalie bestaan in verband met die hele vraagstuk van leerplig vir Kleurlinge, 'n anomalie wat reeds deur die Wilcocks-kommissie raakgesien en enigsins geformuleer is:

"Die instelling van 'n stelsel van verpligte onderwys veronderstel dat toereikende onderwysfasiliteite bestaan en dat die kinders onwillig is om daarvan gebruik te maak, of op sy beste die skool ongereeld besoek. In werklikheid is dit in die Kaapprovinsie alles behalwe die geval dat onderwysfasiliteite vir Kleurlingkinders toereikend is." ³⁾

Die verskaffing van hierdie addisionele fasiliteite vir tussen 40,000 en 80,000 leerlinge sal ontsaglike addisionele uitgawe meebring, en tussen 1905 en 1961 is dit deur Kaapland, waar die probleem by uitstek setel, onmoontlik gevind om hierdie bykomende uitgawes die hoof te bied. En nou, soos toe, is die realistiese opmerking van die S.G.O. van 1961 die juiste opsomming van die hele vraagstuk: „Verpligte onderwys bring ekstra skole mee, en dit beteken ekstra geld. Geld is die beslissende faktor." ⁴⁾

bb) Sektariese Skole.

Dit is ook ironies dat juis die sektariese aard van die bestaande Kleurlingskole die ander haas onoorkomelike/.....

1) No. 20 van 1956.

2) Ord. No. 20 van 1956, par. 171 (1) - (4).

3) U.G. No. 54, 1937, par. 872, p. 182.

4) Die Burger, 13. 6.61, p. 9, kol. 3.

onoorkomelik struikelblok in die weg van leerplig moet wees; want dit word allerweë erken dat dit direk aan sendingywer en kerkskole te danke is dat onderwys tot die Kleurlinge op so 'n betreklike groot skaal deurgedring het.¹⁾ Onderzoek na ondersoek wat van staatsweë ingestel is, het op dieselfde bevinding afgekom: Alhoewel daar ernstige en baie besware teen sektariese skole geopper kan word, is die Kleurlingonderwys tot hiertoe nie in staat om sonder die hulp van die kerke klaar te kom nie. Die Wilcocks-kommissie het in 1937 berig:

„Daar word herhaaldelik uiting gegee aan die sienswyse dat die Staat Kleurlingonderwys uit die hande van die Kerke behoort te neem ... Een van die hoofredes wat ten gunste van hierdie verandering aangevoer word, is dat dit duplikasie van klein skooltjies uitskakel en gevolglik tot groter opvoedkundige doeltreffendheid sou lei. Die Kommissie het heelwat getuienis ter staving van hierdie sienswyse aangehoor, maar na oorweging kan dit nie aanbeveel dat, wat die Kaapprovinsie betref, die Staat enige bestaande Kerkskool van sy sektariese beheer wegneem nie. Dit is oortuig dat die Kleurlingonderwys dank verskuldig is aan die Kerk vir die werk wat dit verrig het en nog verrig, en dat dit nie raadsaam sou wees om af te sien van die dienste en die hulp wat die kerke lewer nie. Bovendien is dit baie twyfelagtig of sodanige handelswyse op die huidige oomblik in die geheel uitvoerbaar sou wees.”²⁾

Byna twintig jaar later in 1956 was die bevinding van 'n groep onderwysmanne nie veel verskillend nie. Die Botha-kommissie³⁾ formuleer die rol van die kerke só:

„Daar bestaan geen twyfel nie dat aan die kerkgenootskappe erkentlikheid en dankbaarheid verskuldig is vir hul hulp en bystand ... Sonder die ondernemingsgees van die kerke sou daar nóg geboue, nóg onderwysers tot die beskikking van Kleurlingonderwys gewees het. Sowel regstreeks as onregstreeks het die kerke 'n geweldige invloed op die Kleurlingbevolking uitgeoefen.”

Dit is dan ook geen wonder dat ingeligte mense daarop aandring dat die invloed van die kerke behoue moet bly nie, al is dit dan slegs in daardie gebiede waar die staat nie by magte is om doeltreffend oor te neem nie:

„Aan die ander kant wil die Kommissie beklemtoon dat in baie dele van ons land die Kleurlingbevolking nog nie so 'n ontwikkelingspeil bereik het dat hulle sonder die leiding van die kerke kan klaarkom nie. Derhalwe is die Kommissie van oortuiging dat in die

afgeleë/.....

-
- 1) Joorst, Rev. R.: Compulsory Education as a State Obligation, p. 3.
2) U.G. No. 54, 1937, par. 861, p. 179.
3) Op. cit., par. 26, p. 24.

„afgeleë plattelandse distrikte van die Kaapprovinsie die pionierswerk op onderwysgebied voorlopig nog deur die kerkgenootskappe behartig behoort te word." 1)

Ironies is dit nou dat by die invoer van die leerplig dit ook die kenner is wat na waarheid moet getuig:

„The great stumblingblock ... in the way of compulsory school attendance is the very fact that the system of Coloured Education is practically wholly denominational." 2)

Hierdie struikelblok word skerp en oortuigend geformuleer deur die Wilcocks-kommissie:

„Dit sal buitengewoon moeilik wees om 'n reël toe te pas wat bv. Protestantse kinders sal dwing om na Katolieke skole te gaan of Katolieke kinders om Protestantse skole te besoek. Daar moet rekening gehou word met sektariese implikasies; 'n stelsel van verpligting wat op kinders toegepas moet word wat vir hul onderwys grotendeels van sektariese skole afhanklik is, moet noodwendig op 'n mislukking uitloop, tensy daar met godsdienstige gevoelighede rekening gehou word." 3)

Alhoewel die Botha-kommissie lelik bontgestaan het om 'n formule te vind waarvolgens leerplig ook tot sektariese skole uitgebrei kan word, 4) het die Provinsiale Administrasie nie sy weg oopgesien om so-iets in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie 5) op te neem nie.

cc) Toepassingskomplikasies.

Dit is opmerklik dat in geen beskikbare dokumente die implikasies van leerplig vir Kleurlinge in hul volle konsekwensie onder die oë gesien word nie: Dit is 'n bekende feit dat, alhoewel Kleurlingskole oorvol is, dit selde, indien ooit, voorkom dat Kleurlingkinders wat die skool wil bywoon, toegang geweier word as gevolg van gebrek aan akkommodasie. Dit beteken dat die 40,000 tot 80,000 kinders wat nie op skool is nie — en van wie baie daar nie is nie omdat hulle daar nie wil wees nie, aangesien hulle reeds vroeër uitgeskakel is deur skoolverlating, volhardende stokkiesdraaiery of selfs frustrasie as gevolg van vertraging — gedwing sal moet word om die skool te besoek. Dit sal aan die een kant beteken dat ouers wat aan versuim skuldig is — en dit is bekend dat daar buitengewoon baie van hulle is wat/.....

1) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 31, p. 25.

2) S.G.E.: Report on Education, 1932-33, C.P. 4-34, p. 49.

3) U.G. No. 54, 1937, par. 874, p. 183.

4) Verslag van die Kommissie i.s. Kleurlingonderwys, 1953-1956, par. 3, pp. 19-20.

5) No. 20 van 1956.

wat hul verantwoordelikheid nouliks besef — gestraf sal moet word deur boetes of tronkstraf waarvan die ekonomiese en maatskaplike implikasies vir die huisgesin baie duidelik is. Dit sal aan die ander kant talle addisionele proefbeamptes, skoolsoekbeamptes en les bes addisionele polisie, geregshowe, magistrade en tronke vereis om die wet af te dwing. Waar daar tans slegs een staatskinderhuis en een nywerheidsskool bestaan waar hierdie soort kind opgeneem kan word — en waar die onderwys uitermate duur is — sal hierdie inrigtings met tientalle male vermenigvuldig moet word. Waar die staat dit moeilik vind om slegs die nodige akademiese skole te voorsien, is dit hoogs twyfelagtig of die land überhaupt in staat is om die ander geregtelike dienste en spesiale skole te bekostig, dit wil sê überhaupt in staat is om die wetgewing af te dwing.

Dit is dus 'n ope vraag of die probleem van leerplig vir Kleurlinge in die huidige opset van die teorie en praktyk van Kleurlingonderwys, geheel en al oplosbaar is. Drastiese en ingrypende maatreëls sal op baie gebiede getref moet word voordat hierdie duisende leegglêer-kindere onder die skoordak of ander opvoedende kontrole gebring kan word.

3. Onderwysfasiliteite.

Die instelling van leerplig het die beskikbaarheid van onderwysfasiliteite ter sprake gebring. Die toereikendheid van hierdie fasiliteite bepaal ook tot 'n deurslaggewende mate die doeltreffendheid en gehalte van onderrig wat aan Kleurlingskole gegee word.¹⁾ Vir onderhawige doeleindes gaan dit hier oor beheer, finansies, akkommodasie en uitrusting, en weer moet daarop gewys word dat die Kleurlinge Kaaplanders is, dat die vraagstuk van Kleurlingonderwys dus eintlik 'n probleem van die Kaapprovinsie is en dat hierdie ondersoek dus hoofsaaklik kennisneem van toestande in hierdie gebied.²⁾

(a) Beheer.

In 1937 het die Wilcocks-kommissie geskrywe, „Die beheer van Kleurlingonderwys is vir alle praktiese doeleindes 'n vraagstuk wat slegs die Kaapprovinsie raak.“³⁾ Terwyl die omvang van Kleurlingonderwys in die noordelike provinsies as gevolg van die getalsverhoudinge van die verskillende bevolkingsdele, erg beperk is, en die bestaande Kleurlingskole op dieselfde grondslag/.....

1) Vgl. Par. 5, p.

2) Vgl. Verslag van die Kommissie i.s. Tegnieke en Beroeps-
onderwys, U.G. 65/1948, par. 1940, p. 263.

3) U.G. No. 54, 1937, par. 860, p. 179.

grondslag as dié vir blankes geadministreer word, is die posisie in Kaapland heeltemal anders. Terwyl die oorgrote meerderheid van skole vir blankes onsektariese skole onder die bestuur van skoolrade is, val verreweg die meeste Kleurlingskole onder die bestuur van kerkgenootskappe en is hulle sektaries van aard.¹⁾ In 1948 nog het die De Villiers-kommissie berig dat ongeveer seweagstes van alle skoolgaande Kleurlingkinders kerkskole bywoon.²⁾

Hierdie toedrag van sake moet toegeskrywe word aan die werking van die Wet van 1865 waarop die Kaapse onderwysstelsel grootliks berus en wat

„onderskeid gemaak het tussen skole van Klas A — onsektariese openbare skole — en skole van Klas B — sendingskole wat voorsiening gemaak het vir die onderwys van dié dele van die bevolking wat heeltemal nie in staat is om self skole daar te stel nie.”³⁾

In hierdie kategorie het nagenoeg die hele Kleurlingbevolking geresorteer. Op hierdie wyse het die regulasies van 1865 sonder om 'n woord oor kleur te rep, ten gevolge gehad dat Kleurlingonderwys die spesiale terrein van die kerke geword het, terwyl skole vir blankes buite sektariese beheer sou bly.⁴⁾ Hierdie sendingskole val nie onder die skoolraad nie, maar word bestuur deur 'n skoolbestuurder wat direk aan die Departement verantwoordelik is, en wie se magte en pligte by wyse van wetgewing vasgelê is.⁵⁾

Dit is eers sedert 1910 dat die Kaapse Onderwysdepartement daartoe oorgegaan het om met tussenkoms van die skoolrade self onsektariese skole vir Kleurlingkinders te stig,⁶⁾ wat op nagenoeg dieselfde wyse as die openbare skole vir blankes beheer word.⁷⁾ Waar skoolrade nie kans gesien het om ook die onsektariese Kleurlingskole te behartig nie, het die Provinsiale Raad op een stadium die Administrateur by wyse van wetgewing gemagtig om 'n Kleurlingonderwyskomitee in sodanige gebied saam te stel, en dié sou dan ten opsigte van die Kleurlingonderwys presies dieselfde funksie as die gewone skoolraad vervul.⁸⁾ Sodanige komitees is te Worcester en Robertson gevorm.⁹⁾

Hieruit/.....

-
- 1) U.G. No. 54, 1937, par. 860, p. 179.
 - 2) U.G. No. 65/1948, par. 1961, p. 267.
 - 3) U.G. No. 54, 1937, *ibid.*
 - 4) Kleurling-Onderwysverslag, 1953-1956, par. 9, p. 21; U.G. No. 54, 1937, *ibid.*
 - 5) Gekonsolideerde Onderwys-Ordonnansie, No. 5 van 1921, Art. 326.
 - 6) Marais, N.J.: Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910, p. 55.
 - 7) Kleurlingonderwysverslag, 1953-1956, parr. 18-22, p. 23.
 - 8) Ord. No. 11 van 1945, par. 1.
 - 9) Kleurlingonderwysverslag, 1953-1956, par. 23, p. 24; Vgl. S.G.O.: Jaarverslae 1941-45, p. 36; 1947, p. 25.

Hieruit blyk dat, veral op die terrein van die primêre onderwys, die inisiatief grootliks in die hande van die kerkgenootskappe, beland het. Veral in die meer afgeleë gebiede sal dit waarskynlik nog lank so moet bly, en is dit ook wenslik om voorlopig so te bly. ¹⁾ Ondertussen is daar egter, as gevolg van die toenemende stigting van onsektariese skole, veral in die stedelike gebiede, 'n geleidelike proses van „ontkerking” op onderwysgebied aan die gang. In 1958 was daar naamlik slegs 168,630 uit 'n totaal van 239,022 leerlinge in kerkskole, 'n verhouding van ongeveer 70.6%. ²⁾ Alhoewel dit nog 'n buitengewone hoë syfer is, beteken dit nietemin dat hierdie persentasie oor 'n periode van 10 jaar met meer as 15% gedaal het.

(b) Finansies.

Omdat skoolonderwys 'n duur onderneming is, omdat die uitgawe daaraan verbonde steeds styg, en omdat dit per slot van rekening nie die funksie van die kerk is om vir skoolonderwys te sorg nie, was dit te voorsien dat die staat vroeër of later op die toneel moes kom.

(i) Staatsteun.

Waar die sendinggenootskappe voor 1841 uitsluitlik op hul eie fondse aangewese was, het hul skole op 'n onsekere manier „sonder enige beginsel van kontinuïteit” ontwikkel. ³⁾ In daardie jaar het die regering daartoe oorgegaan om sendingskole doelbewus aan te moedig deur 'n maksimum van £30 per jaar by te dra wat uitsluitlik moes dien om die salaris van die onderwysers aan te vul. Allengs het die staat in toenemende mate die verantwoordelikheid vir die besoldiging van onderwysers op hom geneem totdat die Provinsiale Administrasie sedert 1 Julie 1920 die salarisse van alle onderwysers aan sendingskole ten volle betaal het. Omdat hierdie uitgawe nie deur die Provinsie alleen gedra kon word nie, is finansiële hulp van die sentrale regering ontvang sedert 1925. Hierdie hulp is toegeken volgens formules wat van tyd tot tyd gewysig is om aan die groeiende behoeftes van die Provinsiale Administrasies te voldoen. ⁴⁾

Hierdie ontwikkelinge het die houvas van die staat op die sendingskole uitgebrei en verstewig:

„As/.....

-
- 1) Vgl. Kleurlingonderwysverslag, 1953-1956, par. 32(4), p. 25.
2) S.G.O.-verslag, 1958, pp. 56 en 57.
3) Kleurlingonderwysverslag, op. cit., par. 8, p. 21.
4) Kleurlingonderwysverslag, op. cit., parr. 14-16, p. 22.

"As gevolg van die toekenning van finansiële hulp aan die verskillende kerkgenootskappe het die staat stadig maar seker sy beheer oor die sendingskole uitgebrei. Die voorwaardes waarop finansiële hulp in 1841 aan sendingskole toegestaan is, het geleidelik daartoe gelei dat sulke skole onder die algemene toetsig en inspeksiestelsel van die Superintendent-generaal van Onderwys geval het. Staatsbeheer van hierdie aard het ook meegebring dat alle skole onderworpe was aan leerplanne deur die Onderwysdepartement opgestel, dat die kwalifikasies van die onderwysers die goedkeuring van die Departement moes wegdra, en dat die peil van 'n skool se prestasies deur die Departement se eksamenstelsel gekontroleer moes word." 1)

(ii) Statistieke.

Onderzoek bring aan die lig dat ten opsigte van die Kleurlinge onderwysuitgawes sedert 1940 fantasties gestyg het. Hierdie styging moet toegeskrywe word aan die verandering in die formule van hulptoelaes van die kant van die sentrale regering in 1945, maar ook aan die asembenemende styging van die skoolrol, groeiende inflasie, asook devaluasie van die Suid-Afrikaanse geld terwyl die kwalitatiewe verbetering van die diens wat uit die aard van die saak hoër onkoste meebring, ook nie buite rekening gelaat mag word nie.

Tabel 82 gee die bedrae tot die naaste £1,000 aan wat in die jare 1940 tot 1958 spandeer is aan die skoolopleiding, primêr en sekondêr, van blanke en Kleurlingkinders in die Kaapprovinsie. Dit is saamgestel uit gegewens in die Jaarverslae van die Superintendent-generaal van Onderwys. Ten einde vergelykings moontlik te maak, is die relatiewe styging vir blankes en Kleurlinge uitgewerk met die 1940-uitgawes as uitgangspunt. Hieruit blyk dat daar met die finansiering van Kleurlingonderwys met rasse skrede vordering gemaak is. Relatief het die uitgawe aan Kleurlingonderwys veel vinniger gestyg as dié van blankes. Hierdie skouspelagtige styging word duidelik geïllustreer deur Grafiek 27. Terwyl die onderwysuitgawes ten opsigte van blankes in 1958 net meer as driekeer soveel as in 1940 was, was dit by die Kleurlinge in 1958 aansienlik meer as agmaal soveel as in 1940.

Maar dit het nog net met die relatiewe stygings te doen wat daarop dui dat vinniger uitbreidings by die Kleurlinge plaasgevind het en dat agterstand progressief ingehaal is. Dit beteken nog nie dat die finansiering van Kleurlingonderwys enigsins op dieselfde basis as dié van blankes, of selfs naastenby bevredigend geskied nie. Inderwaarheid is die vergelyking vir die Kleurlinge
nog/.....

1) Kleurlingonderwysverslag, op. cit., par. 11, p. 22.

TABEL 82: STYGING IN ONDERWYSUITGAWES TEN OPSIGTE VAN BLANKES EN KLEURLINGE TUSSEN 1940 EN 1958.


JAAR	BLANKES		KLEURLINGE.	
	Jaarlikse uitgawe in £1,000 ^e	Relatiewe styging met 1940 as basis	Jaarlikse uitgawe in £1,000 ^e	Relatiewe styging met 1940 as basis
1940	2,775	1	631	1
1945	3,762	1.4	1,268	2.0
1950	5,752	2.1	2,730	4.3
1951	5,929	2.2	2,930	4.6
1952	6,639	2.4	3,345	5.3
1953	7,667	2.8	3,749	5.9
1954	7,970	2.9	4,226	6.7
1955	8,351	3.0	4,273	6.8
1956	8,241	3.0	4,684	7.4
1957	8,436	3.0	4,972	7.9
1958	8,599	3.1	5,218	8.3

nog baie ongunstig. Deurgaans word daar nog in die geheel aansienlik minder aan Kleurlingonderwys spandeer as aan blankes. Die totale uitgawe aan blankes teenoor dié aan Kleurlinge was in 1940 naastenby 4.4 : 1 en in 1958 1.6 : 1; maar ondertussen het die aantal Kleurlingleerlinge in die onderhawige tydperk byna verdubbel van 127,911 in 1940 tot 239,022 in 1958, terwyl die blankes slegs van 157,203 in 1940 tot 192,639 in 1958 vermeerder het. ¹⁾ Weliswaar het die onderwysuitgawe ten opsigte van Kleurlingkinders per capita van £6 in 1940 tot £22 in 1958 gestyg; maar hoe ongunstig die vergelyking is, blyk eers as in aanmerking geneem word dat die per capita uitgawe vir blankes in 1958 nie minder nie as £45 is. En dit is duidelik dat vir £45 veel meer uitgerig kan word as vir £22, veral op gebied van die onderwys.

(c) Akkommodasie.

Die verskaffing van toereikende skoolakkommodasie is uiteraard 'n duur onderneming, en waar daar finansiële tekorte ervaar word, spreek dit vanself dat die skoolgeboue daaronder sal ly. Die Kleurlingonderwys het veral in hierdie opsig swaar gely. en in weerwil van groot en moedige ondernemings is die oplossing van die vraagstuk nog nie naastenby in sig nie. In 1956 nog moes die Botha-kommissie rapporteer, „Stellig is dit die ernstigste/.....

1) S.G.O. Jaarverslae: 1941-45, pp. 117 et seqq. en 1958, pp. 52 et seqq.



GRAFIEK 27: VERGELYKENDE STYGING VAN ONDERWYSUITGAWES
AAN BLANKES EN KLEURLINGE TUSSEN 1940 EN 1958 BEREKEN
MET 1940 AS BASIS.

ernstigste probleem op die gebied van die Kleurlingonderwys." 1)

(i) Verskaffing.

Die voorsiening van skoolakkommodasie het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis. 2) Waar die sendingliggame die opvoeding en onderwys van die Kleurlinge op hulle rekening geneem het, het

„die las van die verskaffing van skoolgeboue ... in 'n groot mate op die kerke geval, en aangesien die middele van die sendingkerke wat deur die arm Kleurlinge wat hulle bedien verskaf word, baie beperk is, kan daar goed begryp word dat daar van baie uiters ongeskikte geboue as skole gebruik gemaak moes word." 3)

Net soos in die geval van die onderwyser se salaris, kan dit nouliks op die lang duur van die kerk verwag word om hierdie dienste te lewer. Trouens dit is vir die kerk onder normale omstandighede finansiël nie moontlik om hierdie dienste op 'n bevredigende skaal te lewer nie, met die gevolg dat die staat ook hier moes ingryp en sedert 1 April 1918 is huurtoelaes ten opsigte van goedgekeurde skoolgeboue aan erkende kerkgenootskappe betaal. 4)

Aanvanklik moes ook die skoolrade wat sedert 1910 onsektariese skole tot stand gebring het, self sorg vir die oprigting van die nodige akkommodasie. 5)

Weens die beperkte geldelike bronne van hierdie liggame, weens die geweldige uitbreiding van die Kleurlingonderwys en weens die geweldige styging van boukoste, was die Departement genoodsaak om steeds gunstiger en gunstiger voorwaardes aan te bied, sonder dat die eintlike vraagstuk nader aan 'n oplossing gekom het. Inderwaarheid het hieruit 'n vertroebelde, onsekere toedrag van sake ontspruit en reeds in 1937 moes die Wilcocks-kommissie oor die verskaffing van die nodige skoolgeboue berig:

„Soos die posisie vandag is, beskou nóg die kerk nóg die Provinsiale owerhede dit as hulle besondere verantwoordelikheid, met die gevolg dat toereikende voorsiening nie vir die groot toename van leerlinge elke jaar gemaak word nie." 6)

So 'n toestand kon nie op die lang duur voortbestaan nie. Dit het vir die Wilcocks-kommissie

„duidelik/.....

1) Onderwysverslag, 1953-56, par. 3(c), p. 31;

Vgl. ook U.G. 65/1948, par. 1941, p. 264.

2) Marais, N.J.: Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910, p. 75.

3) U.G. 65/1948, par. 1941, p. 264.

4) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 12, p. 22.

5) Marais, N.J.: op. cit., p. 75.

6) U.G. No. 54, 1937, par. 865, p. 180.

"duidelik geword dat ... die kerke ... die perke van hulle kragte bereik het. Na die mening van die Kommissie het die tyd aangebreek dat alle uitbreiding van skoolfasiliteite vir Kleurlinge in die vorm van onsektariese openbare skole voorsien moet word." 1)

Die oorlog het tussenbei gekom, die agterstand het al hoe groter, en die finansiële implikasies al hoe hagliker geword, dermate dat die Komitee insake Finansiële Hulpbronne van die Provinsies dit saak moes ondersoek. 2) Met hierdie ondersoek is destyds vasgestel dat byna 70% van die plaasruimte vervang sou moet word sodat die totale behoefte in 1944 op akkommodasie vir ongeveer 130,000 kinders neergekom het. 3)

Die omvang en dringende aard van hierdie behoeftes het dit duidelik gemaak dat staatsoptrede nie langer kon uitbly nie. Die tyd om direk en kragdadig in te gryp was meer as ryp en reeds in 1945 is in wetgewing vasgelê,

"Die Provinsiale Raad wend vir 'n tydperk van tien jaar uit leningsfondse 'n som van minstens £100,000 elke jaar aan vir die aanskaffing van terrein en geboue en vir die bou of verbetering van geboue vir onsektariese openbare skole vir Kleurlingleerlinge." 4)

Hierdie voorsiening het 'n geweldige bouprogram aan die gang gesit wat feitlik uit die staanspoor die £100,000-minimum heeltemal verdwerg het: Reeds in 1946/47 is £248,422, en in die jaar daarop is £351,407 aan geboue vir Kleurlingskole spandeer. 5)

Selfs hierdie fenomenale bou-aktiwiteite kon nie naastenby tred hou met die groeiende behoeftes van die Kleurlingonderwys nie, en in 1948 nog merk die De Villiers-kommissie op,

"Hoewel die stap wat deur die Provinsiale Raad gedoen is, 'n merkwaardige stap is om die Kleurlingbevolking aan te help, is dit duidelik dat dit maar net beskou kan word as 'n paalement in die verskaffing van skoolgeboue. Een manier om dit te doen sal, na ons mening, wees dat die Provinsiale Administrasie, waar dit nodig is, lenings aan kerkowerhede beskikbaar moet stel om hulle te help met die oprigting van nuwe geboue ..." 6)

Alhoewel hierdie aanbeveling enigsins die spoor gevolg het van 'n praktyk wat in die Oranje-Vrystaat vir die Naturelle-onderwys heilryke vrugte gedra het, 7) het die Botha-kommissie dit nie gesteun/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 862, p. 180.

2) U.G. No. 9, 1944.

3) U.G. 65/1948, par. 1941, p. 264.

4) Ord. No. 11 van 1945, par. 3.

5) S.G.O.-verslag, 1947, p. 24.

6) U.G. 65/1948, par. 1965, p. 267.

7) Bester, F.A.: Naturelle- en Kleurlingonderwys in die O.V.S., 'n Krities-historiese Studie, p. 231.

gesteun nie, en aanbeveel dat die staat inteendeel daartoe oorgaan om die kerkskole op te koop. ¹⁾

In weerwil van hierdie geweldige aktiwiteite en uitgawes in verband met die voorsiening van skoolakkommodasie wat oor baie jare volgehou is, is die probleem tot hiertoe nouliks nader aan 'n oplossing gebring. Dieselfde toestande van meer as twintig jaar gelede duur nog onverpoosd voort. Gedagtig aan die 40,000 tot 80,000 Kleurlingkinders van skoolgaande leeftyd wat nie op skool is nie, is daar voorasnog geen teken dat die staat binnekort by magte sal wees om die marathon-wedloop teen die groeiende behoeftes van die Kleurlingonderwys te wen nie:

„Bowendien is daar die normale jaarlikse toename van ongeveer 5,000 leerlinge, en die geboue wat nodig is om verligting by oorvol skole te bring en om die groot aantal, wat reeds as ongeskik vir skooldoeleindes afgekeur is, te vervang." ²⁾

(ii) Gehalte.

Daar bestaan geen twyfel dat 'n aansienlike gedeelte van die Kleurlingskoolbevolking wat die gehalte van die beskikbare akkommodasie betref, bevredigend gehuisves is nie. Reeds in 1937 was die Wilcocks-kommissie oortuig

„dat skole vir Kleurlingleerlinge wat deur die Provinsiale owerhede gebou is, asook dié wat deur die sendingkerke onder Provinsiale toesig gebou is, heeltemal bevredigend is ... " ³⁾

Met die toename van die staatsbouprogram sedert 1945 het die gehalte van die geboue wat opgerig is, eerder verbeter as iets anders, en daar is deur vooraanstaande onderwysmanne in 1956 gewonder of dit nie selfs te luuks is nie:

„Die Kommissie het verskeie skoolgeboue besigtig wat onlangs deur die provinsiale owerheid opgerig is en ander wat nog in aanbou is. Hy is getref deur die doelmatigheid van hierdie geboue, maar ook deur die hoë koste daarvan. Aangesien daar so 'n enorme tekort aan skoolgeboue is en gevolglik sulke groot kapitaaluitgawes vir die doel gemaak moet word, ontstaan die vraag of dit nie moontlik is om tipes geboue te ontwerp wat net so duursaam en doelmatig is maar nie so duur nie. Daar kan miskien nog ander weë wees waarlangs besparing op die koste van geboue teweeggebring kan word. Die Kommissie meen dat dit 'n aan geleentheid is wat met vrug ondersoek kan word." ⁴⁾

Teenoor die buitensporige luukse aan die een kant, is daar ook/.....

1) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 27, p. 25.
2) U.G. 65/1948, par. 1964, p. 267.
3) U.G. No. 54, 1937, par. 865, p. 180.
4) Onderwysverslag, 1953-56, par. (c), p. 31.

ook die keersy van die prentjie wat, soos gesien is, veral te doen het met sodanige akkommodasie by kerkskole wat uit 'n vroeë tyd dateer. Hier gaan dit om geboue wat nie onder toesig van die Departement opgerig is nie, of wat nie vir die doel van die onderwys opgerig is nie, soos kerke, sale en selfs ander gehuurde lokale. Baie hiervan was volgens die Kommissie van 1937 wat die skoolakkommodasie op verskeie plekke ter plaatse ondersoek het, „heeltemal ongeskik vir skooldoeneindes en behoort ... jare gelede reeds deur die owerhede afgekeur te gewees het" en die graad van die misstande vorm stof tot verwyt: „Dit moet nie toegelaat word dat hierdie toestand van sake voortduur nie." ¹⁾

(iii) Oorbevolking.

Die ontoereikende gehalte van die akkommodasie word uitermate vererger deur onhoudbare toestande van oorbevolking wat op groot skaal voorkom. Hierdie vraagstuk is deur die Botha-kommissie ondersoek en Tabel 83 dui die bevindings aan.²⁾ Hieruit blyk dat slegs in 26% van die skole geen oorbevolking bestaan nie, wat beteken dat in slegs een-kwart van alle Kleurlingskole daar onder normale omstandighede onderwys gegee kan word. Indien aangeneem word dat oorbevolking tot 'n mate van 9% nog uit 'n onderwysoogpunt toelaatbaar sou wees,

„is daar nog 42% van die skole in die Provinsie wat so oorbevolk is dat die onderwysers met die beste wil in die wêreld nie doeltreffende werk kan doen nie. In die skole waar die oorbevolking 30% en meer is, moet die toestand as haglik beskrywe word. Agt persent van die skole val in hierdie kategorie." ³⁾

Dit spreek vanself dat hierdie omstandighede gewoonlik op hul ergste heers in die laagste standerds van die primêre skool,⁴⁾ en juis dáár waar die gehalte van die akkommodasie reeds veel te wense oorlaat, maar dieselfde onwenslike toestande doen hulle ook voor in skoolgeboue wat andersins heeltemal bevredigend is: „Dit was niks buitengewoons om vyf-en-sewentig of meer leerlinge in 'n klaskamer te vind wat vir ongeveer 50 leerlinge gebou is nie." ⁵⁾ In 1956 was die bevinding van die Botha-kommissie ⁶⁾ dat daar in die primêre skole 'n totale tekort van ongeveer 600 klaskamers bestaan het.

(iv)/.....

-
- 1) U.G. No. 54, 1937, par. 865, p. 181.
2) Onderwysverslag, 1953-1956, p. 30.
3) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 3(a), pp. 29 en 30.
4) Onderwysverslag, 1953-1956, ibid.
5) U.G. No. 54, 1937, par. 865, p. 180.
6) Par. b., p. 31.

TABEL 83: OORBEVOLKING VAN KLASKAMERS IN KLEURLINGSKOLE.

PERSENTASIE OORTALLIGE LEERLINGE IN KLASKAMERRUIMTE.	PERSENTASIE SKOLE
Geen	26
0 tot 4	15
5 tot 9	17
10 tot 14	11
15 tot 19	10
20 tot 29	13
30 tot 39	6
40 tot 59	2
60 plus	Geen

(iv) Grootte van Klasse.

Die oorbevolkte klaskamers bring mee dat die klasse wat die onderwysers moet behartig, te groot is:

„Verder beteken dit dat 'n skool met so 'n persentasie oortallige leerlinge in alle waarskynlikheid met 'n personeeltekort sit; want die oorbevolking kan te wyte wees aan 'n tekort aan klaskamers, wat op sy beurt die aanstelling van die volle getal onderwysers waarop die skool volgens departementele regulasies geregtig is, belet." 1)

Waar dit gaan oor die grootte van klasse, is dit insiggewend om die toestand by die blankes en Kleurlinge op 'n vergelykende basis in oënskou te neem. Om dít te doen, is Tabel 84 saamgestel uit S.G.O.-verslae van die jare 1949 tot 1958. Daaruit blyk dat alhoewel die Kleurlingkinders die blankes in getal oortref, daar minder onderwysers is wat hierdie groter hoeveelheid kinders moet onderrig. Dit beteken dat die klasse aan Kleurlingskole veel groter moet wees as dié aan skole vir blankes. Alhoewel dit geen juiste weergawe van die werklike toestand is nie omdat daarin geen voorsiening vir hoofde en ander personeelvoorsieningsvoorwaardes gemaak word nie, is die gemiddelde aantal kinders per onderwyser bereken. In 1949 nog was daar in die geheel gesien byna 13 kinders per onderwyser meer by die Kleurlinge as by die blankes. Weliswaar verbeter die verhouding allengs, maar in 1958 is daar nog steeds 'n nadelige verskil van meer as 10 kinders per onderwyser. 2)

Ten opsigte van Tabel 84 dien dit ook opgemerk te word dat, terwyl die aantal skole by die blankes besig is om te verminder, die/.....

1) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 3(a), p. 30.
2) Vid. par. 5(b), p. 569.

TABEL 84: VERGELYKING VAN DIE AANTAL ONDERWYSERS, KINDERS EN SKOLE ONDER BLANKES EN KLEURLINGE TUSSEN DIE JARE 1949-1958.

JAAR	BLANKES.							KLEURLINGE.						
	Onderwysers.				Kinders.		Skole	Onderwysers.				Kinders.		Skole
	Man-lik.	Vrou-lik.	Totaal	% Mans	Totaal	Gemid. per onderwyser.		Man-lik.	Vrou-lik.	Totaal	% Mans.	Totaal.	Gemid. per onderwyser.	
1949			7,171	43.4	162,760	22.7	1,313			5,037	61.7	178,361	35.4	1,124
1950	3,152	4,157	7,309	43.1	166,931	22.8	1,276	3,274	1,998	5,272	62.1	184,175	34.9	1,143
1951	3,175	4,224	7,399	42.9	170,135	23.0	1,254	3,405	2,084	5,489	62.1	189,226	34.5	1,161
1952	3,204	4,344	7,548	42.4	174,186	23.1	1,225	3,514	2,207	5,721	61.4	194,991	34.1	1,191
1953	3,296	4,466	7,762	42.5	178,107	22.9	1,213	3,656	2,313	5,969	61.2	200,348	33.6	1,217
1954	3,381	4,546	7,927	42.7	182,452	23.0	1,199	3,777	2,437	6,214	60.8	208,775	33.6	1,244
1955	3,455	4,710	8,165	42.3	185,757	22.8	1,190	3,910	2,540	6,450	60.6	215,923	33.5	1,262
1956	3,472	4,864	8,336	41.7	187,898	22.5	1,178	4,023	2,682	6,705	60.0	222,766	33.1	1,291
1957	3,553	4,976	8,529	41.7	190,291	22.3	1,163	4,156	2,828	6,984	59.5	231,163	33.1	1,327
1958	3,573	5,097	8,670	41.2	192,639	22.2	1,153	4,320	2,982	7,302	59.2	239,022	32.7	1,366

die omgekeerde proses by die Kleurlinge aan die gang is. Vir eersgenoemde beteken dit sentralisasie met al die opvoedkundige voordele wat daarmee gepaard gaan. Vir laasgenoemde beteken dit hoogstens dat die eerste fase van die pedagogiese ontwikkeling nog aan die gang is, tewete die uitbreiding van opvoedkundige fasiliteite, die opmars van die skool na die kind. Met meer skole en minder onderwysers beteken dit dat daar meer hoofde nodig is, meer administratiewe werk gedoen moet word, meer klaskamerkragte verlore gaan en dat die werklike onderwysende personeel gevolglik met groter klasse te kampe het.

Die Botha-kommissie het ook op die grootte van klasse in Kleurlingskole ingegaan en die ondersoek het interessante gegewens aan die lig gebring wat in Tabel 85 weergegee, ¹⁾ en in Grafiek 28 grafies voorgestel word. Hieruit blyk dat daar in stedelike en plattelandse skole 2.5% en 13.2% van die klasse respektiewelik is met minder as 20 leerlinge per klas. Alhoewel daar soms ander oorsake voor gevind mag word, soos 'n klaskamer wat te klein is om meer leerlinge te akkommodeer, moet dit egter meesal

„toegeskrywe word aan swak organisasie. Skoolhoofde is dikwels geneig om die werk so in te deel dat die onderwysers van die hoër standers vir min leerlinge verantwoordelik is, met die gevolg dat die onderwysers van die laer standers met oorvolle klasse belas word.” ²⁾

Hierdie tabel bring ook verder aan die lig dat daar in stedelike en plattelandse skole respektiewelik 51.3% en 32.4% klasse is met 40 en meer leerlinge per onderwyser, en verder 3.5% en 4.2% klasse met selfs 60 en meer leerlinge per onderwyser. Hierdie buitensporige groot klasse kan in enkele gevalle bloot aan swak organisasie toe te skrywe wees, of selfs aan die doelbewuste luiheid van die hoof wat die werk so organiseer dat hy „nagenoeg geen onderwys gee nie”, maar in verreweg die meeste gevalle gaan dit hier om oorbevolking omdat akkommodasie ontbreek, en die skool gevolglik onderbeman is. Bereken is dat daar in 1954 in werklikheid 'n tekort van 600 onderwysers in primêre Kleurlingskole was, en dit omdat daar nie klaskamers beskikbaar was nie. ³⁾

Oor die uitwerking wat hierdie groot klasse op die onderwyspraktik het, moet die Kommissie weer aan die woord gestel word: ⁴⁾

„Gewoonlik word ongeveer 35 leerlinge per onderwyser

as/.....

-
- 1) Onderwysverslag, 1953-1956, par. (b), p. 30.
 - 2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. (b), p. 30.
 - 3) Onderwysverslag, 1953-1956, par. (b), p. 30.
 - 4) Ibid.

TABEL 85: GROOTTE VAN KLASSE IN KLEURLINGSKOLE.

AANTAL LEERLINGE PER KLAS.	PERSENTASIE KLASSE.	
	Stedelike Skole	Plattelandse Skole.
Minder as 15	.8	5.4
15 tot 19	1.7	7.8
20 tot 24	4.7	12.0
25 tot 29	9.5	14.0
30 tot 34	15.0	15.5
35 tot 39	17.0	12.9
40 tot 44	20.3	11.9
45 tot 49	15.4	7.5
50 tot 54	8.1	6.0
55 tot 59	4.0	2.8
60 tot 64	2.1	1.8
65 tot 69	.9	1.0
70 en meer.	.5	1.4

„as normaal beskou. Die toestande wat die bogenoemde gegewens openbaar, moet gevolglik as 'n ernstige bedreiging vir die doeltreffendheid van die onderwys beskou word. In die meeste gevalle word die groot klasse in die substanderds aangetref, waar die nadelige uitwerking op die onderwys van die leerlinge op sy ergste is, omdat juis hierdie leerlinge soveel individuele aandag van die onderwyser nodig het. Geen wonder dus dat skoolinspekteurs dikwels in hul verslae moet kla dat leerlinge te veel tyd in die substanderds deurbring.”

(d) Uitrusting.

Verdere ondersoek van die Onderwyskommissie van 1953-1956 het ten opsigte van uitrusting in Kleurlingskole die volgende misstande blootgelê: ¹⁾

(i) Lessenaars:

In 34% van alle Kleurlingskole is daar 'n tekort aan lessenaars, en „dit spreek vanself dat die doeltreffendheid van die onderwys daaronder moet ly as die leerlinge nie behoorlike sit- en skryfplekke het nie.” ²⁾


(ii) Handboeke.

Daar bestaan fasiliteite waarvolgens skoolrade en bestuurders van sendingskole behoeftige leerlinge tegevoet kan kom met die aanskaf van die nodige handboeke. In die departementele skole kry die behoeftige leerlinge hul boeke gratis, terwyl skoolbehoefte aan sendingskole teen halfprys verskaf word/.....

1) Op. cit., parr. (d) tot (g), pp. 31-33.

2) Ibid., p. 31.

GRAFIK 28: GROOTTE VAN KLASSE IN KLEURLINGSKOLE.



word. Die bestuurder moet verder sy eie diskresie gebruik met die verskaffing van bystand aan die armlastiges. Die opname het aan die lig gebring dat 'n maand nadat die boeke aan sending-skole ontvang was, daar in 11% van die skole nog meer as een-vyfde van die leerlinge sonder die belangrikste boeke, soos dié vir lees en rekenkunde, was, en dan volg dit: „Feit bly dat die leerlinge nie behoorlike vordering kan maak as hulle nie die nodigste boeke het nie.” ¹⁾

(iii) Biblioteekboeke.

Hierdie aangeleentheid is ondersoek en daar is bevind dat in 55% van die primêre skole en in tussen 7% en 10% van die sekondêre en hoërskole hoegenaamd geen biblioteekboeke beskikbaar was nie: „Hierdie toestand is voorwaar treurig en behoort verhelp te word.” ²⁾

Alhoewel daar 'n aansienlike aantal skole is waar die beskikbare onderwysfasiliteite bevredigend is, lê die bostaande analise 'n bedenklike patroon van die toestand in sy geheel bloot.

4. Opvoedbaarheid van die Kleurlingkind.

Noudat vasgestel is dat die beskikbare onderwysfasiliteite vir die Kleurlingkind oor die algemeen nog veel te wense oorlaat, is dit ook nodig om te vra hoe opvoedbaar daardie Kleurlingkind is, en tot welke mate hy in staat is om baat te vind by die onderwys wat aan hom gegee word. Hierdie vraag kan alleen doeltreffend beantwoord word deur kennis te neem van die resultate van vergelykende toetse in sielkundige en opvoedkundige meting.

Om „opvoedbaarheid” te meet, moet daar uit die aard van die saak 'n maatstaf wees waaraan gemeet kan word. Hierdie maatstaf, of norm, vir vergelykingsdoeleindes word gewoonlik gevind óf deur die bekende metode van standaardisasie, soos die geval is by die verskillende intelligensietoetse, óf deur die toediening van dieselfde toetse aan 'n ander groep toetslinge wat eintlik dan as kontrolegroep funksioneer en met wie se prestasies dié van die proefpersone vergelyk word, soos die geval weer is by verskeie skolastiese, leer- en vaardigheidstoetse. In die praktyk kom dit altyd daarop neer dat die toetsprestasies van die Kleurlingkind vergelyk word met dié van die blanke kind.

(a)/.....

1) Ibid., p. 32.

2) Ibid., p. 34.

(a) I.K.-toetsprestasies van die Gedragsafwykende Kleurlingkind.

Met die monsteronderzoek van 500 leerlinge aan die Nywerheidskool, Ottery, is 'n poging aangewend om vas te stel wat die opvoedbaarheid van hierdie kinders was. Dit is gedoen met behulp van drie bekende verstandmetingstegnieke wat in die sielkundige kliniek van hierdie skool gewoonlik gebruik word, tewete die ou Suid-Afrikaanse Groepverstandstoets vir alle leerlinge in std. IV en hoër, en die Trist-Misselbrook verwerking van Kohs se Blokkietoets vir leerlinge in std. III en laer. In enkele hoogs uitsonderlike gevalle waar die intelligensie-gehalte so laag was dat Kohs se Blokkietoets nie 'n lesing kon registreer nie, is daar teruggeval op die „draw-a-man“-toets van Goodenough.

'n Verklaring is nodig oor die gebruik van die ou Suid-Afrikaanse Groepverstandstoets in plaas van die nuwe: Dit het kort ná die verskyning van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets by die kliniese gebruik daarvan geblyk dat die Kleurlingkind aan die Kinderwet-inrigting met hierdie toets 'n belaglik-lae I.K. registreer, sodat spesiale verlof gevra moes word om met die ou groeptoets aan te hou. Hierdie bevinding is merkwaardig gestaaf deur die veldwerkers van die Departement Sielkunde van die Universiteit Stellenbosch wat 'n monster van 278 leerlinge van die Nywerheidskool Ottery, versprei in stds. IV tot VIII, getoets het. In die nuwe toets het die leerlinge ietwat beter gevaar met die non-verbale as met die verbale gedeelte, maar deurgaans was die verskil in vergelyking met die ou S.A.G.T. geweldig hoog. By die totale lesing van die nuwe S.A.G.T. toets hierdie leerlinge in die verskillende standers I.K.'s wat gemiddeld van 14 tot 20 laer is as met die ou S.A.G.T.¹⁾ Gevolglik is die lesings van laasgenoemde toets vir doeleindes van hierdie ondersoek gebruik.

Die monsteronderzoek het resultate opgelewer soos vervat in Tabel 86 waar die I.K.-distribusie van die 500 leerlinge in intervalle van 5 aangedui word. Die aantalle is ook persentueel bereken en grafies voorgestel in Grafiek 29. Hieruit blyk duidelik hoedanig die verstandelike vertraging by hierdie leerlinge is: In terme van 'n klassifikasie-skema volgens erkende outoriteite²⁾ toets 2.6% imbesiel en 16.4% moron, 20.8% grens aan agterlik/.....

1) N.O.-rekords: L.108/18/14.

2) Coetzee, J. Chr.: Eksperimentele Opvoedkundige Studies, p.70; Stagner, Ross and Karwoski, T.F.: Psychology, p. 444; Stephens, J.M.: Educational Psychology, pp. 122-125.

TABEL 86: I.K.-DISTRIBUSIE VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGLEERLING

KLASSIFIKASIE		I.K.-INTERVAL	AANTAL	%	KUMULA-TIEWE %	% IN KLAS.
Swaksinnig	Imbesiel {	45 - 49	13	2.6	2.6	2.6
	Moron {	50 - 54	7	1.4	4.0	16.4
		55 - 59	7	1.4	5.4	
		60 - 64	29	5.8	11.2	
		65 - 69	39	7.8	19.0	
Agterlike grens {		70 - 74	43	8.6	27.6	20.8
		75 - 79	61	12.2	39.8	
„Dull" of dom. {		80 - 84	68	13.6	53.4	26.6
		85 - 89	65	13.0	66.4	
Normaal of gemiddeld {		90 - 94	68	13.6	80.0	31.8
		95 - 99	42	8.4	88.4	
		100 - 104	32	6.4	94.8	
		105 - 109	17	3.4	98.2	
Hoog gemiddeld. {		110 - 114	6	1.2	99.4	1.4
		115 - 119	1	.2	99.6	
Superieur. {		120 - 124	1	.2	99.8	.4
		125 - 129	1	.2	100	
		TOTAAL	500	100		100

agterlik, terwyl 'n verdere 26.6% „dull" of dom genoem kan word. Bokant die gemiddelde of normale groep waarin 31.8% van hierdie leerlinge hulle bevind, is daar slegs 'n skrale 1.8% van die monster. Bereken volgens die formule

$$\text{Mdn.} = l + \left\{ \frac{\frac{n}{2} - \sum f_b}{f_w} \right\}_i$$

soos voorgeskryf deur Allen L. Edwards ¹⁾ is die mediaan-I.K. 83.25, terwyl die gemiddelde volgens formule


$$\bar{X} = \frac{\sum fx}{n}$$

weer 82.52 is, wat beteken dat beide mediaan en gemiddelde 'n plek op die skaal inneem wat as „baie dom" beskrywe kan word.

(b) Besware teen Vergelykende Toetse.

Hierdie resultate skilder 'n bedenklike beeld van die verstandsvermoë van die gedragsmoeilike Kleurlingkind. Maar daar sal ongetwyfeld diegene wees wat ernstige beswaar maak teen die/.....

1) Statistical Analysis, p. 44.



GRAFIEK 29: I.K.-DISTRIBUSIE VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGLEERLINGE.

die toelaatbaarheid van hierdie vergelykende tegniek, en dit is nodig om in te gaan op die aard van hierdie besware.

Om enige vergelykende toets ten opsigte van 'n bepaalde eienskap betroubaar te maak, moet die toets só ingerig word dat daardie besondere eienskap vir toetsing geïsoleer word. Dit beteken dat alle ander faktore wat moontlik die resultaat mag beïnvloed, óf uitgeskakel, óf gelykgestel moet word. Soiets is reeds netelig genoeg waar die proefpersone gelyksoortig, of homogeen, is; maar dit word 'n baie ingewikkelde vraagstuk as die proefpersone ongelyksoortig, of heterogeen, is. So is daar in hierdie land begryplik 'n stygende graad van ingewikkeldheid by die vergelyking van byvoorbeeld die stadskind met die plaaskind, die Afrikaanssprekende met die Engelssprekende, die blanke met die Bantoe.

By vergelykende proefnemings is daar van tyd tot tyd op verskillende wyse gepoog om die invloed van variërende faktore te elimineer, en van tyd tot tyd is daar tot mindere of meerdere mate aanspraak gemaak op sukses met sodanige eliminasies; maar van tyd tot tyd is daar steeds weer diegene wat ernstige besware, skynbaar met mindere of meerdere mate van regmatigheid, herhaal.¹⁾ Daar is 'n opvallende, inderdaad amusante, maar tog ook begryp-like anomalie by beide hierdie teenoorgestelde groepe: Diegene vir wie die verskille klein genoeg is om 'n gemeenskaplike grondslag vir toetsvergelykings te vind, is gewoonlik hulle vir wie die verskille só beduidend is dat hulle dit wil handhaaf — die segregasioniste; maar diegene vir wie die verskille só groot is dat hulle geen gemeenskaplike grondslag vir vergelyking vind nie, is juis hulle vir wie die verskille onbeduidend genoeg is om te nivelleer — die integrasioniste.²⁾ Wat Fick in dié verband te sê het oor 'n vergelyking tussen die blanke en die Bantoe, kan tot 'n mate ook ewe goed ten opsigte van 'n vergelyking tussen die blanke en die Kleurling gekonstateer word:

„The general lack of objective and experimental data ... accounts for the existence of extreme views in South Africa on this topic. On the one hand an aggressive philanthropy which brooks no racial difference ... is found. Contrasted with this attitude one finds an apathy which assumes such a marked racial inferiority that all educational efforts ... are

deemed/.....

1) Vgl. Fick, M.L.: The Educability of the S.A. Native, p. 32 et seqq;

Biesheuvel, S.: African Intelligence, p. 196 et seqq.

2) Vgl. R.F.A. Hoernle en M.L. Fick in Malherbe, E.G.: Educational Adaptations in a Changing Society, pp. 445 et seqq. en pp. 448 et seqq., respektiewelik.

„deemed entirely futile ...” 1)

Die argumente wat Biesheuvel teen vergelykende proefnemings aanvoer, lei tot slegs één, ondubbelsinnige gevolgtrekking:

„That under present circumstances, and by means of the usual techniques, the difference between the intellectual capacity of Africans and Europeans cannot be scientifically determined.” 2)

Na analogie van hierdie en ander argumente 3) sou daar ook 'n sterk saak uitgemaak kan word om die resultate van vergelykende toetse by blankes en Kleurlinge onder verdenking te bring. Die argumente waarvan kennis geneem, en wat in perspektief gestel moet word, is die volgende:

(1) Toetse en Toetsing.

Alle toetse wat tot hiertoe gebruik is, is opgestel uit blankes (se kultuurvoorrade), deur blankes, vir blankes, en insoverre hulle gestandaardiseer is, het dit uitsluitlik ten opsigte van blankes geskied. As daar enige rasseverskille sou bestaan, plaas hierdie feite die Kleurlingkind in 'n nadelige posisie. Van belang is ook die feit dat verreweg die meeste toetse deur blankes afgeneem word, en waar die blanke in die klaskamer 'n vreemdeling is en die verhouding tussen proefnemer en proefpersoon 'n emosionele lading dra — wat by die kind kan wissel van vrees en senuweeagtigheid aan die een kant tot by doelbewuste onverskilligheid en antagonisme aan die ander kant — word die prestasievermoë van die leerling aangeskas. Ook die vraagstuk van motivering kom hier ter sprake, en dit kan eweseer die prestasievermoë nadelig beïnvloed.⁴⁾

Hierteenoor is dit nodig om te onthou dat daar ten opsigte van taal, kultuur, beskawing en leefwyse geen wesensverskil tussen die Kleurling en die blanke bestaan nie. Niemand betwyfel dat die verwesteringsproses 'n finale en onherroepelike gebeurtenis by die Kleurlinge is nie. Daar is slegs 'n graduele verskil, en geen aktuele verskil in beskawing meer nie. In dié sin is die toetse met die nodige konsessies nie onregverdig nie. Geargumenteer kan word dat die toestand wat bestaan, grootliks die gevolg eerder as die oorsaak van die verskille mag wees wat deur die toetsing blootgelê word. Ervaring leer ook dat, ten spyte van vrees of antagonisme hier en daar, die Kleurlingkind oor die/.....

1) Fick, M.L.: The Educability of the S.A. Native, p. 1.
2) Biesheuvel, S.: African Intelligence, p. 191.
3) Bester, F.A.: op. cit., p. 321.
4) Vid. par. 4(b)(iii), p.551.

die algemeen groot respek het vir die blanke besoeker aan, of onderwyser in sy klaskamer, en dat daar gewoonlik 'n sterk begeerte bestaan om aan dié se versoeke te voldoen.

(ii) Sosio-ekonomiese Faktore.

Die diepgaande verskille tussen blankes en Kleurlinge se sosio-ekonomiese agtergrond maak die seleksie van monsters vir vergelykende doeleindes 'n baie ingewikkelde saak. Geesverwante van dr. Biesheuvel ¹⁾ sal met graagte ten opsigte van die Kleurling die argument aanvoer wat hy ten opsigte van die Bantoe gebruik: „One cannot environmentally equate an African group with a European group without selecting unrepresentative samples”, en daar sal krag in die argument steek, want ondersoek het aan die lig gebring dat die sosio-ekonomiese omstandighede van die Kleurling só 'n geweldige agterstand en oënskynlike kontras met die blankes registreer, ²⁾ dat vergelyking nouliks moontlik is. Verdere ondersoek onder die Kleurlinge alleen, het getoon dat prestasie in intelligensietoetse beslis korreleer met sosio-ekonomiese faktore soos gesinstipe, huishoudelike inkomste, opvoedkundige en beroepstatus van die gesins-
hoof, werkende moeders, behuising, rondtrekkery, broers en susters tuis wat óf verdien, óf leegglê, en afstand van, asook vervoer na die skool. ³⁾

Op grond van hierdie feite wat proefondervindelik vasgestel is, moet erken word dat sosio-ekonomiese faktore 'n uitwerking sal hê, maar of dit voldoende is om die resultate van vergelykende toetsing heeltemal waardeloos te maak, is geen uitgemaakte saak nie. Die waarheid is ook dat die leefwyse van Kleurlinge veral in die stede geweldige vooruitgang gemaak het, en dat by die seleksie van die monsters daar groot toegewings geskied, en ook hier ontstaan die vraag of 'n groot deel van die sosio-ekonomiese agterlikheid onder Kleurlinge nie eerder die gevolg as die oorsaak van die toetsverskille is nie.

(iii) Opvoeding en Onderwys.

Deur opvoeding en onderwys verwerf die mens onder andere vaardighede en kennis. Die geredelikheid waarmee die mens hierdie vaardighede en kennis verwerf, hang grootliks af van die mate van intelligensie waaroor hy beskik, dit wil sê daardie aangebore vermoë „om te leer”, „om effektief op/.....

1) Op. cit., p. 191.

2) Vgl. Hf. VI, p. 247.

3) Theron, P.A.: Skoolvertraging en sekere Sielkundige Faktore, p. 13, uit Onderwysverslag 1953-1956.

op te tree onder gegewe omstandighede", „om abstrak te dink", ¹⁾ of, in terme van die klaskamer „om skoolkennis baas te raak." ²⁾ En hieruit is dit duidelik dat kennis en intelligensie nie dieselfde ding is nie. Terwyl kennis verwerf moet word, is intelligensie in sy eenvoudigste vorm 'n kongenitale potensiaal wat die verwerwing van die kennis en vaardighede moontlik maak. En die toetse wat ontwerp is om intelligensie te meet, maak dit moontlik om met 'n hoë mate van betroubaarheid die skrandere van die domme te onderskei, om moontlike skoolvordering te voorspel, om met ander woorde „opvoedbaarheid" te bepaal. ³⁾

Al is kennis en intelligensie nie dieselfde ding nie, is dit onmoontlik om dié twee in bestaande toetstegnieke ten volle te skei:

„Intelligensietoetse ... is nie suiwer toetse van aangebore intelligensie nie. Toetsresultate word ongetwyfeld deur omgewingsfaktore beïnvloed. 'n Kind se prestasie in verband met die toetse word deur die duur en gehalte van skoolopleiding beïnvloed en 'n swak skoolonderwys beïnvloed 'n kind se prestasie ongetwyfeld nadelig. Die toetse is 'n maatstaf van die vermoë om 'n aantal intellektuele aktiwiteite uit te voer en hierdie vermoë word sowel deur aangebore intelligensie bepaal as deur die mate waarin die ontwikkeling daarvan deur omgewingsfaktore beïnvloed is." ⁴⁾

As gevolg van die inferieure gehalte van die skoolfasiliteite sowel as die skoolonderrig wat hom onder bestaande omstandighede toeval, ⁵⁾ word die Kleurlingkind by enige vergelykende toetsing dadelik in 'n nadelige posisie geplaas. Dit spreek vanself dat ook sosio-ekonomiese faktore soos oorvol huise in swak omgewings met gevolglike gebrek aan studiefasiliteite soos stilte en toereikende ruimte en ameublement, onontwikkelde ouers en ander huisgenote met die gevolglike gebrek aan 'n atmosfeer wat vir intellektuele aktiwiteite en verstandsonwikkeling bevorderlik is, asook armoede en selfs siekte, die skoolontwikkeling van die kind moet strem. ⁶⁾ Ook sedelike faktore soos immoraliteit, drank, dagga en misdaad in die omgewing van die kind mag nie buite rekening gelaat word nie.

Hier raak dit nou die belangrike faktor van motivering wat by die leerproses in rekening gebring moet word, dit wil sê
„die/.....

1) Vgl. Biesheuvel, S.: op. cit., p. 1 et seq.

2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 20, p. 41.

3) Vgl. Biesheuvel, S.: op. cit., p. 2.

4) U.G. No. 54, 1937, par. 895, p. 189.

5) Vgl. par. 3, p. 530 et seqq. en par. 5, p. 565 et seqq.

6) Vgl. Sadie, J.L.: Die Plek van die Kleurling in die S.A. Ekonomie, p. 42.

„die begeerte om te leer, of ambisie van die leerling, waarvoor objektiewe meetmiddels nie bestaan nie en waarvan die uitwerking dus nie met sekerheid bepaal kan word nie." 1)

Die motief om te leer, net soos die motief om werk van hoë gehalte te lewer, kan nie losgemaak word van die vooruitsigte wat daardie arbeidsprestasie inhou nie:

„Motivation is really determined by what a person wants out of life and is thus also socially and culturally conditioned. A person is well motivated in his work if he feels that he has at least a fair chance of attaining his aims, else the work will have no meaning for him ... He would lose his ambition to better his position and would eventually become an inefficient worker." 2)

Dit sou aangevoer kan word dat as gevolg van wetgewende diskriminasie teen die Kleurling hy nie behoorlike geleenthede kry nie, en gevolglik ontmoedig, gekrenk en gefrustreerd raak, dat hierdie gevoel van verydeling via die onderwyser die klaskamer en die kindergemoed binnedring en sy ambisie om op skool te presteer, ondermyn.

Ten opsigte van besware op hierdie terreine moet billikheidshalwe erken word dat onderwysfasiliteite, die onderwysgehalte en selfs die inspirasie tot onderwys waarmee die Kleurlingkind bedien word, in deursnee nie gelykstaan met dié van die blanke kind nie. Hierdie verskille bestaan in hul ergste graad egter hoofsaaklik op die platteland en namate die ondersoeker die stede nader, word die verskille geleidelik minder. Met die nodige toegewings behoort resultate nie onvergelykbaar te wees nie.

As daar verder gelet word op die geweldige toestroming van Kleurlingkinders na die skool, wil dit voorkom asof die motiveeringsargumente wellik oordrewe kan wees. Diegene wat die Kleurling ken, besef dat die meeste van hulle 'n buitengewone geloof het in die vermoë van die skoolonderrig om hul probleme materiëel sowel as andersins op te los. Selfs die onderwyser wat 'n misnoegde gesindheid openbaar en veroorsaak, trag om deur middel van die skoolonderrig sy aspirasies te verwesenlik. Ten opsigte van motivering mag in baie gevalle dus selfs die teendeel waar wees, en as die Kleurlingkind op skool uitsak, sou daarvoor wel 'n ander rede kan wees, miskien juis dié rede wat in die toetsverskille/.....

1) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 26, p. 42;
Vgl. Sadie, J.L. op. cit., p. 43.

2) Theron, P.A.: A Psychological Approach to Separate Development. Sabra: Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Oktober 1952, p. 17.

toetsverskille blyk.

(c) Resultate van Vergelykende Toetse.

Dit is dus nodig om in te gaan op die resultate wat deur vergelykende toetse tot dusver opgelewer is, en waarvan hetsy eksplisiet of implisiet die doel was om die werking van die rassefaktor te isoleer om sodoende die „opvoedbaarheid” van die Kleurlingkind in vergelyking met die blanke vas te stel.

(i) Toetse in die Buiteland.

Volledigheidshalwe moet kortliks verwys word na toetse wat in die buiteland gedoen is in verband met verskillende bastergroepe, en hier is dit veral Amerika wat baanbrekerswerk gedoen het:

„Most of the research work on miscegenation has been done in America ... in order to determine in how far intermarriage between black and white races influence intelligence.” 1)

Veral insiggewend vir onderhawige doeleindes is dié toetse wat gepoog het om korrelasie tussen verstandelike vermoëns en die graad van verbastering te ondersoek.

Blignault ²⁾ gee 'n saaklike opsomming van die werk van enkele navorsers in verband met die Amerikaanse Rooihuide, tewete Hunter en Sommermier wat die Otis-groepsverstandstoetse op 711 Amerikaanse Indiane uit verskillende stamme en met verskillende grade van verbastering toegepas het; dié van Garth wat aan die hand van 'n verskeidenheid van verstandstoetse volbloed Indiane met gemengdbloediges vergelyk; en dan weer dié van Garth, Schuelke en Abell wat die „National Intelligence Tests” gebruik om die verskil tussen 609 gemengde en 89 volbloed Indiane te vergelyk. In al hierdie gevalle is vasgestel dat prestasies verbeter namate die bymengsel van blanke bloed styg.

Ten opsigte van die Amerikaanse neger van wie daar volgens skatting tussen 40% en 80% reeds 'n bymengsel van blanke bloed het, en wat dus in besondere sin met die Suid-Afrikaanse Kleurling vergelykbaar is, ³⁾ is in hoofsaak dieselfde resultate verkry. Ferguson bevind in 'n opsomming van leerresultate dat „ongeveer 20% suiwer Negers, 25% driekwart-suiweres, 30% volle basters/.....

-
- 1) Sadie, F.A.: The Relation between the Learning Ability and the Degree of European Blood in S.A. Non-Europeans, p. 1.
2) Die Leerbekwaamheid van die Graaff-Reinetse Kleurling..., pp. 3-6.
3) Fick, M.L.: The Educability of the S.A. Native, p. 42.

basters en 35% van die kwartsuiweres gelyk is aan, of die gemiddelde van vergelykbare Blankes oorskry." 1) Hy toon soortgelyke feite aan in verband met negerkinders wat in Virginië met verskeie verstandstoetse ondersoek is. Besondere betekenis word geheg aan die bevindings van Peterson wat met behulp van 'n aantal vindingrykheids- en intelligensietoetse twaalfjarige negerkinders in Nashville, Chicago en New York ondersoek, en die resultate in verband gebring het met die bepaling van die huidkleur volgens 'n sewepunt-skaal, en die bevinding was,

"Those Negroes who have an admixture of white blood to a noticeable degree, have been found to be definitely superior to those who have not..." 2)

Ook Sadie wat onder die Universiteit van Stellenbosch in hierdie rigting navorsing gedoen het, 3) het 'n oorsig van Amerikaanse bevindings gegee, en hy noem, benewens die bogenoemde ondersoeke, die werk van mense soos McGraw, Goodenough, Strong, Jordan, Mayo, Lacy, Schwegler en Wium. Sonder uitsondering is die slotsom elke keer dat gemengdbloediges swakker as blankes presteer: "Coloured children are especially inferior in subjects requiring abstract thought such as Science and Mathematics." 4) Ten opsigte van die graad van bloedvermenging is die bevinding ook

"that the more nearly 'white' are the mixed-bloods, as judged from skin-colour, the more do they approach the Whites in mental and social alertness." 5)

(ii) Kleurlinge en Blankes in Suid-Afrika.

Alhoewel daar van vroeg af waarnemings gedoen en geboekstaaf is soos dié van Eugen Fischer oor die Rehoboth Basters, 6) word die ondersoeker getref deur die skaarste aan proefondervindelike feitemateriaal wanneer dit kom by die vraagstuk van die "opvoedbaarheid" van die Kleurling, met ander woorde die vraagstuk van vergelykende toetsresultate ten opsigte van Kleurlinge en blankes. 7) Alhoewel daar op gebied van sielkundige en opvoedkundige meting heelwat werk aan die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite, en ook deur die Buro vir

Opvoedkundige/.....

1) Blignault, A.P.: op. cit., pp. 4 en 5.

2) Fick, M.L.: op. cit., p. 44.

3) Op. cit.

4) Sadie, F.A.: op. cit., p. 6.

5) Ibid., p. 5.

6) Die Rehobother Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen.

7) Sadie, J.L.: Die Plek van die Kleurling in die S.A. Ekonomie, p. 40.

Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gedoen is, gaan dit meesal oor die blanke bevolkingsgroep. Sover bekend, is geen sielkundige of opvoedkundige toetse nog vir Kleurlinge gestandaardiseer nie. Die ondersoek wat hier en daar wel ingestel is, het sonder uitsondering gebruik gemaak van toetsmateriaal wat vir blankes ontwerp, en dus by hulle behoeftes aangepas is. Insoverre daar gepoog is om 'n vergelyking moontlik te maak, het dit geskied deur toegewings van uitwendige aard, soos die seleksie van monsters en die keuse van gebiede en skole. ¹⁾

aa) Bevindinge van Dr. M.L. Fick.

Die eerste bekende toetsresultate waarby Kleurlinge betrokke was, het in 1929 die lig gesien. Dit is dié van dr. M.L. Fick wat eers as psigoloog van die Departement Binnelandse Sake en later van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing baanbrekerswerk gedoen het. ²⁾ In die loop van 'n departementele ondersoek is blanke, Kleurling, Indiër en Bantoe kinders getoets. Die ondersoek is nie gedoen met die oog hoofsaaklik op die doeleindes van vergelyking nie, en 'n verteenwoordigende seleksie van die groepe is nie gemaak nie, sodat algemene stellings oor die groepe as geheel vermy moet word.

Die twee toetssoorte wat Fick vir hierdie ondersoek gebruik het, is die „Official Mental Hygiene Individual Scale" van die Binet-tipe, en die Groeptoets Army Beta wat non-linguïsties van aard is. Wat Fick gereken het om met die toediening van hierdie toetse te meet, het hy self só geformuleer: ³⁾

„These tests primarily measure the type of intelligence required to do the work of the ordinary classroom which demands the manipulation of symbols and representations of things rather than the things themselves."

Die Beta Groeptoets is eers op 'n verteenwoordigende groep blankes in die Unie gestandaardiseer en vir vergelykingsdoeleindes verwys Fick daarna as die Standaard Groep. ⁴⁾

Fick toets kinders tussen 10 en 14 jaar en onder die Kleurlinge trek hy sy monsters uit drie gebiede, teweete 4,721 kinders uit 'n groot stedelike gebied in die Westelike Provinsie, 817 kinders uit drie Kaaplandse dorpe en 329 kinders uit die distrikte van drie dorpe in dieselfde provinsie. Oor die resultate rapporteer/.....

1) Vgl. U.G. No. 54, 1937, parr. 886-915, pp. 185-192.

2) Fick, M.L.: Intelligence Test Results of Poor White, Native (Zulu), Coloured and Indian School Children and the Educational and Social Implications. In the South African Journal of Science, Vol. XXVI, pp. 904 et seq.

3) Op. cit., p. 905.

4) Ibid.

rapporteur hy,

"The median of the urban area are markedly higher than those of the three towns and the three districts, while those of the towns are higher than those of the districts ... These medians are well below those of the Standard Group ... Of the urban area it was found that on the average 12.5 per cent. reached or exceeded the Standard Group median for ages 10, 11 and 12 years, of the town area 6.9 per cent., and of the district area 0.8 per cent." 1)

Ongeveer vyf jaar later in 1934 by die Suid-Afrikaanse Onderwyskonferensie in Johannesburg rapporteer Fick die resultate van 'n verdere ondersoek waarby hy van ses verskillende toetse, tewete Worcester Vormborde, Knox Blokkies, Malherbe Vuurhoutjies, Porteus Doolhof, 'n aantal redeneertoetse en 'n aantal rekenkundige probleme, gebruik gemaak het. Hierdie toetse is aan 'n groot aantal blanke, Bantoe-, Kleurling- en Indiërkinders gegee. Die mediaan-punte van die blankes is as standaard geneem en die persentasie Kleurlingkinders wat die mediaan van die standaard in die verskillende toetse bereik het, was 15.11, 20.07, 11.05, 14.90, 25.47 en 16.05 respektiewelik. Behalwe in die redeneertoetse het die Indiërs deurgaans ietwat beter as die Kleurlinge gevaar, terwyl die Bantoe deurgaans veel swakker vertoon het. 2)

bb) Resultate berig deur die Wilcocks-kommissie.

Onder leiding van prof. R.W. Wilcocks het die Kleurlingkommissie wat in 1937 verslag uitgebring het, intensief ingegaan op die intelligensietoetsresultate van drie verskillende ondersoekers. 3)

Dr. R.J. van Huyssteen wat onder prof. H.A. Reyburn van die Universiteit Kaapstad gewerk het, het die Suid-Afrikaanse Groeps-intelligensietoetse op 1,547 Kleurlingkinders van 10 jaar en ouer wat in std. II of hoër was, toegepas. Die kinders van Worcester is getoets, en waar kinders buite Worcester ingesluit is, is hulle só gekies dat hulle ongetwyfeld meerderwaardige materiaal sou oplewer: Een skool in Wellington, een in Paarl, een in Genadendal, een in Claremont, een in Soutrivier en drie in Kaapstad is vir dié doel gebruik. 4)

Die resultate van dr. Van Huyssteen toon dat die Kleurlingkinders 'n gemiddelde I.K. van 91.8 registreer het en dat 34.7% van hulle 'n I.K. van 100 bereik of oorskry het. 5) Die
resultate/.....

1) Fick, M.L.: op. cit., p. 906.

2) Malherbe, E.G.: Educational Adaptations in a Changing Society, pp. 459-460.

3) U.G. No. 54, 1937, parr. 886 et seqq., pp. 185 et seqq.

4) U.G. No. 54, 1937, par. 886, pp. 185-186.

5) Ibid., par. 887.

resultate toon verder dat die stedelike kinders beter as die plattelandse kinders presteer, en 'n gemiddelde I.K. van 96.3 teenoor dié van 88.9 by die plattelandse kind registreer. Verder is ook opvallend dat die gemiddelde I.K. daal namate die kinders ouer word:

"In hierdie verband kan opgemerk word dat dit waarskynlik lyk dat ongunstige omgewingstoestande minstens een van die oorsake is wat 'n daling in Intelligensiekwosiënt op 'n hoër leeftyd meebring. Sulke toestande sou die neiging hê om met verloop van tyd 'n kumulatiewe uitwerking te hê." 1)

Vir vergelykingsdoeleindes is van belang

"dat dr. Van Huyssteen die gemiddelde 91.8 wat deur hom verkry is, waarskynlik enigsins hoër beskou as dié van die hele skoolgaande Kleurlingbevolking van die Unie." 2)

Dit is dan ook geen wonder dat mnr. A.R. Wilke wat onder prof. J.J. Strasheim van die Universiteit van Stellenbosch gewerk het, 'n laer gemiddelde intelligensiekwosiënt verkry het nie. Hy het die Suid-Afrikaanse Intelligensietoetse op 2,018 skoolkinders van Wynberg, Port Elizabeth, Stellenbosch, Graaff Reinet, Aberdeen, Koffiefontein (O.V.S.), Concordia, Steinkopf en Kommaggas toegepas, asook op 'n uitgesoekte groep van 404 kinders uit Kaapstad en Paarl, sodat hy altesame 2,422 kinders getoets het. Hy het 'n gemiddelde intelligensiekwosiënt van 84.6 vir die hele groep gevind. 'n Ander belangrike verskynsel in hierdie ondersoek was

"dat die gemiddelde intelligensiekwosiënt oor die algemeen die neiging het om te styg met die standerd waarin die kind hom tydens die toets bevind, 'n feit wat lig werp op die verband wat daar gemiddeld bestaan tussen skoolprestasie en die resultate wat deur middel van die gebruikte intelligensietoetse verkry is." 3)

Dit kom daarop neer dat die dommer kinders nie daarin slaag om die hoër standerds te bereik nie. Hulle sak voor die tyd uit.

Hierdie verskynsel word op sy beurt nader toegelig deur die resultate van mnr. Heneke wat ook onder prof. Reyburn van Kaapstad gewerk het. Hy het die Suid-Afrikaanse Groepsintelligensietoetse gebruik om 2,118 kinders in stds. IV, V en VI in die Kaapse Skiereiland te toets en sy resultate in terme van

"verstandsouderdomme"/.....

-
- 1) Ibid., par. 889, p. 186.
 - 2) Ibid., par. 890, p. 186.
 - 3) Ibid., par. 894, p. 188.

„verstandsonderdomme" gegee. Die mediaan-leeftyd was 152 maande terwyl die gemiddelde verstandsonderdom 149.5 was, wat beteken dat in hierdie geval hul gemiddelde intelligensiekwosient slegs 'n weinig onderkant 100, op nagenoeg 98.4 te staan gekom het.¹⁾

cc) Leerbekwaamheid en die Graad van Blanke Bloed.

In sy relaas oor die verstandsvermoë van die Kleurlingkind het die Wilcocks-kommissie ²⁾ die skynbaar prikkelende gedagte kwytkeraak:

„Daar is herhaaldelik verklaar dat daar 'n sekere verband bestaan tussen die gemiddelde vermoë van Kleurlingkinders om op skool vooruit te kom en die hoeveelheid blanke bloed wat daar in hulle are vloei. Sover bekend, is geen ondersoek van wetenskaplike aard met betrekking tot die Kaapse Kleurlinge nog uitgevoer of gepubliseer om die juistheid van hierdie bewering te toets nie."

Dié opmerking het minstens twee studente van Stellenbosch inspireer om onder leiding van prof. J.A.J. van Rensburg hierdie terrein te ontgin.

Die eerste was A.P. Blignault. Hy was veral geïnteresseerd in die bevinding van dr. Van Rensburg wat destyds in 'n vergelykende studie vasgestel het dat die Suid-Afrikaanse Bantoe nie met die blanke kan meeding nie. Hy het in sy ondersoek die Tweehandtoets van Moede, 'n Spieëltekentoets, 'n Sorteer- en 'n Doolhoftoets gebruik. Van hierdie toetse is die eerste twee die moeilikste, en die proefpersoon het weerstand om te oorwin: Hy moet dink voor hy doen. By die ander toetse gaan dit meer bepaald oor waarneming, roetine leerwerk en spoed. Hulle is om dié rede aansienlik eenvoudiger en veel meer meganies van aard as die eerste twee. ³⁾ En die vraag wat Blignault besig gehou het was hoe die Kleurling met hierdie selfde toetse sou vaar en dus met die blanke aan die een kant en met die Bantoe aan die ander kant sou vergelyk. Hy het ook die verdere vraag gestel, watter invloed die mate van rassevermenging, dit wil sê die graad van blanke bloed wat by die Kleurling aanwesig is, op die toetsprestasie sou uitoefen. ⁴⁾

Aangesien hierdie toetse leertoets is, moes hulle op tien agtereenvolgende dae toegedien word, en die resultate is bereken in/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 894, pp. 188-189.

2) Par. 897, p. 189.

3) van Rensburg, J.A.J.: The Learning Ability of the S.A. Native compared with that of the European, pp. 8-13.

4) Blignault, A.P.: Die Leerbekwaamheid van die Graaff-Reinetse Kleurling in vergelyking met dié van die Blanke en die Naturā, p. 1.

in terme van die verbeterde kwantitatiewe en kwalitatiewe prestasies: In beide dink- en roetine-toetse oortref die prestasie van die Kleurling dié van die Bantoe, terwyl vergelyking met die blanke laat blyk:

"In toetse wat nie van 'n roetine geaardheid is nie (Spieëlteken- en Tweehandtoetse), maar waarin moeilikhede oorwin moet word en waarin dinktake opgelos moet word, is daar 'n duidelike tendens by die prestasies van blanke kinders om volgens kwantitatiewe en kwalitatiewe metings beter te wees as dié van Kleurlingkinders; en in toetse wat van 'n roetine geaardheid is, is daar 'n minder duidelike tendens as in die bogenoemde gevalle vir die prestasies van blankes om beter te wees as dié van Kleurlinge." 1)

Verder merk hy die belangrike verskynsel op dat die blankes deurgaans by die agtereenvolgende pogings hul voorsprong behou. Dat die Kleurling nie sy agterstand uitwis nie, lewer bewys dat die toets betroubaar is en toets wat dit wil toets. Die faktor van aanvanklike onbekendheid wat eers deur die Kleurling oorwin sou moet word — en wat die geldigheid van die toets in die gedrang sou bring — het dus geen betrekking nie.²⁾

Om die res van sy ondersoek te voltooi, moes Blignault ook van die uitwerking van die sosio-ekonomiese status van sy proefpersone kennisneem; en hy bevind „dat die faktor van sosio-ekonomiese status ... gedeeltelik verantwoordelik kan wees vir die reeds genoemde verskille." 3) Dit was die werking van hierdie faktor wat 'n onvoorwaardelike gevolgtrekking in verband met die uitwerking van die graad van verbastering onmoontlik gemaak het. Blignault het volgens 'n puntestelsel onderskeid gemaak tussen Kleurlingkinders wat geen blanke voorouers tot in die vierde geslag toon nie, en diegene wat wel blanke voorouers het. Die toetsresultate het afdoende bewys dat diegene wat blanke voorouers het, beter presteer as die ander; maar Blignault was nie in staat om die sosiaal-ekonomiese faktore bevredigend uit te skakel nie. Die verste wat hy kon kom, was om van 'n moontlikheid kennis te neem:

"Dit wil dus voorkom dat die prestasies van dié Kleurlinge met meer blanke voorouers 'n tendens vertoon om beter te wees en algaande almeer beter te word as die prestasies van die Kleurlinge met minder blanke voorouers..." 4)

Sy studie het hierop egter geen afdoende antwoord gegee nie.

Omdat/.....

-
- 1) Blignault, A.P.: op. cit., p. 47.
 - 2) Ibid., p. 57.
 - 3) Ibid., p. 64.
 - 4) Ibid., p. 78.

Omdat die vraag voorasnog onbeantwoord gebly het, het ook F.A. Sadie, die hoof van 'n Kleurlingskool in Kimberley, hom daarmee besig gehou, en ook onder die leiding van prof. J.A.J. van Rensburg van Stellenbosch ¹⁾. Nadat hy 'n oorsig van vorige studies gegee het, som hy sy eie oogmerk op:

"From the different works we have so far examined, it is quite clear that the learning ability of the Coloured is inferior to that of the European ... But none of these investigators compared only Coloureds among themselves to see whether they differed from one another intellectually according to the amount of European blood in their veins. That has been my object ..." ²⁾

Sadie het al sy proefpersone in Kimberley gekies. Hulle was deels saamgestel uit leerlinge van sy eie skool en deels uit ander skole in dieselfde stad. Hy het sy keuse gedoen op grond van jarelange kennis van die Kimberley-Kleurlinge, en veral drie faktore in rekening gebring, teweete die vorm van die hare, die kleur van die vel en die familiegeskiedenis sover terug as wat dit bekend was. Hy het eers sy eie klassifikasie gemaak en toe, sonder dat hulle van sy indeling kennisgedra het, 'n ervare assistent aan sy eie skool en die hoofde wat almal Kleurlinge was, van die ander skole gevra om ook die proefpersone in te deel volgens die bogenoemde drie kriteria. Daar was 'n merkwaardige ooreenstemming in die klassifikasie en dié gevalle ten opsigte van wie daar verskil van mening was, is buite rekening gelaat. Die indeling het 'n proefmonster van Kleurlingkinders tussen 14 en 16 jaar opgelewer wat as volg saamgestel was: 67 Gekleurde blankes, dit wil sê kinders met meer blanke as Kleurlingbloed; 75 Kleurlinge, dit wil sê kinders met meer Kleurling- as blanke bloed; en 71 Gekleurde Bantoes, dit wil sê kinders met meer Bantoe- as blanke bloed. ³⁾

Na analogie van vorige toetse onder leiding van prof. Van Rensburg, het Sadie gebruik gemaak van drie toetse, naamlik die Tweehandtoets van Moede, die Spieëltekentoets en die Sorteertoets. Ook hy het sy proefnemings op tien agtereenvolgende skooldae herhaal. ⁴⁾ Om die faktor van sosio-ekonomiese status uit te skakel, het hy veral met die Gekleurde Naturelle gewerk en hierdie deel van sy monster in twee subgroepe verdeel, teweete

'n/.....

-
- 1) Sadie, F.A.: The Relation between the Learning Ability and the Degree of European Blood in South African Non-Europeans, U.S., M.A., 1941.
2) Ibid., p. 14.
3) Ibid., p. 16.
4) Ibid., pp. 17-20.

'n groep met laagstaande status wat in die algemene omgang nie deur ander Kleurlinge gereken word nie en 'n tweede groep wie se finansiële welgesteldheid ooreenkom met dié van die Kleurlinge en Gekleurde blankes in sy monster. Tussen die toetsprestasies van hierdie twee subgroepe het hy 'n geweldige groot verskil aangetref ten gunste van die welgestelde groep; maar self só, het die welgestelde groep nog beslis swakker vertoon as óf die Kleurlinge óf die Gekleurde blankes.

Sadie het sy resultate op 'n soortgelyke wyse bewerk as Van Rensburg en Blignault en kom tot 'n ondubbelsinnige gevolgtrekkings

"that the learning ability of the Coloured European is superior to that of the Coloured, whose learning ability in turn is superior to that of the Coloured Native,"

en

"that the existing difference in the learning ability ... is due mainly to one factor, namely: to the amount of European blood the Non-European has, the greater his learning ability." 1)

(d) Toelaatbare Gevolgtrekkings.

Ten spyte van Sadie se moedige oortuigings is alle kenners dit eens dat hier langsaam gehaas moet word met kategorieë gevolgtrekkings.

(i) Fundamenteel.

Alhoewel daar 'n indrukwekkende gelykluidendheid opklink in die resultate van oorsese ondersoeke sowel as dié ter plaatse, is daar 'n opmerklike huiwerigheid om aan te neem dat hierdie bevindings 'n finale slotsom regverdig. Daar is intendeel 'n sterk neiging om dit aan dr. W.W.M. Eiselen in sy voorwoord tot dr. Fick se boekie ²⁾ toe te gee "that not all the facts are 'in' yet." Hierdie versigtigheid kan ook beluister word in die woorde van prof. J.L. Sadie: ³⁾

✓ "Die bevindinge skyn 'n mate van minderwaardigheid van geestelike vermoëns te suggerer. Dit is egter geensins beslissend nie, en dit skyn baie moeilik te wees om hieroor uitsluitel te kry. Die belangrikheid van omgewingsfaktore in die prestasies van 'n groep of gemeenskap kan nie oorbeklemtoon word nie, en die omgewing is in die geval van die meerderheid van Kleurlinge geensins bevorderlik vir die bereiking van 'n hoë peil nie."

As/.....

1) Ibid., pp. 153-154.

2) The Educability of the S.A. Native, p. iii.

3) Die Plek van die Kleurling in die S.A. Ekonomie, p. 42. ✓

As alle faktore in aanmerking geneem word, is dit na die verloop van ongeveer 'n kwarteeu nog nie moontlik om tot 'n meer eksakte gevolgtrekking te kom as dié wat die Wilcocks-kommissie hom in 1937 veroorloof het nie. Omdat daarin die onbetwisbare invloed van die psigo-metriese outoriteit te ontwaar is, en omdat dit so 'n meesterlike samevatting is van selfs die huidige status quo, word daarmee volstaan:

„By die vertolking van die resultate moet ons dan konstateer: die laer intelligensiekwosiënte wat gemiddeld by Kleurlingkinders gevind is, beteken 'n laer gemiddelde vermoë om 'n reeks verstandelike aktiwiteite uit te voer. Hierdie laer vermoë kan aan een of die ander of aan albei van die volgende te wyte wees, naamlik (1) 'n laer gemiddelde aangebore verstandsvermoë, (2) ongunstige invloede van die aard van omgewingsfaktore. Dit ly geen twyfel dat laasgenoemde in die geval van die oorgrote meerderheid Kleurlingkinders aanwesig is nie. Maar ons het tot nog toe geen ondersoek gehad om te skei tussen die rolle wat aangebore begaafdheid en omgewingsfaktore speel by die bepaling van die prestasies van Kleurlingkinders in verband met intelligensietoetse nie, en dit is nie moontlik om op grond van die resultate wat verkry is, te sê tot watter mate, indien enige, daar 'n swakker begaafdheid aanwesig is wat verantwoordelik is vir 'n laer gemiddelde toetsresultaat in vergelyking met dié van blankes nie. Die resultate gaan nie verder nie as om aan te toon dat daar onder huidige omstandighede gemiddeld by Kleurlinge 'n laer vermoë as gemiddeld by blankes is om die soorte verstandelike aktiwiteite wat getoets word, uit te voer." 1)

(ii) Prakties.

Die hipotetiese aard van die kausale interpretasies, dit wil sê van die oorsake waaraan die verstandelike vertraging toegeskrywe moet word, ontnem nie veel aan die feit van die aktualiteit van die verstandelike vertraging onder huidige omstandighede nie; en vir die onderwyspraktyk in die klas-kamer hou dit ernstige implikasies in. Daarvan moet terwille van die landsbelang in sy geheel, terwille van die Kleurlinge in besonder, maar veral terwille van die verskynsel van gedragsafwyking wat daarmee gemoeid is, kennis geneem word:

aa) Behoeftes aan Navorsing.

Beskikbare resultate tot dusver aksentueer die ingrypende behoefte aan navorsing in verband met die Kleurling en sy onderwys, navorsing wat op so 'n groot skaal gedoen moet word dat dit geheel en al nie aan indiwidue en hul beperkte middele oorgelaat mag word nie. Hierdie resultate tesame met/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 896, p. 189.

met die bedenklike verskynsels van vertraging en druiping bewys oortuigend dat aanpassings in die Kleurlingonderwys meer as noodsaaklik is. As „al die feite nog nie in is nie“, is dit hoog tyd om drastiese pogings aan te wend om hulle in te kry en die opvoedkundige politiek dienoreenkomstig te wysig.

bb) Onderwysaanpassings.

Onderwysaanpassings het te doen met die doel, inhoud en metode, en daarom met die beskikbare fasiliteite sowel as die gehalte van die onderrig wat gegee word. In hierdie verband moet gelet word op die onhoudbare anomalie dat die Kleurlingkind wat swaarder leer, met minder geriewe, swakker onderwysers en selfs sonder enige aanpassing in die vorm van spesiale klasse vir die minder-begaafde kind, moet klaarkom. Voor- dat leerplig oorweeg kan word, vereis hierdie feite en leemtes om deeglik onder die oë gesien en ook versien te word.

cc) Gedragsmoeilikhede.

Die laer intelligensievermoë en die gebrek aan opvoedkundige aanpassing om daarmee rekening te hou en daarvoor voorsiening te maak, moet benewens ander, ook gedragsvraagstukke skeep:

„... Children of subnormal intelligence are struggling in the classroom with work they cannot and never will master. Not only are such children wasting their time, but faced with constant failure, they become fully convinced of their worthlessness, and lose their self-respect — the core of character in the true sense of the word.“ 1)

Dit is duidelik dat in hierdie verskynsel 'n belangrike oorsaak vir die verlies aan leerlinge in Kleurlingskole gesoek moet word. En verlies aan leerlinge beteken 'n leeglêer- en straatbestaan, en eventuele gedragsafwyking vir vele.

Hierdie gedragsmoeilikhede wat potensieel verskuil lê by die kind wat op skool wanaangepas is, aksentueer weereens die noodsaaklikheid van onderwysaanpassings in dié verband. Dit is nie net denkbaar nie, maar selfs waarskynlik dat die instelling van leerplig, byvoorbeeld, sonder die gelyktydige instelling van spesiale klasse, in sommige gevalle meer kwaad kan doen as goed; want sonder leerplig elimineer menige agterlike kind homself deur skoolverlating. Hy vermy langs dié weg 'n voortgesette frustrasietoestand op 'n natuurlike wyse en sonder om daardeur die wet te oortree. Met leerplig sou hierdie ontvlugting 'n wetsoortreding/.....

1) Fick, M.L.: Intelligence Test Results ..., S.A. Journal of Science, Vol. XXVI, p. 914.

wetsoortreding word met al die implikasies van uiteindelijke geregte like optrede, hofondersoeke, skuldigbevindings, straf en selfs wetsbesteding wat daarin vervat is. Van besondere betekenis is hier die mededeling van die Botha-kommissie wat

„uit betroubare bron verneem dat jeugmisdaad onder blankes aansienlik verminder het sedert spesiale onderwys vir verstandelik-vertraagde kinders in blanke skole ingevoer is. Dit kan verwag word dat (veral ná die instelling van leerplig!) sodanige onderwys ook in die geval van Kleurlingkinders hierdie heilsame uitwerking sal hê. 'n Mens dink hier onwillekeurig in die eerste plek aan die skollie-tipe in die stede." 1)

5. Die Gehalte van Onderrig en Onderwysers.

Uit die voorafgaande blyk ondermeer dat die Kleurlingkind volgens blanke standarde op skool vertraag is en dat baie van hulle druipe en die skool vroeg verlaat — heeltemal te vroeg om vir óf hulself en hul gemeenskap, óf vir die land as geheel, goed te wees. Daar is ook reeds vasgestel dat hierdie vertraging gedeeltelik toegeskrywe moet word aan swak sosio-ekonomiese omstandighede en aan gebrekkige onderwysfasiliteite ten opsigte van beheer, finansies, akkommodasie, uitrusting en hulpmiddele wat almal uitwendige faktore is. Daar is ook die ontdekking gemaak dat die Kleurlingkind vooras nog om water rede ook al, verstandelik agterstaan by die blanke kind en dit dus moeiliker vind om op skool te presteer. Dit kan goedsikks 'n inwendige faktor genoem word.

Beide hierdie inwendige en uitwendige verklarings staan tot 'n groot mate buite beheer van die onderwyser en sy onderwyspraktiek in die klaskamer. Om 'n volledige beeld te kry van die onderwysaangeleenthede wat die Kleurlingkind raak, is dit ook nodig om die onderwyser en sy onderwyspraktiek in die klaskamer te ondersoek en vas te stel of daar omstandighede aanwesig is wat belet dat die aangebore vermoë wat tog wel aanwesig is, behoorlik ontplooi, en na behore sy invloed laat geld om die hoogs moontlike vooruitgang met die skoolwerk te verseker. Dit is naamlik nodig om vas te stel of daar nie ook swak onderrig op die spel kom nie. 2)

(a) Skolastiese Toetsresultate.

Alhoewel die verskynsels van vertraging en druipeping veral in openbare eksamens, reeds die gehalte van onderwys wat/.....

1) Onderwysverslag 1953-1956, par. 17, p. 10.

2) Vgl. U.G. No. 54, 1937, parr. 898 en 899, p. 190.

wat die Kleurlingkind ontvang, onder verdenking bring, is daar ook, soos gesien is, menige ander faktor wat daarop 'n invloed kan uitoefen. Om nou die bydrae wat die onderwyser tot hierdie toedrag van sake lewer, uit te lig, is verdere toetse nodig. En sodanige toetse is gedoen deur mnr. H. Blignaut en die resultate is berig deur die Wilcocks-kommissie. ¹⁾

(i) Die Toetse.

Blignaut het tien toetse toegepas. Daarvan het ses betrekking gehad op taalonderwys. Vir beide Afrikaans en Engels is 'n Woordeskat-, Lees- en Spellingtoets gebruik. Ten opsigte van non-essensiële vakke is toetse opgestel in Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurstudie. By die opstel van hierdie toetse is die gebruiklike metode gevolg waarby ervare onderwysers en vakmanne die leerplanne deeglik nagaan, daarna 'n reeks kort vragies opstel en dit dan aan 'n aantal kinders gee om vas te stel in hoeverre hulle aan hul doel beantwoord. Hierna is die nodige verbeteringe ten opsigte van die inhoud van die vrae sowel as die gebruiksaanwysings aangebring, die toetse gedruk en toegepas. Die puntetoekenning was so eenvoudig as moontlik en is deur een persoon gekontroleer, naamlik mnr. Blignaut self. ²⁾

Ten opsigte van die Rekenkunde is van die bekende en baie doeltreffende Amerikaanse toets van Courtis gebruik gemaak. ³⁾

(ii) Die Toetslinge.

Hierdie toetse is toegepas op 454 blanke en 180 Kleurlingkinders in std. III. Hierdie standaard is gekies omdat dit die laagste standaard is wat skolasties ver genoeg gevorder het om vrugbaar vir so 'n toets gebruik te word, en omdat in daardie klas die mees verteenwoordigende monsters van leerlinge vir vergelykingsdoeleindes getrek kon word. Na std. III vind daar veral onder Kleurlinge 'n baie vinnige proses van uit-skakeling plaas; ⁴⁾ en dit bring seleksie mee wat die hoër standerds onverteenvoortdurend maak.

Die blanke leerlinge was almal afkomstig uit primêre skole in die onmiddellike omgewing van Stellenbosch, en skole met 'n groot reputasie, soos die Hoër Jongensskool van Stellenbosch, is opsetlik vermy. Die gemiddelde intelligensiëkwosient van die groep was 99 en die gemiddelde ouderdom van 11.7 jaar was 'n rapsie hoër as die gemiddelde vir std. III volgens die

onderwysstatistieke/.....

1) U.G. No. 54, 1937, parr. 902 et seqq., p. 190 et seqq.

2) U.G. No. 54, 1937, parr. 902-904, p. 190.

3) Ibid., par. 905, p. 190

4) Ibid., parr. 912-914, p. 192.

onderwysstatistieke. Die toetsgroep kan dus met veiligheid beskou word as die gemiddelde blanke kind van std. III. ¹⁾

In die geval van die Kleurlingkinders is die proefpersone met behulp van inspekteurs spesiaal uitgesoek uit 'n baie beperkte groep van skole in die Skiereiland. Afrikaansmediumskole wat uitsluitlik deur Kleurlingonderwysers beman word, is met die oog op die gehalte onderwys wat gegee word, verdeel in drie groepe, naamlik goed, middelmatig en swak. Uit die vier beste skole is al die std. III leerlinge gekies om die toets te ondergaan. ²⁾

Hierdie beperkte keuse is gedoen met die oog op 'n vergelyking van die prestasies van die blanke- en Kleurlingkinders. Die platteland waar onderwysomstandighede vir Kleurlinge ongunstig is, is opsetlik vermy. Ook het I.K.-toetse daar, volgens Van Huyssteen en Wilke, ongunstiger vergelyk. ³⁾ Tewens die kinders wat vir die toetse van Blignaut gekies is, het 'n gemiddelde I.K. van 99.3 teenoor die 99 van blankes, en 'n gemiddelde ouderdom van 11.6 teenoor die 11.7 jaar van die blankes geregistreer. Sou die vergelyking van die toetsprestasies van die Kleurlingkinders ongunstig wees, kon met sekerheid gesê word dat dit op die platteland nog swakker sou wees; sou dit daarenteen gunstig wees, sou dit beteken dat die toestand in die beste Kleurlingskole betreklik bevredigend was en dat die onderwysers goeie werk gelewer het. Hierdie toetsreeks was dus by uitstek 'n vergelykingstoets met die oogmerk om die onderwysbekwaamheid van die Kleurlingonderwyser vas te stel. ⁴⁾

(iii) Die Resultate.

Die bevindinge van Blignaut word deur die Wilcocks-kommissie tabulêr sowel as grafies indrukwekkend weergegee, ⁵⁾ en kan in hoofsaak as volg opgesom word:

aa) In nege uit die tien toetse oortref die prestasies van die blanke kinders dié van die Kleurlinge. Vir vergelykingsdoeleindes is die gemiddelde persentasies van elke groep in die verskillende toetse bereken en die verskille tussen die gemiddelde persentasies verkry.

Tabel 87 wat 'n weergawe is van die resultate soos berig deur die Wilcocks-kommissie, ⁶⁾ dui aan met hoeveel persent die gemiddelde/.....

1) Ibid., par. 906, pp. 190-191.

2) Ibid., par. 907, p. 191.

3) Vgl. par. 4(c)(ii)(bb), p. 557.

4) Ibid., par. 908-911, p. 191.

5) U.G. No. 54, 1937, par. 915, pp. 192-205.

6) Op. cit., par. 927, p. 206.

TABEL 87: PERSENTUELE VERSKIL VAN BLANKES OOR KLEURLINGE IN SKOOLPRESTASIE TOETSE.

NO. VAN TOETS	AARD VAN TOETS.	% WAARMEE BLANKES' KLEURLINGE OORTREF.
IX	Natuurstudie	18.2
I	Afrikaanse Woordeskat	15.8
III	Afrikaanse Lees	15.6
VIII	Aardrykskunde	15.6
II	Afrikaanse Spelling	11.6
IV	Engelse Woordeskat	7.4
VII	Geskiedenis	7.4
VI	Engelse Lees	6.0
X	Rekenkunde	5.9

gemiddelde resultate van die blankes dié van die Kleurlinge oortref. Die verskille is hier in dalende volgorde gerangskik en daar is veral groot verskille ten opsigte van Afrikaans en die non-essensiële vakke Natuurstudie en Aardrykskunde.

Die enigste uitsondering wat in hierdie ondersoek blootgelê is, is die geval van Engelse Spelling waarby die Kleurlinge die blankes oortref met 'n gemiddelde 4.6%. In die lig van die statistiese analise sê die Kommissie in dié opsig:

„Al wat 'n mens dus in die geval van hierdie toets kan sê, is dat Kleurlinge tenminste nie swakker as blankes is nie; dat hulle net so goed indien nie beter nie, kan spel as blankes." 1)

bb) By die soeke na 'n verklaring vir hierdie verskynsel, naamlik dat

„blanke kinders in std. III Kleurlingkinders in dieselfde klas, beskou as 'n groep, oortref in die soort werk wat daeliks in al die skole van die Provinsie gedoen word, 'n kennis waarvan dus as noodsaaklik beskou word om in die standerd te slaag", 2)

verwerp die Kommissie die argumente dat die Kleurlingkinders, gesien hul I.K., nie in staat was om die kennis te verwerf nie, dat hul belangstelling gebrekkig is en dat hulle lewensomstandighede soveel ongunstiger is, as genoegsame verklaring ³⁾ en voeg daarby:

„Dit skyn dus dat 'n verdere verklaring moet gesoek word. Dié vind 'n mens in die minder aangename moontlikheid dat die gehalte van die onderwys, van

die/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 917, p. 205.

2) Ibid., par. 918, p. 205.

3) Ibid., parr. 920-925, pp. 205-206.

„metodes wat in Kleurlingskole gebruik word, nie is wat dit behoort te wees nie. Gewys dien te word op die bekende feit dat oor die algemeen die Kleurling-onderwysers nie so goed as die gemiddelde blanke gekwalifiseer is nie ... Dieselfde feit verklaar ook die anders moeilik verklaarbare verskynsel dat die verskille tussen die twee groepe grootste is in twee van die sogenaamde non-essensiële vakke (Aardrykskunde en Natuurkennis). Dit is byvoorbeeld 'n welbekende feit dat juis die swak klas van onderwyser geneig is om meer nadruk te lê op sekere vakke wat as meer belangrik beskou word, en om die ander vakke, wat uit 'n kultuuroogpunt net so belangrik is, te verwaarloos. Dit is dan ook hier die geval: in dié vakke wat uit 'n ekonomiese standpunt van meer belang geag word, dat die prestasies van die Kleurling naaste by die blanke kom (naamlik Engels en Rekenkunde).“ 1)

(b) Die Opleiding van Onderwysers.

Die plek wat die onderwyser in die onderwys inneem, kan dan ook nouliks oorskat word:

„Dit is 'n afgesaagde waarheid dat die spil waarom alles in die onderwys per slot van rekening draai, die onderwyser is. Geboue, skole en apparaat kan wel bydra tot die sukses van die onderwys, maar sonder die inspirerende en lewendmakende krag van die bekwame en toegewyde onderwyser kan daar van werklike opvoeding geen sprake wees nie.“ 2)

Die taak van die onderwyser word al hoe belangriker en al hoe ingewikkelder namate die moderne gemeenskap ontwikkel op ekonomiese, wetenskaplike, sosiale en kulturele gebied. Die enigste manier waarop die onderwyser tred kan hou met die groeiende eise wat aan hom gestel word, is deur middel van 'n grondige, toereikende opleiding.

Die vroegste onderwysers van die Kleurlinge was die blanke sendelingonderwyser wat mettert tyd die evangelis-onderwyser oplei om met die werk te help. Langs dié weg het die kwekeling-onderwyserstelsel tot stand gekom. Dit het die behoefte aan „kweekskole“ vir onderwysers beklemtoon en die eerste van sy soort het onder die Rynse Sending te Genadendal so vroeg as 1838 ontstaan. 3)

(i) Erkende Opleidingsinrigtings.

Tot 1911 was daar egter geen erkende staats-ondersteunde opleidingskool vir Kleurlingonderwysers nie, met die gevolg dat in daardie jaar slegs 47.6% van alle Kleurling-onderwysers/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 926, p. 206.

2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 1, p. 44.

3) Marais, N.J.: Die Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland ..., p. 86.

onderwysers opgelei was, en hulle het via Naturelle-opleidingskole gekom.¹⁾ In 1912 het die Superintendent-generaal van Onderwys²⁾ aangekondig dat die Kleurling-inrigting Zonnebloem voortaan dié soort werk sou doen, en teen 1922 was daar reeds vier inrigtings, tewete Zonnebloem (Kaapstad) en Perseverance (Kimberley) onder die Anglikaanse, Wesley College (Soutrivier) onder die Methodiste, en Dower Memorial College (Uitenhage) onder die Kongregasionele Kerk.

In 1924 was daar wel nog 21 sendingskole waar kwekeling-onderwysers opgelei is, maar die S.G.O., dr. Viljoen, was daarvan oortuig dat, indien die gehalte van Kleurlingonderwys verbeter moes word, dit nodig was om die opleiding van Kleurlingonderwysers op 'n klein aantal sentra te konsentreer, die inrigtings behoorlik uit te rus, en behoorlik gesertifiseerde personeel daarvoor te gebruik.³⁾ In 1925 is Battswood (Wynberg) onder die Ned. Geref. Kerk, in 1926 Athlone (Paarl) onder verskeie sendinggenootskappe, in 1929 die Rynse Opleidingskool (Worcester) en in 1935 St. Augustine's (Parow) onder die Roomse Kerk gestig. In 1941 is vir die eerste keer by Hewat (Kaapstad) voorsiening gemaak vir die opleiding van Kleurlingonderwysers wat in besit van die Senior Sertifikaat was, en in 1952 het Bridgton (Oudtshoorn) bygekom.⁴⁾

Tabel 88 is 'n verwerking van gegewens van N.J. Marais⁵⁾ en die S.G.O. van Kaapland,⁶⁾ en dui aan hoe die aantal opleidingsinrigtings en hul studente toegeneem het, terwyl die stelsel van kwekelingonderwysers gelyktydig verdwyn. Hierdie syfers toon weliswaar 'n geleidelike groeiproses aan, maar dié proses was nie van so 'n aard dat dit aan die behoeftes van die Kleurlingonderwys kon voldoen nie.

(ii) Kursusse en Sertifikate.

Ook die aard van die sertifikate wat aspirant-onderwysers verwerf het, het met die loop van die tyd 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Tot 1923 was daar slegs die Kwekeling Junior Kursus, maar in April 1923 is daar drie kursusse ingestel, tewete die Kleurling Laer Primêre Onderwysersertifikaat, 'n driejarige kursus met std. VI as toelatingsvereiste; die Kleurling Hoër Primêre Onderwysersertifikaat, 'n tweejarige kursus/.....

1) Ibid., p. 87.

2) Jaarverslag 1911, C.P. 7-12, p. 16.

3) S.G.O.-Verslag, 1923-1924, K.P. 4-'25, p. 50.

4) S.G.O.-Verslag, 1952-1953, p. 11.

5) Op. cit., p. 89.

6) Jaarverslag, 1958, p. 22.

TABEL 88: OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

JAAR	AANTAL OPLEIDINGS- INRIGTINGS.	OPLEIDING- STUDENTE	KWEKELING- STUDENTE.
1912	1	58	346
1916	3		1,883
1922	4	323	221
1925	5	408	160
1930	7	716	32
1935	7	933	16
1940	8	764	-
1945	9	722	-
1950	9	989	-
1955	10	1,340	-
1956	10	1,358	-
1957	10	1,354	-
1958	10	1,411	-

kursus met std. VIII as toelatingsvereiste; en die Kleurling-Kleinkinderskool-onderwyserssertifikaat, 'n eenjarige gespesialiseerde kursus wat op die driejarige kursus gevolg het.

Aangesien die tekort aan onderwysers stadigaan aangevul is, is die toelatingsvereiste vir opleiding as onderwyser vanaf Januarie 1936 tot std. VIII verhoog, en die sertifikaat wat na twee jaar opleiding met std. VIII as toelatingsvereiste verwerf is, is voortaan die Laer Primêre Kursus genoem. ¹⁾

Van verskeie kante is daar op hoër opleidingsvereistes aangedring:

„Namate Kleurlingonderwys ontwikkel, sal die toetredingskwalifikasie ook verhoog moet word. 'n Mens kan nie logies die standpunt inneem dat waar die blanke onderwyser 'n algemene opleiding tot op die stadium van Senior Sertifikaat moet hê ten einde primêre onderwys aan 'n blanke kind te kan gee, 'n Kleurlingonderwyser slegs 'n algemene opleiding tot op die stadium van Junior Sertifikaat nodig het ten einde primêre onderrig aan 'n Kleurlingkind te kan gee nie. Vroeër of later sal die posisie onder die oë gesien moet word dat die Senior Sertifikaat as die toetredingsvereiste ... voorgeskryf sal moet word, soos vandag die geval vir die opleidingsinrigtings vir Blankes is." ²⁾

In 1941 is 'n Kleurling Gevorderde Primêre Onderwyserssertifikaat-kursus met Senior Sertifikaat as toelatingsvereiste aan
die/.....

1) Marais, N.J.: op. cit., p. 90.

2) U.G. No. 54, 1937, par. 938, p. 208.

die Kleurling-opleidingskollege Hewat in Kaapstad ingestel. Spesiale lenings en beurse is beskikbaar gestel. ¹⁾

In 1942 is die opleidingskursusse hersien en dit bied voortaan die Primêre Laer Kleurling-onderwyserssertifikaat, naamlik std. VIII met twee jaar opleiding; die Primêre Hoër Kleurling-onderwyserssertifikaat, tewete die P.L.K.O. plus een jaar spesialisasie in een of ander rigting; en die Gevorderde Primêre Kleurling-onderwyserssertifikaat, tewete Senior Sertifikaat plus twee jaar opleiding. Terwyl by die opleiding in die eersgenoemde twee rigtings die klem hoofsaaklik op praktiese onderwys val, word by die Gevorderde Kursus ook 'n mate van Teoretiese Opvoedkunde ingesluit.

Die Onderwyskommissie van 1953-1956 het weereens op die vraagstuk rakende die opleiding van Kleurlingonderwysers ingegaan, wye getuienis ingewin en bevind:

„Dit was ook die begeerte van die meeste liggame wat getuienis afgelê het dat die toelatingsvereiste in die geval van mans verhoog word tot Senior Sertifikaat, omdat die beweerde onbevredigende toestand van die onderwys in Kleurlingskole en die vertraging van Kleurlingleerlinge in groot mate toegeskrywe kan word aan die feit dat die onderwysers nie behoorlik toegerus is vir die werk wat van hulle verwag word nie." ²⁾

Omdat die posisie in die geval van die mans gunstiger was, en die syferstand van voornemende onderwysers aangedui het dat dit prakties uitvoerbaar sou wees, het die Kommissie so 'n aanbeveling gedoen, ³⁾ en sedert 1960 word daar nie meer mans tot die Laer Primêre Kursus toegelaat nie. ⁴⁾

Sedert die instelling van 'n Fakulteit vir Opvoedkunde aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland, is daar ook aanvang gemaak met 'n onderwysersdiploma-kursus wat 'n jaar akademiese opleiding as voorvereiste stel.

(c) Skaarste aan Onderwyseresse.

As gevolg van die uiterste skaarste aan onderwyseresse aan Kleurlingskole en die geringe aantal vroulike matriculante, kon 'n soortgelyke aanbeveling vir hulle nie gemaak word nie. ⁵⁾ Inderwaarheid neem hierdie vraagstuk in die lang ry van wantoestande wat daar heers ten opsigte van die personeelvoorsiening in Kleurlingskole, 'n voorrangspek in.

(i)/.....

-
- 1) Marais, N.J.: op. cit., p. 91.
2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 10, p. 46.
3) Ibid., par. 10, p. 46.
4) S.G.O.-verslag 1958, p. 22.
5) S.G.O.-verslag 1950 en 1951, p. 39.

(i) Aard en Omvang.

Alhoewel die toenmalige verbeterde toestand in verband met personeelaangeleenthede dit in 1935 moontlik maak het om die toelatingsvereistes vir alle Kleurlingonderwysers tot std. VIII op te skuif, het daar spoedig 'n ernstige tekort aan onderwyseresse ontstaan, en reeds in die volgende paar jaar het die vraagstuk hom voorgedoen en akuut geword, sodat dr. Abdurahman as lid van die Wilcocks-kommissie dit nodig gevind het om daarop te wys. ¹⁾ Sedertdien het die Kaaplandse S.G.O. hom met 'n eentonige reëlmaat jaar na jaar oor die toestand bekla; ²⁾ die Botha-kommissie van 1953-1956 moes daarvan kennisneem ³⁾ en selfs aan die begin van die sestiger jare is daar nog geen vooruitsig op 'n bevredigende oplossing nie.

Oor die omvang van die skaarste laat die S.G.O. hom in 1945 as volg uit: ⁴⁾

„Die toestand in verband met die toevoer van Kleurlingonderwyseresse is nog ver van bevredigend. Die getal meisies wat hulle vir opleiding aanmeld, is slegs sowat die helfte van wat benodig word. Om vir die normale verlies van leerkragte en vir uitbreiding voorsiening te maak, en om 'n behoorlike verhouding tussen die getal manlike en vroulike onderwysers te behou, moet daar 'n jaarlikse toevoer van ongeveer 340 onderwyseresse wees. In 1945 is daar slegs sowat 165 meisies tot onderwysopleiding toegelaat.”

Die aard van die vraagstuk formuleer die S.G.O. die volgende jaar weer in kernagtige, eenvoudige taal:

„Die probleem waarmee ons te kampe het is die feit dat daar meer mans is as wat ons nodig het en minder vrouens,” ⁵⁾

„'n toedrag van sake wat baie onrusbarend is,” ⁶⁾

en in sy volgende verslag ⁷⁾ laat hy hom in nog baie sterker taal oor dieselfde saak uit:

„Die toekomstige ontwikkeling van Kleurlingonderwys in die Provinsie is klaarblyklik afhanklik van 'n voldoende toevoer van onderwyseresse. Die Departement het al die nodige opleidingsgeriewe voorsien en die salaris wat aangebied word, is nie onaantreklik nie, maar nogtans is die aantal onderwyseresse wat die

opleidingsinrigtings/.....

1) U.G. No. 54, 1937, p. 212.

2) Vgl. S.G.O.-verslae: 1941-45, p. 37; 1946, p. 14; 1948 en 49, pp. 12-14; 1950 en 51, pp. 38-40; 1952-1953, p. 24; 1954-1955, p. 22; 1956, p. 25; 1957, p. 14; 1958, p. 3.

3) Onderwysverslag, par. 7, p. 45.

4) S.G.O.-verslag, 1941-1945, p. 37.

5) S.G.O.-verslag, 1946, p. 14.

6) S.G.O.-verslag, 1947, p. 9.

7) S.G.O.-verslag, 1948 en 1949, p. 12.

„opleidingsinrigtings deurloop, onbevredigend, en die jaarlikse verlies aan onderwyseresse word nie eens aangevul nie.”

Terwyl 'n steeds groeiende aantal manlike kandidate vir die Laer Primêre Kursus afgewys moes word, kom daar geen verbetering in verband met die dames nie, en teen 1951 het dit een van die drie grootste vraagstukke insake die Kleurlingonderwys geword: 1)

1) „In 1950 byvoorbeeld was daar 3,030 primêre onderwysers en 1,919 primêre onderwyseresse in die diens van die Departement; as daar van die standpunt uitgegaan word dat in substanderd A tot in standerd II alleenlik onderwyseresse aangestel behoort te word, dan sou die regte verhouding 1,386 mans en 3,564 vrouens gewees het — ongeveer 1 man vir elke 3 vrouens. Op die oomblik is daar dus sowat 1,650 mans in betrekkinge wat deur vrouens beklee behoort te word.”

(ii) Oorsake.

Van tyd tot tyd roer die onderwyshoof moontlike oorsake vir hierdie tekort aan.

aa) Ekonomies.

Op een stadium is daar gereken dat die salarisse ontoereikend en onaantreklik was en is die hoop gekoester dat met die verbetering daarvan, die vraagstuk enigermate sou opklaar. 2) Later is ook gereken dat 'n gesonde toedrag van sake sou intree „moontlik deur middel van ruimer geldelike ondersteuning vir verdienstelike meisies wat in std. VIII geslaag het.” 3) Maar met die loop van die jare het hierdie verwagting nie in vervulling getree nie. Gelyktydig met die verbeterde salarisse en finansiële hulpdienste het ook 'n algemene na-oorlogse nywerheidsopbloei in die land gekom waardeur ongeken- de werkgeleenthede vir vroue in fabrieke en elders ontstaan het.

bb) Opvoedkundig.

Hierdie gemaklike ekonomiese heenkome het ook sy nadelige invloed op die opvoedingspeil van die Kleurlingdogter uitgeoefen. Dit het by nadere ondersoek geblyk dat dit nie in die eerste instansie 'n afkeer van die onderwys is nie — want twee-derdes van die wat die Junior Sertifikaat verwerf het, het wel die onderwys as loopbaan gekies, en dit is 'n bevredigende verhouding — maar wel dat daar net nie genoeg meisies selfs in die Junior Sertifikaat geslaag het om aan die

aanvraag/.....

1) S.G.O.-verslag, 1950 en 51, p. 38.

2) S.G.O.-verslag 1941-1945, p. 37.

3) S.G.O.-verslag, 1950 en 1951, p. 39.

aanvraag te voldoen nie, ¹⁾ en die rede hiervoor seek die S.G.O. ook in die ekonomiese ondergrond,

"deurdat dit vir die meisies minder lonend is om 'n opleiding van minstens vier jaar na std. VI te deurloop waar hulle tog baie maklik sonder verdere opleiding werkgeleenthede in fabriek en elders vind." ²⁾

cc) Maatskaplike Verantwoordelikeidsin.

Terwyl die Kaaplandse Superintendent-generaal van Onderwys die haglike toestand beskrywe, lê hy 'n bedekte verwyd aan die voete van die Kleurlinggemeenskap self: ³⁾

"Die Engelse 'White Paper on Educational Reconstruction' begin met die teks dat 'die lot van hierdie land van die onderwys van die mense van hierdie land afhang' — 'n waarheid waaroor die onderwysersverenigings en die leiers van die Kleurlinggemeenskap gerus 'n bietjie kan nadink, want in hul eie belang kan hulle dit nie bekostig om nie met die owerheid saam te werk of onderwysers vir die skole te probeer werf nie. Daar moet 'n sekere mate van eie hulp wees deur by die jonger mense 'n sin vir diens en plig teenoor hul volksgenote in die skole op te wek en dus vir die kinders 'n voller opvoeding en 'n beter begin in die lewe te verseker."

Die Departement het die opleidingsfasiliteite en ruime beurse daargestel,

"maar ons het nie die mag om uit te gaan op die paaie en na die lanings en hulle te dwing om in te kom nie."

(iii) Uitwerking.

Tereg wys die S.G.O. daarop dat die onbevredigende personeeltoestand in die laagste primêre standers 'n nadelige invloed uitoefen tot in die sekondêre skool, aangesien reorganisasie in daardie afdeling nouliks moontlik is voordat sake in die aanvangstadium van die kind se skoolloopbaan reggestel is; ⁴⁾ maar vir doeleindes van hierdie ondersoek is dit van veel groter betekenis om daarop te let dat byna 70% van die Kleurlingskoolbevolking in klasse tot en met std. II te vinde is. Waar dit algemeen toegegee word dat dit noodsaaklik is dat hierdie kinders deur onderwyseresse bedien word, en nie deur mans nie, is dit meer as betekenisvol dat so 'n groot persentasie van die Kleurlingkinders onderwys ontvang wat wesenlik nie is wat dit behoort te wees nie, en wat dus uit die aard van die saak die eerste skoolervaring van die kind onaangenaam maak.

Dit/.....

1) S.G.O.-verslag: *ibid.*

2) S.G.O.-verslag, 1947, p. 9; Vgl. ook S.G.O.-verslag 1950 en 1951, p. 39.

3) S.G.O.-verslag, 1948 en 1949, p. 14.

4) S.G.O.-verslag, 1948 en 1949, p. 14.

Dit is dan ook meer as van verbygaande belang om op te merk dat daar juis in die vroeë primêre standerds reeds so 'n groot verlies aan leerlinge intree, want dit moet onwillekeurig met hierdie onaangename gevoelsbelewenis in kausale verband gebring word. Dit is hierdie kinders wat stokkiesdraai, in slegte geselskap verval en later ernstige gedragsafwykinge openbaar. Die stokkiesdraaier wat uiteindelik aan die korrektiewe inrigting beland en gevra word waarom hy nie skool-toe wou gaan nie, gee sonder uitsondering die antwoord, „Nei, Meneer, skoolloop is nie lekka nie.”

Maar dit is nie net by die skaarste aan onderwyseresse waar die moeilikheid lê nie. Hierdie skaarste het meegebring dat behoorlike opleiding van onderwyseresse onmoontlik gemaak word. Terwyl die Senior Sertifikaat as noodsaaklik beskou word vir 'n toelatingsvereiste tot die onderwyserskursus, word daarmee veronderstel dat eers op daardie stadium van sy ontwikkeling die jongmens die optimum mate van geestelike en verstandelike rypheid bereik het om vir toereikende opleiding vatbaar te wees.¹⁾ By die opleiding van die geringe aantal Kleurlingonderwyseresse wat hulle nog vir die professie aanmeld, moet daar dus teen 'n geweldige agterstand gewerk word, indien nie teen 'n onmoontlike nie, om naamlik van 'n onrype kind wat nog onbekwaam is om die eintlike beginsels wat op die spel staan, behoorlik te begryp, 'n bekwame onderwyseres te maak.

(d) Kleinkinderskool-metodiek.

'n Aangeleentheid wat in die nouste verband met die skaarste aan onderwyseresse staan, is die kwessie van opleiding in kleinkinderskool-metodiek. Daar die onderwys van beginners klaarblyklik 'n gespesialiseerde onderneming is, is gespesialiseerde opleiding daarvoor noodsaaklik, en voorsiening is wel gemaak vir sodanige opleiding by St. Augustine, Parow.²⁾ Net soos ander derdejaarskursusse wat vir vroue bedoel is, is dit swak ondersteun.³⁾ Tabel 89 wat uit die jaarverslae van die Kaaplandse S.G.O. saamgestel is, toon hoe uiters onbevredigend die geesdrif vir hierdie belangrike onderafdeling van die pedagogiek is.

So ernstig is hierdie leemte aangevoel, dat die opleidingskole wat besef het dat hul vroulike studente meesal in die aanvangsklasse moes onderwys gee, vanself hul leerplanne gewysig het/.....

1) Vgl. U.G. No. 54, 1937, par. 938, p. 208.

2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 8, p. 45.

3) Onderwysverslag, 1953-1956, ibid.

TABEL 89: OPLEIDING IN KLEINKINDERSKOOL-METODIEK.

JAAR	1950	1951	1952	1953	1954	1955	1956	1957	1958
STUDENTE	5	5	5	6	5	14	11	5	8

het om meer aandag en tyd aan die vereistes van die leerlinge in die standers tot en met std. II te bestee. Teen 1958 het die S.G.O. dit oorweeg om die Laer Primêre Onderwyserskursus by hierdie behoefte aan te pas, 'n voorneme wat moontlik gemaak is deur die feit dat mans vanaf 1960 nie meer tot hierdie kursus toegelaat is nie. ¹⁾

Ook dit, egter, moet as gevolg van die onrypheid van die studente en die kort opleidingstydperk van twee jaar, slegs as 'n noodmaatreël beskou word wat slegs graduele verligting, en wel op 'n heel ontoereikende skaal, kan bring.

(e) Opleidingsgehalte.

In 1956 wou die onderwyskommissie „die aandag daarop vestig dat die getal studente wat in die onderwyserseksamens sak, onrusbarend hoog is en verdere ondersoek vereis.“ ²⁾ Aan die kolleges in 1953 het daar naamlik slegs 74% geslaag, terwyl die geslaagdes aan die opleidingskole in die Laer Primêre Kursus 'n skamele 63% beloop het. Dit laat die vermoede posvat dat die opleiding aan hierdie inrigtings nie is wat dit moet wees nie, dermate dat inspeksies van departementsweë nodig geag is. ³⁾

Verdere lig word deur die S.G.O. self op hierdie vraagstuk gewerp toe hy in 1947 berig dat die Departement ingevolge sy nuwe beleid daartoe oorgegaan het om in daardie jaar by vier opleidingskole Kleurlinghoofde aan te stel. Baie van die blanke personeel het toe aansoek gedoen om na ander inrigtings uitgeskuiwe te word. Die posisie het dus ontstaan dat by hierdie inrigtings die hele personeel feitlik uit Kleurlinge bestaan, en dat

„die toevoer van behoorlik gekwalifiseerde Kleurling-onderwysers vir hierdie werk nouliks voldoende is om in die behoeftes van al die inrigtings te voorsien,“ ⁴⁾

'n toestand wat begryplik is as daar gelet word op die ernstige tekort aan personeel vir na-primêre onderwys oor die algemeen, en selfs in 1958 nog word daar gewag gemaak van die groot behoefte aan „leerkragte wat bevoeg is om onderrig in die sekondêre klasse/.....

1) S.G.O.-verslag, 1958, pp. 22 en 23.

2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 6, p. 45.

3) Vgl. S.G.O.-verslag, 1954 en 1955, p. 24; 1956, p. 27.

4) S.G.O.-verslag, 1947, p. 10.

klasse te gee." 1)

Doserende personeel aan die opleidingskole is dikwels nie in besit van die nodige akademiese kwalifikasies nie. Baie van hulle het deur private studie gegradueer in rigtings wat nie van toepassing is nie, en die S.G.O. vind dit nodig om te rapporteer

"dat die werk wat by sommige van die inrigtings gelewer word, bepaald van swak gehalte is ... Dit is onrusbarende feite en 'n mens kan nie help om daar aan te twyfel of die Departement nie miskien te vin-
nig beweeg het deur Kleurlinghoofde by die opleidingskole aan te stel nie." 2)

(f) Die Onderwyser in die Praktyk.

Terwyl toetsresultate 'n onbevredigende standaard van werk in die Kleurlingskool blootgelê het, terwyl daar met die opleiding van onderwysers veel fout te vind is ten opsigte van sekere fundamentele leemtes soos die opleidingsgehalte, die skaarste aan onderwyseresse en ontoereikende belangstelling in kleinkinderskool-metodiek, moet daar onbevredigende toestande in die beoefening van die onderwyspraktyk self, dit wil sê ten opsigte van die diensgehalte van die Kleurlingonderwyser, te wagte wees. Die Botha-kommissie van 1953-1956 wat opdrag gehad het om die doeltreffendheid van die onderwys in Kleurlingskole en die professionele optrede van die Kleurlingonderwyser te ondersoek, het op hierdie aangeleenthede intensief ingegaan en tot interessante en betekenisvolle bevindings geraak. 3)

(i) Bevoegdheidsopname. 4)

Die Kommissie het 'n verteenwoordigende monster van skole uitgesoek en die onderwysers aan daardie skole deur die hoofde en inspekteurs afsonderlik laat aanslaan aan die hand van die volgende klassifikasie:

A. Uitstekend: Hoë peil van werk word gehandhaaf; algemene gedrag is waardig; gesonde invloed op leerlinge; dissipline streng en waaksaam, maar simpatiek; net op persoon en werk; gereelde voorbereiding van lesse; registers en verslae word gereeld bygehou; gereelde korreksiewerk.

B. Goed: Bevredigende peil van werk, maar nie hoog nie; voldoen aan meeste vereistes onder A.

C. Taamlik: Peil van werk minder bevredigend, maar nie baie laag nie; presteer swak volgens maatstawwe onder A.

D. Swak/.....

1) Onderwysverslag, 1953-56, pp. 27-28; S.G.O.-verslag, 1958, p.23.
2) S.G.O.-verslag, 1947, p. 11.
3) Onderwysverslag, 1953-1956.
4) Ibid., par. 2, p. 26.

D. Swak: Peil van werk baie laag; skiet kort in byna alle vereistes onder A.

Die resultate van die opname is persentueel verwerk en word in Tabel 90 wat 'n hervoorstelling uit die Botha-verslag ¹⁾ is, weergegee. By die interpretasie daarvan het die Kommissie

TABEL 90: BEVOEGDHEID VAN ONDERWYSERS.

SKOOLHOOFDE.	INSPEKTEURS.				
	A	B	C	D	Totaal
	7	15	1	.	23
	2	36	19	2	59
	.	2	13	1	16
	.	.	.	2	2
Totaal	9	53	33	5	100

aanvaar dat die oordeel van die inspekteurs meer objektief en daarom meer betroubaar was as dié van die skoolhoofde. Gevolglik moet die belangrike gevolgtrekking gemaak word dat skoolhoofde dikwels die gehalte van die werk wat hul assistente doen, oorskats. In 58% van die gevalle het die beoordeling ooreengestem, in 4% van die gevalle het die hoof die leerkrag laer geskat as die inspekteur, maar in 38% van die gevalle was die skatting van die hoofde te hoog, wat slegs een gevolgtrekking toelaat:

"In die feit dat die hoofde nie 'n genoegsame hoë standaard vir hul skole stel nie, moet een rede gesoek word vir die swak gehalte van werk wat soms gelewer word. Van hulle word immers verwag om leiding aan die assistente te gee." 2)

Volgens die persentasies blyk dat uit nagenoeg 6,000 onderwysers daar ongeveer 300 is wie se werk so swak is dat hulle 'n nadelige invloed op die leerlinge uitoefen en hulle dus nie onderwys behoort te gee nie, terwyl 'n verdere 2,000 slegs taamlike werk lewer en meesal swak presteer. Slegs van 53% van die onderwysers kon die inspekteurs getuig dat hul werk goed is, terwyl net 9% uitstekende werk doen.

(ii) Inspekteursverslae. 3)

Die Kommissie het ook op die gebruiklike inspekteursverslae ingegaan en op baie gevalle afgekom waar daar
van/.....

1) P. 26.

2) Ibid., p. 26.

3) Ibid., pp. 28-29.

van lofwaardige werk melding gemaak word. Ongelukkig egter moes daar ook dikwels veral in drieërlei rigting ongunstige kommentaar verneem word, wat deur verdere ondersoek en navraag deur die Kommissie bevestig is:

aa) Voorbereiding en Korreksiewerk.

Die onderwysers berei nie hul werk voor nie en gaan ook nie planmatig te werk nie. Hierdie klag is baie algemeen en die praktiese ervaring leer dat dit dikwels vir die ingeligte skoolhoof 'n uiters moeilike taak is om sy leerkragte die noodsaaklikheid van behoorlike voorbereiding te laat insien. Die ondersoeker het by geleentheid aan 'n staflid te kenne gegee dat voorbereiding by selfs 'n doodgewone les soos rekenkundige tafels nodig was. Die reaksie was, „Maar waarom, Meneer? Ek ken dit mos!“ Dit is duidelik dat die fout by gebrekkige opvoedkundige agtergrond gesoek moet word, maar die Kommissie het ook bevind dat dit dikwels by die selfvoldaanheid van onderwysers lê. Diegene egter wat die geleentheid het om die Kleurlingonderwyser in sy onderwyspraktyk van naderby te leer ken, weet dat luiheid, onbetroubaarheid, onverskilligheid, gebrek aan idealisme en professionele trots nie buite rekening gelaat mag word nie. Dit blyk veral duidelik waar daar met die oog op naskoolse korreksiewerk 'n verbete, en dikwels verlore, stryd gevoer moet word.

bb) Hulpmiddels by die Onderwys.

Ook hier het die Kommissie statistiese informasie by die onderwysers self ingewin om die indrukke van inspekteurs te bevestig. Die bevinding was onder andere dat daar in 6% van die skole absoluut geen prente, in 32% absoluut geen modelle en in 28% absoluut geen tuisgemaakte hulpmiddels by die onderwys gebruik word nie.

„As verdere bevestiging getuig die talle skole wat die Kommissie in verskillende dele van die Provinsie besoek het en waar kaal klaskamers met slegs banke, tafel en stoel meer die reël as die uitsondering was. Al te dikwels was die ekskuus dat die Onderwysdepartement nie die nodige verskaf het nie. Dit het die Kommissie onder die indruk gelaat dat baie onderwysers nie die inisiatief besit om 'n gesonde en aantreklike atmosfeer vir hul leerlinge te skep nie.

„Dieselfde verskynsel het die Kommissie aangetref in verband met die gronde van baie van die skole wat hy besoek het. Geen pogings tot verfraaiing is aangewend nie. Weer was die antwoord dat die skoolraad of die kerk niks aan die saak doen nie. Onwillekeurig moes die Kommissie tot die gevolgtrekking kom dat die houding van onderwysers wat hul verantwoordelikheid op so 'n wyse van hul skouers afskuiwe, skyn te wees dat dit saliger is om te ontvang, as om te gee.“ 1)

cc)/.....

cc) Belangstelling in Leerlinge.

Die Kommissie is in sy onderhoude met onderwysers en skoolbestuurders daardeur getref

"dat baie onderwysers hulle nie die moeite getroos om die ouers van hul leerlinge te besoek ten einde die opvoedkundige belange van laasgenoemde te bespreek nie. Die Kommissie het wel kennis geneem van ouer-onderwyservereniginge wat gestig is, maar moes helaas tot die gevolgtrekking kom dat hierdie vereniginge in baie gevalle meer 'n dekmantel is vir die verspreiding van die politieke sienswyse van die onderwysers as 'n poging tot die bevordering van die opvoedkundige belange van die kinders." 1)

(iii) Professionele Gedrag, Gesindheid en Optrede.

Die Botha-kommissie is, net soos iedereen wat in die Kleurlingonderwys belangstel, getref deur die menigvuldige manifestasies van onprofessionele gedrag, gesindheid en optrede onder Kleurlingonderwysers.

Dit is 'n gemeenplaas dat die plek wat die onderwyser moet volstaan, veel verder strek as die vier mure van sy klaskamer; dat die gemeenskap wat hy moet bedien, aansienlik wyer uitkring as die kinders in sy klas; en dat die tyd wat hy vir hierdie taak nodig het, veel langer is as die vyf ure van die skooldag. Dit is waar vir alle onderwysers, maar dit is in besondere sin waar vir die onderwyser in 'n agterlike gemeenskap waar hy tot aansienlike mate die opvoedende funksies van die huis en die kerk moet aanvul en selfs oorneem:

"Die regte gesindheid eis van hom 'n hoë opvatting van sy roeping, 'n ernstige besef van sy verantwoordelikeit, die betragting van sy werk as 'n voltydse lewens-taak wat nie net tot 'n aantal lesure beperk is nie, die diens aan die leerling ook buitekant die skool, en belangstelling in die huisgesin waaruit die kind stam." 2)

Die Kommissie maak melding van oorvloedige getuienis dat daar 'n groot persentasie Kleurlingonderwysers is wat hierdie lewenstaak ernstig opvat en 'n opheffende invloed op kind en gemeenskap uitoefen; maar,

"ongelukkig moes die Kommissie ook van byna alle getuies verneem van onderwysers wat daardie toewyding en pligsbesef nie het nie; wat hul werk beperk net tot die vyf skoolure per dag en daarna geen belangstelling in hul skoliere of dié se ouers toon nie. Sommige maak hulle selfs skuldig aan onbetaamlike gedrag buitekant die skool en oefen so, weens hul status as onderwyser, 'n uiters nadelige invloed op hul

omgewing/.....

1) Ibid., p. 29.

2) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 23, p. 49.

"omgewing uit. Gedurende 1953-54 is 28 leerkragte weens wangedrag ... ontslaan. Dit is oënskynlik 'n klein getal uit 'n totaal van 5,172 onderwysers, maar volgens betroubare getuienis sou die getal veel hoër gewees het indien al die gevalle van wangedrag gerapporteer was en die Onderwysdepartement former opgetree het." 1)

Afgesien van hierdie belangeloosheid, onverskilligheid en onwaardigheid, is daar ook getuienis dat sommige Kleurlingonderwysers op 'n veel subtieler wyse die gesonde vorming van 'n regskape, gelukkige en geestelik-ewewigtige jeug ondermyn. Dit is 'n bekende feit dat daar ernstige afwykende rigtings van sekere onderwysersvereniginge deur openbare toesprake en publikasies bevorder word. 2) Daar is egter ook getuienis gelewer dat sommige onderwysers hierdie publikasies onder die skoolkinders versprei, 3) en doelbewus strewe om die kinders met dieselfde gees te vervul, sodat die Onderwyskommissie dit nodig vind om te verklaar:

"Dit is al erg genoeg dat daar soms dissiplinêre stappe gedoen moet word teen leerkragte wat hulle aan wangedrag skuldig maak; dit word veel erger wanneer die hele gees in die skole vergiftig word deur 'n houding van verbitterdheid en vyandigheid teenoor die provinsiale onderwysowerhede in die besonder en teenoor die blankes in die algemeen." 4)

Oor hierdie groeiende gees van bitterheid, soos dit die onderwys-situasie raak, het ook die Kommissaris van Kleurlingsake dit nodig gevind om kommentaar te maak. 5) Hy wys daarop dat onderwysers

✓
"aan 'n ernstige gevoel van verydeling ly en 'n wrok teen die samelewing ontwikkel. Dit is tragies dat juis die onderwysers hieraan blootgestel is, want die gevolg is dat die ontevredenheid aan die volgende geslag oorgedra word. Hierdie gevoel van frustrasie vind uiting in die verskillende kommunisties- en selfs regstreeks revolusionêr-gesinde verenigings wat hoofsaaklik uit Kleurlingonderwysers bestaan of deur hulle beheer word ..." 6)

Hierdie verbittering en vyandskap deurstraal nie alleen die geskrewe en gesproke woord nie, maar het in die geledere van die Kleurlingonderwysers dermate deel van hulle alledaagse bestaan geword, dat selfs die eertyds aanneemlike T.E.P.A. in die jongste tyd/.....

1) Ibid., par. 24, p. 49.

2) Vgl. The Educational Journal. The Official Organ of the T.L.S.A.

3) Poole, V.: Onderhoud 22.5.61.

4) Onderwysverslag, 1953-56, par. 26, p. 49-50.

5) Jaarverslag, 31. 3.52, p. 21.

6) Ibid.

tyd departementele erkenning moes verbeur. ¹⁾ Hierdie vereniging van onderwysers het hom só gedra dat niemand minder as die Administrateur van Kaapland hom genoodsaak geag het om daarop te wys dat hulle die staatsgesag beledig, en dus ondermyn. Dit beteken dat hulle ten opsigte van wetsgehoorsaamheid 'n swak voorbeeld stel, tewens die kinders in wetsverbreking voorgaan:

„So iets kan nie toegelaat word nie. Die eerste plig van 'n onderwyser, soos ek dit verstaan, is om by sy leerlinge in te prent dat hulle wet en gesag moet eerbiedig. Die afgevaardigdes van Tapa het, deur hul voorbeeld, hopeloos hierin gefaal." ²⁾

Ten opsigte van hierdie revolusionêre neigings in die onderwysprofessie, is 'n sinsnede uit die offisiële orgaan van T.L.S.A. wat onder minderjarige kinders versprei word, veelseggend na baie kante toe: „It penetrates all academic armour-plating and the chastity girdles of professionalism." ³⁾ Geen wonder dan dat die Botha-kommissie wat met 'n ondersoek na onderwystoestande aan Kleurlingskole belas was, moes sê nie: „Die Kommissie voel sterk dat dit in die belang van die onderwys sal wees as sulke skadelike elemente uit die professie geweier word!" ⁴⁾

6. Kausale Verband met Gedragsafwyking.

Dit is by die eerste oogopslag, en selfs vir die oppervlakkige toeskouer duidelik dat die onderwysmisstande wat in die voorafgaande paragrafe ontleed is, 'n substansiële bydrae tot die probleem van gedragsafwyking by Kleurlingkinders moet lewer.

(a) Gebrek aan Leerplig.

As gevolg van die gebrek aan leerplig is daar baie Kleurlingkinders wat nog sonder enige opvoeding hoegenaamd grootword. Dit bring in die twintigste eeu met sy ingewikkelde sosio-ekonomiese en kulturele lewenspatrone mee dat hierdie mense onmiddellik tot maatskaplike veragtering en meesal tot wanaanpassing geraak wat in hierdie verband gedragsmoeilike kinders beteken. Dit is van meer as toevallige belang om op te let dat 19 uit 500 gedragsafwykende leerlinge nog hoegenaamd geen skoolopleiding ontvang het nie, terwyl soveel as 50.4% nie verder as std. II gevorder het nie, ⁵⁾ want veral maak die gebrek aan leerplig optrede teen laat toetrede en stokkiesdraaiery onmoontlik. Die Kleurlingkind is dus by magte om heeltemal binne die perke van die/.....

1) Die Burger, 1. 7.61, p. 7, kol. 7.

2) Mnr. Nico Malan: Die Burger, 3. 8.61, p. 3, kol. 1.

3) The Educational Journal, April 1961, p. 3, kol. 2.

4) Onderwysverslag, 1953-1956, par. 26, p. 50.

5) Vgl. Tabel 71, p. 489.

die wet tot 'n straatlewe te verval waar hy gou slegte maats maak, in die bendelewe betrokke raak, en voor versoekings te staan kom waarteen hy nie opgewasse is nie. Weereens beteken dit gedragsafwyking.

(b) Vertraging op Skool.

Dit gebeur nie selde nie dat laat toetrede en ongereelde skoolbesoek as gevolg van stokkiesdraaiery ten gevolge het dat die kind op skool agterraak; en hierdie vertragingsverskynsel is 'n volgende faktor wat ten opsigte van die nodige gelukkige, emosioneel-bevredigende aanpassing by die skool- en klaskamersituasie ernstige ontwrigting kan meebring, en verdere stokkiesdraaiery in die hand werk sodat dit hier wesentlik gaan in 'n bese speedversnellende kringloop van stokkiesdraai — vertraging — weer stokkiesdraai — verdere vertraging, 'n proses wat sonder uitsondering by uitskakeling en die straatlewe as 'n voldonge, voltydse feit eindig.

(c) Opvoedbaarheid.

Maar vertraging kom nie slegs as gevolg van stokkiesdraai nie. Dit staan miskien meer dikwels in verband met ander faktore waarby opvoedbaarheid 'n uiters belangrike rol speel. Sonder om op hierdie stadium kant te kies ten opsigte van die kontensieuse, onuitgemaakte vraag of die Kleurlingkind inherent minder begaafd is as die blanke, is daar egter afdoende bewys gelewer dat onder huidige omstandighede in hierdie land die gemiddelde Kleurlingkind by sekere verstandelike en leerprosesse swakker presteer as die blanke, en dat daarin voorasnog 'n belangrike rede vir vertraging op skool gesoek moet word. Waar die verydelingseffek van herhaaldelike mislukking by vertraagde blanke kinders onderskep en grootliks uitgeskakel word deur spesiale klasse waar spesiaal opgeleide personeel in die besondere behoeftes van hierdie kinders voorsien, bestaan hierdie deskundige behandeling vir die Kleurlingkind net nie. Hy ontwikkel gevolglik verydeling, weersin en minderwaardigheidsgevoelens. Onder druk van hierdie onaangename gevoelsbelewensisse verlaat hy die skool en voer 'n straatlewe waar hy poog om met afwykende gedrag in sy behoeftes te voorsien en vir sy tekortkominge te kompenseer.

(d) Gebrekkige Skoolfasiliteite.

Doeltreffende opvoeding word in Kleurlingskole ook in die wiele gery deur gebrekkige beheer, finansies, akkommodasie en uitrusting. Die kind leer reeds swaarder. Uit die aard van die saak is daar nou beter beheer, meer geld, ruimer akkommodasie, meer en beter gespesialiseerde uitrusting nodig om
hom/.....

hom doeltreffend te kan opvoed. In plaas daarvan is juis die omgekeerde die geval: Daar moet vanweë geldskaarste met ontoereikende hulpmiddele, swak meubels, bouvallige en ondoeltreffende geboue in oorvol klaskamers voortgesukkel word. Die kind kry gevolglik nie die opvoedkundige bediening wat hy nodig het, in die vorm waarin hy dit nodig het, nie. En omdat dit nie in sy behoeftes voorsien nie, omdat hy agterraak en daar weldra met hom geraas word en slae volg, bly emosionele bevrediging nie alleen uit nie, maar word die skoolervaring baie gou met onaangename gevoelsondervindinge geassosieer. En dan is dit slegs 'n kwessie van tyd voordat hy die skool verlaat en só die plek wat hom mettertied met teësin vervul het, afskud.

(e) Gehalte van Onderrig en Onderwysers.

Dit spreek vanself dat hierdie skadelike invloede grootliks teëgewerk kan word deur die goed-opgeleide, bekwame, toegewyde, selfverloënnende, idealistiese, voorbeeldige onderwyser wat die welsyn van die kind op sy hart dra en in hom lewende belang stel binne sowel as buite die klaskamer; want dit is 'n erkende feit dat die menslike, en veral die kindergees baie skokke, teenslae en gebrek kan trotseer mits hy geestelike inspirasie, opregte liefde, begrypende belangstelling en 'n mooi voorbeeld kry. Ongelukkig is daar baie Kleurlingkinders wat hierdie dinge nie by hul meesters kry nie. In 'n baie belangrike sin is die regte meesters net nie daar nie; want daar is niks wat die groot skade kan vergoed en die groot leemte kan aanvul wat ontstaan as gevolg van die feit dat daar nie onderwyseresse is om die kleiner kinders op te voed nie. Niks kan die skade vergoed wat ontstaan as gevolg van die gebrekkige opleiding van onderwysers wat slegs std. VI of std. VIII geslaag het nie, en wat boondien geen toereikende opleiding in die gespesialiseerde metodiek van die kleinkinderskool of die spesiale klas ontvang het nie.

Nie alleen egter is baie onderwysers swak opgelei en het hulle gevolglik 'n gebrekkige begrip van die beginsels wat daar by die teorie en praktyk van die opvoeding op die spel staan nie, maar by baie van hulle ontbreek die regte gesindheid geheel en al teenoor die kind, die skool, die maatskappy, die kerk en die Opperwese. Hierin moet die verklaring gesoek word vir so baie onvoorbeeldige gedrag, pligsversuim binne en buite die klaskamer en verkeerde ideologiese invloede tot op 'n punt selfs van openlike uitdaging van staatsgesag, doelbewuste ondermyning van wet en orde en die aanblaas van 'n revolusionêre gees by die kind.¹⁾

Dit/.....

1) Vgl. Die Burger, 3. 8.61, p. 3, kol. 1.

Dit kom daarop neer dat binne die klas daar met 'n minimum van toerusting en bekwaamheid sonder besieling te werk gegaan word; en buite die klas waar die kind en sy ouer behoefte het aan die besoek, belangstelling, raad en aanmoediging van die onderwyser, daar kry hulle dit net nie, omdat die meester dit nie as sy taak en verantwoordelikheid opvat nie; en binne sowel as buite die klas word onrus gesaai, die gesag van wet en orde ondermyn, en die kind in 'n gees van onverskilligheid en wetsverbreking voorgedaan. Vir elkeen wat met die werk aan 'n korrektiewe inrigting vertrou raak, is dit duidelik dat baie kinderlewes juis om hierdie redes op die rotse geloop het. Baie kindermisdaad staan op dié wyse indirek op die rekening van ondoeltreffende, selfs onbevoegde onderwysers.

Só staan baie wat uitsak, op die meester se rekening; maar die tragiese ironie is dat baie van diegene wat wel vorder en senior onderrig ontvang, terselfdertyd, en uit dieselfde bron, geestelik vergiftig word met haat, verbittering en vyandskap wat die kindergemoed vergal, die gees neerdruk en die sedes ondergrawe. Ook by hierdie verligte gefrustreerdes moet die grootste deel van hul verydeling gewyt word aan verkeerde onderwysinvloede.

Langs dié weg slaag die Kleurlingonderwys nie daarin om aan die behoeftes van baie Kleurlingkinders te voldoen nie, om dié rede is dit duidelik waarom „skoolloop” vir so baie van hulle nie „lekka” is nie, en waarom hulle uiteindelik in die korrektiewe inrigting beland.

HOOFSTUK IX.

SELFMI SKENNING.

By die ontrafeling van die etiologiese agtergrond van die gedragsmoeilike Kleurlingkind kom die ondersoeker telkens op 'n verskynsel af wat die hele geestestruktuur van die Kleurling deurweek en aan sy lewensbenadering 'n besondere kenmerkende beslag gee. Hierdie verskynsel is dié van selfmiskenning. Dit is baie nou verweef met selfverwerping en selfs selfveragting; en tot hiertoe werk dit by die ontwikkelde Kleurlinge byna sonder uitsondering deur tot 'n allesoorheersende drang na selfontvugting. Dit kom daarop neer dat die Kleurling ontevrede is met sy ras en sy kleur. Hy weier om te wees wat hy is, en homself as Kleurling te aanvaar. Hy beskou dit inteendeel as 'n ongelukkige gebeure dat hy Kleurling moet wees, iets wat hy van harte begeer om nie te wees nie.

Dit is nouliks nodig om daarop te wys dat so 'n lewenshouding 'n verlamme, ondermynende uitwerking op die moraal van die gemeenskap moet hê. En wat die gemeenskap verlam en ondermyn, kan nie sonder uitwerking op die kind en sy moraal wees nie, selfs al is die kragte en gesindhede wat op die spel is, nie vir hom so duidelik geformuleer of omskrywe nie. Net soos die toon wat daar heers in die klaskamer of die huis, gaan dit hier om 'n geestelike gesteldheid wat op die hele Kleurlingmaatskappy 'n kragtige invloed uitoefen.

Weliswaar kristalliseer hierdie selfmiskenningsverskynsel in sy duidelikste gedaante uit by die meer ontwikkelde klasse. Dit is hierdie mense wat die beste daartoe in staat is om hul begeertes en aspirasies te formuleer. Hulle weet wat hulle wil en wat hulle nie wil nie, en hulle is in staat om dit te sê. Wat hulle wil en nie wil nie, werk egter mettertied deur na die laer strata van die maatskappy, en ook na die kind, les bes die gedragsafwykende kind.

1. 'n Monsterondersoek.

'n Monsterondersoek van 354 leerlinge aan die Nywerheidskool Ottery het interessante, insiggewende resultate opgelewer. Daaruit blyk dat die selfmiskenningsverskynsel soos dit in verskillende gesindheidstendense tot openbaring kom, tot by die onderste lae van die gemeenskap deurdring.

Aan die hand van 'n reeks eenvoudige direkte vrae ¹⁾ is vasgestel/.....

1) Vid. Bylae C, p. 765.

vasgestel wat elke kind se begeerte is met betrekking tot sy ras, sy kleur en sy taal. Op dieselfde manier is ook vasgestel wat sy opvatting is oor die behandeling wat Kleurlinge van die blankes ontvang, watter blanke groep hy vir vermeende slegte behandeling blameer, en watter koerant hy graag lees of wil lees. Die oogmerk wat agter hierdie questionnaire gelê het, was om seker te maak of die kinders hulself aanvaar soos hulle is en tevrede is met hul ras, kleur en taal. Daar is verder gepoog om vas te stel in hoeverre hulle glo dat hulle veronreg word, wie hulle vir hierdie veronregting aanspreeklik hou, en watter plek die koerant in die gesindheidspatroon inneem.

(a) Resultate.

Die resultate van die ondersoek word volledig weer-gegee in Tabel 91, waarin die verskillende standerds afsonderlik aangedui word behalwe in die geval van stds. VII en VIII. Hier het die geringe aantal leerlinge in std. VIII dit nodig gemaak om die twee klasse saam te groepeer.

By die interpretasie van die syferresultate is dit nodig om rekening te hou met drie belangrike oorwegings. Die eerste twee is die voorkoms en huistaal van die betrokke leerlinge wat ook op die tabel weergegee word, en die derde is die feit dat hierdie kinders grotendeels uit die laagste maatskaplike klasse van die Kleurlinge afkomstig is, daardie groep wat, volgens Adjunk-minister P.W. Botha, „oor hierdie dinge nie dink nie omdat hulle groter probleme het.“¹⁾ Hulle behoort tot 'n groot hoogte aan dié sosiale klas wat die Wilcocks-kommissie gerieflikheids-halwe die „skollies“ noem.²⁾ Hierdie laaste oorweging maak die bevinding beduidend omdat daarin weerspieël word tot welke mate die verskynsel van selfmiskenning die Kleurlinggemeenskap in sy geheel deurdring het.

Ten einde die verskillende tendense doeltreffender uit te lig, is Tabel 92 uit Tabel 91 gekondenseer. Die rasvoorkeur is verwerk tot een enkele gemiddelde persentasie vir elke standerd; en dieselfde is gedoen ten opsigte van kleur en taal. Die inhoud van Tabel 92 is grafies weergegee in Grafiek 30, terwyl die leerlinge se beskouing oor die behandeling wat die Kleurlinge van die blankes ontvang, die Afrikaners as blaamgroep en die koerantvoorkeur direk van Tabel 91 op Grafiek 31 oorgedra is.

(b)/.....

1) Die Banier, Februarie 1961, p. 1, kol. 3.

2) U.G. No. 54, 1937, par. 48, p. 17.

TABEL 91: GESINDHEDE VAN LEERLINGE IN STANDERDS III TOT VIII TEN OPSIGTE VAN RAS, KLEUR EN TAAL.

OPSIG	ALTERNATIEF	STD. III		STD. IV		STD. V		STD. VI		STDS. VII EN VIII.		TOTAAL	
		Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%
Voorkoms	Oorwegend blank	1	2.2	-	-	7	9.1	3	4.8	6	8.1	17	4.8
	Oorwegend Kleurling	44	97.8	95	10	70	90.9	60	95.2	68	91.9	337	95.2
Huistaal	Engels	10	22.2	22	23.2	20	26.0	18	28.6	20	27.1	90	25.4
	Afrikaans	35	77.8	73	76.8	57	74.0	45	71.4	54	72.9	264	74.6
Rasbegeerte vir self.	Blank	7	15.6	12	12.6	10	13.0	11	17.5	17	23.0	57	16.1
	Kleurling	38	84.4	83	87.4	67	87.0	52	82.5	57	77.0	297	83.9
Rasbegeerte vir nageslag	Blank	9	20.0	13	13.7	11	14.3	11	17.5	15	20.3	59	16.7
	Kleurling	36	80.0	82	86.3	66	85.7	52	82.5	59	79.7	295	83.3
Rasbegeerte vir huwelik	Blank	10	22.2	26	27.4	19	24.7	16	25.4	26	35.1	97	27.4
	Kleurling	35	77.8	69	72.6	58	75.3	47	74.6	48	64.9	257	72.6
Kleurbegeerte vir self.	Witter	20	44.4	47	49.5	35	45.5	33	52.4	51	68.9	186	52.5
	Donker	25	55.6	48	50.5	42	54.5	30	47.6	23	31.1	168	47.5
Kleurbegeerte vir nageslag	Lig	21	46.7	52	54.7	36	46.8	34	54.0	52	70.3	195	55.1
	Donker	24	53.3	43	45.3	41	53.2	29	46.0	22	29.7	159	44.9
TOTAAL VIR ELKE STANDERD		45	100	95	100	77	100	63	100	74	100	354	100

Vervolg op bladsy 589(a).

TABEL 91 (VERVOLG).

OPSIG	ALTERNATIEF	STD. III		STD. IV		STD. V		STD. VI		STDS. VII EN VIII.		TOTAAL	
		Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%	Syfer	%
Beskou behandeling deur blankes	Goed	22	48.9	30	31.6	21	27.3	14	22.2	24	32.4	111	31.4
	Sleg	23	51.1	65	68.4	56	72.7	49	77.8	50	67.6	243	68.6
Slegste behandeling deur	Engelse	23	51.1	36	37.9	21	27.3	20	31.7	11	14.9	111	31.4
	Afrikaners	22	48.9	59	62.1	56	72.7	43	68.3	63	85.1	243	68.6
Omgangstaalbegeerte	Engels	16	35.6	46	48.4	43	55.8	35	55.6	54	73.0	194	54.8
	Afrikaans	29	64.4	49	51.6	34	44.2	28	44.4	20	27.0	160	45.2
Skoolvoertaalbegeerte	Engels	16	35.6	48	50.5	45	58.4	37	58.7	57	77.0	203	57.3
	Afrikaans	29	64.4	47	49.5	32	41.6	26	41.3	17	23.0	151	42.7
Spreektaalbegeer vir nageslag	Engels	20	44.4	53	55.8	48	62.3	37	58.7	59	79.7	217	61.3
	Afrikaans	25	55.6	42	44.2	29	37.7	26	41.3	15	20.3	137	38.7
Koerantvoorkeur.	Engels	16	35.6	58	61.0	52	67.5	43	68.3	59	79.7	228	64.4
	Afrikaans	29	64.4	37	39.0	25	32.5	20	31.7	15	20.3	126	35.6
TOTAAL VIR ELKE STANDERD		45	100	95	100	77	100	63	100	74	100	354	100

TABEL 92: PERSENTUELE VERSPREIDING VAN RAS-, KLEUR- EN TAALVOORKEUR OOR DIE VERSKILLENDEN STANDERDS.

VOORKEUR	ALTERNATIEF	III	IV	V	VI	VII EN VIII	TOTAAL
Ras	Blanke	19.3	17.9	14.0	20.1	26.1	20.1
	Kleurling	80.7	82.1	86.0	79.9	73.9	79.9
Kleur	Witter	45.6	52.1	46.2	53.2	69.6	53.8
	Bruin	54.4	47.9	53.8	46.8	30.4	46.2
Taal	Engels	38.5	51.6	58.8	57.7	76.6	57.8
	Afrikaans	61.5	48.4	41.2	42.3	23.4	42.2

(b) Gevolgtrekkings.

Aan die hand van Tabele 91 en 92 en Grafiek 30 en 31, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

(i) Rasbegeerte.


By meer as 16 persent van die leerlinge bestaan daar 'n begeerte om liever blanke as Kleurling te wees; en soos te wagte kan wees, is dié begeerte ten opsigte van die nageslag 'n rapsie hoër as vir die self; want die mens is geneig om vir sy kind iets beters te begeer as wat hy desnoods bereid is om homself mee tevrede te stel. Daar bestaan egter 'n sterk tendens in die rigting van 'n blanke vrou en meer as 27 persent van die jong seuns sou graag 'n blanke vrou wil hê.

(ii) Kleurbegeerte.


Baie duideliker as die uitgesproke begeerte om 'n blanke te wees, is egter die verlange om ligter van kleur te wees. Terwyl meer as 52 persent van die leerlinge vir hulself 'n ligter kleur begeer, is daar, weer net soos in die geval van die rasbegeerte, 'n groter gedeelte, naamlik meer as 55 persent, wat verkies dat hul kinders lig van kleur moet wees. Aansienlik meer as die helfte van die kinders wat getoets is, is dus innerlik ontevrede met hul kleur.

(iii) Behandeling en Koerante.

Besonder betekenisvol vir die maatskaplike geluk en tevredenheid van hierdie kinders is die ontdekking dat 68.6 persent van hulle oortuig is dat die blankes hulle sleg behandel. Een leerling het, blykbaar om sy sienswyse te aksentueer, op die betrokke plek twee kruisies gemaak. Ewe betekenisvol is ook dat 68.6 persent van hulle reken dat die Afrikaanssprekende blankes dié groep is wat hulle die slegste behandel. Dit is dan ook geen wonder dat 64.4% verkies om die Engelse koerant te lees nie. Nie alleen is daar as gevolg van die/.....



GRAFIEK 30: PERSENTUELE VERSPREIDING VAN RAS-, KLEUR- EN
TAALVOORKEUR OOR STDS. III TOT VIII.



GRAFIEK 31 : LEERLINGE SE BESKOUINGE OOR BEHANDELING DEUR BLANKES EN DIE KOERANT WAT HULLE VERKIESLIK LEES.

die taalvoorkeur van die kind die besliste neiging om Engels te lees nie, maar dit spreek vanself dat hierdie voorkeur wat hom die Engelse koerant in die hande bring, die Engelse joernalistiek toelaat om sy gesindheidspatroon te help vorm. Hy wil Engels lees; die Engelse koerant skrywe na sy smaak, en die Engelse koerant help dus om verder sy smaak te vorm. Wat die betekenis hiervan in die huidige politieke klimaat is, het geen kommentaar nodig nie; maar dit kan geheel en al nie meewerk om die Kleurlingkind as mens gelukkig en tevrede te maak nie. Dit moet intendeel daartoe bydra om groeiende misnoë, frustrasie en verbittering onder hierdie mense aan te wakker.

(iv) Invloed van Skoolontwikkeling.

Ten einde die gesindheidstendense oor die verskillende standers op te volg, is die klasse afsonderlik getoets en die resultate ook volgens standers gegroepeer. Ten opsigte van elkeen van die faktore wat getoets is, het 'n merkwaardige verskynsel hom voorgedoen wat in Grafieke 30 en 31 trefend geïllustreer word: Daar is naamlik 'n deurlopende neiging dat die ontevredenheid styg namate die kind op skool vorder. Hierdie bevinding is 'n merkwaardige bevestiging van die progressiewe intensifikasie van die selfmiskennings- en selfontvlugtingsdrang wat daar by die Kleurlinge voor die dag kom namate hulle op die ontwikkelingskaal vorder. Hierdie verskynsel is vir die suksesvolle aanpassing van die ontwikkelende jeug by die maatskaplike samestelling van die dag van die grootste betekenis.

Dit is dus nodig dat die selfmiskenningsverskynsel verder ondersoek moet word. Vir onderhawige doeleindes dek hierdie ondersoek die oorsake, openbaringsvorme en uitwerking daarvan.

2. Oorsake vir Selfmiskenning.

Die oorsake vir selfmiskenning onder Kleurlinge moet deels in erflike, en deels in omgewingsfaktore gesoek word.

(a) Erflike Faktore.

Die erflike faktore wat op die spel is, voer terug na die Kleurling se wordingsgeskiedenis en die aard van die mengelkomponente wat in die wordingsgebeure opgegaan het.¹⁾

(i) Ongelyksoortige Mengelbestanddele.

Hier moet in die eerste plek melding gemaak word van die ongelyksoortige mengelbestanddele, tewete die uiteenlopende aard en die kulturele onassimileerbaarheid van die verskillende/.....

1) Vid. Hf. III, p. 53.

verskillende rasse wat vermeng het. Dr. G. Eloff ¹⁾ het 'n spesiale studie gemaak van die kruising tussen rasse en kom tot die gevolgtrekking „dat die rassefaktor, die oorgeërfde geestelike begaafdheid, deurslaggewend inwerk op die geskiedenis van 'n volk." ²⁾ Terwyl sommige rasse sonder merkbare gevolge kruis en ander weer 'n superieure kruisingsresultaat lewer, naamlik baster-luksurering, is daar sekere kruisings wat 'n minderwaardige resultaat oplewer, naamlik baster-pouperering. Hierdie verskynsels van luksurering en pouperering doen hulle ook, en veral, ten opsigte van indiwiduele, fisiese en geestelike eienskappe voor.

Terwyl die ervaring geleer het dat blanke rasse sonder skade met mekaar kan inkruis, ³⁾ is dit nie die geval wanneer die Kasiëse rasse met Indiane of Negers meng nie. ⁴⁾ In Suid-Amerika, Wes- en Oos-Indiese eilande, asook elders in eilande van die Stille Oseaan, is telkens tot die gevolgtrekking geraak dat die verbasteringsproduk minderwaardig vertoon ten opsigte van fisieke gehalte, en dat op sielkundige en morele gebied daar as gevolg van die botsing van ongelyke temperamente veel fout te vinde is: „Ernstige temperamentele konflikte skyn voor te kom in hul emosionele lewe." ⁵⁾ Die Neger-blank-kruising in Amerika „vertoon 'n sekere soort rustelose ontevredenheid en hul misdade is twee, drie keer soveel as dié van die blankes." ⁶⁾

In Suid-Afrika het die vermenging wat tot die ontstaan van die Kleurling aanleiding gegee het, ook tussen rasgroepe van wyd uiteenlopende aard plaasgevind. Studies soos dié van prof. Fantham en dr. Annie Porter ⁷⁾ asook dié van Eugen Fischer ⁸⁾ wys sonder uitsondering op die onbevredigende resultaat. Selfs dr. I.D. du Plessus moes getuig: ⁹⁾

„Omdat dit 'n vermenging van rasse was wat tot die ontstaan van die Kleurling gelei het, en nie 'n vermenging van verskillende takke van dieselfde ras nie, het die Kleurling sekere spesiale moeilikhede ... en is die Kleurling geneig om homself as meerderwaardig of

minderwaardig/.....

1) Rasse en Rasvermenging, p. 62 et seqq.

2) Ibid., p. 66.

3) van der Merwe, prof. H.J.J.M.: Gebeure in Afrika; Radio Suid-Afrika, 14. 8.61, 6.40 nm.

4) Vgl. Engelbrecht, I.Z.: Apartheid en Skoolopvoeding, p. 37; Dyason, E.R.: 'n Sosiologiese Onderzoek van die Kleurlingbevolking binne die Munisipale Gebied van Kimberley, pp. 29-55.

5) Eloff, G.: Op. cit., p. 72.

6) Ibid., p. 73.

7) The South African Journal of Science, XXIV, 1927, pp.476-485.

8) Die Rehobother Bastards.

9) Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasverhoudinge. Uit Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, April 1957, p. 95.

„minderwaardig te beskou volgens die rasse-element wat in hom die duidelikste uitgekome het.

„Daar is spesifieke spanninge wat kenmerkend van alle mengelgroepe is: onsekerheid, gebrek aan groeptrots, vrees vir inswelging (in hierdie geval deur die naturel) en 'n sterk neiging om aan 'n sterker groep (die blanke) vas te klou veral in hierdie geval waar die Kleurling se taal, godsdiens en tradisies nie van die blanke s'n verskil nie, en waar hy alreeds tot 'n aansienlike mate ekonomies by die blanke samelewing geïntegreerd is.”

Hieruit moet dan afgelei word dat die blote feit van die Kleurling se herkoms wat hom 'n grenspersoonlikheid maak, hom 'n gebrekkige sielkundige toerusting gee. Dit kom as gevolg van botsende temperamente wat tot vermenging gedwing word en gevolglik 'n persoonlikheid met emosionele onstabiliteit oplewer. Hierdie emosionele onstabiliteit wat met innerlike konflikte deurweef is, maak die Kleurling onbekwaam om homself te aanvaar as 'n wese vir wie hy respek kan hê; dit maak hom gevolglik ook onbekwaam om 'n selfvergenoegde mens te wees. Daarom soek hy 'n ankerplek buite homself — inderwaarheid misken hy homself deur projeksie en identifikasie ten gunste van die ander sterker groep in wie hy daardie aanvulling en bevrediging van sy eie onvolkome persoonlikheid vind. En by die Kleurling is daardie ankerplek en aanvullingsbron steeds die blanke.

In hierdie sin is dit te verstaan waarom die Kleurling homself as mens nie kan aanvaar nie; want hy is voorasnog wesenlik 'n oorgangswese, 'n tussenstadium in 'n groeiproses, 'n soekende gees wat homself nie kan vind of idealiseer nie. Hy is 'n volk in sy puberteitsjare wat storm en drang belewe, maar weier om groot te word. Hy verkies om in vreemde helde op te gaan. In hierdie verband is dit baie interessant om na die beskouing van Ben Conradie te luister: ¹⁾

„Dit lyk asof 'n mens moontlik tot die gevolgtrekking kan kom dat ons Kleurling-blanke-vraagstuk nie ekonomies van aard is nie. Dit is asof 'n mens in die geval van Kleurlinge te doen het met 'n volk in sy jeug — te jonk om in alle opsigte verantwoordelik of betroubaar of rigtingvas te wees, of om 'n eie rigting te kies en in te slaan.”

(ii) Die Khoisan-erfenis.

In sy stryd om homself te vind, word die Kleurling grootliks gestrem deur sekere eienskappe in sy Khoisan-erfenis. Hierdie eienskappe is die kenmerkende gemoedelike oppervlakkigheid/.....

1) Die Blanke en die Kaapse Kleurling, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, S.A.B.R.A., April 1952, p. 36.

oppervlakkigheid wat die gebrek aan prinsipiële denke, wilskrag en betroubaarheid onderlê en wat elders reeds behandel is.¹⁾ Dit het wesentlik te doen met 'n temperamentele of konstitusionele onderontwikkeling, 'n geringskatting van die mens veral in sy maatskaplike en nasionale verbondenheid; en dit loop onvermydelik uit op 'n gebrekkige verantwoordelikeheidsin ten opsigte van sy maatskappy en volk. Dit kom selfs tot openbaring in die regeringsvorm waar „die begrip van 'n algemeen-bindende regeringstelsel of sentrale leierskap" vir Boesman sowel as Hottentot totaál onbekend was.²⁾

Hierdie eienskappe, veel meer as die pokke en/of ekonomiese afhanklikheid van die blanke, het die ondergang van die inheemse Hottentot meegebring; want dit het beteken dat hy homself en sy eiendomlike volksbesit nie erken, waardeur of beskerm het nie, en hy het voor die instromende westerling gewilliglik verkrummel. Selfs toe die westerse sendeling met groot selfverloëning die Khoi-Khoi wou help om homself te ontdek en te waardeur, kon hy daarin nie slaag nie:

„Dit wat spesifiek syne was, sy taal en kultuur het hy goedsdiks onder veranderende omstandighede prysgegee aan die gemoedsdiktatuur van die oomblik. Nadat die Berlynse sendelinge hulle taal op skrif gestel, die Bybel vertaal, skoolboeke opgestel en selfs 'n tydskrif daarin uitgegee het, getuig Vedder met 'n byna patetiese weemoed oor 'n verlore stryd: „He is a great teller of tales and listens to tales with great attention, but for the past history of his people he has little interest, preferring a foreign language to his mother tongue." 3)

Eugen Fischer⁴⁾ het bevind dat op sielkundige terrein hierdie eienskappe by die Rehoboth Basters oorweeg. Goedmoedig en met 'n aanvallige geaardheid, bly hy 'n oombliksmens vir wie dit aan vooruitberekening ontbreek, sodat goed en beginsels vir ydelinge van die oomblik, te dikwels vir alkohol, prysgegee word.⁵⁾

Vir diegene wat hom intiem ken, is dit duidelik dat hierdie eienskappe ook nog in die Kleurling nalewe. Die treffende ooreenkoms wat daar bestaan tussen die laaste van die Khoi-Khoi aan die/.....

-
- 1) Vgl. Hf. III, par. 5(c)(viii) en (ix), en 5(d)(iii), pp. 85, 86 en 92.
2) Schapera, I.G.: The Khoisan Peoples of S.A., p. 76.
3) Bester, F.A.: Die Khoisan-bydrae tot die Geestesvorming van die S.A. Kleurling, p. 11; Vgl. ook Hf. III, par. 5(c)(ix), p. 86.
4) Die Rehobother Bastards.
5) Eloff, G.: Rasse en Rasseevermenging, p. 88.

die een kant wat besig is om uit eie beweging vrywilliglik uit te sterwe terwyl die witman angsvallig poog om hom te red, en die Kleurling aan die ander kant wat volhardend weier om sy eie identiteit — homself dus — te erken terwyl die witman ewe naastiglik, en skynbaar met ewe min sukses, poog om hom daartoe te beweeg, is vir die noulettende waarnemer net so opvallend as tragies.

(iii) Die Slawe-mentaliteit.

Die karakteristieke selfmiskennende geestelike inslag wat van Khoisan kant gekom het, is tot 'n rampspoedige mate aangevul deur die geestelike erfenis wat die Kleurling van sy slawe-stamouers toegeval het. In hierdie verband het die Wilcocks-kommissie dit nodig gevind om te sê:

„Dit is verder nodig om die feit in gedagte te bring dat die Kleurlinge tot op 'n sekere hoogte van slawe afgestam het. Baie skrywers het die gevolge bespreek wat toegeskrywe word aan 'n lewe van slawerny en hoe die invloed daarvan tot op 'n aansienlike tydperk na vrystelling nagespoor kan word. Onder hierdie gevolge is daar afhanklikheid van die regerende klas om al die noodsaaklike behoeftes van die lewe te voorsien; 'n geringe waardering van verwantskapsverhoudinge wat in baie gevalle lei tot verwaarlosing van huweliksbande en tot buitenegtelikheid. Verder het die feit dat die slaaf in die reël geen beloning vir sy arbeid ontvang het nie, eienskappe soos verkwisting, slordige gewoontes en bedrog opgelewer ... hulle was meesal sleg toegerus vir 'n vry lewe wat afhanklikheid van hulle eie pogings meebring het." 1)

Die oorerwing van so 'n slawe-mentaliteit is nie bevorderlik vir die aanerkenning van 'n eie waardigheid en selfrespek nie. Dat dit inteendeel begrypklikerwyse moes lei tot 'n gesindheid van progressiewe geringskatting, miskenning, veragting en ontvlugting van die self, is eintlik vanselfsprekend.

(b) Omgewingsfaktore.

By die werking van hierdie erflikheidsfaktore het dié van die omgewing aangesluit om die Kleurling verder te dwing op 'n pad wat, as dit nie versien word nie, uiteindelik op selfvernietiging moet uitloop; want niks kan op die lang duur 'n volk red wat sy eie identiteit 'n skande beskou, daarvan ontslae wil raak, en aldus willens en wetens weier om gered te word, inderdaad weier om te bestaan, weier om te „wees" nie.

Net soos die erflikheidsfaktore, is ook hierdie omgewingsfaktore reeds uitvoerig behandel in voorafgaande hoofstukke, ²⁾ en/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 59, p. 18.

2) Vid. Hff. VI, VII en VIII, pp. 247, 377 en 487 et seqq.

en dit is slegs nodig om die kausale verband met die selfmiskenningsverskynsel aan te toon.

(i) Kleurdiskriminasie en -wetgewing.

By die primêre teenstellings van Christen - heiden, heer - diensbode en beskaafd - onbeskaafd soos dié hulle in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voordoën, was die kleurverskil steeds die konstante faktor, en by wyse van 'n sielkundige kondisioneringsproses op landwyse skaal, is die weersinreaksie baie gou gekoppel aan die kleurfaktor, die wit-swart teenstelling.¹⁾ Op dié wyse het kleurvooroordeel ontstaan en voortgeduur lank nadat die primêre teenstelling soos Christen - heiden ensovoorts, opgehou het om van toepassing te wees. Ten spyte van progressiewe humanistiese sublimering van hierdie vooroordeel, ten spyte van reaksionêre onderdrukking of artifiisiële rasionalisasie, het kleurvooroordeel daarin geslaag om 'n wêreldwye verskynsel te bly wat so diep setel dat sy verdwyning nog nie te voorsien is nie.

In Suid-Afrika het hierdie kleurvooroordeel swaar op die Kleurling gedruk. Kragtens die ongunstige verlede is die Kleurling in so 'n sosiale konteks geplaas dat daar ten opsigte van hom, soos ten opsigte van alle nie-blankes, onderskeid gemaak word ongeag sy verdienstelikhede as mens en burger. Selfs met 'n gesublimeerde kleurskeidslyn waar alle oorwegings van persoonlike meerder- of minderwaardigheid tersydegestel is, en waar slegs sy „andersheid” die deurslag gee, bly kleur die determinante oorweging, met die gevolg dat die Kleurling namate hy meer en meer ontwikkel raak, die kleurfaktor al lastiger vind en sy hele bestaan deurvleg, beperk en bedreig ag deur iets waarvan hy hom nie kan losmaak nie, sy kleur. Om aan die beperkende invloed daarvan te ontkom, moet hy aan homself ontkom, en daarom weier hy om homself te erken. Hy soek om in 'n gemeenskap op te gaan en te verdwyn as 'n besondere mens, daardie mens wat hy nie begeer om te wees nie. Vandaar die gesegde van 'n vooraanstaande geleerde: „I am not a Coloured; I am a human being.”²⁾

Veral wanneer kleurdiskriminasie in wetgewing vasgelê word, word sy eie identiteit teen wil en dank en teen sy eie begeerte in op hom afgedwing. Hoe feller die lig op homself val en hoe meer hy genoodsaak word om homself raak te sien, des te onaangenamer word die besef dat hy is wat hy is, des te sterker word die/.....

1) Vgl. le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge, pp. 23-32.

2) van der Ross, R.E.: Persoonlike Onderhoud, 20 Mei 1960.

die begeerte om dit nie te wees nie, en des te heftiger en verniger word sy afkeer van die persoon of stelsel wat sy identiteit by wyse van wetgewing so onontwykbaar aan hom opdring.

(ii) Sosio-ekonomiese en -sedelike Misstande.

Sosio-ekonomiese en -sedelike toestande onder Kleurlinge laat veel te wense oor.¹⁾ Swak behuising, armoede, agterbuurttoestande, onsindelikheid, vuilheid en onhigiëniese misstande kenmerk die lewenswyse van baie Bruinmense. Daaruit spruit sedelike verval soos immoraliteit, dronkenskap, daggarokery en misdaad. Al hierdie vraagstukke word vererger deur die probleem van Bantoe-infiltrasie, en die gevolglike degenerasie wat intree by diegene onder die Kleurlinge wat by hierdie assosiasie betrokke raak.

Die meer gegoede en meer ontwikkelde Kleurling kan nie anders as om hierdie ongunstige en onvleiende toedrag van sake raak te sien en dit met homself, eintlik met sy kleur in verband te bring nie. Inderwaarheid is daar tussen die beter klas Kleurling en die blanke in algemene leefwyse en lewenstandaard meer ooreenkoms as tussen daardie Kleurling en sy veragterde kleurgenoet. Uit die aard van die saak skaam hy hom vir sy eie mense. In dié sin is dit 'n natuurlike en begryplike reaksie dat die begeerte ontstaan om hom van daardie mense wat hom in verleentheid stel, los te maak. Terwyl sy kleur en sy „Kleurlingwees” hom vaskoppel aan 'n veragterde en maatskaplik-ersonke bevolkingsdeel, waarmee hy homself nie wil of kan gelykstel nie, poog hy om so 'n assosiasie af te breek, poog hy om sy eie mense te ontvlug, misken hy homself en weier hy om homself te aanvaar. Ook hier is die kleur die konstante faktor in die kondisioneringsproses, en probeer die Kleurling sy kleur ontvlug. In dié lig is dit te verstaan dat hoe verder die Kleurling vorder op die pad van ontwikkeling en ekonomiese welsyn, des te sterker voel hy die werking van sy kleur as 'n diskwalifikasie aan, en des te hewiger word sy verset daarteen. Terwyl daar by die minder gegoede klasse 'n fatalistiese berusting mag bestaan, is dit vir die gegoede Kleurling 'n voortdurende steen des aanstoots, 'n groeiende prikkel om sy eie identiteit te verloën, en homself te misken.²⁾

(iii) Opvoedkundige Invloede.

Nou tref dit só dat die mees ontwikkelde
groep/.....

1) Vgl. Hff. VI en VII, pp. 247 en 377 et seqq.

2) U.G. No. 54, 1937, parr. 29-31, pp. 13-14.

groep onder die Kleurlinge die onderwysers is. Hulle is die mense wat, gesien die onontwikkelde toestand van menige ouer, 'n buitengewoon sterk invloed op die kinders uitoefen. Terwyl hulle dié één enkele groep is by wie selfmiskenning die duidelikste vorm aangeneem, en selfs tot uitgesproke geformuleerde beleid uitgekristalliseer het, ¹⁾ is dit vanselfsprekend dat die ontvanklike kindergemoed van vroeg af aan in dié rigting gelei word.

Die omvang van die kwaad wat op hierdie wyse in die kindergees gestig word, is nouliks te oorskat. Waar die eerste skrede van die kind as denkende mens op die vaste voet van selfvertroue, selfrespek en die besef van eie innerlike waardigheid geplant moet word, ondergrawe die onderwyser hierdie fondament deur woord en daad, en lei hy die kind op die welsand van twyfel, wantroue en onsekerheid oor sy eie integriteit en waardigheid. Terwyl die onderwyser huiwer, hetsy eksplisiet deur woord of daad, hetsy implisiet by wyse van suggestie, huiwer die kind agterna: As die meester met sy kleur ontevrede is en daarvan probeer wegkom, is dit slegs doodnatuurlik dat sy leerling hom daarin sal volg. Aan die Nywerheidskool Ottery het 'n Kleurlingonderwyser dit eenmaal só gestel: „Ek leer my kinders elke dag van hulle lewe dat hulle niks slegter is as die (wit) prinsipaal s'n nie," ²⁾ en aan 'n vertrekkende matriekklas van Kleurlingmeisies het 'n skoolhoof gesê, „Dit is julle plig om elkeen 'n witkind in die lewe te bring." ³⁾ Wat ook al die oogmerk van hierdie en soortgelyke advies mag wees, kan die uitslag alleen dít wees dat by die kind twyfel gewek word oor die intrinsieke waarde, integriteit en respektableheid van sy eie kleur, en gevolglik verbaas dit nie dat 'n Kleurlingonderwyser 'n opstandige seun moes kom aankla omdat dié vir hom gesê het, „Ma' wie's djy? Djy is 'n bruin ouentjie net soos ek!" ⁴⁾ Hiervandaan tot by misnoeë oor daardie eie kleur, tot by die begeerte om daarvan ontdaan te wees, dit wil sê tot by selfmiskenning, is slegs 'n hanetreetjie, selfs, en miskien veral, vir die kinderlogika.

Langs die bogenoemde weë van sy oorgeërfde natuur en 'n menigte van ongunstige omgewingsfaktore wat die potensiaal van sluimerende neigings prikkel en versterk, ontwikkel die Suid-Afrikaanse Kleurling van sy prille jeug af aan in die rigting
van/.....

-
- 1) Vgl. The Educational Journal en TEPA Educational News, enige artikel.
 - 2) Edwards, L.: Persoonlike Onderhoud, Maart 1960.
 - 3) Volsteedt, H.: Persoonlike Onderhoud, Mei 1961.
 - 4) Fortuin, H.J.: Persoonlike Onderhoud, Augustus 1949.

van selfmiskenning, 'n wrange geestesverskynsel wat aan die Kleurling, sy prestasievermoë, welsyn en sy geluk as bevolkingsgroep meer skade doen as enigiets anders op die Suid-Afrikaanse toneel; want as die mens eerbied en agting vir, en geloof in homself en sy eie oorboord gegooi het, bly daar nie veel oor om te red nie.

3. Openbaringsvorme van Selfmiskenning.

Verwag kan word dat so 'n radikale, so 'n fundamentele weiering om die eie of die groepsidentiteit te erken, hom in velerlei gedaantes op velerlei terreine van die lewe van die individu en sy maatskappy sal voordoën.

(a) Minderwaardigheidsgevoel.

Die mens wat sy eie nie kan waardeer nie, en homself dermate geringskat dat hy weier om homself te aanvaar vir wat hy is, is sielkundige braakland vir die belewenis van 'n minderwaardigheidsgevoel. Immers die blote feit dat die Kleurling homself misken, bewys reeds dat hy homself minderwaardig ag; want die mens misken nie iets wat hy die moeite werd ag nie, altermens homself. En sodra die mens na binne toe toegegee het dat hy minderwaardig is, is daar haas geen keerkans aan hierdie negatiewe en destruktiewe sielkundige dryfveer nie:

"Selfs die hoërstaande klasse Kaapse Kleurlinge is nie in staat gewees om hulle volkome van 'n minderwaardigheidsgevoel ten gevolge van die posisie wat hulle beklee en die houding van die blankes te bevry nie..." 1)

Die ironie van die hele saak is dat die Kleurling dit die blanke kwalik neem dat dié op die Kleurling sou neersien, terwyl hy wat Kleurling is, dit innerlik juis self doen. Terwyl hy homself verwerp, verwag hy dat die blanke hom moet aanvaar. In die praktyk kristalliseer hierdie anomalie in 'n fiasko uit. Die Kleurling neem geweldig aanstoot aan die vermeende meerderwaardigheidshouding van die blankes, kla oor die gebrek aan gelykwaardige geriewe, en demonstreer deur, teen alle tradisies in, restaurante vir blankes te besoek. Word die oprigting van sodanige gelykwaardige geriewe egter beplan, is die reaksie kenmerkend dié van 'n inferioriteitskompleks:

"Apartheid restaurants for Coloured people in Central Cape Town would not be welcomed by very many Coloured people ... There is even the possibility that such restaurants — for non-whites only — would be boycotted by some Coloured people... Dr. R.E. van der Ross, educationist and a well-known Coloured personality, said today: 'The need in Cape Town is not primarily for a place where Coloured people can have tea/....."

1) U.G. No. 54, 1937, par. 31, p. 14.

"tea and buns while shopping in the city' ... The urgent need was for places where people of different races could get together." 1)

— waar die skeidslyne dus afgebreek en 'n brughoof gevorm kan word vir infiltrasie na die oorkant toe — 'n miskenning en ontvlugting van die self.

Hierdie basiese onwetmatigheid in die houding van die Kleurling manifesteer hom verder daarin dat, terwyl hy homself minderwaardig gevoel, hy dit met alle grade van heftigheid na buite toe ontken. Hy maak met groot gebaar aanspraak op gelykwaardigheid en soek dan op grond daarvan integrasie met die blanke; en dit is juis hierdie soeke — wat wesentlik 'n soeke is om in die blanke op te gaan — wat nou op sy beurt die innerlike minderwaardigheidsgevoel implisiet verraaï. In hierdie lig kry die getuienis van die Wilcocks-kommissie sy eintlike betekenis: „Hulle voel veral dat hulle hoegenaamd nie inherent minderwaardig is nie" 2) en soek dan die bewys daarvoor in die feit dat aan die een kant die sogenaamde „armblankes" se lewenstandaard nie verskil van die Kleurling s'n nie, en dat daar baie Kleurlinge is wat daardie standaard inderdaad verbygesteek het, terwyl aan die ander kant dié Kleurlinge wat onder die blankes opgeneem is, daar voortreflik in geslaag het om hulle by die blanke leefwyse aan te pas en onder dié groep in te verdwyn.

Dit is duidelik dat 'n uitgeweke Kleurling wat in Kanada prof. dr. Ronald Forgas geword het, hierdie anomalie ingesien, en sy kleurgenote aangeraai het om nie hulle kleur te verloën nie, maar as Kleurlinge erkenning van hulle prestasies op te eis: 3)

„I believe very strongly that the Coloured people can expedite the judgment of their group by merit, not colour, by claiming their achievements as Coloured people — not by hiding them in passing for White." }

En dan volg dit in soveel woorde:

„In my experience I have found that when people get to know you, they respect you more if you have maintained your own self-respect."

Die feit dat die Kleurling sy minderwaardigheidsgevoel aan sy kleur koppel, bring 'n verdere onwetmatigheid, 'n dualisme in sy persoonlikheid mee, veral ten opsigte van apartheid. Aan die een kant is die Kleurlinggemeenskap byna eenstemmig in hul afkeuring van die beleid van sosiale skeiding of apartheid en beroep hulle selfs op religieuse gronde om hul standpunt te stel.

Dit/.....

1) Cape Argus, 28.11.60, p. 7, col. 6.

2) U.G. No. 54, par. 31, p. 14.

3) Apartheid the Direct Cause of Coloured Disunity. The Cape Argus, 17. 8.60, p. 7, col. 1.

Dit sou dan onchristelik wees om hierdie soort van onderskeid te maak, 'n siening wat gerugsteun word deur 'n humanisties-opportunistiese Skrif-interpretasie soos dié hom voordoen by 'n ryke verskeidenheid van kwasi- en ander teoloë wat om 'n ewe ryk verskeidenheid van redes juis die Suid-Afrikaanse forum kies om hul standpunte te stel. Omdat dit tot sover die Kleurling pas, praat hy graag hierdie denkwyses na, maar slaag nie altyd so goed daarin om te beseef dat dit eintlik 'n geval is van „Geneesheer, genees jouself" nie, want

„Sy eie lewe staan streng onder die oorheersing van apartheid. Sy klassestelsel, byvoorbeeld, verbied dat die Kleurling met gladde hare trou met een met kroeshare ... Ons het dan die dualisme wat alle verskille of differensiëring veroordeel, maar self verskille binne eie geledere toelaat en erken." 1)

Al hierdie ongerymdhede in die geestesamestelling van die Kleurling kan alleen doeltreffend verklaar word as dit gesien word teen die agtergrond van 'n deurlopende minderwaardigheidsgevoel wat die Kleurling vir homself rondom sy eie kleur, rondom die sigbare faktore wat hom van die blanke onderskei, opgebou het.

(b) Aanhanklikheid.

Baie nou verwant aan sy minderwaardigheidsgevoel is die verskynsel van aanhanklikheid onder die Kleurlinge. Omdat hy homself minderwaardig ag, kom hy ook vir homself onselfgenoegsaam voor en soek hy aansluiting en aanvulling by ander groepe.

Uit die aard van die saak soek hy hierdie alliansie primêr by die blanke. Dit is eers dan wanneer die Kleurling bevrees raak dat sy soeke dáár nie slaag nie, dat hy, onselfgenoegsaam soos hy wesentlik is, voelers in ander rigtings begin uitstuur. Dit was die geval met die Anti-C.A.C.-beweging in die vroeë veertiger jare wat in die totstandkoming van die Kleurling Adviesraad die finalisering van die Kleurling as Kleurling en sy gevolglike behandeling as 'n aparte identiteit voorsien het. Dit het die eertydse populêre gedagtestroom — deurvleg met wensdenkery en dagdromery in die rigting van infiltrasie, integrasie en assimilasie — plotseling gestuit en dié mense is op amptelike vlak voor die harde feit van hulself gestel, hulself as 'n afsonderlike entiteit benewens die blankes. Hiervoor was die Kleurlingpersoonlikheid toe, soos tans, nie ryp nie, en ook nie te/.....

1) Ben Conradie: Die Blanke en die Kleurling, in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, S.A.B.R.A., April 1952, p. 34.

te vinde nie. ¹⁾ 'n Revolusionêre gevoelsweerstand is ontketen waardeur die primêre geneentheidsobjek nou die voorwerp van haat gemaak is. Die stigting van die Adviesraad het dit by die Kleurling tuisgebring dat die blanke nie sy geledere vir 'n ongekwalfiseerde opname van Kleurlinge oopstel nie. Daardeur is sy hoop verydel, sy ideale verpletter en sy eer gekrenk. Hy is verneder en beledig. In die woorde van 'n eerlike Kleurling-universiteitsdosent lui dit só:

„Die grootste by die Kleurling is om te ontkom aan die vernedering wat sy lewensomstandighede meebring. Hierdie gedurige gevoel van vernedering kan óf verbittering en haat by die Kleurling teweegbring ... óf die Kleurling kan die houding aanneem ... van agitator.” ²⁾

Soos dit van 'n gekrenkte, onselfgenoegsame persoonlikheid te wagte is, soek hy 'n bondgenoot en middele om terug te slaan en wraak te neem op die een wat hom veronreg het. En daartoe leen die aanwesigheid van die Bantoebevolking wat in Suid-Afrika 'n aktuele gevaar vir dit witman uitmaak, hom by uitnemendheid. Dit verbaas dan ook niemand nie dat die Anti-C.A.C.'s tesame met ander gegriefde verenigings gemene saak met die Bantoe maak om hulle in 'n gesamentlike radikale organisasie op die witman te wreek nie.

Dit is ook dieselfde beweegredes wat later, na die stigting van die Departement van Kleurlingsake, die aanname van apartheidswette en ander maatreëls, dr. R.E. van der Ross en andere, en saam met hulle die T.E.P.A. wat tot dusver redelik gematigd was, in 1961 daartoe gelei het om 'n „Coloured National Convention” te belê wat gesamentlike optrede met die Naturelle moes oorweeg. ³⁾

Waar hierdie verskuiwing in die soeke van 'n bondgenoot om sy eie onvolkome, onselfgenoegsame persoonlikheid aan te vul, saamval met die „wind van verandering” wat oor Afrika waai en die Bantoe 'n gedugte faktor in politieke oorweginge maak, is die ommeswaai van die Kleurling nie sonder betekenis nie. ⁴⁾

Maar daar bestaan genoeg rede om te glo dat die Kleurling in hierdie soort van opportunistiese alliansiesoekery hoegenaamd nie volkome bevrediging vind nie, en inteendeel self daaroor die ernstigste/.....

1) Vgl. Fortein, C.I.R.: Die Banier, Mei 1961, p. 1, kol. 1.

2) Adam Small: Die Burger, 26. 8.60, p. 4, kol. 7.

3) Die Burger, 16. 6.61, p. 13, kol. 5;
Fortein, C.I.R.: op. cit., p. 1, kol. 1.

4) Vgl. le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge, p. 15.

ernstigste bedenkinge het. Inderdaad is dit 'n suurdruif-motief wat nie sonder die kenmerkende manifestasies daarvan verbygaan nie. In die amptelike orgaan van die T.L.S.A. kan dit niemand ontglip hoe kwalik verbloem gefnuikte aspirasies verskuil lê agter die histeriese „Herrenvolk“-beskuldigings nie.¹⁾ Niemand kan ook enige twyfel hê oor die betekenis van dr. R.H.Forgus se woorde nie:

„But let us assess rationally the motives and present state of the Coloured people. They, we, are torn between Black and White. They fear the power of the former and suspect the sincerity and motives of the latter.“²⁾

Ook dr. R.E. van der Ross het dit hieroor in weerwil van sy konvensie-idees:

„And for us, the Coloured people, to exchange domination by a White majority for domination by a Black majority would be, to say the least, ridiculous,“³⁾

en na die verbode konvensie kom dit weer van sy eie outeur:

„Finally, it should be said that those who believed that there was to be the sign for the all-in integration on all fronts with the African people, were wrong.“⁴⁾

Aan die hand van hierdie indikasies moet tot die slotsom geraak word dat die Kleurlinge in hul poging om die blanke tot ander insigte te bring, besig is om konsessies af te dreig en vir dié doel manipuleer hulle die eintlike vraagstuk van die land, dié van die Bantoe. Daar bestaan meer as blote vermoedens dat hulle in dié poging 'n Frankenstein kan skep wat vir hulle veel meer as vir die blanke, baie duur te staan mag kom. Dit word deur sommige van hulle self ingesien, en C.I.R. Fortein sê dit tewens met soveel woorde:

„The leaders of the National Convention Movement are creating a dangerous and explosive situation that will have far-reaching consequences. The movement will no doubt be the Coloured people's national Frankenstein ... Now they dance to the tune to win the blessing and favour of the African National Congress and Pan-Africanists!“⁵⁾

Wesentlik dan is die Kleurling vanweë sy minderwaardigheidsgevoelens, 'n onvergenoegde, onselfgenoegsame, aanhanklike mens. Hy is egter terselfdertyd deur en deur westers georiënteer en sien/.....

-
- 1) The Educational Journal, enige uitgawe.
 - 2) The Cape Argus, 17. 8.60, p. 7, kol. 1.
 - 3) The Cape Times, 1. 6.61, p. 10, col. 6,
 - 4) The Cape Times, 13. 7.61, p. 7, col. 6.
 - 5) Die Banier, Mei 1961, p. 1. kol. 1.

sien nie alleen na die blanke op vir die aanvulling van sy onvolkome persoonlikheid nie, maar hy kan ook inderdaad nie anders as om na die blanke op te sien nie.' Insoverre hy op grond van sielkundige, reaksionêre gevoelsbelewenisse, voorgee om uit ongeduld en weerwraak met die Bantoe kant te kies teen die blanke, is daardie pretensie, hoe gevaarlik ook al, onopreg en wesentlik geveins, 'n soort selfbedrog waarmee hy sy primêre begeertes, dié van aanvaarding deur, en integrasie met die blankes probeer afdreig.

(c) Verdeeldheid.

Omdat die selfstandigheid en selfgenoegsaamheid van gees ontbreek, is verdeeldheid onder die Kleurlinge 'n onvermydelike verskynsel.

(i) Motiewe vir Verdeeldheid.

As gevolg van die sentrale gebrek aan selferkenning waardeur die groep as groep geïdealiseer kan word, ontspring daar 'n menigte, 'n haas onoorsienbare aantal, van motiewe en bymotiewe wat maatskaplike bewegings en splinterbewegings vir 'n korter of langer tydperk aktiveer om dan uiteindelik uit te brand soos 'n vallende ster; want die sentrale kragbron, die bestendige inspirasie van 'n diepgesetelde idee — die liefde, agting en ideale verweef om die kernbegrip van die groep — ontbreek.

Hierdie sentrale gebrek wat by ander bevolkingsgroepe nie bestaan nie, maak dit vir die oningewyde moeilik om die Kleurling te verstaan, dermate dat die Sekretaris van Kleurlingsake dit nodig vind om te verklaar:

"An aspect of Coloured life that is perplexing to the casual observer is the amount of disunity and relative paucity of sustained organised effort amongst the Coloured people ... This lack of unity is particularly apparent in the political field, and it is no easy task to establish what really are the feelings of the great mass of the Coloured people." 1)

Die waarheid is dat daar onder Kleurlinge geen geformuleerde of selfs ongeformuleerde sodanige gevoelens is nie. En dit is daar nie, omdat die Kleurling vanweë sy selfmiskenning geen sentrale saambindende idee koester nie, met die gevolg dat elke profeet, of valse profeet, 'n mate van aanhang verwerf. En dit is verdeeldheid.

Dit/.....

1) du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa, p. 19.

Dit is dan geen wonder dat prof. Forgas moes opmerk nie:¹⁾
„As a group, the Coloured people are more divided than even the Africans" en hy is genoodsaak om verder op te merk dat hierdie verdeeldheid onderlê word deur

„a multiplicity of motives among the Coloured people. Some are motivated by hostility, others by lack of self-respect, still others by a desire to be White or to have better jobs. All these originate in the frustration produced by apartheid," 2)

en dít, weet ons, is vir die Kleurling daardie beleid wat hom verhinder om van homself te ontvlug.

(ii) Verskeidenheid van Organisasies.

Onder sulke omstandighede moet die vorming van 'n groot verskeidenheid van bewegings, unies, organisasies, ligas, assosiasies en dies meer verwag word: „Over the years different Coloured organisations have come into being," en, veral is te verwagte:

„It has never been possible to determine with any degree of exactness just how many people the different organisations have represented or represent today." 3)

Die eerste organisasie van betekenis wat tot stand gekom het, is die „African People's Organisation" (A.P.O.) wat in 1902 gestig is „met die doel om die politieke regte van Kleurlinge in die noordelike kolonies te bestendig." 4) Alhoewel hierdie vereniging vir alle nie-blankes oopgestaan het, was die lede daarvan hoofsaaklik Kleurlinge. Dit het oor baie takke beskik en volgens aanspraak ook 'n wye aanhang gehad. Benewens hierdie organisasie was daar die „Teachers' League of South Africa" (T.L.S.A.) waaroor dr. I.D. du Plessis eufemisties berig:⁵⁾

„As in all communities containing a large backward section, the educationist often takes the lead, and so we find that the T.L.S.A. ... gave attention to matters not limited to education..."

Alhoewel hierdie twee organisasies aanvanklik gematigd was, het 'n radikale ommekeer in 1943 met die stigting van die Kleurling Adviesraad ingetree. Hulle het hierin die stigting van 'n Departement van Kleurlingsake, en daarmee die einde van hul drome om onder die blankes in te verdwyn, voorsien, en 'n versetbeweging, die „Anti-C.A.C.'s (Coloured Advisory Council), het tot stand/.....

1) Apartheid the Direct Cause of Coloured Disunity, The Cape Argus, 17. 8.60, p. 7, col. 1.

2) Ibid.

3) du Plessis, I.D.: ibid.

4) Botha, D.P.: Die Opkoms van ons Derde Stand, p. 99.

5) Ibid.

stand gekom. Aanhangers hiervan het in die geledere van die A.P.O. en die T.L.S.A. infiltreer, beheer oorgeneem, met die Bantoe-radikale saamgespan en die „Non-European Unity Movement" (N.E.U.M.) gestig.¹⁾

Ondertussen egter het die Kleurling Adviesraad ook sterk ondersteuning geniet, en hierdie seksie het 'n kontra-liggaam georganiseer en die „Coloured People's National Union (C.P.N.U.) gestig, terwyl daar ook 'n kontra-onderwysersvereniging die lig sien, tewete die „Teachers' Educational and Professional Association" (T.E.P.A.).

Hierdie twee liggame het vir 'n tyd lank 'n tuiste gebied vir die gematigde Kleurling-intelligentsia. Met die verandering van die regering in 1948 het die poppe opnuut begin dans. In 1950 het die Kleurling Adviesraad in sy geheel bedank en die Subdepartement van Kleurlingsake is in 1952 gestig. Hierdeur is die C.P.N.U. erg verswak en verdeeldheid het in sy geledere ingetree.²⁾ Van nou af aan gaan T.E.P.A. stadigaan dieselfde weg op as die T.L.S.A. en hel geleidelik oor na links, neem die voortou by die organiseer van 'n konferensie vir September 1953 waar 'n nuwe liggaam, die „South African Coloured People's Organisation" (S.A.C.P.O.) tot stand kom met die oogmerk om 'n wyer verteenwoordigende Kleurling-organisasie te wees.³⁾

Hiermee nog nie tevrede nie, het T.E.P.A. hom in Junie 1961 op die gevaar van skeuring af, vereenselwig met die idee van 'n landwye Kleurlingkonvensie wat samewerking met ander nie-blanke groepe soos die Bantoes moes soek om die regering se Kleurlingbeleid te breek. Dit is opmerklik hoe T.E.P.A. hier progressief opgaan in presies dieselfde koers as dié wat ongeveer twintig jaar vantevore deur die T.L.S.A. gevolg is, sodat Booker Lakey moes skrywe: „Their new stand coincides with T.L.S.A. policy, and for this reason, they should again link up with the T.L.S.A." ⁴⁾ Maar die parallel gaan nog verder, want presies dieselfde lot tref ook T.E.P.A.: Net soos sy voorganger verbeur ook hy erkenning van die Kaapse Onderwysdepartement na sy noodlottige kongres van Junie 1961.⁵⁾

Ondertussen was daar onder die Kleurlinge ook diegene wat,
volgens/.....

-
- 1) le Roux, C. du P.: Vooroordele en Sterotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge, p. 13.
 - 2) Botha, D.P.: op. cit., p. 126;
du Plessis, I.D.: op. cit., p. 20.
 - 3) du Plessis, I.D.: ibid., p. 21.
 - 4) Die Banier, April 1961, p. 10, kol. 1.
 - 5) Die Burger, 1. 7.61.

volgens hul teenstanders, om opportunistiese, utilistiese en materialistiese redes, maar volgens hulself uit idealistiese, positiewe en konstruktiewe oorweginge dit gerade geag het om met die Nasionale bewind in Suid-Afrika saam te werk en daaraan openlike steun toe te sê. ¹⁾ Hierdie rigting het ook in 'n organisasie uitgekristalliseer en word die „Kleurling-Volksbond" genoem. ²⁾ Net soos die ander, maak ook hierdie beweging aanspraak op 'n gedugte aanhang terwyl dié aanspraak deur die sterker opposisiebewegings heftig ontken, en die organisasie in sy geheel aan skerp verguising en verdagmakery onderwerp word. ³⁾

Die groot verskeidenheid van organisasies lewer bewys dat die Kleurlinge innerlik erg verdeeld is. Daar is egter sterk bewys dat hierdie verdeeldheid in sy geformuleerde gedaante voornog uitsluitlik tot die meer ontwikkelde gedeelte van die gemeenskap, die Kleurlingintelligentsia met die onderwysers aan die voorpunt, beperk is. Dit is egter terselfdertyd nodig om op te merk dat hierdie verdeelde bewegings soos hulle kom golf na golf, steeds na links beweeg en dat die openlike reaksionêre groep, die N.E.U.M., veral sy aanhangers onder studente en onderwysers vind. ⁴⁾ Dit is verder ook nodig om op te merk dat alhoewel hierdie geformuleerde reaksionêre neigings nog nie tot die breë massas deurgedring het nie, die voorloper daarvan, 'n groeiende, openlike bitterheid jeens die blanke, reeds onmiskenbaar sy verskyning daar gemaak het, veral in die stede. ⁵⁾

Ondertussen duur die verdeeldheid voort, onderling sowel as ten opsigte van die witman, en na alle kante toe is die woorde van dr. I.D. du Plessis ⁶⁾ kenmerkend waar:

„The Coloured people, therefore, remain, as they have been for many years, heavily divided, especially in the political field. There is sometimes much bitterness and vituperation within their ranks, and there appears to be little prospect of this disappearing in the near future."

Inderwaarheid sou dit alleen kan gebeur eers nadat die Kleurling daarin slaag om homself te vind en langs dié weg 'n eie karakteristieke groepsideaal gebore sou word.

(iii)/.....

-
- 1) le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge, p. 14.
 - 2) Die Banier, Januarie 1960, p. 4, kol. 1.
 - 3) van der Ross, R.E.: Persoonlike Onderhoud, Mei 1960.
 - 4) du Plessis, I.D.: ibid.
 - 5) Vgl. U.G. No. 54, 1937, par. 30, p. 14.
 - 6) Ibid.

(iii) Klasseverskeidenheid.

Die verdeeldheid onder Kleurlinge word in die hand gewerk deur die verskynsel van klasse-onderskeiding in die Kleurlingmaatskappy, 'n onderskeiding „wat sterker is as wat die blankes gewoonlik besef.” ¹⁾

Alhoewel dit in die praktyk nie so eenvoudig is nie, kan die Kleurlingbevolking ruweg in drie groepe ingedeel word: Die laagste klas noem die Wilcocks-kommissie „skollies”, daardie groep waaronder misdadigers, gereelde of gewese bandiete, dronkaards, daggarokers en gereelde leeglopers ressorteer. Die tweede klas omvat ongeskoolde en plaasarbeiders, fabriekswerkers en huisbediendes, dié groep naamlik met wie die blankes die meeste in aanraking kom. Die derde en laaste klas bestaan uit betreklik gegoede en opgevoede Kleurlinge insluitende onderwysers, geskoolde ambagslui, onafhanklike werksmense, en, op klein skaal voorasnog, lede van die mediese en regsprofessies, 'n groep met wie die blankes nie so dikwels kontak maak nie. ²⁾

Sommige van die faktore wat klasse-onderskeidings by die Kleurlinge onderlê, is soortgelyk aan dié wat ook by die blankes aangetref word. Hieronder tel ekonomiese status, karakter, morele status, opvoeding en gesinsreputasie, asook die aard en ligging van die woning; maar onder die Kleurlinge werk hierdie faktore op 'n kenmerkende manier, en is dikwels met faktore soos dié van algemene omgangstaal gemoeid. J.D. Bosman wat die gesindhede van opgevoede Kleurlinge in Transvaal ondersoek het, kom tot die gevolgtrekking dat

„Engels vir die Randse Kleurlinge 'n teken van 'n bepaalde beskawingspeil is. Hulle streef dus daarna om die taal van die 'high ups' te praat en aangesien te word vir lede van die hoër statusgroep. Daar is voorts op gewys dat ... Afrikaans nie kwalifiseer as 'n 'geleerde' taal nie en daar neergesien word op Kleurlinge wat Afrikaans praat.” ³⁾

Die bevinding is ook dat die armer klas Kleurling aan die Rand in Noordgezicht woon waar die omgangstaal Afrikaans is. Sodra hulle ekonomiese posisie verbeter,

„probeer hulle wegkom van Noordgezicht na Coronationville waar die huise groot is, die inwoners meer aansien geniet en waar die omgangstaal hoofsaaklik

Engels/.....

-
- 1) U.G. No. 54, 1937, par. 45, p. 16.
2) U.G. No. 54, 1937, parr. 48, 49 en 50, p. 17.
3) Bosman, J.D.: 'n Onderzoek na die Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers en -studente ten opsigte van Onderwys- en Opvoedingsvraagstukke, p. 90.

"Engels is." 1)

Bosman 2) haal tekenend die woorde van 'n Kleurlingskoolhoof aan,

"I have generally found that the Coloured family in the higher income bracket tends to speak English, whereas the lower income group speak Afrikaans. The fact that some speak English can be partly due to snobbery, i.e. they feel that English gives them an enhanced status in their social circle."

Benewens hierdie faktore wat tot 'n mate ook onder blankes in Suid-Afrika in werking is of was, is daar ander wat groeps-onderskeidings bevorder, maar wat spesifiek tot die Kleurlingmaatskappy beperk is. Hieronder kom die verskillende godsdienstige gesindtes ter sprake, veral die teenstelling tussen die Christene en die Slamaaiers wat Moslems is. 3)

"'n Verdere grondslag vir klasse-onderskeiding bestaan in kenmerke van fisiese voorkoms, soos ligtheid van vel, lengte en gladheid van haar (in teenstelling met die 'peperkorrel' van die Hottentot-tipe) wat 'n hoër maatskaplike status meebring. Gepaard met hierdie grondslag is daar verskille van rasseherkoms soos die aanwesigheid van 'n blanke bymengsel..." 4)

Hierdie klasse-onderskeidings bring mee dat die hoër kaste van die laeres afgesonderd raak, onderlinge simpatie verdwyn, en vervreemding intree. Dit spreek onmiskenbaar uit die uiteenlopende houdings wat in verband met biblioteekapartheid by monde van 'n Kleurling, mnr. A.A. Bailey, voor die dag kom:

"Dit is die Kleurlinge van Kaapstad wat die groot bohaai gemaak het oor aparte biblioteke vir blankes en Kleurlinge. Ek meen dat die mense wat beswaar gemaak het, nie meer Kleurlinge is nie ... Dit is intellektuele Kleurlinge wat nie die gewone Kleurling erken nie." 5)

(d) Gebrekkige Groepsidealisme.

Die selfmiskenningsverskynsel soos die hom onder andere in veelvuldige vorms van verdeeldheid onder die Kleurlinge openbaar, bring mee dat die Kleurling nie 'n groepsolidariteit aan die dag lê soos dit onder die blankes, Indiërs of Bantoes bekend is nie.

(i) Groepsgevoel en Nasionalisme.

Waar as gevolg van selfmiskenning en
selfveragting/.....

1) Ibid.

2) Ibid., p. 91.

3) U.G. No. 54, 1937, par. 51, p. 17.

4) Ibid., par. 52, p. 17.

5) Die Burger, 22. 6.61, p. 3, kol. 1.

selfveragting groepsontvlugting die eintlike ideaal word, spreek dit vanself dat daar vir groepsolidariteit geen plek vir bestaan is nie. Insteede daarvan kom die gesindheid, begeerte of geestelike tendens tot groepsontbinding. Dit is 'n innerlike negatiewe en destruktiewe, en eintlik 'n doodsdwang ten opsigte van die groepsbestaan wat hom by die Kleurling aan die noulettende waarnemer opdring. Hy duld slegs die bestaan van sy groep insoverre hy dié vir sy eie bestaan en lewenswelsyn nodig het; want sy groepslidmaatskap is nie vir hom 'n bron van vreugde of trots nie. Inderwaarheid is dit vir hom 'n ongelukkige feit wat hom in sy ideale kniehalter, strem en aan bande lê. Die groep is dus terselfdertyd nodig maar ook 'n las, 'n soort noodsaaklike euwel.

Waar die Kleurling homself nie wil aanvaar nie, spreek dit dan vanself dat hy ook sy groep nie wil aanvaar nie, met die gevolg dat die groepsgevoel ontbreek. Die Kleurling bou nie vir hom ideale en drome rondom sy eie groep op nie. Hy is vooras-nog van binne-uit nie in staat om sy groep te idealiseer nie.

In noue verband met die afwesigheid van 'n groepsgevoel staan ook die belewing van 'n gevoel van nasionalisme. Nasionalisme kan alleen gedy in die atmosfeer van 'n samehorigheidsgevoel wat hom binne die groep kenbaar maak. Waar die samehorigheidsgevoel ontbreek, is die bestaan van nasionalisme wesenlik onmoontlik.

Die Kleurling het hierdie samehorigheidsgevoel nog nie, en dit gaan dus hier oor 'n fundamentele gebrek in die boustowwe vir die vorming van die Kleurlingpersoonlikheid. Weliswaar is daar enkelinge onder die Kleurlinge wat hierdie gebrek insien, en hulle angsvallig daarvoor beywer, soos C.I.R. Fortein van die C.P.N.U., wat, soos 'n stem roepende in die woestyn, sê,

"We want a Coloured nationalism... The Coloured people must shed their slave mentality and 'Ham-curse' philosophy and rally to the National call ... The greatest need is for courageous and dynamic leadership with a philosophy of Nationalism and faith in our own convictions ... Thus only a people nationally conscious and resolutely committed to the historic principles of assertive nationalism ... and determination never to sink their national identity, background, traditions and way of life can weather the rising storms of black and white Nationalism in South Africa ... we believe that it is the will of God Almighty, that there should be a central Coloured Nation in South Africa..." 1)

Maar/.....

1) Die Banier, Desember 1959, p. 5, kol. 1.

Maar hierdie denkrigting is vir die meeste Kleurlinge toetaal vreemd, so vreemd soos dit klink in die antwoord van Booker Lakey van Calvinia:

"Any form of group nationalism in a multi-racial society is ... contrary to the laws of God ... It is certainly not the will of God that there should be a central Coloured Nation ... Thoughts of differing nationalisms used in God's name is blasphemy, and it must be remembered that man can be consumed by his own wickedness." 1)

Soortgelyk is die betoog van dr. R.E. van der Ross wat in verreikende sinisme en beskamende minagting van sy eie mense ingeklee word:

"So the Coloured people are still a problem. They just will not become a nation. It is clear that the Prime Minister wishes that they shall become a separate nation ...,"

maar hiervoor is die Kleurling by monde van hierdie leier nie te vinde nie:

"Where the Coloured people have shut themselves off and tried to be a nation on their own, as in the case of the Griquas, they have failed miserably and been reduced to poverty ... Do we want to create this nation? This will make us an isolated, tattered nation of people ... miserably begging at the door of the White man for food. This is the future if we plan a Coloured nation, and if we fall for the idea of a Coloured nation, this will be the grand betrayal." 2)

Dit is duidelik dat die Kleurlingbevolking voorasnog in onvermoë bly om die nasionale emosie te deurgrond wat Moses beweeg het om die lot van 'n slawevolke te verkies bokant die weelde van 'n vreemde paleis, en dit omdat die slawevolke sý volke was.³⁾ Dat ook op nasionale gebied bloed dikker is as water, het nog nie tot hulle deurgedring nie.

(ii) Groepsaktiwiteite.

Omdat die groepsolidariteit, -gevoel en -trots ontbreek, omdat daar geen besielende nasionale gevoelsbelewennisse ervaar word nie, word daar ook geen diepe gevoelservaring opgedoen oor die heil en welsyn van die groep nie, en word geen besondere verantwoordelikheid teenoor die groep besef of aanvaar nie. Hierin setel die volslae gebrek aan maatskaplike verantwoordelikeheidsin wat enige waarnemer opval. Ten spyte/.....

1) Die Banier, Februarie 1960, p. 2, kol. 1.

2) van der Ross, R.E.: The Cape Times, 24. 8.61, p. 10, kol. 6.

3) Ex. 2 : 11-15.

spyte van menigvuldige politieke en semi-politieke organisasies, verskeie sportliggame en enkele kultuurverenigings soos die „Eoan-Group" wat verdienstelike werk lewer, is dit op die terrein van maatskaplike opheffingsdienste 'n gans ander storie. Daar is 'n byna totale

„gebrek aan gemeenskaplike strewe en organisasie onder hulle ... en die Kaapse Kleurlinge klae self oor die moeilikheid om hulle mense sover te kry om met mekaar saam te werk, veral in groter organisasies." 1)

Die hoogste en mees verstommende demonstrasie van die graad van sosiale onverantwoordelikheid en die kringe waarin dit bestaan, het hom voorgedoen in die klassieke geval van die Kaapse Kleurlinggeneesheer wat die uitbreiding van die bloedoortappingsdiens na die Kleurlinggemeenskap teëgegaan het met die kreet, „Laat die blankes vir ons bloed gee!" 2)

Oor hierdie opvallende gebrek aan ondernemingsgees om homself te help, tref Ben Conradie 'n vergelyking tussen die Kleurlinge en die blankes en sê: 3)

„Alhoewel die Kleurling in sekere opsigte die reg het om gegriefd te voel oor die omvang en aard van dienste wat aan hom deur die blanke verskaf word, word 'n mens getref deur die byna algemene gebrek aan teenprestasie aan die kant van die Kleurling. Wanneer 'n teenprestasie wel aangetref word, is dit dikwels op aansporing van 'n blanke."

Hy wys daarop hoedat verarmde blankes deur hul volksgenote opgehelp is deur hul krag in te gooi in omvangryke rehabilitasie-aksie.

„Soek 'n mens na iets soortgelyks by die Kleurlinge, dan vind jy dit in die reël nie. Hulle is geneig om maar voortdurend die oog op die blanke te hou en om steeds meer en beter dienste te eis." 4)

Terwyl baie blankes uit 'n posisie van knegskap tot selfstandige plaaseienaar gegroei het, word so-iets onder Kleurlinge nie aangetref nie, en dit terwyl daar geen wetlike hindernis in Kaapland bestaan om hulle dit te belet nie. Op die bewering dat die blankes hulle in 'n permanente minderwaardige posisie geplaas het, sê Conradie 5) die bedenkingswaardige woorde „dat daar in die lewe nie so-iets bestaan dat eengroep 'n ander groep in 'n ysterkou gevange kan hou nie."

Baie/.....

1) U.G. No. 54, 1937, parr. 42 en 44, p. 16.

2) Bester, F.A.: Doe Khoisan Bydrae tot die Geestesvorming van die S.A.Kleurling, p. 10.

3) Die Blanke en die Kaapse Kleurling in Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, S.A.B.R.A., April 1952, p. 35.

4) Conradie, Ben: ibid.

5) Ibid., p. 35.

Baie na verwant aan hierdie gebrek aan 'n positiewe bystandsprogram van die Kleurling ten bate van sy eie mense, is die onverskilligheid ten opsigte van sedelike misstande en misdadaverskynsels in sy groep. Terwyl die Kleurling verwag dat die blanke hom aan sekere morele beginsels moet hou, is die Kleurlinge geneig om diegene wat hulle vergryp, te beskerm en 'n kleed van helde-verering om hom te hang. Daar is grondige rede om te glo dat baie Kleurlinge onder die leirsklas die slagoffers van ontug en drankmisbruik is en

"die vraag ontstaan of daar ooit teen hierdie dinge uit 'eie Kleurlingoortuiging en -geledere 'n stryd aangeknoop word." 1)

Hierdie neiging van die Kleurling om misdadigers in sy geledere te beskerm, is 'n heel algemene verskynsel wat nie net in 'n wydverspreide antipatie teen polisie-optrede van watter aard ook al, te voorskyn tree nie, maar wat dikwels teen die hele orde en wetstelsel van die land gemik is. Dit blyk enersyds in die woorde van die akademiese geleerde wat dit het oor die arrestasie van 'n oproermaker wat hom op 'n ondermynende vergadering teen die gereg verset:

"I saw violent man-handling, flashing truncheons descend on a surging mass of people, struggling crowds. I saw the arrested man's little child carried away sobbing as her father was taken by the police." 2)

Wesentlik verskil hierdie beriggingwing geheel en al nie van die Kleurlinghuismoeder wat 'n mede-huismoeder verkwalik omdat sy 'n leerling wat diefstal gepleeg het, aan die prinsipaal rapporteer: „Waarom steek jy die bruinkind vas by die witman?"

Op beide stoflike en geestelike terrein word die Kleurling voorasnog gekenmerk deur 'n sonderlinge vorm van onvolwassenheid en onverantwoordelikheid wat alleen enigermate verstaanbaar is wanneer dit in verband gebring word met sy onvolwassenheid as groepsmens, as groepskleurling, wanneer dit gesien word as deel van sy volgehoue weiering — miskien selfs onvermoë — om homself in daardie hoedanigheid onder sy eie mense te aanvaar; as uitvloeisel van sy gebrekkige groepsidealisme.

(iii) Gebrek aan Leiers.

Groepsidealisme, -trots, -solidariteit en -optrede is aangeleenthede wat onafskeidelik verbonde is aan leierskap. Geen volk kan gedy sonder leiers nie. Groepsidealisme en/.....

1) Conradie, Ben: op. cit., p. 36.

2) van der Ross, R.E.: Many roused to think, in die Cape Times, 15. 6.61, p. 10, kol. 6.

en die leier staan inderdaad onderling in wederkerige kausale verband. Dit is die groepsideale wat die leier besiel, inspireer en na vore dwing. Die leier op sy beurt formuleer die ideale, gee daar gestalte aan en word inderwaarheid self die persoonlike vergestaltung daarvan. Hy is die man wat die groepsfantasie beetpak en deur die groep gevolg sowel as gestoot word in die rigting waarheen die ideale dit wil. Daar moet dus ideale wees om leiers te maak en daar moet terselfdertyd leiers wees om die ideale te versinnebeeld en om gemeenskaplike optrede tot die verwesenliking daarvan aan te voer.

G. Eloff sê hieroor,¹⁾

„Die potensialiteit om massiewe karakters, leiers op kulturele, maatskaplike en wetenskaplike gebied voort te bring in so 'n getal dat hulle immer op die nodige oomblik daar is, is 'n spesiale raskenmerk van sekere rasse. En hierdie vermoë ontbreek by die swart rasse geheel en al.”

Dit is ook van toepassing op die Khoisan-volkere en I.S. Schapera²⁾ voer die gebrek aan leierskap en sosiale organisasie onder die Hottentotte terug tot by die Boesmans. Langs hierdie weg is dieselfde gebrek op die mengelvolk van Suid-Afrika oorgeplant.

„Dit blyk dat die Kleurling ... nie die groot inspirerende beginsel wat die bron van soveel goeds op allerlei gebied is, besit nie, nl. rassegevoel en rassetrots.”³⁾

Daar word soms allerlei verklarings gesoek vir die klaaglike gebrek aan leiers wat deur die Kleurlingmasse as sodanig aanvaar word, en onder andere word as belemmerende faktore genoem die prestige van die blanke en die gewoonte om na blankes op te sien vir leiding, die geloof dat die blanke meer invloed het, die gebrek aan vrye tyd by die Kleurlinge om hulle met leiersaktiwiteite besig te hou,⁴⁾ en die vervreemding tussen die intelligentsia en die massa as gevolg van die klassestelsel.⁵⁾ Hierdie vervreemding tussen die massa en diegene wat vanweë hul ontwikkeling waarlik in staat is om leiding te gee, word deur die Kleurlinge self ook besef. In Februarie 1960 skrywe Die Banier:⁶⁾

„Laat ons reguit praat: daar is by die groot massa
van/.....

1) Rasse en Rassevermenging, pp. 88-89.

2) The Khoisan Peoples of South Africa, p. 76.

3) Eloff, G.: op. cit., p. 96.

4) U.G. No. 54, 1937, par. 55, p. 18.

5) Vgl. Botha, D.P.: Leierskap onder Kleurlingbevolking, in Die Banier, Desember 1959, p. 1, kol. 2.

6) P. 1, kol. 8.

„van ons mense die groeiende gevoel, dat die hoogmoed onder ons 'geleerde Kleurlinge' só groot word, dat hulle skaam is vir hulle eie rasgenote wat minder met geld en wysheid bedeel is. Dit is 'n treurige toestand.” ✓

Dit word ook deur 'n besoekende uitgeweke Kleurling in die persoon van dr. R.H. Forgas opgemerk en afgekeur:

„The Coloured people need proper leadership ... The learned Coloureds only associate with each other and pay no attention to the less educated which they might help to reach a higher level. Should the Coloured people of the Union stand together with their intellectuals as leaders, they would have a chance of improving their standard of life. Now they don't. 1) ✓

Maar dit is duidelik dat al hierdie faktore nie na die diepte deurdring, die ding op sy naam noem en so die kern van die vraagstuk raak nie. Elkeen hiervan is, net soos die gebrek aan leiers self, 'n byverskynsel, 'n sekondêre omstandigheid wat wesentlik deur 'n verdere primêre kausale grond onderlê word. Hierdie primêre oorsaak is die selfmiskenning van die Kleurling wat in die eerste instansie veral via die Khoisan-element potensieel verskuil lê in hereditêre neigings, en in die tweede instansie aangewakker word deur omgewingsinvloede in die staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, sedelike en opvoedkundige status quo van die land.

Die Kleurlinge het dus nie leiers nie omdat daar geen enkele algemeen aanvaarde groepsideaal is waarheen die leier kan lei nie. Daar is geen karakteristieke dierbaargeworde sentrale gedagte waaraan die leier vergestaltung kan gee nie. Groepsidealisme, groeps- of rassetrots, nasionalisme is almal ná-verwante verskynsels wat alleen kan bestaan as die enkeling, en deur hom die groep, homself aanvaar. Maar dit doen die Kleurling nie:

„Dit is juis hierdie weiering om homself te aanvaar en die bestendige strewe om iets anders te wees as wat hy werklik is, wat leierskap onder die Kleurlinge onmoontlik maak. Leiers immers beliggaam die verpersoonliking van waardes en ideale wat die volk as sy eie op nasionale grondslag aanvaar, en met homself as volk vereenselwig. Sodanige waardes en ideale koester die Kleurling voorasnog nie binne sy eie kring nie.”²⁾ ✓

Dit is dan ook nodig om daarop te wys dat die meeste Kleurling-intelligentsia wat pogings tot leiding aanwend, geen positiewe of konstruktiewe boodskap bring nie, omdat hy geen positiewe/.....

1) Die Banier, Julie 1960, p. 1, kol. 2.

2) Bester, F.A.: Doe Khoisan-bydrae tot die Geestesvorming van die S.A. Kleurling, p. 11.

positiewe of konstruktiewe boodskap het om te bring nie. Hy verpersoonlik inderwaarheid die leegheid en gebrek aan 'n positiewe eiendomlike en spesifiek groepsverankerde strewe ten bate van die groep as sodanig. Die leiding van hierdie soort leiers bestaan dan basies uit die lug van griewe, agitاسie en uitskellery. Dit kan nie anders nie want die oogmerk van die leiding is nie groepsopbouing nie, maar wel groepsvernietiging, nie lewe nie, maar die dood: Sy leiding sal met ander woorde geslaagd wees as hy daarin slaag om sy mense suksesvol onder die blankes in te lei sodat hulle ophou om as afsonderlike groep te bestaan, en hy saam met hulle. Hiertoe is die blanke bevolkingsdeel nie te vinde nie; en beweging na beweging, organisاسie na organisاسie — eers die A.P.O. en die T.L.S.A., toe die T.E.P.A. en S.A.C.P.O., en 'wie weet later miskien die Volksbond — as hulle voor hierdie feit te staan kom, het dan geen ander boodskap oor as om te raas, te skel en te agiteer nie.

Dit is te verstaan dat iemand wat so 'n mentaliteit nie deel nie, soms kwalik daarin slaag om nie 'n tikkie van ongeduld te verrai nie, en daarom praat P.W. Botha van

„'n klein groepie vokale Kleurlingleiers in Suid-Afrika wat ontvlugting soek van die breë massas van hul eie mense. Dit is 'n klein groepie van hulle ... meesal 'n klein politiekbewuste groep wat hulle wil losmaak van die 80 tot 85 persent Kleurlinge in Suid-Afrika ... Die politiekbewustes soek ontvlugting van hul eie mense. Hulle wil nie Kleurlinge wees nie; hulle wil opgeneem word in die blanke gemeenskap." 1)

Die probleem is natuurlik dat sodra die Kleurling politiekbewus word, word hy die slagoffer van die leegheid binne die eie groep, van die verlammeende leemte aan 'n eiesoortigheidsbesef. 'n Leier kan nie lei as daar nie 'n volk is nie; en 'n volk bestaan nie net uit getalle nie, maar dra ook 'n eie idee. By die Kleurling is die getalle reeds daar, maar nog nie die idee nie. Daarom is die afwesigheid van leiers nie 'n verwyd nie, maar eintlik 'n natuurlike, onvermydelike wetmatigheid.

(e) Die Oorgangstrewe.

Dit is teen hierdie tyd duidelik dat dit eintlik nie korrek is om te sê dat die Kleurlinge nie 'n gemeenskaplike strewe het nie, want daar is wel so 'n begeerte wat potensieel onder Kleurlinge 'n universele verskynsel is, die strewe naamlik om in die blanke gemeenskap opgeneem te word; maar hierdie strewe/.....

1) Die Banier, Februarie 1961, p. 1, kol. 3.

strewe het geen positiewe, en vir die Kleurlinggemeenskap, konstruktiewe inhoud nie, aangesien dit wesentlik die kulmineringspunt van selfnegasie, die selfmiskenningsverskynsel onder Kleurlinge is.

(i) Die Verlange.

Die begeerte om die oorgang te maak, is 'n bekende feit wat deur alle ingeligte blankes en nie-blankes toegegee word. Dit bestaan oor alle fronte van die Kleurlingmaatskappy, by klein en groot, eenvoudiges en ontwikkeldes, stad en platteland. Dit word somtyds onbewus verrai en dikwels openlik erken.¹⁾ Hierdie begeerte spreek uit die aansien wat diegene in die Kleurlinggemeenskap geniet wat ligter van vel en gladder van haar is. Dit is daardie motief wat selfs die toeskouers om 'n bokskryt sonder uitsondering beweeg om die kant van die bokser wat ligter van kleur is, te kies en sy prestasies toe te juig. ✓

Dit is dieselfde strewe wat agter die historiese verset teen apartheidsmaatreëls soos persoonskaarte, ontugwetgewing, groepsgebiede, en aparte kieserslyste en universiteite lê.²⁾

Dit is hierdie oorgangstrewe wat menige Kleurlingvrou se begeerte om 'n kind van 'n witman te hê, onderlê, en wat haar ook die geredelike prooi van blanke wellustelinge maak.³⁾ Dit is die ongeformuleerde dryfveer agter die bekende kompliment wat deur C. du P. le Roux verhaal word:⁴⁾

"Die eerste wat Kleurlingmoeders glo sê wanneer hulle na 'n pasgebore baba gaan kyk, is, 'maar dit is 'n mooi wit kind'." 5)

Die suiwerste en sterkste uitdrukking van die verlange wat by die Kleurling bestaan om wit te wees, is dié wat in die verse van die volksmond sowel as dié van die digter leef. Hier neem dit gewoonlik enersyds die vorm van ontevredenheid oor die eie kleur aan. Pateties en kinderlik en lomp weliswaar, klink dit in die belydenis van die Rehoboth-baster van Suidwes wanneer hy sing,

„Dis/.....

-
- 1) C.I.R. Fortein: We want a Coloured Nationalism, Die Banier, Desember 1959, p. 5;
van der Ross, R.E.: The Cape Times, 24. 8.61, p. 10, kol. 6.
2) Vgl. The Educational Journal, Jan.-Feb. 1961, p. 7; April 1961, p. 1.
3) Vgl. Eloff, G.: op. cit., p. 97.
4) Vooroordele en Stereotypes in die Rassehoudings van Kleurlinge, p. 88.
5) Vgl. Bosman, J.D.: ... Gesindhede van Transvaalse Onderwys..., p. 106.

"Dis treurig om 'n baster te wees,
Dis treurig om 'n baster te wees,
Want iedereen het tog 'n skerp oog
En al wat ek het, is die stem."

Maar rou, ellendig en gruwelik is die klag in die aanvanklike soeke van die digter, tot dit later in wrange berusting versterke in die naderende donker:

"Laat dit dan wees, O Heer, dat ek
'n Duisend jaar gelede teen God
en mens gesondig het...
Dan weet ek nou op U bevel
is hierdie skurfte blootgestel:

"In watter dieptes stankbesmet
en met verrotte lym besmeer
het ek nie daar versleg
dat self U, Heer, van my moes wyk ...
my nie wou reinig van die slyk.

"Laat my dan maar soos Lazarus
tevrede wees met streling van
elk honger honde-tong;
Dan weet ek tog dis U besluit,
die vloekstraf van 'n donker huid.

"As dit u straf is, dat ek so
moet ly, dan wil ek swyg, O Heer;
Leer my berusting dan;
Laat my dan maar my kruisweg gaan,
tot waar ek voor die donker staan." 1)

Sonder uitsondering gaan hierdie pynlike ontevredenheid oor die eie huidkleur andersyds oor in die verlange na 'n witvel, 'n hunkering na die oorkant van die kleurlyn. Weer is dit die singende Rehoboth-baster wat dit in die eenvoud van die volksmond regstreeks sê, en sonder om doekies om te draai:

"Dis beter om 'n witman te wees,
Dis beter om 'n witman te wees,
Dan 'speul' ek self baas
En het geld in my tas
Dan bly ek vet en gesond." 2)

Maar in die vers van die digter met sy meer subtiële seggingskrag spreek die fynere nuanses van die verlange na die oorkant en die onderliggende vrees vir verstoting:

"Weer oor jou drumpel dop
my skaduwee ...
Wil jy my weg voertsek?
Jy hoor hoe skugter klop
ek, nog verleë ...
Ek moet my goed vat-trek?
...
Staan ons nie saamgevleg,
vergoed getwee ...
Jy, en jou bloedbroer, ek? 3)

J.D.Bosman/.....

-
- 1) Petersen, S.V.: Bede, soos in Die Banier, Feb. 1960, p.3, kol.4.
2) Verhaal deur Eloff, G.: op. cit., p. 90.
3) Petersen, S.V., soos aangehaal deur eerw. D.P. Botha: Die Opkoms van ons Derde Stand, p. 50.

J.D. Bosman het die gesindhede van 100 Transvaalse Kleurlingonderwysers en 200 -studente aan die hand van 'n questionnaire ondersoek, en langs dié weg onder andere probeer vasstel wat die houding van hierdie mense teenoor hulle huidkleur is. Hy het bevind dat 41% van Petersen verskil, dat 35% geen beslissende standpunt wou inneem nie en dat 24% Petersen se gevoel onderskrywe, en van hulle merk op dat dit die rede is waarom so baie Kleurlinge graag „wit speel”. Veel meer insiggewend is die verdere bevinding van Bosman dat 69% van die onderwysers begeer dat die Kleurling se vel ligter moet word en van die orige 31% wil meer as die helfte nie graag sien dat dit donkerder word nie. Hierdie syfers van Bosman toon 'n merkwaardige ooreenkoms met die ras- en kleurbegeertes van die leerlinge op Ottery waar gemiddeld 20.1 persent begeer om blank te wees terwyl 53.8 persent 'n witter vel verlang. ¹⁾

Bosman besluit

„dat die Kleurling sensitief is aangaande sy huidkleur ... Daar is meegedeel dat baie Kleurlingouers, wanneer hulle stad-toe gaan, dié kind of kinders saamneem wat lig van kleur en lank van haar is, terwyl die swartetjies en dié met peperkorrelhare moet tuisbly.” ²⁾

(ii) Die Praktyk.

Waar daar so 'n algemene en sterk verlange bestaan om die eie groep te ontvlug en by 'n ander aan te sluit, moet verwag word dat pogings te dien effekte aangewend sal word waar en wanneer omstandighede gunstig is. Die faktor wat omstandighede gunstig maak, is uiteraard die kleur van die vel wat lig genoeg moet wees om ernstige verdenking vry te spring; ook die ekonomiese en opvoedingstatus moet toereikend wees sodat die aspirant sy identiteit nie langs dié weg verraaï, of onassimileerbaar blyk te wees nie. Die voorwaardes vir oorgang vereis dat dit onopsigtelik moet plaasvind sonder om agterdog van die breë maatskappy op te wek.

aa) Wyse van Oorgang.

Waar die oorgang binne 'n bepaalde maatskappy geskied, is dit geen gemaklike taak nie en kos dit veral van die kant van die res van die familie wat nie vir sodanige oorgang kwalifiseer nie, groot opoffering en selfverloëning; want dit beteken dat alle familiebande met 'n onverbidde like finaliteit/.....

1) Vid. Tabel 92, p. 590.

2) Bosman, J.D.: ... Gesindhede van Transvaalse Onderwysers ..., p. 106.

finaliteit verbreek moet word. En dit is merkwaardig hoe lo-
jaal die agterblywendes teenoor hul bevoorregte bloedverwante is
en die swye bewaar.

Binne een en dieselfde gevestigde maatskappy vind die oor-
gang meesal egter nie plotseling in toto plaas nie. Dit is in-
teendeel 'n geleidelike proses van graduele infiltrasie op die
verskillende lewensgebiede. Hieroor skrywe die Wilcocks-kommis-
sie: 1)

„Oorskryding van die lyn' is ... 'n term met 'n seke-
re onbepaaldheid van betekenis. In die eerste plek
bestaan daar grade waarin individue met Kleurling-
bloed van die Kleurlinggroep afskei. In die tweede
plek is daar grade waarin hulle deur die blanke groep
opgeneem word. 'n Individu met Kleurlingbloed kan
byvoorbeeld by die volkstelling as 'n blanke aange-
teken word. Maar dit hoef nie te veronderstel dat
hy as sodanig deur die blanke gemeenskap in die alge-
meen in die maatskaplike en ekonomiese lewe en om-
gang opgeneem word nie. Tog het sodanige opname tot
'n beperkte mate al lank plaasgevind en vind dit nog
plaas, veral, hoewel nie uitsluitend nie, deur blan-
kes wat nie met die feite omtrent die afstamming van
die individu wat die 'oorgang' maak, bekend is nie...”

Benewens hierdie geleidelike infiltrasie in die verskillende
kontekste of fasette van die maatskaplike struktuur binne een en
dieselfde gevestigde gemeenskap, is daar ook die ander metode,
tewete dié van plotselinge, algehele toetrede op een bepaalde mo-
ment. Dit kan 'n revolusionêre oorgang genoem word teenoor die
ander wat meer evolusionêr van aard is.

So 'n revolusionêre verandering kan nie binne dieselfde ge-
vestigde maatskappy plaasvind nie en gaan dus altyd met 'n ver-
andering van omgewing en woonplek, met geografiese verhuising
gepaard. Hiervoor bied die snel-ontwikkellende nywerheidsentra,
soos dié aan die Witwatersrand veral, reeds sedert jaar en dag 'n
uitstekende skuiwergat. 2)

„Voornemende oorgangers verhuis na hierdie gebiede met
die doel om nie hul bloedverwante in verleentheid te
stel nie en om nie deur hulle in verleentheid gebring
te word nie ... Die mense in Transvaal weet nie hoe
na die Kleurling aan die blanke staan nie, en hoe min
verskil daar is tussen die voorkoms van die Kleur-
linge en die blankes nie. Buite Kaapstad is dit by-
na onmoontlik om tussen blankes en Kleurlinge te on-
derskei. Dit is moeilik om vas te stel wie wie is
— en”,

laat dr. O.D. Wollheim, gesien sy liberalistiese affiniteite,
kenmerkend volg, „ek is nie heeltemal seker of dit saak maak
nie/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 119, p. 33.

2) Vgl. Botha, D.P.: Die Banier, Desember 1959, p. 1, kol. 4.

nie." 1)

Dit is ook bekend dat aansienlike getalle Kleurlinge wat dit vanweë kleurbewustheid in Suid-Afrika moeilik sou vind om die oorgang te maak, en wat ekonomies daartoe in staat is, na ander Europese lande, veral Brittanje vir dié doel verhuis. Dit was veral die geval sedert 1948 toe 'n apartheidsregering bewind aanvaar het, en C.I.R. Fortein berig daaroor as volg: 2)

"There is deep down in the hearts of the Coloured people a strong sense of belonging to their European forebears. Their longing to pass into the white community has caused many, after 1948, with the enforcement of Apartheid, to migrate helter-skelter to England ..."

bb) Omvang van die Oorgang.

Dit is nouliks nodig om te sê dat daar geen juiste statistieke oor hierdie soort van verskuiwing binne die rassegroepe beskikbaar is nie, en daar moet met die menings en veralgemenings van ingeligte mense volstaan word. Die eienaardigheid hier is dat die Kleurlinge in verband met hierdie aanleentheid veel beter as die blankes ingelig is:

"Die Kaapse Kleurlinge is hulle goed bewus van wat plaasvind. Vir die individu wat die oorgang probeer maak, is dit egter van belang dat hierdie feit nie bekend moet wees aan die blanke gemeenskap van wie hy 'n lid wens te word nie; sodat blankes uiteraard gewoonlik lank nie tot dieselfde mate daarvan bewus is as die Kaapse Kleurling self nie..." 3)

Hulle is bereid om in die proses van hierdie gebeure die leed van verskeurde familiebande te trotseer. In weerwil van die ingrypende ontwrigting wat dit meebring, geniet so 'n oorgang meesal "die aktiewe samewerking en goeie wense van vriende en bloedverwante." 4)

Dit is nietemin vir ingewydes en ondersoekers 'n bekende verskynsel en in 1937 maak die Wilcocks-kommissie gewag van

"'n toenemende neiging onder die Kaapse Kleurlinge om 'oor die lyn te gaan' ... Daar is voldoende getuigenis dat 'n aantal Kleurlinge reeds die 'oorgang' gemaak het en deur die blanke bevolking opgeneem is ... en dit ly geen twyfel dat dit op 'n aansienlik groter skaal plaasvind as wat deur die meerderheid van blankes gemeen word nie." 5)

Soortgelyk/.....

-
- 1) Die Burger, 5. 7.61, p. 4, kol. 4.
 - 2) Die Banier, Desember 1960, p. 5, kol. 1.
 - 3) U.G. No. 54, 1937, par. 118, p. 33.
 - 4) U.G. No. 54, 1937, par. 53, p. 17.
 - 5) U.G. No. 54, 1937, par. 118, p. 33.

Soortgelyk hieraan is die getuienis van iemand wat jarelange noue voeling met die Kleurlinge het:

„'n Aansienlike getal het na die groot industriële sentra verhuis en veral na die Witwatersrand en daar die blanke wêreld ingevaar. Hierdie proses het volgens my eie ondersoek groot afmetinge aangeneem, sodat daar 'n verbasende groot getal van die Kleurlinggesinne van my gemeente blankes as bloedfamilie het." 1)

Hierdie trek na die besige, onpersoonlike nywerheidsgedrang van die Witwatersrand geskied op groot skaal, en dr. Wollheim sal waarskynlik rede hê vir die omvang wat hy skets:

„Dit is tot so 'n groot hoogte die geval dat daar in Johannesburg meer as vyfduisend Kleurlinge is wat heeltemal gelukkig hierheen geëmigreer het en nou as 'n deel van die blanke gemeenskap hier woon." 2)

Hy voeg by dat hierdie mense as blankes betrekkings bekleë, met blankes trou, en dat die proses vir geruime tyd oor die hele Suid-Afrika plaasvind. 3)

(f) Frustrasie en Verbittering.

Langs die weg van ontvlugting uit sy eie groep deur die kleurgrens oor te steek en die „oorgang" te maak, openbaar die Kleurling sy selfmiskenning en werp hy onwillekeurig 'n ernstige refleksie op sy eie groep. Dit is inderdaad 'n vreesliker vorm van diskriminasie en belediging as wat die blanke ooit in staat kan wees om in die praktyk te bring. En dit word deur Kleurlinge teen Kleurlinge gedoen, met die medewete, goedkeuring en aktiewe samewerking van die agterblywendes. Hierdie emosionele illogika — wat in Suid-Afrikaanse politieke terme alleen 'n analogie kan vind in die volslae absurditeit van Afrikaners wat 'n hanskakie sou bewonder — kan alleen verklaar word uit die feit dat die Kleurling homself totaal misken. Alleen dit kan hom in staat stel om sy eie identiteit en selfrespek so skaamteloos te verloën en die „oorgang" vir hom die onbetwyfelde, algemeen aanvaarde summum bonum te maak.

(i) Aard en Afmetings.

Maar hoe bedenklik ook al, bly dit feit:

„Voorheen het die boonste laag sy heil in ontvlugting (oorgang tot die blanke groep) gesoek. Met die huidige beleid moet hy leer om sy heil in sy eie groep te vind." 4)

Dit/.....

1) Botha, D.P.: Die Banier, p. 1, kol. 4.

2) Die Burger, 5. 7.61, p. 4, kol. 4.

3) Ibid.

4) du Plessis, I.D.: Die Kleurling in die Raamwerk van ons Ras-severhoudinge, S.A.B.R.A. - Tydskrif, April 1957, p. 95.

Dit is hier waar die grondoorsaak vir frustrasie en verbittering gevind word: Aan die een kant die reikhalssende verlange om te ontvlug en aan die ander kant 'n beleid of stelsel wat sodanige ontvlugting teëgaan.

Daar is veral twee faktore wat die oorgang bemoeilik. Die een is sy kleur. Daarom haat die Kleurling enigiets wat met die erkenning van kleurverskille te doen het. Inderdaad bring kleur groter verbittering in sy gemoed as enige ander enkele oorsaak. Dit het geblyk in die ondersoek van C. du P. le Roux¹⁾ waar een van sy getuies deur sy eie moeder weggejaag is omdat hy nie blank genoeg was nie. Geen wonder dat hy kleur as die ondergang van die Kleurling beskou nie.

Die ander faktor wat die oorgang in die weg staan, is die apartheidswette wat sedert 1948 op die wetboek geplaas is. In die onderhawige verband is die belangrikste hiervan seker dié wat op bloedvermenging — hetsy deur middel van ontug, hetsy deur middel van die wettige huwelik — betrekking het;²⁾ dié wat maatskaplike en woonbuurtskeiding beoog, veral die Groepsgebiedewet;³⁾ en ook die Bevolkingsregistrasiewet.⁴⁾ Alhoewel hierdie wetgewing na bewering voorasnog nie daarin geslaag het om die oorskryding van die kleurlyn onmoontlik te maak nie, en sodanige oorskryding nog geskied en waarskynlik voortgesit sal word,⁵⁾ is die proses veel moeiliker gemaak, dermate dat diegene wat aspirasies in hierdie rigting koester, meer en meer genoodsaak is om Suid-Afrika te verlaat.⁶⁾

As die oorgangstrewe, oftewel identifikasiestrewe,⁷⁾ tot sy eenvoudigste vorm herlei word, kom dit op drie fundamentele feite neer: Die Kleurling misken en verwerp homself; hy aspireer om 'n blanke te wees; en die blanke verwerp sy aspirasie. Omdat elkeen van hierdie drie feite met 'n sterk emosie belaa is, is in hierdie situasie alleen reeds aan alle voorwaardes vir frustrasie voldoen. Dit word nou verder aangeblaas deur sosio-ekonomiese faktore van ontoereikende werkgeleentheid en verdere ringseleentheid vir ontwikkelde Kleurlinge binne die blankgeoriënteerde arbeidsmark,⁸⁾ deur die algemene na-oorlogse aftakeling/.....

1) Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge, pp. 88-89.

2) Wette Nos. 55 van 1949 en 23 van 1957.

3) Wet No. 77 van 1957.

4) Wet No. 30 van 1950.

5) Wollheim, O.D.: Die Burger, 5. 7.61, p. 4, kol. 4.

6) Die Banier, Desember 1959, p. 5, kol. 1.

7) Vgl. le Roux, C. du P.: Stereotipes en Vooroordele ..., p.34.

8) Bosman, J.D.: Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers ..., p. 48.

aftakeling van kleurprioriteite, en deur die besondere Suid-Afrikaanse politieke patroon waar agitاسie met behulp van magtige en eensydige persinvloede tot die graad van revolusionêre histerie gevoer word. Onder sulke omstandighede is daar nie alleen oorgenoeg brandstof nie, daar is ook 'n bestendige vonk om te sorg dat die vuurwerk aan die gang bly.

Frustrasie is 'n geesteservaring wat hom alleen op sekondêre wyse, dit wil sê by wyse van 'n simptoom, kenbaar maak, en die belangrikste simptoom is verbittering wat in skeltaal, agitاسie en uiteindelik in opstand of revolusie kulmineer; en onder die Kleurlinge is daar aan skeltaal en agitاسie geen gebrek nie, tot op die grens van laster toe, sodat die Kerkbode moes skrywe: ¹⁾

„Dit ontgaan ook nie ons aandag hoe daar in Die Banier soms bydraes verskyn wat van groot bitterheid en 'n anti-blanke gesindheid getuig nie. Dit is één ding om die belange van die bruinmense sterk te bepleit ... Dit is egter 'n ander ding wanneer al wat 'wit Suid-Afrikaanse Christelike gewete' is, opgeroep word om te 'bloos voor die Hoë Heilige Hemele' op grond van wetgewing waardeur die bruinmense geraak word. Hieraan word toegevoeg dat Suid-Afrika hierdie wette gemaak het, nie tot groter heerlikheid van God nie, maar tot groter heerlikheid van 'n Wit God wat gereed staan om die witman se eie nageslag te verrai.'"

Dit val op dat hierdie bitterheid nie net tot die sogenaamde ekstremistiese, revolusionêre elemente beperk is nie, maar dat dit kwalik verberg kan word deur baie gematigde leiers soos C.I.R. Fortein, George Golding, Booker Lakey en andere wat gereelde bydraes tot „Die Banier" lewer en hierdie mense is ingesluit wanneer daar baie diplomaties vermaan word: „Dis nie onbegryplik dat daar meer bitterheid onder ons woon as wat die meeste blankes besef nie." ²⁾ Wie sal dan verbaas wees as minder ewewigtige geeste so-lies kwytraak:

„I am an animal called man ... I hate apartheid and the whole of the Colour Bar; I must perforce oppose it bitterly with all my strength. I despise the Government as tyrants; I cannot parley with it on conditions and lines which it determines," ³⁾

en

„Daar ontstaan geleidelik 'n bitterheid in 'n mens wat oorgaan in intense haat teenoor die mense wat jou jou tuiste/....." [✓]

-
- 1) Woensdag 19. 7.61, No. 3, Jaargang 113, p. 68, kol. 2.
2) Die Banier, Julie 1960, p. 1. kol. 1.
3) Die Banier, April 1961, p. 2, kol. 8.

"tuiste ontnem het ... As 'n mens 'n Kleurling is, haat jy nie net die Regering daarvoor nie, maar alle blankes." 1)

Weereens moet daarop gewys word dat in hierdie woede 'n onegte klank is, 'n soort sielkundige ikonoklasme wat nie van 'n roekelose suurdruwe-wraak losgemaak kan word nie. Dit gaan hier naamlik om 'n ambivalente persoonlikheid wat innerlik verdeel en die slagoffer van hewige konflikte is. Hierdie konflik-situasie word onderlê deur die feit dat die Kleurling lid van een groep, sy lidmaatskapsgroep, is, maar 'n ander groep idealiseer en hom daarmee in sy soetste drome vereenselwig, sy oriëntasie- of identifikasie-groep. Word hy uit hierdie drome wakker gemaak, gaan dit met 'n diepe leed gepaard wat vir hom grens aan heiligs kennis. Dit is hierdie hartseer wat C.I.R. Fortein so beheersd, en daarom so aandoenlik, formuleer:

"To the ordinary Coloured people in general, the Nationalist rule meant the end of a dream, an ideal and sense of belonging. They rightly felt that they were being turned adrift ... by their erstwhile White forebears. This was to them a great disappointment, setback and natural sense of grievance and frustration, which cast a dark cloud and shadow over their lives." 2)

Hierdie hartseer is die wesentlike gevolg van die duale verankerung, die ambivalente grenspersoonlikheid, wat so maklik in 'n ander uitingsvorm, die van kwasi-woede, -vyandskap en -haat kan oorslaan; wat meebring dat hy enersyds van die blanke Afrikaner hou en hom andersyds haat:

"Een oomblik is die blanke selfsugtig, vertel leuens, huigel ... Die volgende oomblik hou hy van die blankes en dink hy soos die blanke en behoort hy by die blankes;" 3)

wat in die teken staan van

"'n geestelike konflik sowel as 'n duale selfbewustheid en identifikasie. Aan die een kant is daar die onverkrygbare blanke wêreld ... aan die ander kant sy lidmaatskapsgroep ... Hierdie gespletenheid deursuur sy denke. Soms word sy oriëntasie-groep geïdealiseer, die volgende oomblik gehaat en verag. Sy lidmaatskapsgroep is een oomblik vir hom 'n plek van beskerming, dan weer 'n gevangenis, iets wat vervloek is." 4)

(11)/.....

-
- 1) Kearns, N.S.H.: Soos gerapporteer deur Die Burger, 25. 7.61, p. 6, kol. 6.
 - 2) Die Banier, Junie 1960, p. 1, kol. 2.
 - 3) le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes ..., p. 78.
 - 4) Ibid., p. 89.

(ii) Onderskeiding tussen Blanke Volksdele.

Die frustrasie wat hierdie verbittering en botsende gevoelsbelewenisse meebring, kom, soos reeds aangetoon is, as gevolg van die Kleurling se selfmiskenning en innerlike begeerte om blank te wees; maar hierdie begeerte word gefnuik deur sy huidkleur enersyds en die weiering van die witman en sy wetgewing andersyds. Dit bring verbittering teenoor sy eie velkleur aan die een kant — „die vloekstraf van 'n donker huid" — maar ook verbittering teenoor die witman aan die ander kant wat weier om hom te ontvang.

Dit is op hierdie stadium nodig om in te gaan op die vraag in hoeverre die Kleurling sy verbittering rig op één of albei van die twee blanke volksdele.

Daar is 'n sekere seksie onder die Kleurlinge wat antipatie openbaar teenoor die blanke in die algemeen en wat weier om te erken dat hulle die een of die ander bevolkingsdeel daarvoor uitsonder. Dit is in hierdie verband dat dr. Erika Theron skrywe:¹⁾

„Omdat daar by die meeste van ons nie voldoende belangstelling vir die Kleurlinge is nie, besef ons nie hoe verbitterd veral die ontwikkeldes onder hulle voel teenoor die blankes nie ... Die gevoel geld vir Afrikaans- sowel as die Engelssprekendes. By 'n byeenkoms van 'n groepie blankes met 'n aantal Kleurlingonderwysers is laasgenoemde gevra wie hulle die minste vertrou, die Engelse of die Afrikaners, en sonder aarseling was die antwoord: Die Engelsman vertrou ons net so min soos die Afrikaner — die Engelsman skop ons net van agter.” ✓

Tydens 'n onderhoud met 'n gesiene Kleurling-onderwysman het hy baie verbitterd gepraat teen die blankes en dit is aan hom gestel dat so 'n bitter gevoel tog seker net die Afrikaners geld en nie die Engelssprekendes nie. Sy antwoord was: „Vir die Afrikaner is ek 'n verdomde Hottentot en vir die Engelsman 'n 'blooming Nigger'. Wat is die verskil?”²⁾ ✓

Veral by reaksionêr-gesindes word daar geen onderskeid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes gemaak nie, en dieselfde venyn word ewe kwistig na alle kante toe uitgedeel.³⁾ Maar by die massa, selfs in ontwikkelde kringe, is daar baie duidelik groter weersin teen die Afrikaanssprekende as teen die Engelssprekende. J.D. Bosman het in sy studie oor die gesindhede van 100 Transvaalse Kleurlingonderwysers en 200 -studente bevind dat 91% van hulle/.....

1) Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Julie 1950, p. 22.

2) Hendricks, F.: Persoonlike Onderhoud 16. 9.53.

3) The Educational Journal, April 1961: In Basic Terms: Education and the Location-State, pp. 1 en 2.

hulle nie van die Afrikaanssprekende Afrikaner hou nie omdat hy verantwoordelik is vir die wetgewing om die Kleurling „op sy plek te hou en onder te hou”, en die ondersoek bring aan die lig dat die optrede van die Britse element wat steeds die Kleurling teen die Afrikaner aangehits het, sy bydrae tot hierdie antipatie lewer.¹⁾ In hierdie verband moet daarop gewys word dat Bosman se resultate betekenisvol onderskryf word deur dié wat die monsterondersoek op Ottery opgelewer het.²⁾ Hieruit blyk dat 'n gemiddelde van 68.6 persent van die leerlinge glo dat die Kleurling deur die blankes sleg behandel word, en dieselfde gemiddelde persentasie glo dat die Afrikaanse volksdeel hoofsaaklik hiervoor geblameer moet word. Van besondere betekenis is dat hierdie oortuiging met groeiende ontwikkeling sterker en sterker posvat, naamlik van 48.9 persent in std. III tot soveel as 85.1 persent in stds. VII en VIII.

Vir diegene wat daagliks met die Kleurlinge in aanraking kom, is dit baie duidelik dat die Kleurling nie van die Afrikaner hou nie. Dit help net nie om enige illusies oor hierdie aangeleentheid daarop na te hou nie. Hy het om geskiedkundige en politieke redes, hierdie bevolkingsdeel onder die blankes gekies om as sondebok te dien op wie se rug hy al sy verbitterde misnoeë en verydeling kan laai.

(iii) Onderskeiding ten opsigte van Taalmedium.

Die innerlike afkeer dra die Kleurling begrypklarerwyse ook oor op die taal van die betrokke blanke groepe. Die anti-Afrikaanse gesindheid onder die Kleurling-intellektueles kom veral duidelik uit in hul gesindheid teenoor die onderwysmedium in die skool. In Kaapland het so 'n toestand ontstaan dat die Onderwysdepartement moes ingryp om, terwille van die opvoedkundige beginsels op die spel, die moedertaalmedium te vereis.³⁾ Ook Bosman se ondersoek⁴⁾ het aan die lig gebring dat voorkeur sterk in die rigting van die Engelse medium neig en dit is in ooreenstemming met die begeerte van gemiddeld 57.3 persent van die Ottery-leerlinge wat Engels as voertaal verkies, 'n begeerte wat van 35.6 persent in std. III tot by 77.0 persent in stds. VII en VIII styg.⁵⁾ Dit strook volkome met die uitlating van die Administrateur van Kaapland wat deur Bosman aangehaal word ten/.....

1) Bosman, J.D.: Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers ..., pp. 40 en 41.

2) Vid. Tabel 91, par. 1(a), p. 589.

3) Verslag van die Onderwyskommissie, 1953-1956, par. (i), p. 36.

4) Op. cit., p. 89.

5) Vid. Tabel 91, par. 1(a), p. 589.

ten effekte dat „'n invloedryke deel van die Kleurlingonderwysers heftig gekant is teen moedertaalmedium as dit nie Engels is nie." ¹⁾

Ook wat die huistaal van die ontwikkelde Kleurlinge betref is daar 'n baie ondubbelsinnige en sterk tendens in die rigting van Engels. Dit staan wel nie los van die verskynsel van klas-severdeling soos dié onder die Kleurlinge bestaan nie, en dit alleen is op sigself genoeg om die onderwyser en ander ontwikkel-des na Engels te laat oorslaan, want dit is vir die Kleurling 'n teken van beskawingspeil; ²⁾ maar daar is ook onweerlegbare bewys dat daar ander emosionele ladinge op die spel is. Bosman het bevind dat van die 100 onderwysers wat hy ondersoek het, 78% met Afrikaans as huistaal opgegroeï het, maar ten tyde van die ondersoek het slegs 50% nog hoofsaaklik Afrikaans as huistaal gebruik. Die orige 28% het heeltemal na Engels oorgeslaan. ✓ Die redes vir hierdie kentering vind hy by die invloed van die Engelse universiteite en opleidingsinrigtings waar hulle afstudeer, die feit dat Engels die handels- en nywerheidstaal is, maar veral ook in die feit dat hulle daartoe kom om Afrikaans te assosieer met die volksgroep van wie hulle nie hou nie. Hulle verwys met minagting na hulle as „Boere", „mense wat van 'n laer beskawingspeil is as die blanke Engelssprekende." ³⁾

Die stygende emosionele vooroordeel wat met die klimmende jare en ontwikkeling tred hou, blyk duidelik uit die geval van die Ottery-leerlinge. ⁴⁾ Van die leerlinge wat getoets is, was daar 74.6 persent van huis uit Afrikaanssprekend, maar slegs 'n gemiddelde van 45.2 persent het die begeerte openbaar om Afrikaans as omgangstaal te behou en dié begeerte het van 64.4 persent in std. III gedaal tot slegs 27.0 persent in stds. VII en VIII.

(iv) Onderskeiding ten opsigte van Nuusblaaie en Ander Leesstof.

As die Kleurling van die Afrikaner, en daarom van sy taal nie hou nie, spreek dit vanself dat hy ook nie die nuusblaaie in daardie taal sal verkies nie. Dit is 'n feit dat die Kleurling hom vir sy nuusbronne byna uitsluitlik op die Engelse pers verlaat. In sy twintig jaar as skoolhoof het die onderzoeker nog nie een enkele Kleurlingstaflid gehad wat 'n Afrikaanse/.....

-
- 1) Ibid.
2) Vid. par. 3(c)(iii), p. 610.
3) Bosman, J.D.: op. cit., p. 90.
4) Vid. Tabel 91, p. 589.

TABEL 93: LEES VAN ENGELSE EN AFRIKAANSE DAGBLAAIE DEUR KLEURLINGONDERWYSERS EN -STUDENTE IN TRANSVAAL.

DAGBLAAIE	GEREELD		DIKWELS		SELDE		TOTAAL	
	Onderwysers	Studente	Onderwysers	Studente	Onderwysers	Studente	Onderwysers	Studente
Afrikaans	11	20	19	58	70	120	100	200
Engels	83	142	12	38	5	20	100	200

Afrikaanse koerant gekry of gelees het nie. Die bevinding van Bosman word in Tabel 93 weergegee wat saamgestel is uit resultate van sy ondersoek, ¹⁾ en daaruit blyk dat slegs 11% en 10% onderwysers en studente respektiewelik, gereeld die Afrikaanse dagblaaie lees, terwyl 83% en 71% van hulle gereeld die Engelse dagblaaie lees. 70% en 60% respektiewelik lees selde of ooit 'n Afrikaanse koerant.

Hierdie instelling teenoor die pers vat van vroeg af vorm en bestaan selfs by diegene wat nog nie gereeld die koerant lees of in staat is om dit behoorlik te verstaan nie. Hoe dit ook al sy, is dit feitlik tweede natuur om die Engelse koerant as nuusbron uit te kies. Van die Ottery-leerlinge is daar 'n gemiddelde 64.4 persent wat verkies om 'n Engelse nuusblad te lees, terwyl hierdie persentasie styg van 35.6 persent in std. III (waar die koerantlees-begeerte uiteraard nog ongevorm is) tot by 79.7 persent in stds. VII en VIII (waar dit min of meer reeds gewoonte geword het.) ²⁾

Bosman kom tot die gevolgtrekking: ³⁾

„Dit is waarskynlik dat die anti-Afrikaner-gesindheid ✓
van die Kleurling tot hoë mate verantwoordelik is vir
die sterk voorkeur wat die Engelse koerant geniet.”

Terselfdertyd is dit ook die koerante wat op hul beurt die denkwysse van die lesers vorm en die betrokke gesindheid verwek en in stand hou:

„Waar in die Unie van Suid-Afrika die Afrikaanse en
Engelse koerante die mondstukke is van twee opponerende
denkkrigtings/.....

1) Op. cit., pp. 91 en 92.

2) Vid. Tabel 91, par. 1(a), p. 589.

3) Op. cit., p. 94.

„denkkrigtings en ideologieë t.o.v. die landsbeleid veral met betrekking tot apartheid wat ras- en kleurdiskriminasie omvat ... wil die verkreë resultate ... die afleiding gedoog dat die diskriminasie-vertolkings in die Engelse koerante die Kleurlingonderwysers en -studente se denke tot 'n hoë mate lei en hulle houdings en gesindhede omvangryk beïnvloed." 1)

Gesien die vyandige en uitermate negatiewe vertolking wat dikwels in hierdie koerante verskyn, dermate dat daar van verskeie kante op beheermaatreëls aangedring word, ²⁾ beteken dit dat die Kleurling-intelligentsia nie alleen geïsoleerd en vervreemd van die Afrikaner leef nie, maar dat hy ook by monde van die pers 'n onjuiste beeld van hom kry wat daarop bereken is om vyandskap en verbittering in die hand te werk. Die aandeel wat die Engelse opposisie-pers in Suid-Afrika daarin gehad het om frustrasie en verbittering by die Kleurlingbevolking aan te blaas, kan nie lig oorskat word nie.

Dieselfde tendens wat by die nuusblaaie blootgelê word, blyk ook in Bosman se resultate ten opsigte van tydskrifte en boeke: ³⁾ Die Kleurling hou nie van die Afrikaner nie en daarom lees hy, afgesien van die koerant, ook nie graag Afrikaanse tydskrifte of boeke nie.

Vir sy verwerping en daarom vir sy frustrasie hou die Kleurling-intelligentsia die Afrikaanssprekende Afrikaner, die „Boer", grootliks verantwoordelik; en gevolglik het hy hom en alles wat met hom in verband staan, die objek van sy verbittering gemaak. Dit word deur Adam Small, die Kleurling-universiteitsdosent met oënskynlike meewarigheid beskrywe:

„... It is easy to imagine that the Coloured people's discontent might lead ... to discontent with the Afrikaner as such and with everything which is Afrikaans ... It is precisely this growing hatred of everything Afrikaans which worries me..." 4)

Hierdie „growing hatred" wys die Kleurling in nagenoeg alle opsigte waarin dit gewys kan word en haas geen lewensterrein is daarby uitgesonderd nie. En — solank die status quo voortduur — sorg politieke omstandighede en berigging dat dit só sal bly. Dit sal 'n baie sterk program vereis om hierin enige verandering aan te bring.

3. Die/.....

-
- 1) Bosman, J.D.: ibid.
 - 2) Vgl. Die Burger, 30. 8.61, p. 4, kol. 4.
 - 3) Op. cit., pp. 94-99.
 - 4) The Cape Argus, 28. 7.61, p. 16, kol. 8.

3. Die Uitwerking van Selfmiskenning.

Daar is waarskynlik geen enkele ander eienskap van die Kleurlingmaatskappy en die Kleurlingpersoonlikheid wat 'n nadeliger uitwerking op hierdie gemeenskap het as sy selfmiskenning nie. Dit is 'n basiese gebrek wat feitlik alle ander gebreke óf onderlê, óf vererger. Dit verlam en ondermyn die Kleurling as individu en as gemeenskapswese. Blote rekapitulاسie van die openbaringsvorme daarvan dui die erns van die toestand in omvang en intensiteit aan: Dit vorm skering en inslag van 'n minderwaardigheidsgevoel; dit maak die Kleurling aanhanklik en verdeeld; dit maak groepsidealisme, en daarmee groepsaktiwiteite, groepstrots, nasionalisme en die aanvaarding van leiers onmoontlik; dit loop op 'n ontvlugtingsdrang uit wat noodwendig moet eindig in frustrasie en verbittering, wat vir niemand enige goed beduie nie, ook nie vir die jeug nie.

Dit is inderdaad die selfmiskenningsverskynsel wat die opheffing van die Kleurling en die behartiging van sy belange op soveel terreine van sy bestaan strem. Selfmiskenning is 'n negatiewe, destruktiewe lewensbenadering wat inderdaad 'n selfmoordtendens vir die Kleurling as Kleurling inhou; want prinsipiël beteken dit dat die Kleurling elke keer self in die pad van sy eie opheffing gaan staan. Ironies inderwaarheid is dit dat die Kleurling self met versette, boikotte, agitasies en verdagmakery program na program wat op sy eie welvaart mik, verongeluk, of probeer verongeluk.

Vir onderhawige doeleindes moet die negatiewe uitwerking van hierdie geestesverskynsel op enkele terreine opgevolg word.

(a) Staatkundige Welsyn.

Die selfmiskenningsverskynsel laat die Kleurling verwoede teenstand bied teen enige poging om sy staatkundige welsyn te bevorder, as daardie poging nie op 'n lees geskoei is wat hom in staat stel, en aan hom die vryheid gee, om onder die blankes in te verdwyn nie. Wat die uitwerking daarvan sal wees op die breë massa, kan hom nie skeel nie. Dat hy verkies om liever heeltemal ten gronde te gaan liever as om apart van die blankes te ontwikkel, kom in soveel woorde van dr. R.E. van der Ross:

„Ek besef heeltemal dat as my standpunt konsekwent deurvolg is, dat dit ook die Bantoe moet insluit. Ek besef verder dat as ons heeltemal konsekwent wil wees, ons later in die situasie sal verkeer waar blank, gekleurd en Bantoe saam in dieselfde skole, landbouskole en universiteite sal studeer. Ek besef dat dit sal verg dat ons almal saam moet werk in skool, in kerk, in die staatsdiens, in die banke, in

winkels/.....

„winkels, op plase en in die fabriekes." 1)

Dat dít, synde volkome integrasie, ook prinsipiëel die einde van beide blanke en Kleurling in Suid-Afrika inhou, maak blykbaar aan so 'n „besef" geen verskil nie

Hierdie verwoede verset teen staatkundige apartheid het as eerste doelwit die opheffing van die afsonderlike kieserslyste, die Departement van Kleurlingsake en soortgelyke instellings, afgesien van die politieke en administratiewe voordele wat sulke reëlings mag inhou. 2) Dit is weer die invloed van selfmiskennening wat volslae onverskillig staan teenoor die belange van die groep. Dit vereis met groot gebaar eintlik weinig meer as die vryheid van enkelinge wat daartoe in staat is, om die „oorgang" te kan maak; en dit, ten koste van die massa wat agterbly en wie se lot hierdie bevoorregte oorlopers nie kan skeel nie.

Die Kleurling weier dus hier om van die gunstige geleentheid wat hom gebied word om, in belang en diens van sy eie mense, in die staatsbestuur deur middel van die Kleurlingraad geskoold te raak, gebruik te maak. Op dieselfde manier verwerp hy die geleentheid wat deur middel van groepsgebiede aan hom gebied word om in die plaaslike bestuur van die land sy regmatige aandeel te neem.

Hierdie dinge staan nie los van die Kleurlingjeug en dié se aanpassingstryd nie. Dit maak immers groot verskil of hulle enersyds die kinders is van ouers wat positief en konstruktief dink en doen, waardeur die kind noodwendig leer om ook positief en konstruktief te dink en te doen ten bate van sy eie mense, en sodoende 'n offervaardige idealisme te ontwikkel; dan of hulle andersyds die kinders is van ouers wat negatief en destruktief dink en doen, boikotte en agitators, skellers en haters, waardeur die kind noodwendig leer om desgelyks te dink en te doen, klein, negatief, destruktief, sonder enige besef van ideale en maatskaplike offervaardigheid. En dat so 'n gesindheid nie vir die goeie gedrag van die jeug bevorderlik is nie, behoef nouliks enige betoog; dit werk immers 'n gees van verset teen die bestaande wetsorde in die hand. Dit is nie vir die onontwikkelde kind duidelik waarom die een wet van die witman totaal verkeerd, en die ander weer heeltemal reg kan wees nie. As die grootmens sy kind laat verstaan dat 'n owerheid verkeerde wette maak, word die hele regstelsel in die kindergemoed onder verdenking geplaas. En dit is/.....

1) Van der Ross, R.E.: Die Opvoeding van die Kleurling en die Toekoms van S.A.; in Four Essays on Education, p. 57.

2) Vgl. van der Ross, D: Die Beheer van die Opvoeding van Kleurlingkinders, p. 8.

is presies hierdie gees waarmee die kinderwet-skool herhaaldelik te doen kry, die gees naamlik dat die kind nie innerlik oortuig kan word dat sy wetsoortreding 'n morele vergryp is nie. Vir hom is dit net maar nog 'n ander een van die witman se onregverdige wette wat hy om dié rede reg het om te oortree. Vir hom bestaan te dikwels die enigste fout daarin dat hy uitgevind word. Dit is dieselfde gees wat soms selfs Kleurlingstaflede beweeg om die kinders se oortreding van skoolreëls weg te steek. Dit is ook dieselfde gees wat die Kleurlingtoeskouers op Nuweland en masse beweeg om te boe as die polisie rugby speel; en dit kan alleen toegeskrywe word aan die gebrekkige, negatiewe gesindheid wat die Kleurlinggemeenskap in sy geheel teen die wetsorde van die land daarop nahou.

(b) Sosio-ekonomiese Welsyn.

Maar selfmiskenning onder Kleurlinge het 'n nog veel meer tasbare uitwerking op die gemeenskap, wat hom veral op die sosio-ekonomiese terrein voelbaar maak. Dit het te doen met verskeie aspekte van die sosio-ekonomiese welsyn van die Kleurlinge. Prof. S.P. Cilliers het dit oor een van dié gesigspunte as hy sê,

„By die opheffing van die Kleurlingbevolking in Wes-Kaapland is die samewerking van die Kleurlinge self dringend nodig. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op hul leiers om 'n belangrike rol in die ontwikkelingsprogram te speel." 1)

Die waarheid is dat die Kleurlinge, as gevolg van die feit dat hulle hulself nie aanvaar nie, hierdie verantwoordelikheid geheel en al nie besef nie, gevolglik self geen opheffingsdienste loods nie, en ook nie die nodige samewerking gee waar sodanige opheffingsdienste van buite af aangevoer word nie.

Die afwesigheid van 'n gees van daadkragtige samewerking met opheffende instansies gaan gepaard ook met 'n fundamentele gebrek aan onderlinge samewerking, saamstaan en 'n ko-öperatiewe gees. Die Kleurlinge openbaar in hul praktiese doen en late nog nie die mees elementêre begrip van ex unitate vires nie. En as dr. Van der Ross die woorde gebruik, hou dit vir hom hoogstens 'n boodskap van politieke integrasie met die blankes in! 2) Terwyl die Wilcocks-kommissie die skraalheid van Kleurlinggeledere op professionele gebied betreur, daarvoor verklarings probeer vind, en 'n oplossing seek, lui dit so:

„Daar/.....

1) Die Burger, 28. 7.61, p. 11, kol. 4.

2) The Cape Times, 27. 7.61, p. 8, kol. 6.

„Daar is egter één weg wat hulle moontlik kan volg ... 'n Koöperatiewe strewe, en veral 'n geloof in hul eie volk van 'n aard en omvang wat tot op die oomblik nog nie deur hulle verwesenlik is nie, bied 'n moontlikheid van geleidelike verbetering. Hierdie strewe behoort gerig te word op die byeenlegging van geldelike hulpbronne om die koste te dek om lede van hul eie ras in die professies te laat oplei en 'n vasberadenheid om hulle sover moontlik te emplojeer en te steun,”

en dan sluit die Kommissie af met 'n regmatige teregwysing: „Gekleurde professionele manne behoort van hul kant hulle die vertrouwe van hul mense waardig te toon.” ¹⁾ Hoe hulle daarin sou kan slaag om sodanige vertrouwe te wen en te behou, terwyl hulle op daardie selfde mense neersien, hulle innerlik verag, en dit hul hoogste aspirasie maak om van hulle te ontvlug, is nie duidelik nie!

Prof. J.L. Sadie wys daarop dat die ekonomiese posisie van die Kleurling sorgwekkend is; maar hy toon ook aan dat dit nie van sy gebrekkige groepsgevoel losgemaak kan word nie:

„Die Kleurlingbevolking moet in sy geheel geneem, erken word, as 'n onderontwikkelde gemeenskap wat boonop in dié besondere posisie verkeer dat hulle oënskynlik nie daardie bepaalde volksgevoel of nasietrots besit wat eie is aan die blanke of Bantoe nie.” ²⁾

Daar is gevolglik geen toereikende inspirasie om binne eie gelede te presteer nie; want,

„Erkenning vir waardevolle dienste gelewer aan die eie gemeenskap is skynbaar nie dryfkrag genoeg nie, omdat óf sodanige erkenning nie maklik verkry word nie, óf omdat dit nie voldoende bevrediging verskaf nie. In hierdie verband kan herinner word aan die feit ... dat Kleurlinge nie maklik bevele van hul eie volksgenote aanvaar nie.” ³⁾

Hulle soek erkenning by uitstek deur oorskryding van die kleurgrens; maar dit vind moeilik plaas, en

„hier is dus al die potensialiteite vir frustrasie aanwesig. In hierdie omstandighede sal die Kleurlingwerker hom ook nie maklik kan vereenselwig met die bedryfsonderneming waaraan hy verbonde is nie. Immers die onderneming het in die eerste plek nie as doel om hom as lid van 'n bepaalde volk of nasie en dus die hele volk te verhef nie. Dit bly 'n instrument in die hande van blankes en dit erlang dus nie die volle lojaliteit van die werker nie.” ⁴⁾

Die/.....

1) U.G. No. 54, 1937, par. 472, p. 89.

2) Sadie, J.L.: Die Plek van die Kleurling in die S.A. Ekonomie, p. 44.

3) Ibid.

4) Ibid.

Die Kleurling se weiering om homself te aanvaar, help dus mee om hom 'n onbetroubare werker, en gevolglik Kleurlingarbeid onpopulêre arbeid te maak. Hierdeur word armoede onder die Kleurlinge in die hand gewerk. Prof. Sadie sluit dan ook hierdie deel van sy betoog af met 'n sombere aksent op die erns van hierdie geestelike wanverskynsel:

"Gegewe die voortsetting van die huidige gevoelens in Suid-Afrika ten opsigte van kleur, wil dit vir my voorkom asof een van die voorwaardes vir die ekonomiese ontwikkeling van die Kleurlinge die generering van 'n eie volkstrots is sodat dit vir hom die moeite werd word om onder eie geledere te presteer. Dit skyn 'n ongelukkige toestand van sake te wees dat juis omgang met blankes ... 'n voorvereiste vir die sosiale uitlewing van die Kleurling moet wees. Terselfdertyd moet die oorbekende visieuse kringloop ook nie uit die oog verloor word nie: Kan die nodige trots in die volkseie ontwikkel word voordat daar op groot skaal gepresteer is?" 1)

Prestasie sal in elk geval uiters twyfelagtig bly solank as wat die Kleurling dit buite sy eie kring seek. En ondertussen bly hy en sy kind die lydende party. Die begeerte is om te wees wat hy nie is nie, en dit lewer ook op hierdie gebied sy wrange vrugte: Dit help mee om armoedstoestande te skep en te bestendig, omstandighede wat op hul beurt die teelaarde vorm vir gedragsmoeilike kinders.

(c) Skoolonderrig.

In 'n besondere sin ly die skoolonderrig swaar onder die adverse invloed van die Kleurling se selfmiskenning; want die onderwys is in die hande van dié deel van die Kleurlingbevolking wat die verste ontwikkel het, by wie die drang na selfontvlugting die sterkste vertoon, en by wie frustrasie en verbittering gevolglik die heftigste vorm aanneem. Hierdie mense stel hul saak op uiters luidrugtige wyse; en waar dit hier gaan direk om die kind en sy opvoeding, is die potensiaal vir die kwaad wat gedoen kan word, feitlik onbeperk. Die ondersoeker word keer op keer getref deur die verregaande gebrek aan realisme, wetenskaplikheid, en selfs idealisme en selfrespek, waartoe selfmiskenning by hierdie ingeligte mense aanleiding kan gee.

In die praktyk kom dit hierop neer dat die Kleurlingonderwyser met fanatieke ywer veg teen enige ontwikkeling wat die geringste onderskeid kan meebring tussen die onderwys vir blankes en Kleurlinge. Dit raak veral die vraagstukke van beheer en inhoud; en Kleurlingonderwysmanne en -verenigings bestry skynbaar/.....

1) Ibid.

skynbaar uit blote beginsel enige aanpassing hiervan by die besondere behoeftes van die Kleurlinge, indien sodanige aanpassing differensiasie van watter aard ook al ten gevolge sou hê.

(1) Beheer.

In verband met die beheer van die onderwys beteken dit dat oornamende daarvan deur die Departement van Kleurlingsake met histeriese geweld veroordeel word. Selfs T.E.P.A. wat toentertyd nog as betreklik gematigde onderwysvereniging amp-telike erkenning ontvang het, kon sy opgewondenheid hieroor nie beheer nie. Nadat D. van der Ross in 1957 op insiggewende wyse laat blyk dat Kleurlingonderwys onder dieselfde Departement as onderwys vir blankes 'n gevoel van „status“ by die Kleurling aankweek, laat hy volg:

„Indien hierdie gesonde atmosfeer vertroebel word deur oordrag, sal die Kleurling met teleurstelling en gebelgdheid reageer. Vervdeling sal die gevolg wees met die gevolglike snelle verswakking en verslegting van rasseverhoudinge. As hierdie waarskuwing al tevore gedoen is, wil die T.E.P.A. dit plegtig en in alle erns herhaal aan diegene wat radikale veranderinge wil teweegbring sonder vooraf volle toestemming van die betrokkenes te verkry.“ 1)

Hierdie toestand maak deel uit van die algemene benadering wat algehele amalgamasie op die oog het, en dus liefs nie tussen afsonderlike komponente van die samelewing wil onderskei nie, maar die begrip „samelewing“ wil vervang met die woorde „die volk“ of „die nasie“, „aangesien dit duidelik is dat dit Suid-Afrika se plig is om 'n volk of nasie te bou wat al sy burgers insluit“ 2) en

„om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die onderwys-aangeleenthede van alle kinders, ongeag ras, behartig word op die wyse en manier wat die grootste mate van kontak met die samestellende elemente van die nasie onderling, sal waarborg en besorg.“ 3)

Al wat hy nalaat om in soveel woorde te sê, is dat sy standpunt vereis dat Kleurling- en blanke kinders op dieselfde skoolbanke, onder dieselfde skooldak, in dieselfde skoolklas moet sit, met ander woorde volslae integrasie op onderwysgebied. Dit maak dus deel uit van die Kleurling se prinsipiële begeerte om in die blanke bevolkingsdeel op te gaan, sy selfmiskenningsdrang wat geen apartheid kan gedoog nie en wat graag sy credo met nadruk stel:

„Die/.....

1) van der Ross, D.: Die Beheer van die Opvoeding van Kleurling-kindern, T.E.P.A.-pamflet No. 1, p. 7.

2) van der Ross, D.: op. cit., p. 6.

3) Ibid.

„Die Kleurling het geen besondere spesiale behoeftes wat deur 'n spesiale departement behartig hoef te word nie. Die probleme wat in die onderwys van tyd tot tyd ontstaan, is volkome normaal wat op die normale manier behandel en opgelos word." 1)

(iii) Inhoud.

Presies dieselfde standpunt word ingeneem wanneer die vraagstuk van die inhoud van die onderwys ter sprake kom. Dit was deel van die opdrag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, wat moes ingaan op die vraag:

„of die aard en strekking van die huidige onderwys voldoen aan die behoeftes van die Kleurlingbevolking, dan wel of die onderwys vanweë die beklemtoning van die akademiese nie tot 'n gevoel van verydeling lei nie." 2)

Soos te wagte is, het T.E.P.A. in sy getuienis voor die Kommissie herhaaldelik geëis dat die onderwysfasiliteite van die Kleurlingkind, asook die leergange en leerplanne, in alle opsigte dieselfde moet wees as dié van die blanke kind. Met een-tonige reëlmatigheid kom elke keer die emosie-belaaide eis:

„We must repeat that we do not desire or need any changes that will make our courses different from those offered for Europeans at the same level," 3)

en

„It cannot be too strongly emphasized that we do not require any syllabuses different from those of the Europeans." 4)

Dit kan die konsensieuse ondersoeker nie ontglip dat hier tweërlei soort van onverantwoordelikheid op die spel is wat by die ware opvoedkundige nie geduld behoort te word nie. Die eerste het te doen met wetenskaplike onverantwoordelikheid: Die realistiese wetenskaplike benadering sou wees om eers te eis dat vasgestel word wat die eintlike opvoedingspotensiaal van die Kleurlingkind is en daarna te eis dat toereikende onderwysfasiliteite beskikbaar gemaak word om daardie potensiaal doeltreffend te ontgin; maar hierdie mense vind blykbaar voldoende wetenskaplike steun vir hul onverbiddelike verset in wensdenkerij:

„The T.E.P.A. is aware of no authority prepared to attribute either differential or inferior intellectual ability to Coloured students and to support such a theory with proof." 5)

Die/.....

-
- 1) Ibid., p. 8.
 - 2) Verslag van die Onderwyskommissie, 1953-1956, par. C, p. 4.
 - 3) T.E.P.A.: Memorandum aan Kommissie insake Kleurlingonderwys, p. 4.
 - 4) Ibid., p. 6.
 - 5) Ibid., p. 13.

Die tweede soort van onverantwoordelikheid wat hier op die spel kom, is maatskaplike onverantwoordelikheid. Die onversetlike eis van die Kleurling-intelligentsia dat die onderwysfasiliteite in aard en omvang met dié van die blankes moet gelykstaan, hou hoegenaamd geen rekening met die feit dat ontstellende groot getalle van Kleurlingleerlinge onder so 'n regime agterraak, uitsak en weglek tot waar hulle op die strate as leegglêers beland om uiteindelik in misdaad te verval nie. So-iets kan hul blykbaar nie veel meer aangaan as wat die verdere skietgoed vir verwyte, uitskellery en agitاسie verskaf nie.

Weer is dit dr. Van der Ross wat in sy kampanje vir die integrاسie-standpunt in die onderwys hierop interessante lig werp: ¹⁾ As hy sê, „In a multi-racial society educational facilities should be equal for all", bedoel hy eintlik nie „gelyk" nie, maar „dieselfde", en hy ondersteun sy argument met die Amerikaanse Appélhofuitspraak:

„Segregation of white and Coloured children in public schools has a detrimental effect upon the coloured children ... Segregation ... has a tendency to retard the educational and mental development of Negro children and to deprive them of some of the benefits they would receive in a racially integrated school system." ✓

Na analogie hiervan argumenteer dr. Van der Ross dat onderwys-differensiasie die Kleurlingkind nadelig beïnvloed.

„The psychological effects on the children who are relegated to the necessarily inferior position is important, too. For how can we claim to be truly educating the child if we do not fill him with a feeling of his own worth as a person?"

Dit is juis die ondubbelsinnige tragedie van die Kleurling se lewensopvatting dat sodanige „feeling of his own worth" alleen vir hom daarin bestaan dat hy deur die blanke opgeneem moet word en vir praktiese doeleindes dus as Kleurling ophou om te bestaan.

Dit kom in terme van maatskaplike welsyn vir die Kleurling daarop neer dat die oorgang summum bonum is vir diegene wat daartoe in staat is, en basta met die res. Dit is onbegryplik dat hierdie soort van maatskaplike onverantwoordelikheid die Kleurlingopvoedkundiges nie ontstel nie.

(iii) Praktyk/.....

1) van der Ross, R.E.: Basic Educational Issues in S.A., in Four Essays on Education, T.E.P.A.-pamflet, No. 3, pp. 45-49.

(iii) Praktyk.

Waar hierdie beskouing met soveel emosionaliteit gelaai word, spreek dit vanself dat die onderwyspraktyk hom leen tot propaganda vir die verkondiging van gesindhede wat nie vir die kinders heilsaam is nie. Aangesien hieroor elders reeds geskrywe is, ¹⁾ word volstaan met die verdere opmerking dat daar tans Kleurlinge is wat self onder die indruk gekom het van die ondermynende rol wat onderwysers speel deur die kindergemoed met bitterheid te vervul. In „Die Banier“ van Januarie 1960 ²⁾ berig Adam Small in verband met die Kleurling Volksbond se eerste kongres:

„Die middag van die 7de het die Kongres oorgegaan tot die beskrywingspunt, 'Opvoeding en Onderwys'. Wanpraktyke in ons skole en skoolbesture, en maniere om hulle uitgeskakel te kry, is bespreek. Die gebruik op plekke om die onderwysprofessie te gebruik vir die doeleinde van eie materiële voordeel, is by die naam genoem. Meer as een spreker het dit veral gehad oor die sieklike en verrottende invloed wat in ons skole uitgeoefen word deur sekere onderwysers wat in hul klasse hul politieke slagspreuke van verbittering verhef bo hul opvoedingstaak.”

(iv) Hoër Onderwys.

Ook die Hoër Onderwys ly onder hierdie gesindheid en word ernstig gestrem. Die stigting van die Wes-Kaaplandse Universiteitskollege word met 'n diaboliese venyn onder verdenking gebring en die bitterheid wat daarmee gepaard gaan, kan moeilik oorskat word, soos blyk uit die artikel van Leonard Wingrove ³⁾ wat in hierdie hele onderneming geen enkele verdienstelike hoedanigheid vind nie, 'n artikel waarin daar ongelooflik veel bitterheid in 'n klein volume saamgepers word. Hiervan getuig reeds die inleidende paragraaf op afdoende wyse:

„The four tribal colleges conjured into being in 1960 have been joined by another ... For one year, then, many Non-White students who in the normal course of events might have gone to an 'open' university ... have been subjected to the heat of indoctrination and tribalisation at these institutions. In this survey of the Bellville Bush College there is reflected which must in equal, or worse, measure be the position in each of the other tribal colleges. The report and analysis are intended not merely to inform; their purpose is to lay bare the shocking mess from which the youth must be defended by a relentless struggle against the satanic influence brought to bear on them in these prison-house colleges.”

En/.....

1) Vid. Hf. VIII, par. 5(f)(iii), p. 581.

2) P. 4, kol. 4.

3) The Educational Journal, Jan.-Febr. 1961, p. 7.

En die blad waarin hierdie artikel verskyn, is gratis aan die leerlinge van 'n Kleurlingopleidingskool versprei!

Selfmiskenning as geestesverskynsel by die Kleurling eis langs hierdie weë op die gebied van opvoeding en onderwys buitengewone hoë tol van die Kleurlinge. Dit is 'n tol wat 'n behoorlike aangepaste, toereikende en doeltreffende opvoedingsprogram in die wiele ry, wat gevolglik die ware Kleurlingtalent en die potensiaal van die jeug onontgin laat lê, wat dus te dikwels teleurstelling, moedeloosheid, verydeling en onmiskenbaar ook bitterheid in die kindergemoed agterlaat. Die verskynsel van selfmiskenning soos dié in die onderwys deurwerk, moet aanspreeklik gehou word vir baie Kleurlingkinders wat as wanaangepastes op straat, en in Kinderwet-skole beland. Hulle vorm 'n swaar debiet teen die gewete van die Kleurlingonderwyserskorps.

(d) Gebrekkige Persoonlikheidsvorming.

Selfmiskenning het dus ten gevolge die vorming van 'n gebrekkige, onvolkome, ongebalanseerde persoonlikheid. Waar selfrespek, groepsverbondenheid, groepstrots, groepsidealisme en nasionalisme positiewe kragte is wat 'n onberekenbare bydrae lewer tot die vorming van 'n gesonde, sterk gebalanseerde gees, moet die Kleurlingpersoonlikheid hierdie boustowwe ontbeer. Omdat hy homself nie kan vind nie, bly hy in 'n grensposisie, iemand met 'n oordrewe selfbewustheid, eintlik kleurbewustheid, totdat hy 'n probleem vir homself word, hipersensitief en uiteindelik homself stigmatiseer as 'n minderwaardige wese. Hieruit ontwikkel dan verskeie kompensasiereaksies soos egosentrisme, rasionalisasie, ontduiking van die probleem, projeksie, verdediging, aggressie en terugtrekking wat by verskillende individue en op verskillende tye na vore tree om die gebrekkige persoonlikheid te karakteriseer. ¹⁾

Omdat die Kleurling nie homself wil wees nie en omdat hy ook nie by die ander twee hoofgroepe inskakel nie — by die een wil hy nie, en by die ander kan hy nie — is die denkende Kleurling verstote en ongelukkig. Die ontwikkelde proefpersone van C. du P. le Roux ²⁾ was in staat om hierdie ongeluk enigermate te definieer en hy som die uitwerking van hul geestesgesteldheid op:

„Die resultaat is dat die Kleurling in Suid-Afrika deur sowel die blanke groep as die Bantogroep uitgestoot word. Hy is die stiefkind van ons samelewing.

Psigologies/.....

1) Vgl. le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes ..., p.89.
2) Op. cit., p. 16.

"Psigologies val hy tussen twee wêrelde deur wat hom albei afstoot omdat hy aan geeneen van hulle behoort nie. (Een geval het dit omtrent in soveel woorde aan ondersoeker meegedeel: 'Die Kleurling weet nie wat hy is nie.') Al verkeer hy ook in 'n goeie finansiële posisie, bly hy nog in die praktyk geïsoleer tussen hierdie twee wêrelde, 'n burger van niemandsland.'"

Die ongeluk by die ingeligte grootmens gaan natuurlik in soveel gevalle en by soveel geleenthede in bitterheid oor dat ongeluk en bitterheid 'n deel van sy daaglikse denke en doen word. Hierdie mense wat die toon aangee in hulle gemeenskap, beïnvloed egter die massa sodat die ongeluk en bitterheid verder versprei, selfs tot in daardie kringe waar dit nie altyd so duidelik is waaroor dit alles gaan nie. Op dié wyse werk dit deur tot by daardie geledere waaruit die skoolbevolking van die korrektiewe inrigting afkomstig is. Die ondersoek van die 354 leerlinge wat elders berig is, ¹⁾ het die trefwydte van hierdie bitterheid tot ontstellende mate bevestig. Nog meer ontstellend was dit om hierdie bitterheid in die praktyk te aanskou in die geval van die Republiekfees se vlaggies en medaljes wat aan skoolleerlinge uitgedeel is. In weerwil van hul natuurlike liefde vir koperversiersels het hulle die medaljes op 'n hoop gegooi en dit daar gelaat. Die vlaggies wat nie op onnoembare vuil wyse geskend is nie, is aan repe geskeur en aan die boontakke vasgemaak!

Dit is duidelik dat wat in ingeligte kringe frustrasie en bitterheid afgee, en waarskynlik daarby halthou, in die gebrekkige persoonlikheid van die minderbevoorregte kind tot onverskilligheid, roekeloosheid en uittarting oorgaan. As die lewe vir hom so min inhou, en as hy dan behoort tot 'n groep wat geen respek vir homself het nie, waarom sal hy hom deur dié, of daardie, of enige groep laat bind? Allermens deur die sentimente of wette van die een wat hy werktuiglik vir sy eie ellendige toestand aanspreeklik hou.

In hierdie verband is die klasstatus en rolbegrip waaroor Sophia M. Robison dit het, ²⁾ van deurslaggewende betekenis:

"Concern with the possible relation between an individual's behaviour and his class status has increasingly overshadowed the previous emphasis among sociologists on the slum as a primary precipitant in delinquency. Moreover, many of these sociologists have turned the spotlight on the role (ascribed or achieved) which an individual plays in the social system as a conditioning/.....

1) Vid. par. 1, p.587.

2) Juvenile Delinquency. Its Nature and Control, p. 99.

„conditioning factor in behaviour...”

Sy wys verder daarop dat hierdie rol- en klasbegrip 'n diepgaande invloed juis op onderwysaangeleenthede het, en dikwels die hele verskil maak tussen die „corner boy” en die „college boy”.¹⁾

Dit gaan dus hier om die besef van die eie waarde en betekenis van die persoon, sy integriteit, sy selfrespek en trots. Waar die Kleurlingkind lid is van 'n bevolkingsgroep wat hom as groep juis onderskei deur gebrek aan groepstrots, gebrek aan 'n besef van eie integriteit en waardigheid, dermate dat hy sy hoogste heil vind in die ontvlugting van sy groep, spreek dit vanself dat hy teen 'n uiters skadelike en nadelige agtergrond staan. Die Kleurling stigmatiseer sy eie status en dié van sy kind wat daardeur vanself verval tot „corner boy” in plaas van „college boy”, en alles wat daarmee saamgaan.

Uit die bostaande analise moet dan tot die gevolgtrekking geraak word dat die ontwikkelde Kleurling as gevolg van erflike en sosiale invloede die neiging openbaar om homself deur selfmiskenning te verwerp, weier om 'n groepsidentiteit en groepsverantwoordelikheid te aanvaar, strewe om sy groep te ontvlug, en as gevolg van daardie faktore wat sodanige ontvlugting teëgaan, tot verydeling en verbittering geraak, 'n toestand wat 'n uiters nadelige uitwerking op die vorming van die jeug het, en wat baie van hulle roekeloos maak met misdaad as die natuurlike gevolg.

Dit kom daarop neer dat die opgevoede Kleurling voorasnog nie daarin geslaag het om homself geestelik te vind nie sodat hy in 'n onwerklike niemandsland leef waardeur die breë massa van sy volk koersloos sonder eiesoortige ideale en ambisie gelaat word, 'n weerlose prooi van die sinne en alle denkbare maatskaplike euwels, soos die vorige hoofstukke afdoende bewys het. Die groot aantal gedragsafwykende kinders is die logiese en natuurlike gevolg van hierdie toedrag van sake en dit sou inderdaad bevreemdend wees, as dit nie so was nie.

Om uit hierdie wurggreep van sy eie tekortkominge los te kom, het die Kleurlinge hulp van buite nodig, en J.D. Bosman stel dit mooi: ²⁾

„Ten einde hierdie situasie te oorbrug sodat die opgevoede Kleurling homself kan vind, is blanke leiding en stukrag nodig en moet dit beskou word as een van die belangrike onderdele van die verantwoordelikheid wat die blanke bereid moet wees om te aanvaar.”

1) Ibid., p. 103.

2) ... Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers..., p.125.

HOOFSTUK X.

IMPLIKASIES VIR HEROPVOEDING.

Noudat die etiologiese agtergrond van die gedragsafwykende Kleurlingkind volledig ondersoek is, moet vasgestel word watter implikasies dit vir die heropvoedingsprogram inhou. Hierdie implikasies strek oor 'n wye front met die gevolg dat ook die heropvoedingsprogram wyer uitkring in wat goedsikks 'n versieningsprogram genoem kan word; en die het preventiewe sowel as korrektiewe gesigspunte. Dit spreek immers vanself dat daar weinig sin in steek om met die wanaangepaste kind veel en duur bemoeienis te maak terwyl die patologiese omstandighede wat sulke wanaangepaste kinders in groot getalle voortbring, ongebreideld voortwoeker.

1. Aard en Omvang van Gedragsafwyking.

Die eerste belangrike implikasie van die voorafgaande oorsaakstudie is dat dit 'n verklarende lig werp op die aard en omvang van gedragsafwyking onder Kleurlingjeugdiges. Die aard, veelvuldigheid en intensiteit van die kausale faktore verklaar die verskynsel dat wangedrag — wat in sy ergste vorm op jeugmisdaad uitloop — onder hierdie mense so dikwels voorkom en van so 'n ernstige aard is. Dit laat tewens die baie aktuele vraag ontstaan of daardie wangedrag nie dikwels 'n normale aanpassing is by die uifers ongewone en abnormale milieu waarin hy hom bevind nie. Normaliter byvoorbeeld word bakleiery, aanranding en messtekery as abnormaal beskou; maar wanneer die kind grootword in 'n atmosfeer van geweld en vrees waar mense voortdurend sidder op die punt van 'n mes, soos die geval in sekere Kleurlingkringe heel dikwels is, is dit heeltemal denkbaar dat hierdie soort van ding die mees suksesvolle manier van aanpassing is. Dit is eerder normaal as abnormaal.

Die etiologiese agtergrondstudie bring op dié manier aan die lig dat 'n oordeel volgens die algemeenbeskaafde norme van die blanke oor die aanpassing of wanaanpassing van die Kleurlingkind, eintlik 'n onbillike oordeel is. Die versonkenheid in daardie maatskappy is só groot dat daarvoor ruimskoots voorsiening gemaak moet word. In meer as een opsig is die kind die slagoffer van sy kongenitale en maatskaplike erfgoedere wat sy gedragslewe in belangrike sin determineer selfs predestineer.

Die monsterondersoek het belangrike gegewens blootgelê om aan te dui hoedanig die gedragsaanpassing van hierdie kinders was
in/.....

in die „buite“-skool, dit wil sê die skool wat hulle besoek het voor hul wetsbesteding, hoedanig hul aanpassing was in hul huislike omgang of in ander inrigtings voor oorplasing na Ottery. Dit dui verder ook aan tot welke mate hierdie monsterleerlinge openlik met die wet gebots, en wat uiteindelik tot hul kommittering deurslag gegee het.

(a) Die Gedragsafwykende Kind in die „Buite“-skool.

Die etiologiese faktore wat die gedragsafwykende kind ten gevolge het, werk reeds op 'n kenmerkende wyse deur in sy gedragsaanpassing op skool. Tabel 94 dek hierdie aspek van die ondersoek.

TABEL 94: VORDERING EN GEDRAG VAN 500 GEDRAGSAFWYKENDE KLEURLINGSEUNS OP SKOOL VÓÓR WETSBESTEDING.

AARD VAN AANPASSING		AANTAL	%
Vordering	Goed	93	19.4
	Swak	388	80.6
Gedrag	Goed	92	19.1
	Ongehoorsaam	365	75.9
	Steel	68	14.1
	Baklei	176	36.6
	Stokkiesdraai	365	75.9
	Ander	4	.8
	Onbekend	1	.2

Van die 500 seuns was almal behalwe 19 reeds vóór kommittering op skool. Van die 481 met 'n vroeëre skoolgeskiedenis het soveel as 388 of 80.6% swak vordering gemaak wat, in die lig van die voorafgaande analise van rassiese, maatskaplike, ekonomiese, sedelike, opvoedkundige en opvoedbaarheidsgetuienis, 'n heel natuurlike verskynsel is. In die lig van dieselfde omstandighede is dit ook geen wonder dat slegs 19.1% van hulle hul goed gedra het nie. Soveel as 365 of 75.9% was ongehoorsaam en dieselfde getal het stokkiesgedraai, terwyl 14.1% diefstal gepleeg en soveel as 176 of 36.6% bakleiers was wat hulle aan oproerige gedrag en neigings tot aanranding skuldig gemaak het.

Die gheheelbeeld is dus een van bedenklike aanpassing op skool, veral as verder in ag geneem word dat van die 135 nie-stokkiesdraaiers uit die totale monster van 500 daar 86 was wat uit vorige inrigtings gekom het. Slegs 49 van die direkte kommitterings het nie stokkiesgedraai nie, en van hulle was 19 nie voorheen op skool nie, sodat daar uit die totaal van 500 slegs 30 of 6% was wat die geleentheid gehad het, maar nie stokkiesgedraai het nie.

Hieruit/.....

Hieruit spreek sonneklaar dat in die lewensomstandighede van hierdie kinders, die skool as instelling nie bevredig, en nie aan sy doel beantwoord het nie.

(b) Die Gedragsafwykende Kind in sy Huis.

Die toestand wat in die skool heers, is uiteraard eintlik net 'n herregistrasie of bevestiging van omstandighede wat hulle reeds in die huislike lewe van hierdie kinders voordoen. Tabel 95 dui aan hoe haglik die aanpassing van hierdie kinders in hulle huise en in die algemene omgang is — mits dit volgens die gebruiklike maatstawwe van die blanke mores aangeslaan word. Ongehoorsaamheid het by 75.8% van hulle voorgekom

TABEL 95: GEDRAGSAFWYKING VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLING-LEERLINGE IN HUIS EN OMGANG.

AARD VAN GEDRAGSAFWYKING.	AANTAL	%
Geen (in inrigting grootgeword)	27	5.4
Ongehoorsaam	379	75.8
Slaap pal uit	71	14.2
Slaap soms uit	235	47.0
Volslae bendelid	99	19.8
„Loop saam" met slegte maats	307	61.4
Baklei (aanranding)	242	48.4
Dobbel	143	28.6
Steel	310	62.0
Drink	79	15.8
Rook dagga	132	26.4
Snuif petrol, bensien, ens.	61	12.2

en die graad waarin dit bestaan blyk uit die feit dat 14.2% van hulle gereeld, en 'n verdere 235 of 47% soms uitgeslaap het. Hierdie „uitslaap" beteken dat die ouerlike beheer óf uitermate los van aard was, óf dat omstandighede aan huis vir hom as gevolg van sy wangedrag te warm geword het, sodat hy in ontvlugting uitkoms seek, wat daarop neerkom dat alle dissiplinêre kontrole óf blywend óf tydelik afgewerp word. Van die totaal was 99, dit wil sê byna een-vyfde, volslae bendeledede terwyl dit by 'n verdere 307, of drie-vyfdes, tot by 'n voorstadium van die bendelewe,¹⁾ naamlik dié van „slegte maats", gekom het. Hier in die omgang: neem bakleiery 'n voorrangspek in (48.4%), terwyl die gees van dobbel en diefstal by 28.6% en 62.0% respektiewelik reeds
praktijk/.....

1) Vgl. le Roux, W.G.: Die Kleurling-jeugbende in Kaapstad, pp. 84 et seqq.

praktyk geword het. Hierdie manifestasie van maatskaplike degenerasie word verder aangevul deur grootskaalse verslawing aan verdowingsmiddels. Altesame 79 van hierdie kinders het reeds sterk drank gebruik, terwyl soveel as 132 (26.4%) dagga gerook het. Dermate was hulle reeds slagoffers van die verdowingsensasie dat 61 of 12.2% dit gesoek het deur petrol, bensien of dergelike vlugtige stowwe te snuif.

(c) Die Gedragsafwykende Kind in ander Inrigtings.

Om 'n volledige beeld te kry van die gedrag van hierdie kinders was dit ook nodig om na te gaan hoe diegene wat van ander inrigtings oorgeplaas is, hulle by daardie inrigtings aangepas het. Uit die 500 was daar altesame 127 wat Ottery as oorplasings uit ander inrigtings bereik het. Dit spreek vanself dat hulle daar onder beskermde, beheerde en gedissiplineerde omstandighede verkeer het, waar versoekings en gevolglik gedragsafwyking meer seldsaam sou wees. In weerwil daarvan het ernstige wangedrag nie uitgebly nie. Selfs onder sulke beskermde omstandighede was daar volgens Tabel 96 slegs 63.8% wat hulle só aangepas het dat dit „goed" genoem kon word. Van die totaal

TABEL 96 : GEDRAGSAANPASSING VAN 127 OORGEPLAASTE LEERLINGE IN VORIGE KINDERWETINRIGTINGS.

GEDRAG	AANTAL	%
Goed	81	63.8
Diefstal	12	9.4
Aanranding	6	4.7
Onbeheerbaar	47	37.0
Onbekend	1	.8

was daar 37% wat binne die inrigtings onbeheerbaar was, terwyl 9.4% en 4.7% respektiewelik selfs dáár geleentheid gevind het om diefstal en aanranding te pleeg.

(d) Oorsake vir Opname.

Verdere belangrike verklarende lig val op hierdie kinders as die onmiddellike oorsake van hul wetsbesteding ontleed word.

Tabel 97 dui aan volgens watter wetsprosedure die leerlinge die skool bereik het. Ongeveerdri e-vyfdes, tewete 304 leerlinge is opgeneem as gevolg van direkte kommittering. Die res is oorgeplaas uit ander sorg waarheen hulle vroeër gekommitteer was, naamlik óf kindersorg-, óf proefbeamtetoesig, maar veral vanaf ander inrigtings waaruit meer as 'n kwart van die monster afkomstig/.....

afkomstig was.

TABEL 97: WETSPROSEDURE VIR OPNAME VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGSEUNS.

WETSPROSEDURE VIR OPNAME		AANTAL	%
Direkte kommittering		304	60.8
Oorplasing van:	Kindersorg-toesig	30	6.0
	Proefbeampte-toesig	39	7.8
	Ander inrigtingsorg	127	25.4
TOTAAL		500	100.0

Die kommitteringsmotiewe van al 500 leerlinge is ondersoek en die resultaat verskyn in Tabel 98. In terme van die Kinderwet ¹⁾ kan 'n leerling om verskeie redes „sorgbehoewend” wees, en een van die redes is „onbeheerbaarheid”. Hieronder word 'n menigte onheile ingesluit waarvan misdadigheid vir onderhawige doeleindes een van die belangrikste is. In Tabel 98 word

TABEL 98: GRONDE VIR WETSBESTEDING VAN 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLINGLEERLINGE.

GRONDE VIR WETSBESTEDING.		AANTAL	%
Sorgbehoewend:	Behoeftig	46	9.2
	Ouerloos	41	8.2
	Onbeheerbaar	126	25.2
	Stokkiesdraai	4	.8
	Verwaarlosing	88	17.6
	Bedel	2	.4
Misdadigheid:	Huisbraak en diefstal	169	33.8
	Roof	10	2.0
	Aanranding	2	.4
	Drank	2	.4
	Dagga	1	.2
	Ander	9	1.8
TOTAAL		500	100.0

misdadigheid dan ook as 'n aparte kategorie ingedeel om aan te dui wanneer die casus belli vir die wetsbesteding 'n kriminele wetsoortreding was. In 307 gevalle kan daar van min of meer suiwer „sorgbehoewendheid” gepraat word, maar in die orige 193 gevalle was die onmiddellike motief vir wetsbesteding doeltreffende optrede teen een of ander vorm van misdaad, waarvan

huisbraak/.....

1) Wet No. 33 van 1960, Art. 1 (XXXV) (a)-(1).

huisbraak en diefstal ver bo die ander uittroon met soveel as 169 gevalle wat meer as 33% van die monstertotaal uitmaak.

(e) Hofrekords van Monsterleerlinge.

Inderwaarheid gee die onmiddellike kommitteringsmotiewe nie naasteby 'n getroue weergawe van die ware frekwensie van misdaad onder hierdie kinders nie. Daarvoor moes die misdaadgeskiedenis van die afsonderlike leerlinge ondersoek word en die bevindinge is deels opgesom in Tabel 99.

TABEL 99: MISDAADSOORTE WAARVOOR 500 NYWERHEIDSKOOL-KLEURLING-LEERLINGE TEREKGESTAAN HET.

MISDADE	AANTAL	%
Geen	206	41.2
Huisbraak en diefstal	240	48.0
Roof	31	6.2
Aanranding	31	6.2
Drank	1	.2
Dagga	12	1.4
Petrol	1	.2
Ander	53	10.6

Die inhoud van hierdie tabel is ook maar 'n baie flou weergawe van die waarheid, omdat dit alleen dié leerlinge aandui wat werklik reeds voor die hof was weens misdaad soos aangedui. Van die 206 leerlinge wat onder „geen" opgegee word, kan hoogstens gesê word dat hulle nog nie voor die hof verskyn het weens misdaad nie. Enigeen wat met hulle in aanraking kom, sal gou uitvind dat sovele van hulle net nog nie ongelukkig genoeg was om gevang te word nie. Van die orige 294 was daar nie minder nie as 240 (48% van die totaal) wat reeds weens huisbraak en diefstal verskyn het, terwyl 31 elk vir roof en aanranding en 'n verdere 12 weens dagga tereggestaan het. Onder die opskrif „ander" geld oortredings soos karre parkeer, vent sonder lisensie, oortreding op private eiendom en dies meer.

Die misdaadgeskiedenis van hierdie leerlinge kan nie volledig wees sonder 'n opgawe van residivisme nie en dit word in Tabel 100 weergegee. Dit lewer 'n droewige skouspel op om te sien dat van die 294 daar slegs 103 eerste oortreders was. Soveel as 191 was reeds twee- of meermale weens een of ander kriminele oortreding voor die hof. Inderwaarheid geskied wetsbesteding dan ook in sovele van hierdie gevalle as 'n maatreël om die jeugmisdadiger te „bêre" en die maatskappy teen sy terreur te beveilig. Die ernstige afmetings wat residivisme reeds

onder/.....

TABEL 100: AANTAL MONSTERLEERLINGE EEN- EN MEERMALE VEROORDEEL.

AANTAL KERE VEROORDEEL.	AANTAL	%
Eenkeer	103	35.0
Tweekeer	82	27.9
Driekeer	59	20.1
Vierkeer	23	7.8
Vyfkeer	14	4.8
Seskeer	13	4.4
TOTAAL	294	100.0

onder hierdie jong kinders aanneem, word treffend illustreer in Grafiek 32 wat op die persentasie-kolom van Tabel 100 gebaseer is; en hoe ernstig dit waarlik is, blyk eers dan as hierdie syfers vergelyk word met dié van alle Kleurlinggevangenes wat in Tabel 70 ¹⁾ verhaal word. Daaruit blyk dat die aantal eerste oortreders daar in die jongste tyd nog 40.8% van die totaal is in vergelyking met slegs 35% by die kinders.

(f) Kleurling-jeugmisdaad oor die Algemeen.

Die beeld wat hierdie syfers van die Kleurling-Kinderwet-kind voorskilder, is een van maatskaplike en sedelike degenerasie in die ergste graad. Maar aangesien die nywerheidsskool kragtens sy aard 'n plek is wat deur stout kinders bevolk word, kan die monsteranalise op sigself alleen, nouliks 'n vergelykende beeld van die stand van hierdie sake onder Kleurlinge bied. Dit is dus nodig om die algemene verskynsel van jeugmisdaad soos dié hom onder die verskillende rasse voordoen, te ondersoek en te vergelyk.


Net soos die voorafgaande morele en kriminele vergrype van die Kinderwet-kind alleen te begrype is in die lig van sy etiologiese agtergrond, kry ook die bedenklike vertoning wat die Kleurlingkind oor die algemeen op die misdaadtoneel, en daarom in die regsannale maak, in dié lig 'n nuwe, verklarende betekenis. Dit verbaas nie meer so erg dat hulle wat meer as enige ander bevolkingsdeel ankerloos is, en dus weerloos staan teen hul eie erfgoedere, ook meer as enige ander bevolkingsdeel met die gereg bots nie. ²⁾

(i) Alle Misdaad.

Tabel 101 is 'n verwerking van syfers soos verstrekk/.....

1) Hf. VII, par. 4(d), p.481.


2) Vgl. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing: Die Omvang van Jeugmisdaad in S.A., pp. 8 et seqq.



GRAFIEK 32: PERSENTASIE JEUGDIGES EEN- EN MEER-
MAAL VEROORDEEL.

TABEL 101: GEMIDDELDE JAARLIKSE JEUGMISDAADVEROORDELINGS IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

RAS	TYDPERK	GEMIDDELDE VEROORDELINGS PER JAAR				POPULASIE IN 10,000 ^e	OORTREDINGS PER 10,000 VAN BEVOLKING
		Manlik (M)	Vroulik (V)	Totaal (T)	% V/T		
Blankes	1945-49	6,227	492	6,719	7.3	245	27.4
	1950-54	8,937	711	9,648	7.4	270	35.7
	1955-58	11,180	847	12,027	7.0	293	41.0
Kleurlinge	1945-49	10,914	2,011	12,925	15.6	97	133.2
	1950-54	17,353	2,582	19,935	12.9	114	174.9
	1955-58	24,242	2,767	27,009	10.2	130	207.8
Asiate	1945-49	1,974	97	2,071	4.7	30	69.0
	1950-54	2,540	110	2,650	4.2	38	69.7
	1955-58	3,250	160	3,410	4.7	43	79.3
Bantoes	1945-49	56,755	12,113	78,868	15.3	801	98.5
	1950-54	75,886	15,174	91,060	16.7	873	104.3
	1955-58	103,452	23,645	127,097	18.6	938	135.5



GRAFIEK 33: JEUGMISDAADVEROORDELINGS PER 10,000 VAN DIE BEVOLKING IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

verstrek deur die Buro vir Sensus en Statistiek¹⁾ en dui die gemiddelde jaarlikse veroordelings van jeugdiges weens alle soorte misdaad aan oor die tydvakke soos aangetoon. Gemiddeldes is gebruik ten einde algemene tendense meer doeltreffend uit te lig. Die veroordelings per 10,000 van elke bevolkingsgroep is ook bereken en grafies voorgestel in Grafiek 33. Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word:

aa) By alle rassegroepe is die seuns verantwoordelik vir verreweg die meeste oortredings. Wat die dogters betref, oortree die Asiate die minste, die Bantoes die meeste en die Kleurlinge die tweede meeste.

bb) Wat die totale misdaadsyfer betref, staan die Kleurlinge ver bo-aan die lys. Ná die Kleurlinge kom in dalende volgorde die Bantoes, Asiate en blankes. Vergeleke by die blankes oortree die Asiate, Bantoes en Kleurlinge ongeveer twee-, drie-en-'n-half- en vyfkeer soveel respektiewelik.

cc) Terwyl die misdaadsyfer by alle rasse styg, is die styging by die Kleurlinge veel vinniger as by die ander drie rassegroepe.

dd) As misdaad by dogters, die hoeveelheid van misdaad en die skerpste in toename daarvan indikasies van maatskaplike degenerasie is, is dit met die Kleurlinge treurig gesteld, selfs in vergelyking met die Bantoes teenoor wie hulle gewoonweg met 'n veel hoër beskawingspeil gekrediteer word.

(ii) Ernstige Misdaad.

Ook wanneer die voorkoms van ernstige misdaad onder jeugdiges ondersoek word, doen dieselfde patroon hom voor. Tabel 102 is 'n verwerking van syfers uit Uniestatistieke oor Vyftig Jaar.²⁾ In hierdie syfers is Kleurlinge en Asiate saamgevat, maar soos die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing aantoon,³⁾ is die voorkoms van ernstige misdaad onder Asiatiese jeugdiges veral in die jongste tyd veel laer as by die ander rassegroepe, selfs die blankes. Dit kan dus by die totale syfer net beteken dat die eintlike toestand onder die Kleurlinge aansienlik erger moet wees as wat Tabel 102 aantoon. Die „Totaal“-kolomme van oortredings per 10,000 van die bevolking is ook grafies verwerk in Grafiek 34.

Hierdie/.....


1) Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, pp. A-8, koll. 46-49 en F-6, koll. 65-72.

2) Pp. A-8, koll. 46-49 en F-7, koll. 86-98.

3) Die Omvang van Jeugmisdaad in S.A., pp. 10 en 11.

TABEL 102: GEMIDDELDE JAARLIKSE JEUGMISDAADVEROORDELINGS WEENS ERNSTIGE OORTREDINGS IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

RAS	OUDERDOM.	TYDPERK.	GEMIDDELDE VEROORDELINGS PER JAAR.				POPULASIE IN 10,000 ^e	OORTREDINGS PER 10,000 VAN DIE POPULASIE.
			Manlik.	Vroulik.	Totaal	% V/T		
BLANKES.	7-16 Jr.	1945-49	340	10	350	2.9	245	1.4
		1950-54	566	25	591	4.2	270	2.2
		1955-58	667	33	700	4.7	293	2.4
	17-20 Jr.	1945-49	956	67	1,023	6.5	245	4.2
		1950-54	1,340	116	1,456	7.9	270	5.4
		1955-58	1,781	157	1,938	8.1	293	6.6
	Totaal	1945-49	1,296	77	1,373	5.6	245	5.6
		1950-54	1,906	141	2,047	7.0	270	7.6
		1955-58	2,448	190	2,638	7.2	293	9.0
KLEURLINGE EN ASIATE.	7-16 Jr.	1945-49	831	53	884	6.0	127	7.0
		1950-54	1,303	70	1,373	5.1	152	9.0
		1955-58	1,763	103	1,866	5.5	173	10.8
	17-20 Jr.	1945-49	1,644	110	1,754	6.3	127	13.8
		1950-54	2,783	173	2,956	5.8	152	19.4
		1955-58	3,507	223	3,730	6.0	173	21.6
	Totaal	1945-49	2,475	163	2,638	6.2	127	20.8
		1950-54	4,086	243	4,329	5.6	152	28.5
		1955-58	5,270	326	5,596	5.8	173	32.3
BANTOES.	7-16 Jr.	1945-49	2,569	136	2,705	5.0	801	3.4
		1950-54	3,331	155	3,486	4.4	873	4.0
		1955-58	4,337	272	4,609	5.9	938	4.9
	17-20 Jr.	1945-49	5,012	439	5,451	8.1	801	6.8
		1950-54	6,751	556	7,307	7.6	873	8.4
		1955-58	8,914	777	9,691	8.0	938	10.3
	Totaal	1945-49	7,581	575	8,156	7.0	801	10.2
		1950-54	10,082	711	10,793	6.6	873	12.4
		1955-58	13,251	1,049	14,300	7.3	938	15.2



GRAFIEK 34: GEMIDDELDE JAARLIKSE VEROORDELING VAN JEUGDIGES WEENS ERNSTIGE MISDAAD IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

Hierdie statistieke regverdig die volgende afleidings:

aa) By alle rasse word verreweg die grootste hoeveelheid ernstige jeugmisdaad deur manlike jeugdiges gepleeg. Ten opsigte van die vroulike geslag is die Kleurlinge en Asiate onderaan die lys, terwyl blankes en Bantoes feitlik gelykstaan as die aantal oortredings deur vroue begaan, bereken word as persentasie van alle oortredings van dié besondere rassegroep.

bb) As alle ernstige misdaad in aanmerking geneem word, is die Kleurlingjeugdige verreweg meer geneig tot ernstige misdaad as die blankes en selfs die Bantoes. Per 10,000 van die bevolking oortree hulle naamlik aansienlik meer as driekeer soveel as die blankes en ook heelwat meer as tweekeer soveel as die Bantoes. In vergelyking met die blankes sou hulle nog veel slegter vertoon het, as bestuur van 'n motor sonder 'n rybewys, wat sosiologies gesproke geen ernstige misdaad is nie, nie onder daardie kategorie ingesluit was nie. Die Bureau vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing ¹⁾ wys daarop dat bestuur sonder lisensie vir ongeveer die helfte van alle veroordelings van blanke jeugdige tussen 17 en 20 jaar weens ernstige misdaad verantwoordelik is.

cc) Terwyl ernstige misdaad by alle rassegroepe opwaarts neig, is die helling by die Kleurlinge veel skerper as by enige ander groep.

(iii) Uitgesoekte Oortredings.

Terwyl die Kleurlingjeug net soos in die geval van alle jeugmisdaad ook by ernstige jeugmisdaad bedenklik vertoon in vergelyking met die ander Suid-Afrikaanse rassegroepe, is dit nodig om na te gaan wat die stand van sake by twee uitgesoekte oortredings teweete diefstal en aanranding is.

Tabel 103 is 'n verwerking van syfers verstrek deur die Bureau vir Sensus en Statistiek, ²⁾ en die inhoud daarvan word grafies weergegee in Grafieke 35 en 36.

Ook in hierdie geval is die syfers baie onvleiend vir die Kleurlinge. Ten opsigte van diefstal oortree die Kleurlingjeug meer as agmaal soveel as die blankes, viermaal soveel as die Asiate en twee-en-'n-halfmaal soveel as die Bantoes. Ten opsigte van aanranding is dit veertienmaal soveel as blankes, meer as sewemaal soveel as Asiate en meer as viermaal soveel selfs as die Bantoes/.....

1) Op. cit., pp. 13-19.

2) Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, p. F-6, koll. 77-84.

TABEL 103: GEMIDDELTE JAARLIKSE VEROORDELING VAN JEUGDIGES WEENS DIEFSTAL EN AANRANDING IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

MISDAAD	RAS	1945 - 49		1950 - 54		1955 - 58	
		Gemiddeld jaarliks.	Per 10,000 van Bevolking.	Gemiddeld jaarliks.	Per 10,000 van Bevolking.	Gemiddeld jaarliks	Per 10,000 van Bevolking.
Diefstal.	Blank	1,137	4.6	1,673	6.2	1,968	6.7
	Kleur-ling	3,910	40.3	5,876	51.5	7,194	55.3
	Asiaat	369	12.3	408	10.7	521	12.1
	Bantoe	13,932	17.4	17,039	19.5	20,340	21.7
Aanranding.	Blank	410	1.7	507	1.9	533	1.8
	Kleur-ling	1,433	14.8	2,032	17.8	3,377	26.0
	Asiaat	202	6.7	228	6.0	288	6.7
	Bantoe	6,552	8.2	9,009	10.3	11,357	12.1

Bantoes.

(g) Modale Patroon van die Gedragsafwykende Kleurlingseun.


In die lig van die voorafgaande is dit nou moontlik en wenslik om 'n modale patroon van die gedragsafwykende Kleurlingseun te skets. ¹⁾ Gesien teen die agtergrond van sy afkoms sowel as die ekonomiese, maatskaplike, sedelike, opvoedkundige en gesindheidsomstandighede waarin hy gebore word en opgroei, kan daar verskillende fases in sy vormingsproses onderskei word. Hierdie stadia wat goedsikks die inkubasie-, germinasie (ontkiemings)-, konsolidasie- en finalisasieperiodes genoem kan word, is nie waterdig van mekaar geskeie nie. Hulle volg op 'n natuurlike progressiewe wyse die een op die ander. ²⁾

(1) Die Inkubasieperiode (1 - 6/7 Jaar).


Hierdie fase in die vorming van die gedragsafwykende Kleurlingkind is die mees patetiese en deerniswekkende stadium in sy kinderlewe. Hy is nog klein en afhanklik en, volslae magteloos, die slagoffer van die mense aan wie se sorg hy toevertrou is. Selde maak hierdie mense 'n volledige huisverband uit. Dikwels is hulle familie of vriende wat die sorg oorgeneem/.....

1) Vgl. Glueck, S. and E.: Delinquents in the Making, pp. 20 et seqq.

2) Vgl. Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde, p. 103.



GRAFIEK 35: GEMIDDELDE JAARLIKSE VEROORDELING VAN JEUGDIGES WEENS DIEFSTAL IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.



GRAFIEK 36: GEMIDDELDE JAARLIKSE VEROORDELING VAN JEUGDIGES
WEENS AANRANDING IN TYDVAKKE TUSSEN 1945 EN 1958.

oorgeneem het, en meesal is die milieu een van armoede, dronkenskap, onsedelikheid, misdaad en geweld. In hierdie atmosfeer maak die Kleurlingkind sy oë oop en dring die eerste strale van bewussyn en selfbewussyn tot hom deur. Verdwaas en verwese skuil hy meesal daar eenkant in 'n hoek waar hy die swyende getuie word van alle grade van sosiale en sedelike degenerasie, soms van die grofste kriminele misstande denkbaar, van vloek en baklei tot moord en doodslag.

Omdat hy op hierdie stadium 'n klein kind is, weerloos en magteloos teen hierdie soort van gewelddadigheid, lewer hy nog geen probleme vir die ouers of bewaarders op nie. Hy luister as hulle praat en maak soos hulle sê. En latere getuienis oor sy gedrag lui sonder uitsondering altyd so: „Meneer, in die begin was hy gehoorsaam en het gemaak soos ek sê.”¹⁾

Die groot betekenis van hierdie fase is dat hier die vorming van eerste lewensindrukke geskied wat in die kindergees en -gemoed vasgelê word om aansy latere ontwikkeling koers en beslag te gee. Self nog geen probleem nie, is die inkubasieproses aan die gang, word die grondslae vir insigte, begrippe, benaderings en praktyke gelê wat later 'n deurslaggewende invloed op sy gedragslewe sal uitoefen.

Hierdie inkubasieproses vind plaas in die voorskoolse leeftyd van die Kleurlingkind en duur gewoonlik van geboorte tot ongeveer die sesde of sewende lewensjaar.

(ii) Die Germinasie- of Ontkiemingsperiode (7 - 11/12 Jaar).

Op die inkubasieperiode volg die ontkiemingsperiode. Dit strek gewoonlik van die sewende tot om en by die elfde of twaalfde jaar. Hier is die kind fisies en verstandelik reeds dermate ontwikkel dat hy aan sy eie belange, veral sy fisieke veiligheid, begin dink. As omstandighede in die omgewing of teenwoordigheid van die grootmense vir hom 'n bedreiging word, neem hy die loop en soek veiligheid elders, meesal buitenshuis, totdat omstandighede binne 'n gunstiger wending neem.

Op hierdie stadium begin hy meer en meer maatskaplike kontakte opbou, speel hy op die straat en begin die invloed van sy maats op hom inwerk. Hy gaan ook skool-toe waar hy in die begin redelik soet is, en die onderwyser nog daarin slaag om hom te beheer. Maar omdat hy weinig konstruktiewe aanmoediging
tuis/.....

1) N.O.-rekords: L.108/18/0/1-1835.

tuis ontvang, omdat hy swaar leer, omdat die onderwyser dikwels met hom raas, en omdat die eintlike ware emosionele bevrediging wat hy ontvang, dié is wat hy in geselskap van sy maats kry — maats wat net soos hy daaraan toe is — soek hy meer en meer hulle geselskap op.

Teen hierdie tyd begin die voorbeeld van ander en sy eie gebrekkige morele vorming deurwerk. Hy leer mettertyd die waarde vangeld ken. Eers stuur sy ma hom om brood te koop en bring hy die kleingeld terug. Op een of ander stadium egter hoor hy daarvan, of gebeur dit werklik, dat hy langs die pad beroof word, óf van die brood, óf van die kleingeld, óf van albei. Hy het nou ook al saam met sy maats begin rook en het sigarette nodig, of lekkers of selfs geld vir die bioskoop. Die gevolg is dat hy op voorwendsel van roof meer en meer van sy ma se geld gebruik vir hierdie doeleindes. Hy begin ook steel in sy eie huis of selfs by die bure waar hy toegang het. Hy word bestraf en geslaan as hy gevang word. Hy kan al goed hardloop, en vlug lewer soms goeie resultate. Ook op straat waar hy 'n bedreiging word vir die vrag van die venter, leer hy om die eienaar en die diender dop te hou en te hardloop as dit nodig blyk.

By die skool gaan dit nou ook nie meer te goed nie. Hy vorder nie en is bekend as 'n dom, oneerlike seun. Op pad ná en van die skool loop hy by bekendes en maats verby wat nie meer skool-toe gaan nie. Hy speel vir 'n rukkie saam en dit word al swaarder om van hulle afskeid te neem. Die stories, speletjies en ongebondenheid bekoor hom sterk. Hy leer om te doen wat vir hom lekker is en onaangename dinge te vermy. Op dié manier bly sedelike vorming verder uit en volg hy al meer en meer die pad van die minste weerstand. Die vorming van die gesonde sedelike persoonlikheid aan die hand van die woord en daad van liefdevolle, belangstellende, aanmoedigende en ware opvoedende ouers, vind nie plaas nie.

Alhoewel die kind op hierdie stadium reeds stout is, is hy fisies nog nie sterk genoeg om heeltemal handuit te ruk nie. Sy ouers of huismense sien nog kans vir hom. Hy kom nog saans huistoe en het nog behoefte aan die beskermende atmosfeer van die huis waar hy veilig voel. Maar die betekenis van die germinasie-periode is dat die saad wat in die inkubasieperiode gesaai is, reeds ontkiem en hier en daar binne die huis en die onmiddellike omgewing sy kop uitsteek in kleinere diefstal, ongehoorsaamheid en losbandigheid.

(iii) Die Konsolidasieperiode (12 - 16/17 Jaar).

Na die ontkiemingsgebeure volg die groei- of konsolidasieproses waarin die wanaanpassing vinnig vaste vorm aanneem. Sy gedragspatrone raak in diepte sowel as omvang, vertikaal sowel as horisontaal, vasgelê.

Op skool is hy nou reeds baie vertraag, word hy dikwels geskrobbeer, en die emosionele satisfaksie wat hy daar vind, word by die dag skraler. Hy vertoef gevolglik langer as gewoonlik in die buitekringe van die hoeksmanne,¹⁾ waar hy oorgenoeg aanmoediging vind om die onaangename las van die skool en die huis af te skud. Hy draai nou meer en meer dikwels stokkies en bring die tyd by die „jongspan van die bendes" deur. Hy is nou nie langer net 'n volslae roker nie, hy rook op dié stadium ook al dagga saam en drink so dikwels as wat die geleentheid hom voordoën. Misdaad word reeds met menig gepleeg en dr. Willem le Roux wat die Kleurling-jeugbendes in Kaapstad ondersoek het, tref hulle aan in die omgewing van die ervare hoeksmanne as

„'n groepie jeugdige van 15 jaar en jonger wat in die buitekringe rondom die bestaande bende-eenheid of groep beweeg. Hul ontstaan as 'n aanhangsel maar ontwikkel gou in 'n aparte entiteit geskoei op die lees van die bende wat hul aanhang ... Hulle toon dieselfde vitaliteit ... en sal in hul entoesiasme om bendestandaard te bereik, hul ouer broers dikwels in waaghalsigheid en voortvarendheid oortref." 2)

Ongemerkt en byna onkeerbaar vind die konsolidasieproses nou plaas en dit word onmiskenbaar beluister in die verhaal wat 'n ervare hoeksman oor homself te vertel het.

„Ons het gaan woon in Thomasstraat na ons uit Mowbray getrek het. Daai dae het ek nog regular skool geloop en my ma by die huis gehelp. As ek so skool toe stap, dan sight ek die Sjerrievlieë daar oppie hoek, maar ek het altyd verby gedouble. Koepa, my pal, het altyd saam met my geloop, en hy was 'n nuuskierige ouentjie daar by die hoek. Hy wou net gesels met die hoeksmanne en luister na hul musiek-makery. Oraait toe gesels ons en het later so 'n dobbelgamepie opgetel, maar dan loop ons maar weer huistoe. Later het dit regular practice vir my en Koepa gewees om agter skool daar te gaan dobbel en 'n dop te steek. Hulle het ons later geknow by face en nie geworrie as ons daar is nie.

„Ek was noggie 'n hoeksman van hulle nie, daai dae was ek nog 'n huiskindjie en het net accoring my ma se rules gelewe. Saans gaan ek na die Silver/.....

1) Vgl. le Roux, W.G.: Die Kleurling-jeugbende in Kaapstad, pp. 85-87.

2) le Roux, W.G.: op. cit., p. 86.

"Silver Tree Club en anner aande na die bioskoop. Na 'n goeie tydjie so by die Sjerrievlieë se hoek het my ma my begin skel dat ek met slegte maats mix. Anner ouentjies sê my, oraaït, ek sien djy is ok nou 'n Sjerrievlieg, toe vat ek dit net so, oraaït, as almal so sê, dan is dit seker so, en toe skoffel ek regular daar." 1)

Op hierdie stadium het dinge by die huis dan ook reeds ernstig verkeerd geloop. Ongehoorsaamheid, opstandigheid en brutaliteit volg mekaar vinnig op totdat die jeugdige sy huis nie meer „lekka" vind nie. Tewens hy net nou ander kontakte en assosiasies en ook ander maniere om geld in die hande te kry. Dit is op dié stadium dat hy eers laat snags tuiskom, en dan op 'n nag gladnie opdaag nie. Hierdie „nagte uit" volg mekaar vinniger op na gelang van die hoeveelheid onaangenaamheid wat dit meebring. Mettertyd keer hy gladnie meer terug nie en is hy 'n volslae „stroller"; of as die ouers die saak gewonne gee, kom en gaan hy soos hy wil en laat dikwels 'n egte terreurtoestand in die huis ontstaan waar woens baklei word en bloed dikwels vryelik vloei.

Teen hierdie tyd het hy reeds 'n hele aantal wetsoortredings op sy kerfstok, en nou is dit slegs 'n kwessie van tyd voordat die diender hom kom haal. Heel dikwels in gevalle waar hy die huis verlaat het, is dit weer die eerste keer dat die ouers van hom hoor; want nou na 'n hele aantal kere se „latjies", het die magistraat die hulp van die proefbeampte ingeroep om 'n verslag op te stel, en dit is hy wat die spoor volg tot by die huis.

Op hierdie stadium gewoonlik kom die Nywerheidsskool en ander Kinderwetinrigtings eers op die toneel; en by die seun wat op hul drumpel afgelaai word, het die misdaadgewoonte nie net reeds ontkiem nie; dit is reeds vasgewortel en gekonsolideer.

(iv) Die Finalisasieperiode (17- 21/23 Jaar).

In die laaste fase van sy misdaadloopbaan as jeugdige, kom daar meerdere rypheid en besinning. Dit is die stadium waar hy deur die sielkundige 'n „latere adolessent" 2) en deur die juris 'n „jeugdige volwassene" genoem word. 3) Die misdaad wat nou gepleeg word, dra dan ook gewoonlik die beslag van beplande doelgerigtheid. Daar is nog steeds kenmerke van voortvarendheid en avontuurlustigheid, maar daar gaan 'n koeler, meer beredeneerde doelgerigtheid mee gepaard wat van groter
morele/.....

1) le Roux, W.G.: op. cit., p. 85.

2) Vgl. Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde, p. 103.

3) Vgl. Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing: Die Omvang van Jeugmisdaad in S.A., p. 9 et seqq.

morele dekadensie getuig.

In hierdie stadium, veral ná die aanvang van die agtiende jaar, word hierdie oortreders dan ook dikwels soos volwassenes gestraf en tronk-toe gestuur, ¹⁾ alhoewel vonnisse na 'n verbeteringskool nie uitgesluit is nie. Ná die sewentiende jaar word jeugoortreders selde na die nywerheidskool of private geregistreerde en gesertifiseerde inrigtings gestuur.

Met die koms van die jare en die rypheid, kom heel dikwels ook besinning, sodat in hierdie fase die misdaadloopbaan van verskeie jeugdiges 'n natuurlike dood sterwe. Dit is een van die redes waarom dit so moeilik is om met sekerheid te sê dat inrigtingsbehandeling die rehabilitasie van 'n bepaalde oortreder bewerkstellig het. Dit kon ewe goed 'n natuurlike bedaring wees wat saam met die jare intree en veranderde insigte meebring. Weer spreek die voorbeeld van die hoeksman se eie woorde:

„Ek het begin hoekhou by Blythestraat en gou draad gevang (die maniere agtergekom). Ek het beginne daggarook, drink en dobbel en dan praat en raas my ma met my. Maar ek was foolish en wou nie luister nie. As ek dronk is, is ek stêk en wil net parte vat (baklei). Eendag kap 'n pal my met 'n mes toe ons dronk was, en later toe squeal 'n ander ou op my en ek kry ses houe. Toe sien ek, nei wat, hoekhouery is no use, jou pals ken jou net as jy geld het en verre moet jy omlê vir jou prys (vir jouself sorg). Die hoekhouery het my ma glad nie gelaai nie en baie geraas. Voor daai tyd was dit annerste in die huis. Toe vat ek dit so, oraaits, dis bietere om jou mense by die huis te please as 'n klomp low-downs wat niks vir jou oor het nie." ²⁾

Op dié wyse bring die finalisasieperiode finaliteit óf na die een, óf na die ander kant toe: Vir dié een wat verstandig genoeg is en 'n wyse hart bekom, beteken dit mettertied die einde van 'n misdaadloopbaan; vir die ander wat dieselfde genade nie ontvang nie, beteken dit die begin van die volslae kriminaliteit van die gewoontemisdadiger, 'n kategorie waaronder ook die Kleurling aansienlik meer as sy regmatige kwota lewer. ³⁾

(v) Waaksaamheid teen Wensdenkery.

Om die beskrywing van die modale patroon van die gedragsafwykende Kleurlingkind af te rond, is dit nodig om eksplisiet te waarsku teen wensdenkery. Die etiologiese agtergrondstudie/.....

1) Vgl. Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, p. F-10, koll. 125 en 126.

2) le Roux, W.G.: Die Kleurling-jeugbende in Kaapstad, p. 104.

3) Vgl. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, No. 28 - 1954-55, p. 323, tabel (v).

agtergrondstudie lewer 'n belangrike bydrae om die lug te suiwer van minstens een gevaarlike wanindruk. Daar is baie liewe, goeie, welmenende, weekhartige, maatskaplik-gesinde mense wat aan hierdie inrigtingskinders dink as ongelukkige, veronregte slagoffers van 'n onvriendelike maatskappy; as kinders wat reikhalssend verlang na 'n geleentheid in die lewe om reg te maak wat verkeerd geloop het; as kinders wat, indien die geleentheid kom, dit met dubbele hande dankbaar sou aangryp. Vir mense wat so dink, wag daar by kennismaking met hierdie soort kind 'n wrede ontgogeling. Weliswaar is hy ongelukkig, maar dan heeltemal uit 'n ander hoek, die idealistiese hoek van die maatskaplike hervormer. Binne sy eie lewens- en ervaringskring het hy sy eie soort aspirasies, met sy eie soort satisfaksie volgens sy eie kriminele norme. En die ontnugtering kom daarby te pas dat die maatskaplike idealis baie gou tot die besef gebring word dat hierdie kind nie die minste verlange openbaar om sy norme en standaarde vir dié van die hervormer te verruil nie. Hy bied intendeel verbete weerstand, en het meesal geen vuriger verlange as om onder hierdie dissiplinerende regime van die korrektiewe inrigting los te kom nie.

Die waarheid is dat die gedragsafwykende Kleurlingkind teen die tyd dat hy by die inrigting aanland, 'n volslae wanaangepaste mens is wat die pad van sy sinne en luste volg, die pad van die minste weerstand, sonder die minste sin vir sedelikheid of enige maatskaplike verantwoordelikheid, 'n roekelose mens, „sonder hoop en sonder God in die wêreld." ¹⁾ En daar is meer nodig as sentimentele meewarigheid om sy heropvoedingsprogram te ontwerp en toe te pas.

2. Fundamentele Oorweginge.

Noudat die oorsake — die etiologiese agtergrond — en die resultaat — die gedragsafwykende Kleurlingkind — ondersoek is, is dit nodig om te vra wat hieraan gedoen behoort te word met die oog op 'n versiening van die toestand. Dit bring mee dat daar 'n duidelik-omskrewe doelstelling moet wees. Met dié doelstelling pertinent in gedagte moet die middele beplan en aangewend word om dit te bereik. En terselfdertyd is dit ook nodig om te vra hoe dít wat wel gedoen word, beantwoord aan die normatiewe eise van die doelstelling.

(a)/.....

1) Ef. 2:12.

(a) Noodsaaklikheid van vooraf bepaalde Lewens- en Wêreld-beskouing.

Hierdie prinsipiël-kritiese benadering kan alleen sinvol geskied mits dit geskied vanuit 'n bepaalde standpunt wat vooraf ingeneem word. Trouens geen deurdagte planmatige pedagogiek of sosiale opheffingsprogram is moontlik nie, tensy die pedagoog of sosiale hervormer vir homself duidelik rekenskap gee van die onderliggende motiewe wat in sy lewens- en wêreldbeskouing veranker lê en van daar uit inspireer en tot aksie dwing. Die innige verband wat daar bestaan tussen die opvoeding en die grondliggende lewensbeskouing van die opvoeder is afdoende aangetoon deur prof. dr. J. Chris Coetzee,¹⁾ en word meesterlik saamgevat in sy eie woorde:²⁾

„Die opvoedkundige het nie alleen 'n lewensbeskouing nie, maar hy moet 'n eie hê, want sy hele opvoedkundige denke en doen moet daardeur bestraal, beheers en bepaal word. Die wetenskaplike opvoedkundige moet dus sorg vir 'n eie wetenskaplik gegronde lewensbeskouing. Daarom is dit vir die opvoedkundige van so 'n fundamentele betekenis om 'n grondige studie te maak van die belangrikste lewensbeskouinge en hul betekenis vir die opvoeding maar ook om self te kom tot 'n weldeurdagte, prinsipiël gegronde lewensbeskouing.”

Die buitengewone belangrikheid van die fundamentele lewensfilosofie in enige opvoedkundige stelsel blyk eers duidelik as daar op sekere teenstellinge gewys word.³⁾ Vir onderhawige doeleindes is dit slegs nodig om melding te maak van die radikale verskille wat daar in opvoedkundige en ander opheffende maatreëls sou ontstaan na gelang die denker sou beweeg van die teïstiese, met name die kenmerkende Suid-Afrikaanse Calvinistiese standpunt na dié van die humanistiese benadering, hetsy die imperialistiese liberalisme of die bolsjevistiese kommunisme, of watter ander vorm van humanisme ook al. Dat dit radikale veranderinge ten opsigte van die doel, uitgangspunt, inhoud en metode van die opvoedende werksaamhede meebring, behoef geen beoog nie.

Die verskille is veral van die uiterste belang as daar getoet word op die bestaande tradisioneel-geworde rassiese pluri-formiteit van Suid-Afrika. Vir die blanke bevolkingsdeel is dit so radikaal dat dit 'n ware saak is van voortbestaan of nie; van „te wees” of „nie te wees nie”; in die laaste instansie van lewe/.....

1) Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, pp.28-32.

2) Ibid., p. 32.

3) Vgl. Coetzee, J. Chris: op. cit., pp. 32 et seqq.

lewe of dood. Die voortbestaan van die blanke Suid-Afrikaner is immers alleen moontlik solank hy sy eie eiendomlike lewensbeskouing, dié van die Suid-Afrikaanse Calvinisme as genre van die teïstiese lewensbeskouing, sou handhaaf. Sou hy dit prysgee, moet hy noodwendig die slagoffer word van die gelykmakende uitwerking van die humanistiese liberalisme of bolsjevistiese kommunisme wat verskille nivelleer en verskeidenheid aftakel. Aangesien dit oor alle lewensfronte onvermydelik is, moet die sekvensie uiteindelik — as gevolg van hibridisasie — nie alleen verlies van kulturele en nasionale identiteit nie, maar selfs van biologiese identiteit beteken. ¹⁾

Die vraag kan nou ontstaan wat die identiteit en voortbestaan van die Suid-Afrikaanse blanke met die Kleurling en sy opvoeding en opheffing te doen het, en dan sal die mees oppervlakkige besinning al dadelik die besef meebring dat die voortbestaan van die blanke alles daarmee te doen het. Dit is vir die Kleurling van intrinsieke belang, tewens van lewensbelang. Die Kleurling is voorasnog tot 'n groot mate 'n aanhangsel, 'n spruitvolk van die blanke, en in alle opsigte van hom afhanklik. ²⁾ Sou die blanke ondergaan as gevolg van Bantoe-oorstroming, is daar hoegenaamd geen hoop vir die Kleurling om die kataklisme te oorleef nie. En Min. P.W.Botha het dit in heel eenvoudige taal só gestel: „In die blanke se veiligheid lê ook opgesluit die goeie orde van ons Republiek en die veiligheid van die Kleurling.” ³⁾

Vir die opvoeding van alle rasse in Suid-Afrika is dit derhalwe van die grootste belang om seker te maak dat daar onbetwisbare helderheid bestaan oor die grondliggende lewensfilosofie. Aan die hand daarvan sal die opvoeding een wees wat opvoed óf tot behoud van rasse-identiteit óf tot die aftakeling daarvan wat sal beteken verswelging deur die Bantoe. Hier te lande het die filosofiese opvoedkunde dus 'n baie praktiese en aktuele implikasie vir die opvoedeling wat as 'n langtermyn-aangeleentheid neerkom op 'n keuse tussen lewe en dood. In 'n sekere sin sal die Europeër altyd Europeër bly ondanks sy opvoeding. In Suid-Afrika sal die Afrikaner — en ook die Kleurling — slegs Afrikaner — en ook Kleurling — bly kragtens hul opvoeding.

(b) Liberalisme teenoor Calvinisme.

In die teïsties-humanistiese teëstelling soos dié
die/.....

1) Vgl. Verwoerd, H.F.: Die Burger, 24.11.60, p. 6, kol. 3.

2) Vgl. Van der Ross, R.E.: The Cape Times, 24. 8.61, p. 10, kol. 8.

3) Die Burger, 12. 6.61, p. 8, kol. 7.

die blank-Kleurling-betrekkinge raak, kom daar voorasnog in Suid-Afrika veral twee denkrigtings ter sprake, naamlik die Calvinisme aan die een kant en die liberalisme as een vorm van die humanisme aan die ander kant. ¹⁾ Die Calvinistiese denkrigting word merendeels gehuldig deur die konservatiewe Afrikaanssprekende Afrikaner, terwyl die liberalisme as credo van die Britse imperialisme sy sterkte vind onder die Engelssprekendes en Engelsgesindes, insluitende feitlik en masse die Kleurling van die land. Hierteenoor is daar natuurlik ook 'n gedugte potensiaal van kommunisme, maar dié vind voorasnog slegs weinig aanhangers onder blank en Kleurling. Dit is by uitnemendheid gerig op konsumpsie deur die Bantoe.

Diegene wat saak daarvan maak om die denk- en lewenswyse van die Kleurlinge te ondersoek, kom sonder veel moeite agter dat hierdie mense — en begryplik ook soos weldra sal blyk — deur en deur humanisties-liberalisties gesind is. Dit is dus nodig om hierdie denkrigting as die een pool van die Suid-Afrikaanse filosofiese antitese enigsins te omskrywe, en aan te toon waarom dit nie alleen by die Kleurling so populêr is nie, maar waarom dit ook vir die Kleurling so gevaarlik is.

(i) Liberalisme. ²⁾

Die liberalisme wat volkome anthroposentries is, grond sy beskouing op die veronderstelling dat die mens as individu 'n soewereine, selfstandige, selfbeslissende wese is. As sodanig is hy die middelpunt van die skeppingsorde. Die wyse waarop die mens as individu hier vergoddelik word, spreek duidelik uit die beskrywing van Stoker: ³⁾

„Volgens die Liberalisme is die enkele mens, die menslike individu die bousteen van die menslike samelewing. Sy waarde as individu verdien in die eerste plek en in die mees fundamentele sin erkenning. Hy leef in die eerste plek sy lewe. Sy regte, belange, vryhede en welvaart is van fundamentele betekenis en moet bevorder word. Hy is as individu 'n selfstandige, aparte grootheid, al is hy met ander verbind. Uit hom as individu moet uiteindelik alle menslike gebeure verklaar word. Aan hom, en aan wat dit vir hom beteken, moet alles gemeet word.”

Uit hierdie grondslag waarop die liberalisme gebou is, volg verskeie belangrike implikasies waarin hierdie lewensbeskouing se aantreklikheid, maar tewens ook sy gevaar vir die Kleurling geleë/.....

1) Vgl. Stoker, H.G.: Die Stryd om die Ordes, pp. 16-80, en 220-262.

2) Vgl. Stoker, H.G.: op. cit., pp. 9-32.

3) Op. cit., p. 16, par. 9a.

geleë is.

aa) Die Mens in Maatskaplike Verband.

As soewereine, selfstandige, selfbeslissende wese, is alle individu teenoor mekaar gelyk. Enige mensonterende ongelykheid, soos dié tussen blanke en Kleurling, het geen bestaansreg nie en daarmee behoort weggedoen te word. Hierin lê die teoretiese verankering van die gelykstellingsgedagte, en die maatskaplike samestelling van die dag bring mee dat hierdie gedagte vir die Kleurling baie nuttig en aanloklik sal wees. Lank voordat hy vir homself enige rekenskap van die teoretiese grondslae van hierdie lewensfilosofie gegee het, is hy reeds 'n vurige praktiese voorvegter daarvan: Hy stry naamlik ten bloede toe teen maatreëls wat maatskaplike diskriminasie inhou soos woonbuurtskeiding en wetgewing teen ontug en gemengde huwelike.

Omdat die belange van die mens as individu deurslaggewend is, is hy teenoor homself eerder as teenoor die maatskappy verantwoordelikheid verskuldig. Hy kom eerste; sy maatskappy tweede. Daarom staan dit hom vry om terwille van sy persoonlike belange, sy eie maatskappy in die steek te laat: Hy kan volgens hierdie leerstelling „die oorgang maak” sonder enige gewetenswroeging of maatskaplike selfverwyf. As soewereine, selfstandige, selfbeslissende individu het hy die reg om dit strafeloos te doen.

Die gelykheidsbeginsel tesame met dié van prinsipiële onverbondenheid ten opsigte van sosiale of nasionale verpligting vind dus begrypikerwyse 'n groot gewillige aanhang onder die Kleurling-intelligentsia; want hiervolgens staan dit hulle vry om te aspireer na en selfs te agiteer vir assosiasie en integrasie met die blanke sonder dat hy daardeur van prinsipiële ontrou teenoor sy eie mense beskuldig kan word. Dié kan hy kragtens hierdie lewensbeskouing met 'n volkome goeie gewete skromelik verwaarloos, selfs verloën.

Die liberalistiese lewensopvatting wat die Kleurling via die Britse imperialisme opgedoen het, staan op dié manier vierkantig in die weg van die ontwikkeling van 'n maatskaplike verantwoordelikeheidsin onder Kleurlinge, veral teenoor sy raseie mense. Dit maak die sosiale opheffing van Kleurling deur Kleurling ongedaan. Dit gee verder aan die selfmiskenningsverskynsel die skyn van moraliteit. Dit verhef in sy uiterste konsekwensie die nasionale selfmoord van die Kleurling tot 'n onvervreembare reg, en mnr. George Golding kan sonder om te bloos, sê, „Ons kan geen/.....

geen toestand aanvaar waarin ons as 'n aparte volk beskou word nie." ¹⁾ So word die Kleurlingmassa met 'n skyn van geregtigheid volkome leierloos en herderloos gelaat. Hulle word tewens deur diegene wat hul leiers moes gewees het volslae verstrooid gelaat, pateties afhanklik van die willekeurige aalmoese van andere buite hul eie geledere. En dit val hulle blykbaar nie op dat volgens hul eie liberalistiese mores dit daardie weekhartige filantropiese weldoeners vrystaan om hulle te erbarm of nie te erbarm nie.

Dit is dan die verdienste van die liberalistiese standpunt vir die Kleurling dat hy die Kleurling as individu die vryheid gee om sy eie mense in die steek te laat en daarmee sy volksge-note vir die wolwe te gooi. Die liberalis is desverkiesende nie sy broer se wagter nie. ²⁾

bb) Die Mens in Sedelike Verband.

Uit die voorafgaande blyk dat die liberale standpunt, benewens sy mistasting met die menslike individu as die sentrale bousteen van die skeppingsorde, ook 'n tweede dwaling demonstreer, tewete dié wat soos die naam aandui, te doen het met 'n wanbegrip van die sedelike vryheid. Hierdie lewensfilosofie maak die mens los van enige intrinsieke, inherente sedelike verpligting teenoor die maatskappy, terwyl hy in die laaste instansie as selfbeslissende individu ook vir hom die reg opeis om self te bepaal wat sy mores sal wees. Hy is ook sedelik soewerein en selfbepalend, sedelik vry. En hierdie vryheid strek van die vryheid van spraak, propaganda en protes aan die een kant tot die vryheid in die sekslewe en die huwelik aan die ander kant. Die mens moet „broadminded" wees, en waar tydelike wanverhoudinge ontstaan, moet 'n laissez-faire beleid gevolg word, een van non-intervensie oor alle fronte van die mense se bestaan. ³⁾

Ook hierdie sedeleer pas die bedenklige sedelike lewenspatroon van die Kleurling goed, veral soos dié hom in dronkenskap en seksuele ongebondenheid manifesteer. In die liberalisme as lewensfilosofie vind die Kleurling weinig aanmoediging tot daardie verbete stryd, „ten bloede toe", wat hy moet stry om sy sedelike standaarde op te knap. Hy word inteendeel op die laissez-faire, laissez-aller prinsiep aangemoedig om die pad van die minste weerstand te volg deur die liberale teorie goedsikks en doodnatuurlik/.....

1) Die Burger, 6. 1.61, p. 7, kol. 1.

2) Gen. 4: 9.

3) Vgl. Stoker, H.G.: op. cit., pp. 18 en 19.

doodnatuurlik in liberale praktyk om te sit.

Op dié manier is die liberalisme op sedelike gebied vir die Kleurling wat van nature — miskien nog meer as enige ander — 'n taai stryd het om te stry, lewensgevaarlik.

cc) Die Mens in Ekonomiese Verband.

Op grond van sy valse vryheidsveronderstelling aanvaar die liberalisme vrye en ope kompetisie tussen een individu en die ander. Dit gee op ekonomiese gebied die kapitalis wat oor die geestelike en ander vermoëns beskik, die reg om kapitalis te wees. Oral op die arbeidsmark vereis die lewensbeskouing gelyke kanse vir almal. Daar moet vrye en onafgebakende toegang wees. Daarom is werkafbakening vir hierdie mense sedelik verkeerd, ongeag die beskerming of voordele wat dit vir die groep as sodanig mag inhou. Die groep is slegs van sekondêre belang. Die individu alleen is primêr, en hy het reg om sy regte op te eis ten koste van die maatskappy.

dd) Die Mens in Opvoedkundige Verband.

Ook in opvoedkundige verband vereis die liberalisme selfbeskikking vir die individu. Hy het nie alleen reg om oor die inhoud en metode van sy opvoeding te beslis nie, maar selfs oor die doel daarvan, en die is verweef rondom die individu en sy belange en verlangens. Op grond hiervan eis die Kleurling, volgens die diktaat van sy eie vooroordele, 'n leerplan en leergang presies soos die van die blanke, eis hy die ope universiteit en eis hy gemeenskaplike departementele beheer ongeag die vraag of dit vir die Kleurling as gemeenskap die beste belegging is.

ee) Die Mens in Politieke Verband.

Op politieke gebied dwing die emansipasie-begrip van die liberalisme ¹⁾ die Kleurling om die gemeenskaplike kieserslys te kies, afgesien daarvan of ander liberaliste sy stem misbruik, en afgesien daarvan of daardie soort stemreg enige voordelige vrugte vir die maatskappy afwerp.

In die lig van hierdie analise blyk watter sterk aanknopingspunte die liberalisme vir die Kleurling in sy lewensbenadering bied. Alhoewel daar waarskynlik weinig Kleurlinge is wat hul op teoretiese grondslag oor hierdie lewensbeskouing kan verantwoord, bestaan daar weinig twyfel dat die lewensfilosofie in die praktyk meer as deeglik gevestig is. Daar bestaan ook

min/.....

1) Vid. Stoker, H.G.: op. cit., p. 20, par. 20a.

min twyfel oor die rol wat die Britse imperialisme en die Engelse pers in Suid-Afrika gespeel het om hierdie lewensopvatting in die Kleurling se lewenspraktyk vas te lê. Die Kleurling is so bekoor deur die sentrale gedagte van universele gelykheid vir alle individue en die integrasie-begrip wat daaruit voortvloei, dat hy selde of ooit vra in hoeverre daardie teoretiese skoonklinkende gedagtes ooit op enige plek op aarde werklikheid geword het.

(ii) Die Calvinisme. ¹⁾

Teenoor die liberalisme staan die Calvinisme wat as uitgangspunt vir die kritiese benadering van hierdie studie sonder voorbehoud aanvaar word, en daarom sinoptiese toeligting verdien.

aa) Die Calvinistiese Godsbeskouing.

Waar die liberalisme die mens as individu tot middelpunt van alles ~~wa~~saakmaak, verhef, stel die Calvinisme God Drieëinig, die Theos van die Skrifte as die enigste en ewige middelpunt van alle dinge. Hy alleen is volkome selfgenoegsaam en absoluut soewerein. Hy het buite Homself niks vir sy bestaan of voortbestaan nodig nie. Wat daar buite Hom is, is alles uit Hom, deur Hom en tot Hom. Hy het alles geskape om Homself te openbaar in volmaakte almag, majesteit, grootheid, heerlikheid en heiligheid. Die skepping moet hierdie eienskappe van God blootlê en daardeur sy eer verkondig.

Wat daar van hierdie God te kenne is, is slegs dit wat Hy van Homself openbaar het. Hierdie openbaring geskied wel ook in die natuur (die kosmos en sy geskiedenis), maar veral die Skriftuur (die Bybel) wat die onfeilbare, gesaghebbende Woord van God is.

Hierdie God gee deur sy geopenbaarde Woord bekend dat Hy alleen absoluut is, dat niks en niemand, geen mens of ding in sy plek gestel mag word nie. Hy eis van sy geskape kosmos, die mens inkluis, volmaakte gehoorsaamheid en doeltreffendheid. Hy eis dit as Skepper en Wetgewer van sy skepsel as wetsonderdaan. In volmaakte gehoorsaamheid aan Hom dien die skepping en skepsel die doel van hul bestaan: Die verkondiging van sy eer en heerlikheid. Bo en behalwe dít, het nóg skepping, nóg skepsel enige sin of bestaansreg.

Van groot belang vir die onderhawige studie is die implikasie dat God in sy skeppingswerk niks meer of niks minder tot stand/.....

1) Stoker, H.G.: op. cit., pp. 220-253.

stand bring as wat Hom in sy absolute soewereiniteit behaag om vir sy doel te gebruik nie. In dié sin is dit vir alle skeppingsdinge wat is, 'n heilige noodsaaklikheid om te wéés, en ook te wees wat hulle is, enkel en alleen omdat God dit so wil.

In hierdie verband het dit God behaag om in die openbaring wat Hy van Homself gegee het in natuur en Skriftuur, aan te toon dat Hy deur pluriformiteit, en nie deur uniformiteit nie, openbaar, geëer en verheerlik wil wees:

„God het in sy skepping verskeidenheid gelê. Die plante het Hy volgens soorte geskape en so ook die diere ... Hy het selfs die verskil van volke, nasies en tale, elk met 'n eie roeping, bestierend gewil.” 1)

Dit is dus nie die mens se taak om met die pluriformiteit van Gods handewerk fout te vind, in te meng, die verskille ongedaan te maak en dit tot uniformiteit te reduceer nie. En dit geld ook vir die nasies; daarom ook vir die Kleurling as mens en as skeppingsobjek van die vrymagtige God wat sy bestaan gewil het. Niemand durf dus die Kleurling se bestaan wegwil nie, ook nie hyself deur 'n integrasieverlange nie.

bb) Die Calvinistiese Mensbeskouing.

Die waarheid is nou dat die Kleurling homself wegwil omdat hy homself minderwaardig ag. Daarom is dit ook nodig om die Calvinistiese mensbeskouing te ontleed en vas te stel of daar werklik so-iets as minderwaardigheid is.

Elke bestanddeel van die ryke verskeidenheid in Gods skeppingswerk het sy deel om by te dra ten einde God te openbaar en so sy eer en heerlikheid bloot te lê. Aan die mens is 'n besondere plek in hierdie skeppingsplan toegeken. Van alle skeppingsdinge is die mens alleen na Gods beeld geskape in geregtigheid en heiligheid sodat dit duidelik is dat die mens 'n besondere bydrae te lewer het in die verkondiging van Gods eer en heerlikheid. Hy is deur God daargestel om bo en behalwe volmaakte gehoorsaamheid op stoflike en meganiese gebied — waarin die res van die kosmos met hom deel het — ook volmaakte gehoorsaamheid op geestelike en morele gebied te demonstreer, waarin sy taak uniek is en deur geen ander geskape wese oorgeneem kan word nie.

Hierdie mens wat goed geskape is, het egter in sonde geval en gaos in die skeppingsplan van God ontketen waardeur hy sy
bestaansreg/.....

1) Stoker, H.G.: op. cit., pp. 221-222, par. 81a(iii).

bestaansreg verbeur het. In sy vrymagtige genade het dit egter die Skepper behaag om ook Herskepper te wees en 'n herskepingsplan in Jesus Christus aan te kondig waardeur die mens via die soenverdiensde van die tweede Adam opnuut in staat gestel word om die oorspronklike funksie van die mens te vervul: Die openbaring van Gods eer en heerlikheid deur geregtigheid en heiligheid, nou in en deur Jesus Christus. Die seun bly dus nog seun, al is hy verlore seun; en die beeld bly nog beeld, al is dit 'n verduisterde beeld: Die verlore seun kan terugkeer, en die verduisterde beeld kan opgeklaar word.

Beklemtoon moet word dat die mens geroepene is van God. Die roepingsgedagte gee aan die opdrag van God aan die mens 'n besondere verhewe inslag. Hy is geen huurling nie, maar seun. Daardeur word die saak van die Vader sý saak; die belange en eer van God, sý belange en sý eer; Gods koninkryk, sý koninkryk; want hy immers is seun en erfgenaam.

Die roeping waarmee die mens geroep is, is om kultuur te skep tot eer van God. ¹⁾ Die skepping van kultuur bestaan in die oorwinning van die natuur, ook van die mens se eie natuur, Hiermee het te doen nie net die hoogste geestelike aktiwiteite van die skeppende kunstenaar, die wetenskaplike uitvinder, die boumeesters van die geskiedenis nie, maar alle menslike aktiwiteite wat daarop bereken is om die natuur te onderwerp. Daarom is alle ambagte en alle arbeid, hoe nederig ook al, 'n deelname aan die onderwerping van die natuur en daarom deelname aan die skepping van kultuur, en in die laaste instansie dus 'n vervulling van die goddelike opdrag, 'n roeping.

cc) Die Calvinistiese Kleurlingbeskouing.

In die lig van die voorafgaande kan nou vasgestel word wat die Calvinistiese Kleurlingbeskouing is.

Net soos alle ander mense is hy seun en beelddraer van die heilige God; en daarmee kry hy 'n status wat hoër en wonderliker is as wat enige anthroposentriese lewensbeskouing ooit aan hom kan toeken. Tewens hy word daardeur gelykwaardig geplaas langs enige ander mens, Afrikaner, Engelsman, of wie ook al, wat saam met hom so begenadig is om beelddraer van die lewende God te wees in geregtigheid en heiligheid. Hy is beeld net soos hulle beeld is; hy is seun en erfgenaam net soos hulle seun is en erfgenaam. Dit beteken natuurlik ook dat hy, net soos hulle, verlore seun is en verduisterde beeld; maar ook net soos/.....

1) Gen. 1: 26.

soos hulle kan hy terugkeer en as beeld opgeklaar word deur die soenverdienste van Christus. In dié verband moet par. b(2) van die Gereformeerde Sinodale verklaring onthou word: ¹⁾

„Die differensiasie in volke en rasse ... gee geen volk en ras die reg om hom in hoogmoed te verhef oor ander volke en rasse en om sy mag in dié verband te misbruik nie. Soos individue is ook volke en rasse almal in gelyke staat voor God ..."

Hieruit blyk dat daar vanuit Calvinistiese oogpunt geen plek is vir enige opvatting van minderwaardigheid nie. Volkome gelykwaardig voor God by wie daar „geen aanneming van die persoon" is nie, ²⁾ staan hy daar as bruinman in dieselfde ry langs wit, geel en swart — gelykwaardig in eer (as beelddraer van God) en gelykwaardig in oneer (as gevalle sondaar). En wie die Kleurling meer of minder durf maak, is geen Calvinis nie.

Net soos alle ander mense is ook die Kleurling geroepene van God wat as lewenstaak het die omskepping van natuur tot kultuur. Net soos al die ander kan hy dit alleen doen deur homself te aanvaar soos hy is, en getrou te wees aan sy eie aard en verband. Die Afrikaner kan geen kultuur skep as hy homself verwerp en probeer om 'n Engelsman te wees nie. In 1944 het dr. D.F. Malan dit só gestel:

„Geen nasie het nog tot die hoogte geklim anders as op die grondslag wat sy eie is nie." ³⁾

Elkeen het sy eie besondere toerusting en sy eie besondere taak en verantwoordelikheid binne die raamwerk van wat God hom kragtens sy skepping gemaak het. God het immers self vir die mens sy ouers en volksverband gekies. Dit is nie vir óf Afrikaner, óf Engelsman, óf Kleurling om met die keuse van God fout te vind nie, net so min as wat die musikus die reg het — of die vryheid — om 'n beeldhouer te wees. As die musikus probeer om beeldhouer te wees, is hy ongehoorsaam aan sy goddelike roeping, meng hy hom in met die Goddelike ordinansie, bring hy gaos in die skeppingsorde van God.

Die verskeidenheidsbegrip wat God in sy skeppingsorde ingelê het, was tot sy grotere heerlijkheid. ⁴⁾ En nêrens word die verskeidenheidsgedagte mooier gedemonstreer as juis in die verskeidenheid van volke en nasies en tale nie. Die rykdom daarvan spreek/.....

1) Die Burger, 10. 2.61, p. 18, kol. 6.

2) Rom. 2: 11.

3) Die Volksblad, 8. 5.1944, p. 5, kol. 1.

4) Vgl. Kotze, J.C.G.: Ras, Volk en Nasie, pp. 70 et seqq.

spreek uit die kultuurskeppinge wat elk op sy beurt, op sy manier en na sy eie aard tot stand gebring het. En ook die Kleurling het sy deel om te doen, sy bydrae om te lewer — 'n deel en 'n bydrae wat niemand anders in staat is om te lewer nie, omdat God dit as taak en erfdeel van die Kleurling verordineer het.

Die verskeidenheid van kultuurskatte sou veel skade gely en veel armer gewees het as die Engelse geweier het om Engels te wees; die Duitsers, Duits; die Afrikaners, Afrikaans; en dit sal ook so wees as die Kleurling weier om Kleurling te wees. Maar dit sal ook beteken dat iemand hom versit teen die skeppingsordinansie van God; anders kies en bepaal as wat God gekies en bepaal het; dat iemand sy hand steek in die ratwerk van die Here; tot uniformiteit wil reduseer wat Hy tot pluriformiteit verordineer het; gaos bring in sy orde; sonde doen.

Op grond hiervan is dit duidelik dat die Kleurling nie die morele reg het om iets anders te wil wees as wat God hom gemaak het nie, net so min as wat enigiemand anders daardie reg het. Geen Calvinis het ook die reg om stil te staan en daadloos toe te sien dat die skeppingsorde, wette en ordinansies van God verbreek word nie. As die Kleurling hulp nodig het om homself te vind, is dit die taak van sy medegeroepenes om hom daardie hulp te verleen.

Terwyl die Calvinisme dus die gelykwaardigheid van alle mense voor God eerbiedig, en ondubbelsinnig aanvaar, verwerp hy ewe kategoriees die gedagte aan absolute gelykheid wat 'n drogrede van die liberalisme is en in stryd met die mees elementêre waarnemingsfeite van die lewe. Geen twee mense of selfs twee dinge is absoluut gelyk nie. Die teendeel is die waarheid: Net soos individue van mekaar verskil, „anders” is, so verskil volke en nasies, is hulle „anders”. Maar hierdie „andersheid” beteken geen immanente of kwalitatiewe minderwaardigheid nie. Dit is 'n God-gewilde variasie in sy pluriforme skeppingswerk waarsonder die skeppingswerk onvolledig, die goddelike harmonie gebrekkig sal wees. En daarom is die Kleurling wat anders is as die blanke, in die oog van God net so belangrik as die blanke.

dd) Calvinistiese Medeverantwoordelikeidsbegrip.

Wie deur God mens gemaak is en daardeur so hoog vereer is dat hy beelddraer van God geword het na sy gelykenis, so 'n wese kan nie deur 'n ander skepsel en medegeroepene van God minder gemaak, geminag, oneer aangedoen, veronreg of selfs net aan sy lot van val en verval oorgelaat word nie. As daar iets met hom verkeerd is wat strek tot oneer van God, word die/.....

die versiening daarvan die medeskepsel en -geroepene se taak en verantwoordelikheid. Die eer van God is sy eer; die oneer van God is sy skande. Daarom is die Calvinistiese Godgelowige altyd sy broer se wagter. Hierdie verantwoordelikheid van die een mens teenoor die ander setel in sy diepste wese in die mens se verantwoordelikheid teenoor God, soos prof. Stoker dit stel:¹⁾

"Menslike verantwoordelikheid teenoor God is individueel en sosiaal tegelyk: elkeen is (as individuele en as sosiale wese) vir homself en ook vir al die ander wat sy roepingsweg kruis, verantwoordelik."

Hierby moet in rekening gebring word dat om God na die beste vermoë te dien, beteken dat daardie vermoëns ontwikkel, en met die talente gewoeker moet word, sodat dié vermoëns en talente tot volle ontplooiing kan kom. Die diene van die Here vereis dit en dit geld vir die mens as indiuiduele en as maatskaplike wese. Hy moet sy eie diensvermoë tot op die hoogste punt van doeltreffendheid opknap, maar terselfdertyd ook sy naaste in staat stel, en desnoods aktief help, om sy diensvermoë te vervolmaak.

Die implikasie hiervan vir die blanke Afrikanervolk in sy medeverantwoordelikheid teenoor die Kleurling as sy swakkere mededienskneg van dieselfde lewende God teenoor wie hulle gesamentlik hul dienste verskuldig is, is onmiskenbaar duidelik. Die blanke kan nie en durf nie die Godonterende versonke toestand van die Kleurling skouerophalend verbysien nie. Die versonke toestand van die Kleurling in Suid-Afrika raak die eer van God; en daarom raak dit elke Calvinis.

Die etiologiese agtergrondstudie van die gedragsafwykende Kleurlingkind hier te lande het 'n beeld voorgeskilder wat vir die Kleurling as mens onvleiend, haglik en noodlottig is; en die humanis voel vir die Kleurling baie jammer. Maar veel belangriker as die vraag wat hierdie toestand vir die Kleurling beteken, is die vraag watter betekenis dit vir God en die eer van sy Naam inhou; en daarom voel die Calvinis nie net vir die Kleurling jammer nie: Hy voel ook en veral skaam voor die Here met 'n diep leed in sy hart oor die gekrenkte eer van die heilige God, gekrenkte eer wat vanweë sy christelike medeverantwoordelikheid ook op sy rekening staan.

(c) Fundamentele Rigsnoere.

Op grond van hierdie prinsipiële analise van die Calvinistiese/.....

1) Op. cit., p. 225.

Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing soos dit die Kleurling raak, moet enkele grondbeginsels geformuleer word:

(i) Verwerping van die Liberalisme.

Die liberalistiese opvatting wat alle individue gelykmaak en in die praktyk uitkristalliseer in ekonomiese, sosiale, opvoedkundige en politieke integrasie, en wat daardeur die verskeidenheidsgedagte in Gods skeppingswerk loën, moet kategories verwerp word. Dit is nie net verkeerd nie. Dit is sonde. Die Gereformeerde Kerk se Sinodale verklaring dien hier vermeld te word: ¹⁾

"Alle valse eenheidstrewes, massalisering en uitwissing van grense soos deur die liberalisme en die kommunisme verkondig, moet as onskriftuurlik verwerp word: dit loop op die ryk van die Antichris uit."

(ii) Aanvaarding van die Verskeidenheidsbeginsel.

Op gesag van die Godsopenbaring in Skriftuur en natuur word die verskeidenheidsbeginsel en daarom ook die bestaan van afsonderlike volke — ook dié wat op Suid-Afrikaanse bodem leef, onder andere die blanke en die Kleurling — as wilsdaad en wilsfeit van God aanvaar. Die handhawing van blankes en Kleurlinge as afsonderlike entiteite, en die behoud en uitbouing van elk se eie identiteit is nie net wenslik nie, maar religieusbindend omdat dit vir die Calvinis 'n ondubbelsinnige openbaring van die Godswil is. Die Gereformeerde Sinode het bevind ²⁾

"dat elke volk geroepe is om sy volkseie te bewaar, dit positief te ontwikkel en so, ooreenkomstig sy eie aard, sy Godgegewe kultuurtaak behoort te volbring tot eer van God en tot seën van die hele wêreld."

(iii) Onderlinge Medeverantwoordelikheid ten opsigte van die eie identiteit.

Op grond van die drieërlei liefdesbeginsel van die Godswet — Godsliefde, selfliefde en naasteliefde — is die blankes en nie-blankes elk primêr geroepe om sy eie identiteit te erken, te beskerm en te ontwikkel. Daaroor laat dr. T.C. de Villiers geen twyfel nie: "'n Volk moet homself beskerm." ³⁾ Maar terselfdertyd is hulle ook onderling kragtens die Godsordinansie en terwille van hul gesamentlik Godsliefde gebonde om mekaar se identiteit te erken, te beskerm en te ontwikkel/.....

1) Par. b(3) in Die Burger, 10.2.61, p. 18, kol. 6.

2) Par. b(5) in Die Burger, 10.2.61, p. 18, kol. 7.

3) Die Burger, 13.1.61, p. 10, kol. 7.

ontwikkel. Terwyl dit vir die blanke bindend is om die Kleurling-identiteit en -voortbestaan in Suid-Afrika te verseker, is dit vir die Kleurling nie minder bindend nie om van sy kant die blanke-identiteit en -voortbestaan te verseker. En dit is 'n aspek van die onderlinge kleurverhoudinge wat tot hiertoe konsekwent uit die oog verloor is. Dat die blanke teenoor die Kleurling verantwoordelikheid het, word allerweë gehoor en aanvaar; maar dat die Kleurling — wat onder dieselfde binding van die Godswet staan — presies dieselfde verantwoordelikheid teenoor die blanke het, is 'n minder bekende oorweging.

Terwyl die blanke dan uit liefde en gehoorsaamheid aan God sy eie identiteit aanvaar en bewaar en bevorder (sy selfliefde) is dit vir hom nodig om terselfdertyd die Kleurling te help om sy identiteit te aanvaar, te bewaar en te bevorder (sy naasteliefde). En omgekeerd: Terwyl die Kleurling uit liefde en gehoorsaamheid aan God sy eie identiteit aanvaar en bewaar en bevorder (sy selfliefde) is dit vir hom nodig om terselfdertyd die blanke te help om sy identiteit te aanvaar, te bewaar en te bevorder (sy naasteliefde).

(iv) Noodsaaklikheid van Ontplooïingsfasiliteite.

Indiwidu en maatskappy kan alleen sy taak (kultuurskepping) vervul as hy geleentheid vind om ten volle te ontplooi. Die diamant kan alleen sy beste lewer as hy volmaak geslyp en gemonteer is. So ook moet dit vir die mens as indiwidu, maar ook as maatskaplike wese in sy velerlei maatskaplike verbande ¹⁾ moontlik wees en moontlik gemaak word om ten volle te ontwikkel en sodoende sy volle glans te ontplooi tot eer van sy Skepper. Die Calvinisme kan dus prinsipiël, kragtens sy vryheidsbegrip geen toestand gedoog waar die mens se ontwikkelingspotensiaal ingeperk word nie, hetsy deur innerlike of uiterlike dwangmaatreëls. Dit is dus te verstaan dat die Gereformeerde Sinode op Potchefstroom moes verklaar: ²⁾

„Ook die verhoudinge van rasse en volke staan onder die gebod van die liefde en die eis van geregtigheid. Volke wat deur die genadige beskikking van God verder ontwikkel is as andere, is geroepe om die minder ontwikkeldes te stimuleer tot gehoorsaamheid aan die Kultuuropdrag van God, sodat laasgenoemde se vermoëns en roeping volgens eie aard tot volle ontplooiing kan kom.”

Hierdie ontwikkelingsfasiliteite moet beskikbaar gestel word tot eer van die Here. En dit is die taak van die
verantwoordelike/.....

1) Vgl. Stoker, H.G.: op. cit., par. 83a, pp. 224 et seqq.

2) Par. b(7) in Die Burger, 10.2.61, p. 18, kol. 7.

verantwoordelike instansie om die ontwikkelingsomstandighede te skep en die fasiliteite beskikbaar te maak binne die kader van die Calvinistiese grondvereiste: Die eer en heerlikheid van God, waar beide liefde en geregtigheid ten opsigte van alle betrokke partye — in hierdie geval én blanke én Kleurling — op die spel staan. Dit is dus vir die Calvinisties-georiënteerde staatstelsel bindend om te verseker dat alle bevolkingsgroepe se individuele en sosiale identiteit wel behoue bly, en ook ten volle ontwikkel word. Dit mag nie vir die een ten koste van die ander geskied nie. Beide blank en Kleurling moet ten volle in geleentheid gestel word om binne die raamwerk van sy eiesoortigheid tot volle selfontploffing te kom as individu sowel as in ekonomiese, maatskaplike, sedelike, opvoedkundige en politieke verband.

Op hierdie lees moet die opheffingswerk onder Kleurlinge geskoei word. Hierin lê verweef en ingebed die doelstelling en oogmerke wat die Calvinistiese reddingswerker daarop nahou. Dit is nie vir hom een van verskeie alternatiewe nie. Gefundeer op die geopenbaarde Skrifwaarheid, bepaal deur die Skriftuurlike God- en mensbeskouing, geïnspireer deur 'n drievoudige liefde jeens God, homself en sy medemens, dra hierdie lewensbeskouing 'n religieuse binding, verseël met reformatoriese finaliteit: „Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Die Here help my!”

In die lig van hierdie doelstelling moet die opheffingswerk sy vorm en beslag kry. Daar moet enersyds rekening gehou word met die uitgangspunt, die Kleurling as mens in sy versonke toestand binne die komplekse Suid-Afrikaanse patroon waar daar ook ander elemente is, onder andere ook die blanke met regmatige aanspraak op bestaansreg, erkenning en beveiliging. Van hier uit moet vervolgens die middele beplan en die metode bereken word waarmee die doel bereik kan word.

Met hierdie fundamentele oorweginge in gedagte moet die versieningswerk rakende die gedragsafwykende Kleurlingkind aangedurf en deurgevoer word, nie as 'n goedgunstige weldaad teenoor die Kleurling nie, maar as 'n hoë onvermydelike roeping van God.

3. Implementasie, Organisasie en Administrasie van die Opheffingsprogram.

Die aanwending van hierdie fundamentele beginsels in die heropvoedingsprogram is geen gemaklike taak nie. Tewens die bestryding van gedragsafwyking is nooit 'n gemaklike taak nie/.....

nie, omdat dit so nou aansluit by, en so intiem vervleg is met die gevallenheid van die mens wat „van nature geneig is om God en sy naaste te haat.” ¹⁾ Gedragsafwyking is eintlik maar 'n tragiese konsekwensie van die sondeval waaraan alle mense deel het en wat vir alle mense 'n taai stryd meebring. Daar bestaan dus geen aktuele verskil nie, maar slegs 'n graduele verskil van die „normale” kind aan die een kant tot by die gedragsafwykende kind aan die ander kant. En per slot van rekening is elke mens magteloos in die stryd teen die sonde, en word hy slegs deur Gods partikuliere of algemene genade van totale verval weerhou.

(a) Kompliserende Faktore.

Daar is egter enkele faktore wat die bestryding van wangedrag onder die Kleurlinge meer ingewikkeld maak as elders.

(i) Die Omvangrykheid van die Vraagstuk.

Die eerste het te doen met die algemene toestand van verval en versonkenheid wat onder hierdie mense heers. By blankes hier en in ander lande kom die gedragsafwykende kind uit huise en lewensomstandighede wat merendeels abnormaal, benede die standaard is; ²⁾ maar by die Kleurling is dit wesentlik nie so nie. Die etiologiese agtergrondstudie het bewys gelever dat die misstande op baie wye skaal verspreid is. Die huis- en lewensomstandighede daar blootgelê, bedenklik soos hulle is, is verteenwoordigend van verreweg die grootste gedeelte van die hele bevolking.

Terwyl heropvoeding onder die blankes sou beteken heropvoeding tot die normale vlak, beteken dit by die Kleurlinge eintlik heropvoeding bokant die normale vlak uit. Die seun of dogter wat heropgevoed is, sal „anders”, en „beter” moet lewe as hul eie mense tuis en meeste van diegene met wie hulle in aanraking kom. Dit is duidelik dat so-iets nouliks, in alle geval nie op groot skaal prakties moontlik is nie.

Hieruit volg dan vanselfsprekend dat die heropvoedingswerk wat aan die gedragsafwykende gedoen word, weinig blywende sukses kan hê terwyl die gemeenskap in dieselfde graad van degenerasie voortlewe. Die gemeenskap self moet op 'n groot skaal en met 'n kragtige hand opgehef word. Hierdie opheffingsprogram moet
op/.....

1) Heidelbergse Katigismus, Vraag 5.

2) Vgl. Glueck, S. and E.: Delinquents in the Making, Preface, p. viii.

op landwye basis geskied, oor alle fronte van die Kleurlinglewe strek en in diepte tot die kern van die vraagstuk deurdring.

(ii) Liberalistiese Invloede.

Benewens die omvattendheid van die opheffings-taak word die aanwending van 'n opheffingsprogram in die gees van die uitgestippelde fundamentele beginsels ernstig bemoeilik deur die diep wortels wat die Britse imperialistiese liberalisme in Suid-Afrika geskiet het. Eers wanneer die toepassing van 'n Calvinistiese opheffingsprogram bedink word, blyk hoe liberaal die Suid-Afrikaanse lewenspatroon werklik geword het.

aa) Op Politieke Gebied.

Die geweldige weerstand wat teen die rassebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek gebied word, is, insover dit eerlik is en nie om politieke gewin gaan nie, deur die liberalisme geïnspireer. Die liberalisme wat die gelykheid van alle menslike individue handhaaf, het geen ander keuse as om „een man, een stem" te eis nie.¹⁾ Daarom is hulle ook prinsipi-eel gebonde om die idee van groepsverteenvoording, veral stem-reg per aparte kieserslys, teen te gaan, waarvan die onvermyde-like konsekwensie politieke integrasie is. Hierdie stryd word met soveel geweld gevoer dat konstruktiewe maatreëls alleen geneem kan word nadat soveel ongunstige publisiteit daaraan gegee is, dat die Kleurlinge self vertroue daarin verloor het. In hierdie opsig is die Britse parlementêre stelsel wat op Suid-Afrika oor-geplant is, 'n sterk wapen in die hande van die liberalis. Op die verkiesingsplatform en die parlementêre forum is ongebreidel-de agitasie en verdagmakery aan die orde van die dag. Hierdeur word die gemoedere van Kleurlinge wat nog betreklik onontwikkel-de mense is, so opgesweep dat hulle geen goed meer sien in enige skema wat deur die huidige Republikeinse Regering geloods word nie.

bb) Op Sosiaal-nasionale Gebied.

Die liberalisme bemoeilik ook die toe-passing van 'n gesonde herwinningsbeleid deur die geweldige in-vloed wat daardeur op die sosiale denke van die land, veral van die Engelssprekendes en die Kleurlinge uitgeoefen word. Deur die liberalistiese vryheidsbegrip wat individuele vryheid verab-soluteer,²⁾ word die gemeenskapsbegrip van die Kleurlinge afge-water. In die naam van vryheid ag hulle hulself geregverdig om
die/.....

1) Vgl. Verwoerd, H.F.: Die Burger, 13. 9.61, p. 11, kol. 6.

2) Vgl. Stoker, H.G.: Die Idee van Menslike Vryheid, pp. 2-4.

die rug op hul eie mense te keer, iets wat meesal deur die intelligentsia gedoen word en daarmee die massa leierloos laat; en op die manier bestaan daar geen nasionale figuur wat deur die groep geidealiseer kan word nie. Sonder helde en sonder heldeverering bly hulle nasionaal bankrot. Die opvoeder van die Kleurlingkind staan onafgebroke met 'n lamheid geslaan oor hierdie groot leemte in sy geestesinhoud. Daar is net geen aanknopingspunt om sy fantasie, sy entoesiasme, sy ambisie, sy idealisme mee te aktiveer nie. Daar is net geen voorbeeld van 'n Kleurling wat ten bate van sy eie mense groot opofferinge gemaak, geprester, die liefde en aansien van sy mense gewen, held geword het nie. Op dié manier is dit haas onmoontlik om sy denke tot 'n vlak van konstruktiewe gemeenskaps- en volksdiens op te hef. Dit is veral 'n groot gemis by die gedragsmoeilike kind by wie die neiging tot aktiwiteit in die regte kanale van konstruktiwiteit in plaas van destruktiwiteit gelei moet word.

Dit ondermyn nie alleen verder die sosiale bewussyn nie, maar ook die sosiale verantwoordelikeheidsin sodat die Kleurling nie op enige noemenswaardige skaal tot gesamentlike aksie oorgaan ten bate van die groep nie. In weerwil van alle groot-skaalse opheffingspogings wat deur blankes geloods word, kom daar nooit enige teenprestasie van die kant van die Kleurling nie. Dit is uitermate moeilik, tewens heeltemal twyfelagtig of dit geheel en al moontlik is om 'n gemeenskap as sodanig op te hef sonder dat daarin geslaag word om by daardie gemeenskap entoesiasme vir homself en offervvaardigheid ten bate van homself op te wek.

cc) Op Sedelik-godsdienstige Gebied.

Die liberalisme het op sedelik-godsdienstige gebied 'n kragtige greep op die land gekry, so kragtig dat 'n konsekwente Calvinistiese opheffingsprogram ook uit daardie oord onder verdenking gebring word. Die liberalisme wat op kerklike terrein hom veral as metodisme voelbaar maak, het daarin geslaag om die Nederduits-Gereformeerde Kerk deur innerlike tweespalt ernstig te verlam soos veral blyk uit die gebeure wat op die Cottesloe-konferensie gevolg het.¹⁾ Met die behoudende vleuel aan die een kant en die liberale vleuel aan die ander kant, wat in eerw. D.P. Botha se „Opkoms van Ons Derde Stand” uitdrukking vind, is ook die stem van die Kerk verdeel, wek dit diepgaande agterdog en wantroue by die Kleurling op oor die
goeie/.....

1) Vgl. Die Burger, 9. 9.61, p. 1, kol. 1.

goeie wil van die Kerk, en maak dit die aanwending van 'n kragdadige opheffingsprogram uitermate moeilik.

dd) Op Joernalistieke Gebied.

Nêrens egter oefen die liberalisme 'n skadeliker en meer ondermynende invloed uit as op gebied van die joernalistiek nie, en hieroor het die ondersoeker die getuigenis van niemand minder as dr. Thomas Boydell nie:

"Uit persoonlike ondervinding kan ek getuig dat die daaglikse druppel gif uit die pers se pen die openbare mening oorsee teen Suid-Afrika besmet." 1)

Die valse vryheidsbegrip van die liberalisme het helaas die sogenaamde vryheid van die pers meegebring, en terwyl die pers vry is om te publiseer, is die Kleurling ook vry om te lees. Soos reeds aangedui is, lees die Kleurling en masse feitlik net Engels, waarin daar niks verskyn wat daarop bereken is om die Kleurling se vertroue in enige staatsonderneming ten bate van die Kleurling te wek nie, en nog minder om sy samewerking in enige sodanige skema te verkry. Min. P.W. Botha sê inteendeel, "die Engelse pers doen al die moontlike om samewerking te belemmer en om te verdeel." 2) Die Engelse pers het dan ook in die afgelope twee dekades meer daartoe bygedra om die Kleurlinge teen die blankes op te sweep en tot aktiewe vyandskap te inspireer as enigiets anders in die land. Dit staan vierkantig in die pad van enige program wat op Calvinistiese grondslag aangevoer word. En dit is dan ook te begrype waarom Blaar Coetzee L.V. sou sê,

"Die regering kan die pers nie toelaat om te lieg soos hy nou lieg, die naam van die Republiek deur die modder te sleep en die swartman teen die blanke op te sweep nie." 3)

(iii) Teenkanting van Kleurlingkant.

Die liberalisme het 'n stewige greep op die denke en praktiese lewensbenadering van die Kleurling gekry. Via die werking daarvan op politieke, sosiaal-nasionale, sedelik-godsdienstige en joernalistieke gebiede, het die houvas van die liberalisme steeds toegeneem, en tans het die posisie ontstaan dat die Kleurling weier om 'n opheffingsprogram te aanvaar wat nie op liberalistiese lees geskoei is en op volslae integrasie afstuur nie. Hierdie toestand is baie gevaarlik omdat dit wesenlik enige hoop op sukses met 'n opheffingsplan volgens

Suid-Afrikaanse/.....

1) Die Burger, 3. 8.61, p. 8, kol. 7.

2) Die Burger, 14. 8.61, p. 5, kol. 5.

3) Die Burger, 30. 8.61, p. 4, kol. 4.

Suid-Afrikaanse, dus volgens 'n Calvinistiese patroon, laat verdwyn. Dit is vanselfsprekend dat geen beleid kan slaag as dit nie daarin slaag om die aktiewe medewerking te erlang van diegene wat daarby betrokke is nie. ¹⁾ Baie sterk, besliste en effektiewe optrede sal dus nodig wees om hierdie toedrag van sake te versien.

(b) Inhoud van die Opheffingsprogram.

Die feit dat daar kompliserende faktore is wat die implementasie van 'n herwinningsprogram bemoeilik, onthef nog nie die verantwoordelike instansies van die verantwoordelikheid om hul roeping jeens God, hulself en hul naaste te aanvaar en na te kom nie. En dit is nou nodig om in terme vandie Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vas te stel wat die inhoud van so 'n rehabilitasieprogram moet wees.

(i) Ideologies.

Heel aan die begin as die allerbelangrikste voorwaarde vir opheffingswerk onder die Kleurlinge staan die kategoriese noodsaaklikheid dat die Kleurling daartoe beweeg moet word om homself te aanvaar. Dit kom daarop neer dat hy moet ophou om homself, sy eie bestaan en die bestaan van sy groep te miskien. Hy moet 'n negatiewe lewenshouding verruil vir 'n positiewe.

By die ondersoek na kausale faktore wat gedragsafwyking onder die Kleurlingjeug in die hand werk, is herhaaldelik verwys na die katastrofale uitwerking wat hierdie negatiewe, destruktiewe geestesverskynsel onder die Kleurlinge het, en hoe dit verwaarlosingstoestande bevorder. ²⁾ Daar is ook aangevoer ³⁾ dat dit die opvoeder van die Kleurlingkind magteloos laat as gevolg van die volslae bankrotskap aan ideële volkseie Kleurlinggeestesgoedere wat tot inspirasie van die kind aangewend kan word. By die vraag na wat alles by hierdie ideologiese program ingesluit behoort te wees, kan dit opsommend gestel word:

aa) Eie Identiteit.

Skriftuur en natuur eis aanvaarding van die eie identiteit, ook van die Kleurling, omdat op daardie grondslag alleen die hoogste mate van selfrealisasie en prestasie moontlik is, en dit alles tot groter eer en heerlijkheid van die Skepper.

bb)/.....

1) Vgl. Geyer, A.L.: Die Burger, 17.12.60, p. 6, kol. 6.

2) Vgl. Hff. III - IX.

3) Vgl. par. 3(a)(ii)(bb), p. 684.

bb) Groepsidentiteit.

Aanvaarding van eie-identiteit sluit in aanvaarding van groepsidentiteit, want God het die mens tege-lyk indiuiduele en sosiale wese gemaak, behorende tot 'n bepaalde ras of volk of nasie.

cc) Groepsverantwoordelikheid.

Aanvaarding van die groepsidentiteit bring die binding van groepsverantwoordelikheid mee. Sodra die Kleurling sy eie mense aanvaar het, sal hy, insoverre hy dit dan nie reeds ipso facto weet nie, geleer moet word dat in die mees radikale sin die verantwoordelikheid vir die heil en welsyn van sy groep primêr steeds sý verantwoordelikheid is, en slegs sekondêr dié van andere wat kragtens landsomstandighede daarby betrokke is.

dd) Leierskap.

Met die aanvaarding van groepsverantwoordelikheid sal ware leiers vanself na vore kom. Dit sal die begaafde, presterende, reggesinde, groepsverbonde, nasionaalvoelende Kleurlinge wees. En die opvoeding, vorming en erkenning van hierdie mense moet van staatsweë bevorder word.

ee) Groepstrots en -offervaardigheid.

Met die hartgrondige aanvaarding van verdienstelike leiers gaan gepaard die ontwikkeling van groepstrots wat by die aanvaarding van die groepsidentiteit en groepsverantwoordelikheid aansluit en 'n gees van offervaardigheid ten bate van die maatskappy verwek.

ff) Groepsoptrede: Ko-operasie.

Hand aan hand, in- en deureengevleg met die aanvaarding van die eie en die groepsidentiteit, groepsverantwoordelikheid, groepsleiers, groepstrots en groepsoffervaardigheid, kom die uiters belangrike en laaste bestanddeel van die ideologiese inhoud naamlik groepsoptrede oftewel ko-operasie, waarin die uiteindelijke krag van die Kleurling sal lê, sosiaal, ekonomies, politiek en selfs sedelik.

Hierdie positiewe ideologiese inhoud moet die grondslag vorm waarop die res van die herwinningswerkzaamhede gebaseer moet word en is 'n absolute vereiste, die sine qua non van al die res wat beplan en besin kan word.

(ii) Sosio-ekonomies.

Dit is duidelik dat sosio-ekonomiese opheffing alleen blywende vrugte kan afwerp mits dit met 'n intensiewe ideologiese/.....

ideologiese program gepaard gaan. Immers die wese van sosio-ekonomiese opheffing lê daarin dat die mens en sy gemeenskap gehelp word om homself te help. Daar is min kommentaar nodig oor die ramspoedige betekenis van die kind wat, soos ander kinders, aanvanklik aan die hand gehou en geleer word om te loop, maar later, anders as ander kinders, nie daarin slaag om self te loop nie. En as dit met die Kleurling as rassegroep só sou gaan, is dit op veel groter skaal ramspoedig. Toe min. P.W. Botha die moontlikheid van opheffende maatreëls in die vooruitsig stel, het hy betekenisvol bygevoeg: ¹⁾

"Maar of hierdie kanale sal benut word, sal afhang van die inisiatief en selfhelpgees wat die Kleurling openbaar. 'n Volk wat nie bereid is om homself te help nie, sal nie veel van ander kan verwag nie."

En dit kan alleen verseker word as die sosio-ekonomiese opheffingsprogram vergesel gaan van, en onderlê word deur toereikende ideologiese opheffing wat die aanvaarding beteken van die beginsel van eiesoortige ontwikkeling en waarvan die teendeel integrasie is, wat vir die opheffing van die Kleurling noodlottig is en waaroor prof. E.S. Mulder hom as volg uitlaat:

"Hulle weet dat die blankes hulle in alle sferes voor is. Die stryd om voortbestaan is ongelyk omdat die swartman nie die vermoëns van die blanke het nie. 'n Beleid van integrasie sal die voortsetting van die ondergeskiktheid van die nie-blanke beteken, omdat hulle nooit geleentheid gegee sal word om te wys waartoe hulle in staat is nie." ²⁾

Daar is dus op sosio-ekonomiese gebied beskermings- en bevorderingsmaatreëls dringend nodig wat deur die betrokke owerhede, veral deur dr. H.F. Verwoerd ³⁾ en deur min. P.W. Botha ⁴⁾ by herhaling beklemtoon, uiteengesit en in verdere vooruitsig gestel is. Benewens die geestelike behoefte aan toereikende ideologiese voorligting en toerusting, is hierin die mees tansbare en mees aktuele nood te ontwaar:

"Wat die Kleurlinge betref, is dit baie duidelik dat in hierdie stadium die grootste behoefte van die gemeenskap as geheel sy opbou op ekonomiese en opvoedkundige gebied is." ⁵⁾

Die inhoud van die sosio-ekonomiese opheffingsprogram kan opsommend/.....

-
- 1) Die Burger, 4. 1.61, p. 7, kol. 2.
 - 2) Die Burger, 9. 9.61, p. 4, kol. 7.
 - 3) Die Burger, 24.11.60, p. 6, kol. 3.
 - 4) Die Burger, 4. 1.61, p. 7, kol. 1; 8.5.61, p. 8, kol. 4; 12. 6.61, p. 8, kol. 7.
 - 5) Verwoerd, H.F.: ibid.

opsommend gestel word:

aa) Ekonomies.

Die opheffingsprogram sal aan die ekonomiese opheffing van die Kleurlinge voorrang moet verleen. Dit is 'n betreurenswaardige werklikheid dat tussen 70 en 80% van die hele bevolking agterlik en arm is, en dat daar by vele geweldige ontberings te trotseer is. Hiervan het die etiologiese agtergrondstudie afdoende getuienis gelewer.¹⁾ Hierdie ekonomiese beveiliging sal daaruit moet bestaan dat die Kleurling in Wes-Kaapland met 'n sterk hand teen Bantoe-kompetisie beskerm sal moet word, 'n program wat reeds aan die gang is.²⁾ Dit sal ook voorsiening moet maak vir die ekonomiese heenkome van die meer ontwikkelde Kleurlinge wat tot by die Junior- of Seniorserertifikaat gevorder het, en 'n loopbaan in die nywerheids- en handelswêreld soek, waar die vooruitsigte uiters skraal is, só skraal as wat 'n private Kleurling-arbeidsburo berig:

"Hundreds of Coloured school-leavers have little or no hope in the new year ... Most of the youths with Junior Certificate or Matriculation wished to be apprenticed, especially in the motor trade, but they were up against a closed door." 3)

Hierby kom ook die universiteitstudiante wat deur die Universiteitskollege van Wes-Kaapland opgelei word. Dit is by hierdie mense waar frustrasie en verydeling geredelik kan ontstaan, en dr. H. Mulder het die enigste middel teen frustrasie raakgevat toe hy pleit:

"Ons moet aan die Kleurlinge, mans en vroue, die geleentheid gee om te kan vorder. Ons moet probeer om die Kleurlingvrou nie net as 'n wasvrou of as iemand wat skottelgoed opwas, te sien nie." 4)

Die noodsaaklikheid om 'n ekonomiese heenkome aan hierdie Kleurlinge te besorg, word van ministeriële kant erken en bepleit, en met die opening van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland het min. J.J. Serfontein dit só gestel: 5)

"Ons Kleurlingstudiante moet vir 'n bepaalde taak in hul eie gemeenskap voorberei word ... Hierdie inrigting moet die jongmense oplei en toerus, die gemeenskap en die owerheid moet sorg dat hulle 'n werkkring vind ooreenkomstig hul bekwaamheid en opleiding."

Die/.....

-
- 1) Vgl. Hf. VI, par. 2, p. 268 et seqq.
 - 2) Vgl. Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel.
 - 3) The Cape Argus, 12.12.60, p. 15, col. 4.
 - 4) Die Burger, 2. 9.51, p. 3, kol. 1.
 - 5) Die Burger, 1. 5.60, p. 7, kol. 1.

Die Republikeinse regering is bewus van hierdie vraagstukke en soek die reëling van ekonomiese verhoudinge in die werkafbakningsbegrip wat die ekonomiese konsekwensie van die differensiasiebeleid is. ¹⁾ Maar differensiasie op ekonomiese gebied wat eintlik 'n ontknoping of „disintegrasie" van vroeër verstrengelde toestande tussen blankes, Kleurlinge en Bantoës beteken, ²⁾ kan alleen suksesvol gedy namate die Kleurling op sy eie terrein en binne sy eie kring tot skeppende ekonomiese aktiwiteit oorgaan. Hierdie aspek van die saak word voortdurend beklemtoon deur gesaghebbendes wat daarop aandring dat die Kleurlinge moet begin om hulself te help. Min. P.W. Botha stel dit ondubbelsinnig met hierdie woorde:

„Hulle sal opgehef word insoverre hulle bereid is om self te help. Daar sal geen lepelvoeding wees nie. Vir diens wat gelewer word, sal hul 'n teenprestasie moet lewer." ³⁾

Dit is hierdie selfde oorweging wat dr. M.S. Louw beweeg om die Uniale Raad vir Kleurlingsake te probeer oorreed dat die Kleurlinge self 'n eie beleggingskorporasie stig ⁴⁾ nog voordat die regering tot die stigting van sy aangekondigde ontwikkelingskorporasie oorgaan. Daar is egter van private Kleurling-inisiatief niks verneem anders as 'n floue erkenning van vroeër nie:

„Ons moenie tevrede wees om onder ons twyfel te swoeg nie ... as ons dit gebruik wat ons het, kan ons berge versit." ⁵⁾

Toe min. P.W. Botha op 12. 6.61 met dié woorde berig word, „Vir die stigting van 'n Kleurling-ontwikkelingskorporasie is vanjaar R5,000,000 bewillig", ⁶⁾ het die Kleurlinge vir hulself in dié rigting nog absoluut niks gedoen nie.

Hierdeur word die noodsaaklikheid van die teenprestasievereiste sterk beklemtoon, en daarmee die noodsaaklikheid van ideologiese opvoeding waardeur die Kleurling tot selfrespek geaktiveer moet word.

Ook ander maatreëls mag nodig wees om dié groot getalle Kleurlinge wat professionele leeglêers is, weier om te werk en op twyfelagtige maniere 'n bestaan maak, te dwing om te werk en sodoende/.....

-
- 1) Thom, H.B.: Die Burger, 17.12.60, p. 8, kol. 5.
2) Vgl. Hoofartikel: The Cape Argus, 14.12.60, p. 16, kol. 7.
3) Die Burger, 2. 9.61, p. 7, kol. 5.
4) Die Burger, 14.12.60, p. 3, kol. 3.
5) Johnson, A.J.: Die Burger, 29. 6.60, p. 13, kol. 3.
6) Die Burger, 12. 6.61, p. 8, kol. 8.

sodoende hul verantwoordelikheid teenoor hulself, hul families, hul maatskappy en die land in die algemeen na te kom. Dit sal waarskynlik deur middel van een of ander stelsel van arbeidskampe moet geskied waar die betrokke persoon geforseer sal wees om teen vergoeding dié soort werk te verrig waarvoor hy die bevoegdheid besit.

bb) Behuising.

Die etiologiese agtergrond van die gedragsmoeilike Kleurlingkind het aangetoon dat daar ernstige behoeftes op gebied van toereikende behuising bestaan. In hierdie verband is dit nie alleen nodig dat die misstande versien word nie, maar die owerhede is reeds besig om dit met goeie gevolg te doen. ¹⁾ Desnieteenstaande lê ook op hierdie gebied nog baie grond braak, en daar sal vir baie jare teen 'n verhewigde tempo gewerk moet word om die agterstand van gebrekkige behuising en oorbewoning te bekamp. Ondertussen is daar 'n verdere stryd te stry om te sorg dat reeds voltooide behuisingsfasiliteite in sekere gebiede nie op hul beurt tot agterbuurtes verval nie. Die Burgemeester van Kaapstad het dit nodig geag om sodanige bestrydingsdienste as deel van die stadsuitleg-afdeling te bepleit. ²⁾

Ook op gebied van behuising laat die ideologiese behoefte van die Kleurlinge hom nie onbetuig nie en die vraagstuk word op 'n differensiële basis aangedurf deur middel van die groepsgebiedegedagte, waaroor min. P.W. Botha die volgende te sê het: ³⁾

"Ons pak hierdie saak aan deur die instelling van Kleurlingdorpe ... die groepsgebiede-beleid waarborg aan elke rassegroep die geleentheid om vir homself nuwe lewenskanale te skep ... Hierdie beleid skep geleentheid vir die Kleurlingbevolking om homself te ontwikkel in die beroepe, die handel en die ekonomiese lewe en sodoende 'n nuwe heenkome te skep vir die opgeleide groepe."

Die feit dat benewens werkafbakening die groepsgebiedebeweging dié is waarteen die Kleurlinge hulle met die heftigste geweld versit, bevestig ook hier die mate waarin die Kleurling nog gevorm moet word op ideologiese grondslag.

(iii) Sedelik-godsdienstig.

Die staat sal hom ook besorgd moet maak oor die toestande wat daar op sedelik-godsdienstige gebied onder
die/.....

1) Vgl. Hf. VI, par. 3(f), pp. 321-329.

2) Honikman, A.H.: Die Burger, 9. 9.61, p. 6, kol. 8.

3) Die Burger, 12. 6.61, p. 8, kol. 7.

die Kleurlinge heers. Die sosio-sedelike misstande eis baie hoë tol aan wangedrag onder die Kleurlingjeug en daar sal maatreëls getref moet word om die wantoestande die hoof te bied. Die inhoud van die program kan opgesom word:

aa) Sedelike Misstande.

Stryd moet aangeknoop word teen buite-egtelikheid, drank- en daggamisbruik en misdaad wat op 'n beskermende groot skaal onder Kleurlinge voorkom. Maar ook hier is dit duidelik dat die stryd nie van buite af na binne toe gestry kan word nie. Buitestaanders en welsynwerkers kan nouliks hierdie euwels onder die Kleurlinge bekamp. Hulle kry gewoonlik en hoofsaaklik met die gevolge daarvan te doen. Die euwel setel in die hart van die individu en sy gemeenskap. Daar moet die regte gesindheid gekweek en beoefen word. Die Kleurling moet self skaam kry en tot iets beters aspireer. Dit kan alleen kom as daar trots en selfrespek by hom as individu en ook in sy gemeenskap posvat.

Maar dit is 'n ideologiese behoefte en sal eintlik eers in die rigting van 'n oplossing beweeg wanneer die Kleurlinge as groep hulle oor hul groepsgenote begin bekommer, en self 'n redingsdaad loods.

bb) Godsdienstig.

Vir die sedelike opheffingsprogram sal die medewerking van die kerke gesoek moet word. Die waarheid is tans dat die meeste kerkgenootskappe in die land 'n vyandige houding teenoor die beleid van die regering inneem en dit by sy lidmate verdag maak. Selfs binne die Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk is daar 'n sensitiewe ewewig wat nie so maklik te bewaar is nie. Verkeerde en ondermynende leiding kom selfs uit die leraarsvlak,¹⁾ en dié word op sy beurt geïnspireer deur suggestiewe krisisdenkers in die moederkerk.²⁾ Hierdeur ontstaan 'n onhoudbare toestand wat wesentlik staatsgevaarlik kan word.

Dit sal nodig wees dat die staat en die kerke mekaar moet vind. Die staat sal daarin moet slaag om die kerke van sy goeie trou te oortuig en hul samewerking te verkry vir die opheffingsprogram wat ook die kerklike bydrae aktief nodig het. Waar aktiewe ondersteuning om prinsipiële redes nie gevind kan word nie, sal die verantwoordelikheid op die staatsinstansies rus om 'n oplossing/.....

1) Vgl. Botha, D.P.: Die Opkoms van ons Derde Stand.

2) Vgl. Kotze, J.C.G.: Ras, Volk en Nasie;
Marais, Ben J.: Die Kleur-krisis in die Weste.

oplossing te vind. Dit is nouliks moontlik om 'n toestand te erken waar die kerk die staatsgesag by 'n gedeelte, veral 'n veragterde gedeelte van die bevolking ondermyn.

Mits die staat egter daarin kan slaag om deur onderhandeling en oortuiging die goeie wil en medewerking van die kerk te erlang in sy opheffingsprogram, sal dit veral op die sedelike terrein 'n onberekenbare groot krag ten goede meebring.

(iv) Politiek.

Die politieke inhoud van die opheffingsprogram is die neteligste van die hele vraagstuk, veral omdat daaroor nog geen uitsluitel verkry is nie. Die koorsagtige politieke wêreldklimaat, veral soos dié hom in Afrika kenbaar maak, verleen aan hierdie aspek 'n skyn van belangrikheid en prominensie wat heeltemal buite verhouding met die behoeftes van die Kleurlinge as bevolkingsgroep is. Dit is heeltemal waar as dr. H.F. Verword sê dat die Kleurlinge se grootste behoefte nie politiek nie, maar sosiaal, ekonomies en opvoedkundig van aard is, maar nóg op die wêreldtoneel nóg by die Kleurlinge maak dit veel indruk terwyl die res van Afrika 'n politieke emansipasieroos belewe.

Al is dit ook waar dat verreweg die meeste Kleurlinge hulle nie veel besorgd maak ook politieke regte nie, is die enkele luidrugtiges, ¹⁾ gesteun deur 'n heeltemal buitensporige en onbeheersde liberalistiese pers, genoeg om die politieke herrie onafgebroke los te hou.

Wat die ideologiese logika betref, is daar egter weinig onsekerheid. Die Gereformeerde Sinode verklaar: ²⁾

„Waar 'n volk in die situasie gestel word om gesag te voer oor andere ter wille van reg en orde, bring dit vir die gesagvoerende 'n geweldige verantwoordelijkheid en 'n positiewe plig mee om in gehoorsaamheid aan Gods geboie die bevoogde in alle regverdigheid en met liefde en ywer tot volle selfstandigheid te lei.”

Hieruit volg dan net een logiese konsekwensie en dié loop op gebiedskeiding uit, want, dit is duidelik dat

„'n volk wat sy identiteit wil bewaar, die offers moet bring wat gevra word vir verkryging en behoud van 'n eie vaderland, ook deur erkenning van geregverdigde aansprake van ander volke op 'n eie vaderland. Die

idee/.....

1) Vgl. Van der Ross, R.E.: The Cape Times, Coloured Viewpoint.
2) Par. b(7), Die Burger, 10.2.61, p. 18, kol. 8.

"idee van 'n veelrassige volk op een grondgebied' moet op Skriftuurlike gronde verwerp word." 1)

Fundamenteel is daar dus eintlik net een van twee alternatiewe: Óf die liberalisme moet gelyk gegee en politieke integrasie moet toegegee word, waarop mettertyd dan ook ander vorms van integrasie moet volg; óf algehele skeiding, ook gebiedskeiding met volkome outonomie moet in beginsel aanvaar word. En daar bestaan nie vir die Calvinis enige teoretiese twyfel watter een van dié twee alternatiewe hy behoort te kies nie; maar prakties is daar baie kompliserende faktore. En daar is veel meer lig oor hierdie saak nodig voordat die laaste woord daaroor gespreek sal wees.

(c) Toepassingshulpmiddele.

Noudat die inhoud van die opheffingsprogram enigens ontleed is, is dit nodig om te vra na die maatreëls wat getref moet word om dié program toe te pas. Daarvoor is belangrike hulpmiddele nodig.

(i) Navorsingsburo.

Die belangrikste en eerste van hierdie hulpmiddele is dié wat gaan om 'n navorsingsburo wat hom ten doel sal stel 'n deurtastende ondersoek na alle aspekte van die vraagstuk. Die stigting van so 'n buro is dan ook reeds op ministeriële vlak as deel van die Kleurlingsake-program in die vooruit sig gestel. 2)

By die ondersoek na byna enige aangeleentheid rakende die Kleurlinge val die skaarste aan beskikbare outentieke gegewens op. Dié gemis is dwarsdeur die onderhawige studie ervaar. Terwyl daar 'n groot hoeveelheid werk gedoen is oor die blankes aan verskeie universiteite maar ook en veral deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing; terwyl ook 'n groot hoeveelheid werk gedoen word deur die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (W.N.N.R.), is dit byna ongelooflik dat in 'n land soos Suid-Afrika waar die kleurvraagstuk dié vraagstuk is wat alle ander oorskadu, daar nog geen ad hoc liggaam saamgestel is om oor die vraagstuk van menseverhoudings in hierdie veelrassige land alle moontlike informasie byeen te bring nie.

Dit sal die navorsingsburo se taak wees om vas te stel hoe
die/.....

1) Gereformeerde Sinode: Die Burger, 10.2.61, p. 18, kol. 7, par. b(8).

2) Botha, P.W.: Die Burger, 4. 1.61, p. 7, kol. 1.

die ekonomiese en maatskaplike belange van die Kleurlinge die beste gedien kan word. Grondige navorsing behoort alle wetgewing soos dié oor werkafbakening, groepsgebiede, ontug, gemengde huwelike, en dies meer vooraf te gaan. Daardeur kan veel vlotter verloop en baie minder wrywing verseker word.

Die buro kan ook 'n groot bydrae lewer om oor die Kleurlingvraagstuk as geheel meer helderheid te kry. Allerweë word te kenne gegee dat daar duidelikheid ontbreek, dermate dat selfs 'n man soos dr. A.L. Geyer moes erken, „Te lank het ons sonder 'n duidelike omlynde beleid voortgestrompel“, ¹⁾ 'n toestand wat aan te min kennis en 'n gebrek aan stelselmatige dink- en deurdinkwerk toegeskrywe moet word. Hierdie onvoltooidheid van die denkbeelde bring onsekerheid en weifeling by die optrede van die regering. Dit kan vir die Kleurling self geen goed inhou as hy moet aanskou hoe daar oor hom kleigetrapt word nie. Dit veroorsaak agterdog en wantroue wat deur die linksgesinde Kleurling-intelligentsia uitgebuit word met katastrofale gevolge vir enige positiewe program wanneer dit uiteindelik kom. Op dié manier byvoorbeeld is die gedagte aan 'n „Staat binne 'n Staat“ deur dr. R.E. van der Ross reeds byvoorbaat verongeluk. ²⁾

Besonders ook op gebied van die gewone en spesiale onderwys het die Buro 'n unieke taak te vervul. Dit is byna ondenkbaar dat na soveel jare van eksperimentele sielkundige en opvoedkundige navorsing in hierdie land, daar nog geen gestandaardiseerde toetse vir Kleurlinge beskikbaar is nie. Sodanige toetse het 'n onberekenbare waarde om byvoorbeeld die opvoedbaarheid van die Kleurlingkind te bepaal, hou belangrike implikasies in vir die opstel van leergange en leerplanne, en kan 'n groot bydrae lewer om verkwisting uit te skakel en doeltreffende opleiding te verseker.

Die buro kan ook waardevolle werk doen deur die gesindhede van die verskillende rasse teenoor hulself en teenoor mekaar te bepaal waarvolgens dan die nodige ideologiese wetgewing, inligtings- en voorligtingsmaatreëls beheer kan word.

(ii) Inligting en Voorligting.

Dit is duidelik dat in Suid-Afrika waar die gevolge van diepgewortelde Britse imperialistiese liberalisme en sy instellings nou terwille van die voortbestaan van 'n volk ongedaan gemaak, en deur 'n program volgens die Calvinistiese patroon/.....

1) Die Burger, 12. 9.60, p. 5, kol. 4.

2) The Cape Times, 21. 4.61, p. 12, kol. 6.

patroon en denkbeelde vervang moet word, 'n baie doeltreffende en deeglike inligtings- sowel as voorligtingsdiens nodig is om die skema bekend te stel. Die inligtingsafdeling wat hom veral met die rassebeleid en -verhoudinge moet besig hou, moet van die bevindinge van die navorsingsburo gebruik maak en dit in 'n sielkundige fynontwikkelde, ideologiese opvoedingsprogram gebruik.

Die rassebeeld in sy geheel sowel as die opheffingsbeleid ten opsigte van die Kleurlinge in die besonder, het soos aangedui, in Suid-Afrika weinig kans om te slaag as dit nie deur die rasse met geesdrif aanvaar word nie. Dit word allerweë toegegee. Hiervoor sal die inligtings- en voorligtingsmasjinerie dan nou moet sorg.

(iii) Persbeheer.¹⁾

Daar is reeds aangetoon watter uiters nadelige en staatsgevaarlike invloed die sogenaamde vryheid van die pers op Suid-Afrika en sy moeilike vraagstukke het. Daar is ook reeds aangedui dat dit tans veral die Kleurling-blank-verhoudinge versteur en openlike vyandskap verwek. Enige opheffingsplan word deur verdagmakery verongeluk feitlik nog voordat daarmee begin kan word.

Hierdie sogenaamde persvryheid berus op die valse vryheidsbegrip van die liberalisme wat die vryheid van die individu verabsoluteer. En die pers sou dan geroepe wees om deur oortuigingswerk, deur „peaceful penetration” die individu te probeer emansipeer van alle invloede wat hul individuele en gelyke vryhede strem. Só belangrik is hierdie taak, en só sterk is die reg van die individu, dat nóg kerk, nóg staat, nóg watter ander menslike verband ook, die pers aan bande durf lê.²⁾ Dit is nie nodig om nader toe te lig watter onhoudbare toestand hierdeur geskep word ten opsigte van die Kleurling wat teen die regering beskerm en van dié se onderdrukkende dwinglandy bevry sou moet word nie! Die etiologiese agtergrondstudie het aangedui hoedanig die gesindheid versteurd raak en selfs tot by die gedragsmoeilike kind deurdring.

Prof. Stoker wys verder daarop,³⁾ en dit kom ooreen met die siening van ds. C.R.Kotze,⁴⁾ dat hierdie valse vryheid gebruik word/.....

-
- 1) Vgl. Stoker, H.G.: Die Stryd om die Ordes, pp. 32 en 79; Kotze, C.R.: Die Christen en die Pers, uit Koers in die Kri-sis, Deel 1, pp. 297-303.
2) Stoker, H.G.: op. cit., p. 32.
3) Op. cit., p. 79.
4) Op. cit., p. 301.

word om mense te mislei, 'n rat voor die oë te draai, en anargie te skep. Begrypplikerwyse besluit prof. Stoker dan ook: ¹⁾

"Dit spreek vanself dat aan die anargie van die pers 'n einde gemaak moet word. Die pers kan nie maar hot en haar tot sy voordeel lieg nie, want hy is aan sedelike beginsels gebind."

Dit beteken egter nie dat die pers aan staatsbeheer onderwerp moet word nie. ²⁾ Tussen die twee uiterstes van bandeloosheid aan die een kant en staatsbeheer aan die ander kant, moet 'n weg gevind word om die euwel te beheer sonder om die seën wat die pers kan wees, prys te gee.

(iv) Die Skool.

Die laaste en belangrikste hulpmiddel by die implementasie van die opheffingsprogram is die gewone en spesiale skole. Dié is so belangrik dat dit afsonderlik behandel moet word. ³⁾

(d) Beheer.

Die voorafgaande program is van so 'n aard en omvang dat dit in sy geheel deur die sentrale regering in werking gestel behoort te word. Op die oomblik ressorteer die gewone skool nog onder die provinsiale onderwysdepartemente. ⁴⁾ Dit is egter vanselfsprekend dat binne die kader van die nuwe benadering 'n voortsetting van dié toestand onhoudbaar is. Die instansie wat die beleid maak, kan onmoontlik nie die anomalie gedoog dat 'n ander instansie dan die beleid moet uitvoer nie. Dit is veral duidelik as die besondere samestelling en verhouding tussen die sentrale regering en die provinsiale administrasies inaggeneem word, wat meebring dat daar in die een of ander provinsie 'n bestuur aan bewind mag wees wat geen simpatie met die sentrale regering het nie, radikaal van sy beleid verskil en dit in die openbaar aanval.

Hierbenewens is dit duidelik dat die opstel en toepassing van so 'n opheffingsprogram 'n baie duur onderneming is, só duur dat die provinsiale administrasies dit nie kan bekostig nie. Die sentrale regering sal dus in alle geval die projek moet finansier. Om te sien dat sy beleid uitgevoer word, sal hy ook moet voorskryf en inspekteer. En onder sulke omstandighede is dit die aangewese weg om ook die gewone skole onder sentrale beheer/.....

1) Ibid.

2) Vgl. Stoker, H.G.: *ibid.*

3) Vid. par. 4 en 5, pp. 699 en 714 et seqq.

4) Vgl. Marais, N.J.: *Die Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910*, pp. 136 en 137.

beheer te plaas.

Daar is ook spesiale aanpassing ten opsigte van die inhoud van die onderwys nodig omdat tot 'n aansienlike mate vir tegnie-se en spesiale onderwys voorsiening gemaak sal moet word. Die provinsiale onderwysmasjinerie is nie vir dié opset van werksaamhede ingerig nie, en daar sal weinig sin in steek om die provinsie met dié spesiale vraagstukke te belas, terwyl die res van die opheffingsprogram reeds deur die sentrale regering behartig word.

Die belangrikste argument is egter dat die skool met al die invloed wat hy uitoefen, enersyds onder die sterk beheer van die sentrale regering moet staan vir kontrole-doeleindes oor die baie ongewenste invloede wat daarin vaardig is. Andersyds het die sentrale regering die skool nodig vir implementasie van sy eie beleid. Die skool moet aangewend word om die Kleurlinggemeenskap ook op ideologiese grondslag, dié van gemeenskapsbou, in 'n baie besondere sin, te dien. Alleen die sentrale regering is by magte om so 'n program te hanteer.

Die enigste gevolgtrekking is dus dat die Departement van Kleurlingsake ook beheer oor die skole gegee word om sodoende vir die hele opheffingsprogram onder die Kleurlinge verantwoordelik te wees.

Vir dié doel sal die Departement baie uitgebrei, en met 'n gespesialiseerde personeel beman moet word.

4. Gewone Onderwys.

Met die etiologiese ondersoek is vasgestel dat daar binne die gewone skoolwese soos dié onder die Kleurlinge bestaan, veel aanleiding tot gedragsafwyking by die jeug gesoek moet word.

(a) Fundamentele Gebrek.

Dit is op hierdie stadium moontlik om te sê dat baie van daardie misstande tot 'n ideologiese grondslag herlei kan word: Daar bestaan naamlik 'n fundamentele gebrek aan die „volksheid“ van die skool. Diegene wat met onderwystoestande binne die Kleurlingskool eerstehands vertrou raak deur self onderwys te gee, kom gou agter hoe vreemd die skool in sy huidige gedaante teenoor die Kleurling as mens aandoen. Die belewenis dat dit 'n instelling uit die Kleurlinge, deur die Kleurlinge en vir die Kleurlinge is, bly so goed as heeltemal uit.

Hierdie fundamentele gebrek moet toegeskrywe word aan die feit dat die Kleurlingskool 'n identiese replika van dié van die blankes is en dat die Kleurlinge dit só wil hê afgesien van die eise/.....

eise van 'n gesonde opvoedkundige filosofie. ¹⁾ Dit alles is nie los te maak van die imperialistiese liberalisme wat deur die Britse kolonialisme op Suid-Afrika afgedwing is nie. ²⁾ Vir die ryksgedagte is dit 'n noodsaaklike vereiste dat verskille gelyk-gemaak en verskeidenheid uitgewis word. Hoe meer uniform, hoe makliker behou die Ryk sy eenheid. Vandaar die noodwendige verengelsingsbeleid wat in die Britse koloniale gebiede, ook in Suid-Afrika, ontketen moes word. Die liberalistiese aard van hierdie beleid het vanweë die grondliggende gedagte van die gelykheid van alle individue, 'n besondere bekoring vir die Kleurling ingehou. In Suid-Afrika het die Britse imperiale liberalisme dan ook nêrens geesdriftiger en meer lojale bekeerlinge as juis onder die Kleurlinge gevind nie. Die eienaardige staatkundige samestelling van die land het meegebring dat hierdie liberalistiese filosofie, vir die Kleurlinge aanloklik vermeng met filantropisme, ook op politieke terrein aangewend is. So het dit gekom dat die Kleurling oor alle fronte van sy bestaan deur die liberalisme bekoor en gestreel is.

Waar die Kleurling dan voortgestu word deur een allesoorheersende begeerte om met die blanke gelyk te wees en in hom op te gaan, het hy dan ook geen ander keuse as om presies dieselfde opvoeding en onderwys as dié van die blanke te eis nie. Differensiasie op hierdie gebied sou vir integrasiedoeleindes om klaarblyklike redes noodlottig wees: Dit sou verskille nog groter en assimilasie nog moeiliker maak. Maar dit is ook presies om hierdie rede van opvoedkundige gelyksoortigheid dat die skool tot dusver so klaaglik misluk het om by die Kleurlingkind in te slaan en die beste uit hom te haal wat daar in hom is. 'En omdat die skool in sy diepste wese vir die Kleurlingkind 'n vreemdsoortige instituut gebly het wat nie sy eie gees adem, sy eie taal praat en by sy eie sielsroeringe aansluiting vind nie, is daar, en sal daar altyd diegene wees wat nie in die skool bevrediging vind nie, agter- en afvallig raak en uiteindelik op die straat beland waar die lewensdinge vir hom nader aan die werklikheid is soos hy dit belewe.

Daar sal dus ten opsigte van die skoolwese by die Kleurlinge belangrike en ingrypende aanpassings moet kom, waarvan die belangrikste sal wees die nasionalisasie van die Kleurlingskool. Onder
nasionalisasie/.....

1) T.E.P.A.: Memorandum aan Kommissie insake Kleurlingonderwys, p. 4; U.G. 65/1948, par. 1945, p. 264.

2) Vgl. Engelbrecht, I.Z.: Apartheid en Skoolopvoeding in Suid-Afrika, pp. 88 et seqq.

nasionalisasie van die Kleurlingskool word dan verstaan daardie proses van aanpassing van die skoolwese wat die skool in diens van die Kleurling as volksgroep, as nasie stel met die uitdruklike oogmerk om die kind as lid sowel as ten bate van sy besondere groep op te lei. Dit sal 'n skool meebring uit die Kleurling, deur die Kleurling en vir die Kleurling — in teenstelling met dit wat die skool vandag is, 'n instelling om die Kleurling iets anders te maak as dit wat hy werklik is, 'n instelling om hom te help om van sy eie mense weg te breek.

Hierdie nasionalisasieproses sal oor alle fronte van die onderwys strek en oral belangrike implikasies inhou wat n. gegaan moet word:

(b) Die Doel van die Onderwys.

Daar bestaan vir die Kleurlingkind geen ander doel in die onderwys as wat daar vir die blanke kind bestaan nie; en in dié sin val hier niks meer te sê as wat daar deur groot deskundiges reeds afdoende gesê is nie. Dit is slegs nodig om die naam te noem van prof. dr. J. Chris. Coetzee ¹⁾ wat op meesterlike wyse daarin geslaag het om die Calvinisme in die Suid-Afrikaanse pedagogiese denke wetenskaplik en blywend vas te lê. Wat hy oor die doel van die onderwys en opvoeding te sê het, ²⁾ geld nie net vir die opvoeding van blankes nie, maar hou vir die onderwys van die Kleurlinge presies dieselfde belangrike implikasies in, veral wanneer daardie onderwys gesien word in sy verband met die bestryding van gedragsafwyking.

As gedragsafwyking tot sy grondslae herlei word, het dit te doen met ongehoorsaamheid, misdaad, wetsverbreking; het dit te doen met sonde wat die eer van God skend. Waar die einddoel van die lewe religieus is, en bestaan in gehoorsaamheid aan die Wet van God, word die gedragsafwykende kind meer as net 'n ongelukkige mens wat maatskaplik wanaangepas is. Hy is bo alles wanaangepas aan die Godsorde, 'n verbreker van die Godswet, 'n skender van die Godseer. Dit is 'n baie ernstige toedrag van sake en gryp die Calvinistiese pedagoog diep in sy hart met 'n heilige verontwaardiging oor die skande en oneer wat die Skepper aangedoen word; maar terselfdertyd stem dit hom tot diepe ootmoed en nederige medelye omdat hy ook sondaar is, deelgenoot van dieselfde natuur, verbreker van dieselfde wet; en daar leef ten slotte/.....

1) Vgl. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde.

2) Ibid., pp. 267-285; Vgl. ook Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, pp. 28-33.

slotte die gelowige wete op dat beide onderwyser en kind langs dieselfde weg van genade en herskepping in Jesus Christus verlossing vind.

Op dié manier toets die Calvinistiese opvoeder sy opvoedingsdoel aan sy lewens- en wêreldbeskouing wat én hom én kind slegs bestaansreg gee as hulle aan die skeppingsdoel beantwoord, waarvoor hulle moet wees „die mens van God wat volkome is, vir elke werk volkome toegerus.”¹⁾

In die toetsing en analise kom hy verder op uiters belangrike implikasies af wat veral vir sy werk met die gedragsafwykende Kleurlingkind 'n duidelike boodskap dra: Gedagtig aan die Kleurling wat deurgaans die deur God verordende verskeidenheidsbeginsel verloën en sy eie gemeenskap en sy eie mense misken, verwaarloos en deur die „oorgang” versaak; gedagtig ook aan die luiheid, werkskuheid en moedswillige werkloosheid van die skollie waardeur hy 'n vloek vir homself en 'n ergernis vir sy medemens word, dan spreek die woorde van prof. J. Chris Coetzee²⁾ waar hy dit het oor die nabysynde sosiologiese doelstelling in die opvoedkunde 'n lewende taal:

„Die opvoedeling moet geleer word om selfstandig in die lewe op te tree deurdát hy sy eie pak dra en andere nie tot las of hindernis is nie. Maar hy moet nog meer leer: hy moet leer om andere te help om hulle laste te dra en om sy dienste vrywillig en met volle oortuiging en kraginspanning te gee aan die welsyn van sy medemens en die samelewing in die algemeen.”

Gedagtig verder aan die wyse waarop hierdie kinders hulle deur anti-sosiale gedrag en die grofste denkbare vorms van wetsverbreking op sedelike gebied besondig, en hul teen hulself, teen hul medemens en teen God vergryp het, dan is dit ewe insiggewend om te luister na prof. Coetzee as hy praat oor die etiese vorming as 'n verwyderde doelstelling in die opvoeding:³⁾

„Die sedelike vorming ... is een van die hoogste doeleindes van alle ware opvoeding ... Die deugvolle mens is iemand wat sy medemens liefhet, wat vir sy medemens doen en soek wat hy vir homself doen en soek ... hy is iemand wat vir sy medemens geen las of struikelblok is nie... Hy eer sy vader en sy moeder ... hy is van harte 'n vyand van alle onkuisheid ... hy werk getrou om homself te onderhou en behoeftiges te help ... hy het die waarheid lief ...”

En/.....

-
- 1) Coetzee, J. Chris.: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 284;
Vgl. 2 Tim. 3: 17.
2) Ibid., p. 274.
3) Ibid., p. 276.

En dan kom dit tot beskamende selfondersoek tot aan die adres van die opvoeder self:

„Dit is 'n baie hoë eis, waaraan selfs die allerdeugvolste en allerheiligste mens selfs in beginsel nie kan voldoen nie, maar waaraan hy tog sy hele lewe lank met 'n ernstige voorneme sy gedagtes, woorde en dade toets en rig, sodat hy nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooe van God kan begin lewe.“¹⁾

Dit is nogal verootmoedigend vir die opvoeder van gedragsafwykende kinders om te weet dat én kind én onderwyser per slot van rekening tog maar nog dieselfde stryd het om te stry.

Dit is ook van die allerbelangrikste betekenis in verband met die verwyderde opvoedkundige doelstellinge om te onthou dat die kind daardeur tot 'n lewens- en wêreldbeskouing gelei moet word. En daar is niks wat vir die Kleurling lewensbelangriker is as die Calvinistiese opvatting wat die mens sien as skepsel van die lewende God vir wie hy moet dien deur te wees wat God hom maak, en te doen wat God hom beveel het. Hierin lê op die vlak van die Godsordinansie ingebed die diepe verantwoordelikheid van die opvoeder om die Kleurlingkind op te voed om die „eie identiteitsgedagte“ te eerbiedig en in gehoorsaamheid aan God getrou te wees aan homself en sy groep. Hiermee word die onderwys van die Kleurlingkind op die christelik-nasionale vlak geplaas met al die implikasies wat daarmee saamhang. Dit bring vir die Kleurling die religieuse binding mee dat hy nie alleen homself as lid van die groep moet aanvaar en God daar dankbaar voor moet wees nie, maar ook dat hy tot die eer van God medeverantwoordelikheid vir die heil, welsyn en vooruitgang van die groep moet aanvaar, en daartoe offerv aardig moet wees, selfs sy lewe feil moet hê.

Ten slotte hou hierdie doelstelling ook vir die opvoeder die betekenisvolle religieuse binding in dat die opvoeding van die kind om hierdie doeleindes te verwesenlik, nie 'n willekeurige saak is wat óf gedoen óf gelaat mag word nie. Kragtens die soewereiniteit van God en die universaliteit van sy wet is dit 'n kategoriese imperatief: Wat die eer van God vereis, is die mens onvoorwaardelik gebonde om met al sy kragte na te streef.

(c) Die Inhoud van die Onderwys.

As die pedagoog tot bevrediging van sy lewens-
en/.....

1) Ibid., p. 277.

en wêreldbeskouing oor die oogmerke van die opvoeding duidelikhed verkry het, moet hy ook op wetenskaplike wyse ondersoek instel na die inhoud van die onderwys waarmee hy reken om daardie doelstelling te bereik. Die opvoeding self kan in terme van die inhoud daarvan omskrywe word as

„die oordrag van die kultuur van die ouer geslag op die jonger, die oornome daarvan deur die jonger in ooreenstemming met eie aanleg en behoeftes en die uitbouing en ontwikkeling van die kultuur." 1)

Dit is duidelik dat met die oog op die nasionalisasie van die Kleurlingonderwys daar belangrike aanpassings moet kom ten opsigte van die inhoud van die onderwys. Dit is ook duidelik dat in geen ander opsig as juis dié, daar heftiger teenstand van die Kleurlinge sal kom nie. Dit sal dus die grootste mate van oortuiging, behendigheid en manipulasie vereis om hierdie aangeleentheid só te hanteer dat dit vir die Kleurlinge aanneemlik sal wees.

Baie duidelik moet verstaan word dat dit nie hier gaan om 'n leergang en leerplan wat daarop bereken is om aan die Kleurling iets te gee wat minderwaardig is, of daarop bereken om hom „onder te hou" nie. So-iets sou onchristelik en daarom on-Calvinisties wees. Die teendeel is egter waar: Dit gaan hier om iets vir die Kleurlinge te gee wat hom in staat sal stel om op te staan en na die hoogte te styg wat volgens dr. D.F.Malan by enige volk alleen kan geskied op grondslag van wat sy eie is. 2) Dit gaan nie hier om beperkings op te lê nie; daar moet intendeel ruimte oopgelaat en doelbewus oopgemaak word in enige rigting van die volksontwikkeling waarvoor hy aanleg het. Dit gaan in die laaste instansie om een groot aanskouingsles vir die Kleurling dat deur by sy eie aard, aanleg en geestelike terrein te bly, hy eintlik die hoogtes sal bereik en die agting sal afdwing wat hy so reikhalssend begeer.

Die implikasies van so 'n inhoudsaanpassing op enkele terreine moet aangedui word:

(1) Sedelik-godsdienstig.

Die Calvinisme eis dat die geopenbaarde waarheid van die Heilige Skrif die grondslag van alle sedelike-godsdienstige opvoeding moet vorm en dat daar op alle terreine van die lewe, ook in die skool, ootmoedig gebuig en geswyg word voor/.....

1) Coetzee, J. Chris.: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, p. 28.

2) Die Volksblad, 8. 5.44, p. 5, kol. 1.

voor die laaste woord: „So spreek die Here!” Daarom moet onder-
rig in die Skriftuur in alle skole, ook dié van die Kleurling, 'n
voorrangplek inneem. En net so belangrik as dit en meer, is
die vereiste dat die gees van die Skrif alle verdere onderrig, op
watter terrein en in watter leerstof ook al, moet onderlê.

(ii) Wetenskaplik-kultureel.

Wetenskaplike waarhede bly dieselfde vir al-
le nasies en tale, en die basiese inhoud is vir almal dieselfde.
Die Calvinisme eis ook vir die Kleurlinge 'n christelike weten-
skapsbeoefening op daardie gebiede waar hy 'n bydrae te lewer het
ten bate van sy eie maatskappy, sy eie land en die wêreld. Die
Calvinisme vra nie dat deure vir die Kleurling toegemaak moet
word nie, maar eis intendeel dat deure vir hom oopgemaak sal
word op bane waar hy talente toon en natuurlike aanleg het. En
omdat die Kleurlinge 'n praktiese volk is met weinig inklinasie
vir wiskundige abstraksies, sal hy veral gehelp moet word om te
presteer op die gebied van die tegnologie waar juis die na-oor-
logse ontwikkelinge onbeperkte vooruitsigte skep.

(iii) Tegnies-kultureel.

Waar die Kleurling dan by uitstek 'n prak-
tiese, tegniesgeneë volk is, moet sy opleiding al sy vermoëns
in dié rigting uitbuit en tot die volste ontplooiing bring. Dit
sal meebring dat nie alleen praktiese skoolvakke 'n voorrangs-
plek in die laer- en hoërskoolleergange moet inneem nie, maar
daar sal ook voorsiening gemaak moet word vir tegniese opleidings-
inrigtings op 'n baie groot skaal.¹⁾ Differensiasie in die teg-
niese rigting moet so gou as moontlik, liefst onmiddellik na vol-
tooïing van die laerskoolloopbaan geskied, sodat Junior sowel as
Senior Tegniese Hoërskole eerder die reël as die uitsondering sal
wees. Daar moet ook vir gevorderde tegniese opleiding aan Teg-
niese Kolleges vir Kleurlinge voorsiening gemaak word.

Deur die verskaffing van tegniese onderrig van hierdie aard
sal die inhoud van die onderwys 'n veel meer doeltreffende aan-
knopingspunt by die Kleurlingkind kry, en sal dit daartoe dien
om vroeë skoolverlating teen te werk. Leerlinge verlaat die
skool omdat dit hulle nie bevredig nie, nie by hulle aard pas
nie en vir hulle weinig hoop of vooruitsig vir die toekoms bied.
Dit is algemene kennis dat Kleurlinge hul kinders gretig skool-
toestuur omdat hulle daarin 'n middel sien waardeur die kind

„vorentoe/.....

1) Vgl. U.G. No. 54, 1937, par. 947, p. 211; U.G. 65/1948, parr.
1967-1969, p. 267; Verslag van Kleurling Onderwyskommissie,
1953-1956, parr. 40-42, pp. 14-15.

„vorentoe kan kom“, en omdat dit die pad is waarlangs die blanke vorentoe kom. Sodra die kind egter uitvind dat die skool nie vir hom die beloftes inhou waarop hy gereken het nie, dat die leerstof vir hom vreemdsoortig is en nie by sy praktiese lewensbenadering pas nie, wanneer hy gevolglik begin agterraak en die skoolsituasie progressief meer onaangenaam en sinloser word, is die tyd baie naby dat hy, net soos so vele ander voor en na hom, langs die pad wegdraai in 'n ander koers, dié van die straat en die leeglêer. En dan is hy reeds 'n gedragsafwykende.

Saam met die voorsiening van die tegniese opleiding wat die eerste behoefte is, is daar 'n meegaande behoefte wat reeds behandel is ¹⁾ — dié naamlik dat daar vir die skoolverlater werksgeleentheid geskep moet word. En dié verantwoordelikheid rus wel op die staat, maar ook op die maatskappy en die nywerheids- en handelswêreld, en nie die minste nie ook op die Kleurlinge self in 'n besliste koöperatiewe bemoeienis ten behoeve van sy eie belange.

(iv) Geestelik-kultureel.

Dit is veral ten opsigte van die geestelik-kulturele inhoud van die opvoeding dat 'n patetiese toestand hom dikwels voordoën. Dit is 'n ongemaklike, skrynende ervaring om in 'n Kleurlingskool 'n geskiedenisles by te woon waar die Kleurlingonderwyser besig is om les te gee oor die Hottentotte, die Paswette of die Swarte Ommegang en dies meer; om te sien hoe die kinders met groot gesukkel en met 'n heel verklaarbare emosionele onsekerheid moet leer van Slagtersnek en Bloedrivier soos dié verhaal word aan die hand van 'n geskiedenis-handboek wat vir blankes opgestel is. Dit is geen wonder dat beide onderwyser en kind heeltemal onnatuurlik en ongemaklik voorkom nie. Dit is ook geen wonder dat hulle heeltemal onbekwaam is om die gees van so 'n les te snap, of die inspirasie daaruit te haal wat dit vir die blanke kind inhou nie. Hulle leer alles van die ontstaan van die blankes en niks van die Kleurlinge nie. Hulle is veronderstel om te weet wie Piet Retief en Dick King was, maar Jager Afrikaner en Hendrik Witbooi word nie genoem nie.

Dit is duidelik dat die bestaande geskiedenisloerplanne vir die Kleurlingskool geheel en al ondoeltreffend is. In hul huidige gedaante is hulle daarop bereken om die Kleurling in onsekerheid te laat oor sy eie mense en hul lotgevalle, en moet noodwendig ten gevolge hê dat die Kleurlingkind onkundig oor, en skaam/.....

1) Par. 3(b)(ii)(aa), p. 690.

skaam vir homself sal wees. Dit is duidelik dat daar geen enkele ander skoolvak is waarin die behoefte aan hersiening en aanpassing met die oog op die Kleurlingskool dringender is nie.

'n Soortgelyke toestand heers ten opsigte van die letterkunde. Terwyl die meeste Kleurlingkinders vir C. Louis Leipoldt ken, is daar min van hulle wat weet wie S.V. Petersen of P.J. Philander of Eddie Domingo is. En J.D. Bosman ¹⁾ het bevind dat baie van die onderwysers self nie weet nie!

Daar bestaan min twyfel dat as die nodige inhoudsaanpassing ten opsigte van die Kleurlingskool gemaak word, dit die skool baie nader aan die kind sal bring, dat sy prestasievermoë gunstiger sal vertoon, dat die skool hom 'n dieper bevrediging sal bring, dat stokkiesdraaiery en skoolverlating sal verminder, dat dit gevolglik die selfrespek van die Kleurling sal verhoog en les bes 'n heilsame remmende invloed op gedragafwyking sal uitoefen.

(d) Metode van die Onderwys.

Sodra die besluit oor die inhoud van die onderwys geval het, is die volgende belangrike vraag dié na die beste metode wat by die onderrig gevolg moet word. In dié verband is dit nodig om melding te maak van die onhoudbare anomalie dat daar in Kleurlingskole geen spesiale klasse bestaan nie. Die spesiale klas moet voorsiening maak vir dié leerlinge wat verstandelik minder begaafd is, wat nie die gewenste voordeel kan trek uit die gewone klaskameronderrig nie en wat dus spesiale aandag verdien. Hierdie leerlinge word in blanke skole bedien deur spesiaal opgeleide onderwysers wat oor die kennis en vaardigheid beskik om die grootste moontlike vordering van hierdie leerlinge te verseker. Hulle word op dié wyse nie alleen na die beste van hul vermoë opgelei nie, maar ook uit 'n ongelyke kompetisie met die normale kind onttrek, waardeur hulle aan selfvertroue wen, en die skoolervaring meer voldoening en satisfaksie meebring.

Waar toetsresultate toon dat die Kleurlingkind oor die algemeen swaarder leer as die blanke, waar statistieke ernstige vertraging bewys, en waar vroeë skoolverlating gevolglik 'n mistroostige syferfeit is, kan daar min twyfel bestaan dat grootskaalse aanpassing van die onderwysmetode op die basis van die spesiale klas besondere heilsame gevolge moet hê. Die instelling van spesiale klasse as annekse van die gewone skool, en in groot sentra selfs die stigting van spesiale skole, is sake van dringende belang/.....

1) ... Die Gesindhede van die Transvaalse Onderwysers ..., p.104.

belang in die Kleurlingonderwys wat grootliks sal bydra om 'n gelukkiger en meer suksesvolle skoolloopbaan vir die Kleurlingkind te verseker.

Vir dié doel sal ook uitgebreide sielkundige dienste vir toetsingsdoeleindes by Kleurlingskole ingestel moet word.

(e) Leerplig en Onderwysfasiliteite.

Afgesien van die ernstige, en skynbaar onoorkome-like hindernisse wat leerplig vir die Kleurlingkind in die weg staan, is dit vir die bestryding van gedragsafwyking 'n onbedingbare noodsaaklikheid om die kind van skoolgaande ouderdom van die straat af weg te kry. Dit is in hierdie ontvanklike leeftyd van die vroeë puberteit dat gedragsafwyking meesal met mening sy verskyning maak. En dit ly geen twyfel nie dat verreweg die meeste kinders se wandade gepleeg word terwyl hulle ledig, sonder kontrole en in slegte geselskap verkeer, en wel op 'n leeftyd wanneer die gewone kind op skool is, maar die oortreders nie.

Die instelling van leerplig sal uit die aard van die saak met die voorsiening van die nodige onderwysfasiliteite gepaard moet gaan. Die bestaande omstandighede vereis dat hierdie fasiliteite kwantitatief sowel as kwalitatief moet verbeter. Oorvol klaskamers, bouvallige akkommodasie en gebrekkige uitrusting maak behoorlike onderwys onmoontlik, waardeur gebrekkige belangstelling en vertraging in die hand gewerk word en die kind uiteinde-lik die skool verlaat.

Die invoer van die leerplig sal ook vereis dat die nodige masjinerie om dit af te dwing, opgeknop word. Dit is wel waar dat groot getalle Kleurlingkinders geesdriftig skooltoe gestuur word, en selfs ook vir korter of langer periodes geesdriftig skooltoe gaan. Maar diegene wat met die Kleurlingkind en sy huis bekend is, weet van die gebrekkige ouerlike kontrole wat in die meeste huise bestaan. Die kenner is verder vertrouwd met die feit dat hierdie geesdrif by beide ouer en kind baie gou taan, dat onreëlmatige skoolbesoek intree, en dat dit dan geen gemaklike taak is om die kind op skool te hou nie. In sulke gevalle is dit baie moeilik om ouer of kind tot aktiewe samewerking aan te spoor. Waar onderwysers in Bloemfontein aangemoedig is om die huise van stokkiesdraaiers te besoek en oor die rede van afwesigheid navraag te doen, het die kenmerkende antwoord telkens gekom, „Meneer, daar sit hy. Vra hom!” Leerplig sal dus nie alleen meer klaskamerakkommodasie, meer ameublement, meer onderwysers en in verafgeleë gebiede toereikende transport vereis nie; daar sal ook 'n gesonde aanpassing nodig wees ten opsigte van/.....

van skoolbesoekbeamptes, toereikende dwang op die ouers en desnoods strafmaatreëls in geval van ontduiking van ouerlike pligte, en in die laaste instansie genoegsame Kinderwet-akkommodasie vir diegene wat strenger optrede vereis.

Hierdie dienste sal baie geld kos en sal na die finansiële vermoë van die land op 'n realistiese basis benader moet word. 'n Baie belangrike oorweging hier is dat gedragsafwykende Kleurlingkinders hoofsaaklik uit die stedelike gebiede kom. Tabel 11 ¹⁾ het getoon dat meer as 97% van 500 Nywerheidskool-leerlinge uit stede en dorpe afkomstig was. Gelukkig is daar gewoonlik in stads- en dorpsgebiede wel skoolfasiliteite beskikbaar, en kan vervoer- en losiesvraagstukke daar, anders as op die platteland, buite rekening gelaat word. Met die oog op die bestryding van gedragsafwyking is die aangewese weg dus om te differensieer ten opsigte van stedelike en plattelandse gebiede. Al sou skoolplig op die platteland nie sondermeer prakties uitvoerbaar wees nie, behoort stappe sonder versuim gedoen te word om dit in stedelike en dorpsgebiede in te stel. Daarmee sal vrye pas-saat deur die belangrikste kanaal waarlangs die gedragsafwykende Kleurlingkind sy verskyning maak, enigsins bemoeilik word.

(f) Onderwys en die Onderwyser.

Daar is vasgestel dat die gehalte onderrig wat in Kleurlingskole gegee word, nie na wense is nie. ²⁾ Hierdeur word die vordering en skoolsatisfaksie van die kind belemmer. Dit loop uit op vertraging, skoolverlating, geleentheid en geneentheid tot afwykende gedrag. Om gedragsprobleme te bestry, sal die stryd dus tot in die klaskamer van die gewone skool gevoer moet word.

(i) Die Onderwys.

Die hervorming van die onderwys moet gesien word in verband met die twee belangrike vereistes wat tot hier-toe gestel is. Die eerste hiervan is dat die onderwys deur die sentrale regering, en by name die Departement van Kleurling-sake, oorgeneem moet word ten einde die nodige kontinuïteit en krag en idealisme by die optrede te verseker; en die tweede is dat die onderwys van die Kleurlingkind genasionaliseer word, dit wil sê in ooreenstemming gebring word met die uitdruklike be-leidsrigting van die land en tot diens van die Kleurling as groep gestel word. Aan die hand van hierdie twee voorsorgmaatreëls
moet/.....

1) Hf. V, p. 211.

2) Hf. VIII, par. 5, p. 565 et seqq.

moet 'n dinamiese omvormings- en aanpassingsproses in die Kleurlingskool aan die gang gesit word.

Die eerste en onmiddellik behoefte in die klaskamer is die verbetering van die gehalte van die onderrig. Dit is waar dat klaskamers oorbevolk is; dit is waar dat toerusting soms ontoereikend is; dit is ook waar dat die personeel nie na wense opgelei is nie en dat daar dikwels onderwysers is waar onderwyseresse moes gewees het, laerskoolleerkrigte waar hoërskoolleerkrigte moes gewees het; maar dit is ook waar dat selfs met dit wat daar is, oneindig veel beter resultate bereik kan word.

Die eerste waarheid is dat die Kleurlingonderwysers dikwels nie hul bes doen nie, lui is, hul voorbereiding en korreksiewerk afskeep, lusteloos klasgee en min tekens van professionele pligsbesef aan die dag lê. Die tweede waarheid is dat hulle nie alleen binne die klas nie, maar ook buite die klas die kind verwaarloos en baie min, indien enige, belang in hom stel. Daar is met ander woorde 'n volslae gebrek aan insig dat sy verantwoordelikheid verder strek as die vier mure van sy klaskamer. Die derde en ernstigste waarheid is dat baie van hulle 'n revolutionêre, opstandige gees toegedaan is wat hoegenaamd nie daarop bereken is om die kind en sy maatskappy tot goeie burgerskap te inspireer nie.

Hierdie misstande moet noodwendig met 'n baie sterk hand uitgeroei word. Dit is moeilik om te verstaan hoe toegelaat kan word dat onderwysers soveel sosiale onrus aanblaas en selfs 'n staatsgevaarlike gees versprei soos daar geskied aan die hand van onderwysersunies ¹⁾ en enkelinge. ²⁾ Dit sal ernstig oorweeg moet word of daar nie strenger beheermaatreëls nodig geword het veral met betrekking tot skoolhoofde nie. Sorg moet noodwendig gedra word dat sleutelposisies soos dié van skoolhoof beklee word deur mense wat die staatsbeleid nie vyandig gesind is nie en dit direk of indirek saboteer nie. Hulle moet nie alleen self reggesind wees nie, maar dit ook hul saak maak om die nodige beheer oor hul assistente uit te oefen binne sowel as buite die klaskamer. Waar die regte persone nie in Kleurlinggeledere gevind kan word nie, mag dit selfs nodig wees om blankes vir dié doel in gebruik te neem tot tyd en wyl daar deur toereikende opleiding die regte mense uit die Kleurlinge beskikbaar word. Dit is op die lang duur net nie denkbaar hoe 'n staat 'n skool kan duld/.....

1) T.L.S.A. en T.E.P.A.

2) The Cape Times: Coloured Viewpoint-rubriek.

duld, selfs kan finansier, wat openlik en uitgesproke daarop afstuur om bitterheid te veroorsaak, 'n gees van verset by die kind op te wek, en 'n bedreiging vir die veiligheid van die land te word nie.

Beheer oor die gehalte van die werk en die gees van die skool moet uitgeoefen word deur middel van 'n deeglik gekeurde inspektoraat. Dié moet op 'n toereikende basis voorsien word sodat rondgange klein en intensiewe kontrole moontlik is. Indien nodig moet van reisende hoofde gebruik gemaak word wat desnoods lank aan 'n skool kan bly ten einde die nodige voorligting te gee en beheermaatreëls te tref. ✓

(ii) Die Onderwyser en sy Opleiding.

Dit is dus duidelik dat veel van die misstande op skool uitgestryk sal wees mits die saak op die onderwysersvlak reggestel kan word. Dit is wel waar dat daar in die huidige onderwyserskorps 'n substansiële gedeelte is wat onder behoorlike beheer en kontrole goeie werk doen en kan doen; maar dit is ook waar dat daar eweseer baie droë hout is wat uit die weg geruim moet word.¹⁾ Die grootste behoefte onder die onderwysers is die besef van hul roeping om van die Kleurlingskool 'n inrigting te maak wat die Kleurling as Kleurling moet dien, wat die kind op grondslag van wat sy eie is na die hoogte moet voer, en wat van hom 'n groepsverbonde, groepsverantwoordelike wese moet maak.

Dit is onmoontlik om die kind tot 'n groepsverbonde en groepsverantwoordelike volwassene op te voed as die onderwyser self nie groepsverbonde en groepsverantwoordelik is nie. En dit lê voor die hand dat die keuring, opleiding en voorsiening van die regte onderwysers op die oomblik die grootste onmiddellike behoefte van die Kleurlingonderwys is, en dat dit hier primêr gaan om die ideologiese aspek van die saak.

aa) Duidelike Doelstelling.

Die eerste konstruktiewe maatreëls wat nodig sal wees, is dié wat met die opleiding van die onderwysers te doen het. Onderzoek het aan die lig gebring dat selfs ten opsigte van die opleiding van blanke onderwysers die bestaande toestand ver van bevredigend is.²⁾ En ook dáár is wellig die belangrikste gebrek/.....

-
- 1) Verslag van die Kleurlingonderwys-kommissie, 1953-1956, parr. 23-26, p. 49.
2) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing: 'n Vergelykende Onderzoek na die Opleiding van Blanke Onderwysers(esse) in Suid-Afrika.

gebrek dié wat met 'n onduidelike doelstelling te doen het. Die bevinding van die Buro se ondersoek bekragtig die uitspraak wat reeds in 1930 gegee is: ¹⁾

„As die opleiding van onderwysers uit 'n nasionale standpunt bekyk word, dan lyk die hele toestand chaoties. Ofskoon verskeidenheid nie in sigself verkeerd is nie, wil dit voorkom asof daar in verband met wat waarskynlik die belangrikste saak in die nasionale onderwys is, naamlik die opleiding van onderwysers, geen eenheid van doel bestaan nie.”

Vir die opheffing van die veragterde Kleurling deur middel van die opvoeding en onderwys sou 'n kleurlose, doellose opleiding van onderwysers fataal wees. Die universele gebrek aan maatskaplike verantwoordelikeheidsin wat by die Kleurlingonderwyser voorkom, lewer bewys dat daar met die opleiding van die onderwysers 'n ernstige skroef los is. Daar bestaan dus die aller-grootste behoefte aan ideologiese inspirasie by aspirant-onderwysers. Daar moet by hulle 'n heldere beeld geskep word van wat die oogmerk met die onderwys is, maar ook dit is nie genoeg nie: Die hele opleiding moet op so 'n lees geskoei word dat hulle nie alleen die doelstelling ken nie, maar dit ook emosioneel en volitioneel aanvaar. Benewens die teoretiese en praktiese opleiding as onderwysers moet hierdie jongmense ideologies geïmpregneer word met 'n Skrif-gefundeerde idealisme vir hul eie mense.

bb) Kolleges en Dosente.

Dit spreek dus vanself dat daar in die bestaande stelsel van opleiding drasties ingegryp moet word. Dit is nie moontlik om hierdie doel te bereik terwyl dieselfde toedrag van sake bestaan as dié wat die opleiding van blanke onderwysers belemmer nie, die veelheid van instansies naamlik wat onderwysers oplei, elk met sy eie doel en opvatting oor die taak van die onderwyser. Dit is onvermydelik dat in die nuwe bedeling die opleidingsinrigtings vir Kleurlingonderwysers een en almal deur die staat oorgeneem en genasionaliseer word. Van die bestaande inrigtings sal sommige behoue bly terwyl ander mettertyd in hoërskole omskep sal moet word. In Kaapstad en sy voorstede is tans nie minder as ses verskillende inrigtings wat Kleurlingonderwysers oplei nie, tewete Zonnebloem, Wesley Kollege, Battswood, St. Augustines, Hewat, en die Universiteitskollege van Wes-Kaapland, en dit is ondenkbaar dat onder 'n gesentraliseerde skema so 'n versnippering kan voortduur.

Daar/.....

1) Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap: Jaarverslag 1930, p. 29.

Daar sal besondere aandag bestee moet word aan die persoonselestelling van die opleidingskolleges. Slegs diegene wat bewys gelewer het dat hulle akademies en ideologies vir hierdie taak toegerus is, behoort gebruik te word om in hierdie belangrike hoedanigheid te dien. Vir die opleiding van reggesinde leerkragte kan alleen gesorg word deur reggesinde dosente. Dit mag meebring dat voorlopig die meeste van hierdie betrekkings deur blankes gevul sal moet word. Sodra daar bewys gelewer is dat bevoegde Kleurlinge wel beskikbaar word, spreek vanself dat die blankes vir diesulkes plek sal moet maak.

cc) Onderwysers en Salarisse.

By die opleiding van onderwysers sal daar voorsiening gemaak moet word vir salarisse wat aantreklik genoeg is om die room van die Kleurlingbevolking te trek. Daar moet veral effektiewe aandag bestee word aan die opleiding van onderwyseresse, en spesiale maatreëls is nodig om te verseker dat dié mense wel in genoegsame getalle gevind word sodat matrikulasie ook vir hulle as toelatingsvereiste gestel kan word.

Vir spesiale opleiding in die metodiek van die kleinkinderskool, handvaardigheidsvakke, en spesiale klasse moet toereikende voorsiening gemaak word. As daarin geslaag kan word om die nasionaliseringsproses van die skool so te hanteer dat dit by die Kleurling inslaan, behoort daar diegene te wees wat hulle vir die opleiding van hul eie mense ook in dié hoedanighede sal aanmeld.

Op die oomblik is daar egter geen sterker agens in die Kleurlingmaatskappy wat die opheffing van die Kleurling op die basis van wat sy eie is, meer doelbewus en effektief in die wiele ry as die skool nie. Daarom is daar ook geen ander instansie onder die Kleurlinge wat meer dringende aandag nodig het, as juis die skool nie. En die toets vir die invoer van 'n beleid van eiesoortige ontwikkeling lê in die allerlaaste instansie op die gebied van die opvoeding en onderwys. Dáár sal gewen of verloor word. Oorwinning sal beteken die generasie van selfrespek en eiewaardigheid van die Kleurling as Kleurling, die enigste ware grondslag waarop gedragsafwyking effektief bestry kan word. Nederlaag sal beteken die voortsetting van die status quo waardeur die Kleurling agterlik sal bly, „'n derde stand van die blankes," ¹⁾ in plaas van die eerste en enigste stand in hul eie kring; en hierdie status quo beteken ten opsigte van die gedragsafwyking/.....

1) Vgl. Botha, D.P.: Die Opkoms van ons Derde Stand.

gedragsafwyking die beskamende skouspel vir die Kleurling waar sy kinders op groter skaal as enige ander rassegroep die son-
daar is.

Dit is die onderwys alleen wat op landwyse skaal hierdie toestand kan versien. Maar daarvoor sal groot wysheid, baie geld en taaie volharding nodig wees.

5. Korrektiewe Onderwys.

In die lig van die voorafgaande blyk duidelik dat die eerste en belangrikste behoefte by die bestryding van gedragsafwyking onder die Kleurlingjeug dié is aan 'n voorkomingsprogram eerder as 'n korrektiewe program. Dit is die groot betekenis wat die etiologiese agtergrondstudie vir die heropvoedingsprogram inhou, en dit strook met die bevinding in oorsese lande in die jongste tyd soos berig deur dr. Willem le Roux:

"Goeie voorkomingswerk is die beste manier om jeugmisdad te bestry. Suid-Afrika kan in dié opsig aandag gee aan werk wat in lande soos Engeland en Nederland gedoen word." 1)

En indien dit vir ou kultuurlande waar is, moet dit in besondere sin waar wees vir die Kleurlinge wat as groep versonke en minderbevoorregd is. Indien die nodige opheffingswerk op ekonomiese, sosiale, sedelik-godsdienstige, opvoedkundige en sielkundig-nasionale gebied met sukses georganiseer kan word op die Calvinistiese grondslag soos voorgeskilder, sal 'n baie groot deel van die jeugprobleme vanself wegval. En indien hierdie opheffingswerk nie plaasvind nie, sal korrektiewe onderwys steeds 'n poging wees om 'n bodemlose put te vul, 'n poging om polio te bestry sonder om die virus te lyf te gaan.

Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat in enige maatskappy, ook dié wat ten opsigte van lewens- en beskawingspeil hoog staan, daar altyd diegene is wat nie daarin slaag om bevredigend aan te pas nie, sodat heropvoeding of korrektiewe opvoeding 'n universele behoefte is en altyd sal bly. 2) Hiermee in gedagte is dit nodig om die bestaande inrigtingsfasiliteite wat vir gedragsafwykende Kleurlingjeugdiges beskikbaar is, in perspektief te plaas.

(a) Soorte Inrigtings.

Wanneer 'n kind as gevolg van sy gedragsafwyking,
of/.....

1) Die Burger, 13. 9.61, p. 8, kol. 7.

2) Vgl. Steenkamp, J.A.J.: Die Burger, 11. 9.61, p. 8, kol. 6.

of om enige ander rede, sorgbehoewend blyk te wees, ¹⁾ kan hy in terme van Art. 31 (1)(d) en (e) van die Kinderwet No. 33 van 1960 na 'n kinderhuis of 'n nywerheidskool verwys word. Waar 'n jeugdige aan 'n misdryf skuldig bevind word in terme van die Strafproseswet, No. 56 van 1955, kan hy na 'n verbeteringskool gestuur word in terme van Art. 98 van die Kinderwet wat 'n wysiging is van Art. 342 van die Strafproseswet.

Vir die heropvoeding van gedragsafwykende kinders word daar dus vir drieërlei soort inrigtings wetlik voorsiening gemaak, teweete kinderhuise, nywerheidskole en verbeteringskole. Nywerheidskole en verbeteringskole is staatsinrigtings, terwyl kinderhuise óf aan die staat óf aan private organisasies kan behoort. Benewens die groot aantal inrigtings wat aan private organisasies behoort, is daar vir die Kleurlinge een kinderhuis, een nywerheidskool en drie verbeteringskole wat as suiwer staatsinrigtings deur die Departement van Kleurlingsake beheer word.

(b) Private Inrigtings.

Verreweg die meeste private inrigtings behoort aan die verskillende godsdienstige denominasies, en Tabel 104 toon die verspreiding daarvan tussen die kerkgenootskappe en die provinsies aan. Hierdie tabel is saamgestel uit gegewens versprek deur die Departement van Kleurlingsake ²⁾ en daaruit blyk dat die Roomse Katolieke Kerk vir soveel as 25 uit die 40 inrigtings en vir 3,261 uit die 3,927 sorgbehoewende kinders verantwoordelik is.

Slegs vyftien van hierdie inrigtings neem werklik probleemkinders op. Daarvan is een Anglikaans, twee Nederduits-Gereformeerd en die res Rooms. Van hierdie vyftien is daar slegs twee wat teoreties vir gedragsmoeilike kinders gesertifiseer is, en dié is Rooms. Geeneen is óf teoreties óf prakties toegerus om vir egte jeugoortreders voorsiening te maak nie. In weerwil hiervan egter het beide gedragsmoeilike en misdadige kinders van tyd tot tyd hul weg na een of ander van al vyftien hierdie inrigtings gevind, waardeur omstandighede vir die res van die inrigtingsbevolkings noodwendig vertroebel moes word. ³⁾ Dit is veral waar as die woorde van die Sekretaris van Kleurlingsake in aanmerking geneem word:

„Private/.....

1) Vgl. Wet No. 33 van 1960, Art. 1 (xxv)(a)-(h).

2) Klassifikasie van Privaatinrigtings, pp. 1 et seqq.

3) Dept. van Kleurlingsake: Probleemseuns in Privaatinrigtings, parr. 2-4, pp. 1-6.

TABEL 104: PRIVATE INRIGTINGS VIR SORGBEHOEWENDE KLEURLINGKINDERS.

	KAAPLAND		TRANSVAAL		ORANJE-VRYSTAAT		NATAL		TOTAAL.	
	Inrigtings	Leerlinge	Inrigtings	Leerlinge	Inrigtings	Leerlinge	Inrigtings	Leerlinge	Inrigtings	Leerlinge
Rooms	19	2,385	2	272	-	-	4	604	25	3,261
Anglikaans	5	207	1	88	-	-	1	60	7	355
Methodisties	1	26	-	-	-	-	-	-	1	26
N. G. Kerk	3	150	-	-	-	-	-	-	3	150
Eng. Protestants	1	95	-	-	-	-	-	-	1	95
Assemblies of God	-	-	-	-	-	-	1	15	1	15
Onsektaries	1	25	-	-	-	-	1		2	25
TOTAAL	30	2,888	3	360	-	-	7	679	40	3,927

„Private inrigtings is nie net bedoel vir die opneming van wetsbestede kinders vir wie die departement geldelik verantwoordelik is nie. Kinders kan ook volgens private reëlins daarin opgeneem word." 1)

Aangesien hierdie inrigtings onder verskillende kerkgenootskappe ressorteer, word daar geen uniforme behandelingsmetode gebruik nie. Gewone klasonderwys word wel gegee, en vir 1958 berig die Sekretaris van Kleurlingsake: 2)

„Hierdie inrigtings maak gebruik van die onderwysfasiliteite van die provinsies waarin hulle geleë is, en in gevalle waar hulle self skole in stand hou, word die provinsiale leergange gevolg."

Geen voorsiening word vir tegniese onderwys gemaak nie. Gewoonlik word leerlinge ná skool besig gehou met allerlei buitemuurse pligte wat met die versorging van die geboue, die terrein en tuiene te doen het. Die inrigtings roetineer die daaglikse program en hou streng toesig oor die kinders.

Leerlinge wat van tyd tot tyd van hierdie inrigtings na Ottery oorgeplaas word, lewer bewys dat daar meesal in geslaag word om aan hulle redelik goeie maniere te leer. Veral die Roomse inrigtings druk 'n duidelike stempel op die kinders af.

Dit ly geen twyfel dat die verskillende kerke verdienstelike werk doen waardeur die Kleurlinge en die landsbestuur aan hulle opregte dank verskuldig is nie. Maar daar is geen kommentaar nodig oor die feit dat die veelvuldigheid van gesindtes wat so wyd uitmekaar loop soos die Roomse Kerk aan die een kant en die Nederduits-Gereformeerde Kerk aan die ander kant, 'n uniforme beleidsrigting aan hierdie inrigtings uitskakel. Van heropvoeding in die gees van Calvinistiese grondbeginsels is daar hoegenaamd geen sprake nie. Dit is 'n erg bedenklike toestand as die versorging van die sorgbehoewende kinders in 'n protestantse land aan die Roomse kerk oorgelaat word. Dit is tyd dat die gereformeerde kerke en die Calvinisties-georiënteerde staatsbestuur hieraan ernstige aandag moet bestee.

(c) Die Staatskinderhuis.

Die Departement van Kleurlingsake het bevind dat daar aan die een kant geen wesentlike behoefte bestaan vir die plasing van probleemseuns (dit wil sê beide gedragsmoeilik en misdadig) van onder tien jaar aan inrigtings nie. Hulle word
gewoonlik/.....

1) Verslag van die Dept. van Kleurlingsake, 1955-1958, par. 129, p. 10, kol. 2.

2) Verslag van die Dept. van Kleurlingsake, 1955-1958, ibid.

gewoonlik bevredigend by private persone bestee. ¹⁾ Probleemgevalle van 13 jaar en ouer word aan die ander kant weer gewoonlik aan die nywerheidskool of 'n verbeteringskool opgeneem. Daar was egter so 'n ernstige leemte aan bestedingsfasiliteite vir leerlinge tussen 10 en 13 jaar met die oog op hul versorging tot ongeveer die vyftiende jaar, dat daar tot die stigting van 'n staatskinderhuis oorgegaan moes word, ²⁾ en in 1958 berig die Sekretaris van Kleurlingsake: ³⁾

„Die departement het hom genoodsaak gevoel om deur middel van 'n Staatsinrigting voorsiening te maak vir die toelating, versorging en opleiding volgens provinsiale leergange van sorgbehoewende seuns wat weens gedragsafwykings moeilik in bestaande private inrigtings geplaas kan word, en ook nie geskik is om dadelik in die nywerheidskool opgeneem te word nie. Hierdie inrigting, geleë te Klaasjagersberg naby Simonstad, sal gedurende Januarie 1959, wanneer die skole heropen, gereed wees.”

Die groei van hierdie inrigting word weerspieël in Tabel 105 wat saamgestel is uit gegewens beskikbaar gemaak deur die Departement van Kleurlingsake, ⁴⁾ waaruit blyk dat die maksimumkerf van 105 leerlinge vir wie akkommodasie beskikbaar is, binne minder as drie jaar bereik is.

TABEL 105: KLAASJAGERSBERG-STAATSKINDERHUIS, LEERLINGE EN UITGAWES.

JAAR	1959				1960				1961
	Mrt.	Jun.	Sept.	Des.	Mrt.	Jun.	Sept.	Des.	
Leerlinge	21	40	45	51	59	65	76	80	105
Begroting in R.	11,100				10,600				13,300

Hierdie inrigting is op dieselfde lees geskoei as dié van private organisasies en bestaan hoofsaaklik uit die verskaffing van huisvesting en gewone skoolonderrig wat eintlik 'n soort van innerlike dualisme behels met die kinderhuisprinsipaal en sy personeel aan die een kant, en hulle is ampsdraers van Kleurlingsake; aan die anderkant is die skoolafdeling se prinsipaal en sy personeel, en hulle is ampsdraers van die provinsiale Departement van Onderwys. Dit is 'n ongesonde toedrag van sake wat
vanweë/.....

1) Vgl. par. 1(g)(i), p. 659.

2) Dept. van Kleurlingsake: Probleemseuns in Privaatinrigtings, parr. 7 en 8, pp. 8 en 9.

3) Verslag van die Dept. van Kleurlingsake 1955-1958, par. 128, p. 10, kol. 2.

4) Klaasjagersberg-Staatsinrigting, pp. 1-3.

vanweë gebrekkige kontinuïteit en eenheid van beheer op die lang duur nie bevorderlik vir die gesonde administrasie en organisasie van die inrigting kan wees nie. Ook wat die kind betref, is daar nou 'n gesagstweespalt wat verwarring in sy gemoed saai.

Die kinderhuispersoneel bestaan uit 'n prinsipaal met twaalf ander staflede in verskillende betrekkings. Die skoolafdeling se prinsipaal word bygestaan deur drie assistent-onderwysers.

Die vryetydsbesteding is ook soortgelyk aan dié van die private inrigtings en bestaan uit binne- en buitemurse spele, sport en tuinbou op 'n klein skaal.

(d) Die Nywerheidskool.

Tussen die kinderhuise, hetsy privaat of staats, aan die een kant en die verbeteringskool aan die ander kant, staan die nywerheidskool; maar hierdie tussenposisie geld alleen wat die gehalte van die kind wat gehuisves word, betref. By die kinderhuis is die gedragsprobleme van ligte graad, terwyl die verbeteringskool weer slegs vir geharde misdadigers voorsiening maak. Die nywerheidskool vorm die brug tussen die twee. Oorgens egter is daar weinig ooreenkoms met die kinderhuis en bestaan daar 'n groot mate van gelyksoortigheid in die organisasie en administrasie van die nywerheidskool en verbeteringskool onder die Departement van Kleurlingsake. Daar is wel 'n graduele verskil maar geen aktuele verskil nie. Die graduele verskil is geleë in die verskillende mate van vryheid wat die leerlinge veroorloof word: In die verbeteringskool is die leerlinge onder voltydse toesig en word hulle snags toegesluit, terwyl dit in die nywerheidskool nie die geval is nie. Daar bestaan verder egter so 'n groot ooreenkoms in aktiwiteite en fasiliteite dat dié gesamentlik behandel sal word. ¹⁾

Die Nywerheidskool Ottery wat die enigste in sy soort is, het sy ontstaan te danke aan die ervaring wat daar in die Porter-verbeteringskool opgedoen is. ²⁾ Vir baie jare was Porter die enigste staatsbeheerde inrigting vir die behandeling van gedragsafwykende en misdadige kinders, met die gevolg dat baie Kleurlingseuns wat nie daar tuishoort nie, tog in die verbeteringskool beland het. Vir die beëindiging van hierdie ongewenste toedrag van sake het veral dr. C. van Antwerp, destyds hoof van Porter, as vurige pleitbesorger opgetree. ³⁾

Aan/.....

1) Vid. par. 5(f), p. 726, et seqq.

2) Bester, F.A.: Memorie vir Gebruik by konferensie oor Kleurlingaangeleenthede, p. 13.

3) Bester, F.A.: ibid.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die militêre lugafweerkamp te Ottery beskikbaar geword en nadat dit vir 'n tydperk as Sentrum 14 van die Sentrale Organisasie vir Tegniese Opleiding van oud-soldate gebruik is, het die destydse Departement van Unie-Onderwys dit oorgeneem vir omskepping in 'n nywerheidsskool vir Kleurlingseuns. Binne die eerste vyf jaar na die stigting van die Nywerheidsskool op 1 Januarie 1948 is meer as R80,000 as kapitaaluitgawe bestee alleen aan die installasie van elektrisiteit, 'n rioolstelsel, stormwaterdreinerings en die vervanging van verroeste dakke. ¹⁾

Die eerste leerlinge wat opgeneem is, was 'n dertigtal oorplasings van die Porter-verbeteringskool en daarna is die rol opgebou deur direkte kommitterings deur magistrade en ook deur oorplasings van ander private en Volkswelsyninrigtings. Die toestroming was só vinnig dat die groei sedert 1950 beheer moes word deur die vaspenning van die skoolrol. Toe die Volkswelsyn-inrigting Acacia in 1953 gesluit is, is al 100 leerlinge daarvan na Ottery oorgeplaas.

Die groei van die inrigting word duidelik weerspieël in Tabel 106 wat die beraamde rol en uitgawe vir die Nywerheidsskool en Verbeteringskole sedert 1945 aantoon. Hierdie syfers is verkry uit die jaarlikse beramings wat vir finansieringsdoeleindes deur die skole voorgelê word. ²⁾ Ten spyte van die feit dat hierdie syfers slegs beramings is, en dus nie 'n absoluut juiste syferweergawe nie, is hulle baie na aan korrek en besonder insigwend. Die fantastiese bedrae omvat al die uitgawes wat ten behoeve van die inrigtings bestee word, maar sluit nie die salarisse van die personeel of kapitaaluitgawes in nie.

Die personeelsamestelling van die verskillende inrigtings word in Tabel 107 weergegee. Hierdie tabel is saamgestel uit die jaarstatistieke van die besondere skole. ³⁾ Hieruit blyk dat personeelvoorsiening op 'n baie liberale skaal moet geskied vir beide nywerheidsskool en verbeteringskool, en vir Ottery, Porter, Faure-seuns en Faure-dogters is die aantal leerlinge per staflid slegs 6.5, 4.5, 4.0 en 5.7 respektiewelik. Dit verbaas dan ook nie dat die maandelikse bedrae wat aan hierdie inrigtings aan salarisse uitbetaal word, in die omgewing van R12,000, R18,500, R3,600 en R1,700 respektiewelik wissel nie. Saamgelees met Tabel 106, toon Tabel 107 aan dat die eenheidskoste per leerling/.....

1) Bester, F.A.: op. cit., p. 14.

2) N.O.-rekords: 108/3/7.

3) N.O.-rekords: 0.108/24/4/9.

TABEL 106: BERAAMDE ROL EN UITGAWE TEN OPSIGTE VAN NYWERHEID- EN VERBETERINGSKOLE SEDERT 1945.

JAAR	NYWERHEIDSKOOL		VERBETERINGSKOLE.						TOTAAL	
	OTTERY		PORTER		FAURE-SEUNS		FAURE-MEISIES			
	Rol	Uitgawe R	Rol	Uitgawe R	Rol	Uitgawe R	Rol	Uitgawe R	Rol	Uitgawe R
1945			550	48,066					550	48,066
1946			550	51,916					550	51,916
1947			750	89,084					750	89,084
1948	150	29,788	750	94,122					900	123,910
1949	150	30,484	700	79,986					850	110,470
1950	150	28,818	650	76,058					800	104,876
1951	250	34,358	650	71,572					900	105,930
1952	350	57,540	700	81,958					1,050	139,498
1953	400	70,098	700	91,254					1,100	161,352
1954	550	88,054	750	92,732					1,300	180,786
1955	540	108,372	750	104,672			55	12,300	1,345	225,344
1956	600	119,434	750	109,362			38	11,380	1,388	240,176
1957	600	106,760	700	107,562	100	30,212	50	13,554	1,450	258,088
1958	620	119,580	700	105,898	150	62,432	80	17,170	1,550	305,080
1959	620	116,800	700	91,534	140	58,000	100	21,688	1,560	288,022
1960	600	116,660	600	83,742	150	75,748	120	27,374	1,470	303,524
1961	600	109,250	600	97,172	170	70,058	160	33,940	1,530	310,420

TABEL 107: PERSONEELVOORSIENING AAN NYWERHEID- EN VERBETERINGSKOLE OP 16. 9.61.

BETREKKINGS.	NYWERHEIDSKOOL			VERBETERINGSKOLE.									TOTAAL		
	OTTERY			PORTER			FAURE-SEUNS			FAURE-DOGTERS					
	Blank	Kleurling.	Totaal	Blank	Kleurling	Totaal	Blank	Kleurling	Totaal	Blank	Kleurling	Totaal	Blank	Kleurling	Totaal
Prinsipaal	1	-	1	1	-	1	1	-	1	1	-	1	4	-	4
Vise-hoof	2	-	2	3	-	3	1	-	1	1	-	1	7	-	7
Administratief	7	-	7	7	-	7	3	-	3	3	-	3	20	-	20
Sielkundiges	3	-	3	3	-	3	1	-	1	1	-	1	8	-	8
Onderwysers	2	15	17	14	-	14	-	5	5	3	-	3	19	20	39
Instrukteurs	10	14	24	17	-	17	6	3	9	4	-	4	37	17	54
Opsigters	9	5	14	68	-	68	2	16	18	6	3	9	85	24	109
Huismoeders	-	22	22	17	-	17	1	3	4	-	-	-	18	25	43
Faktotum	1	-	1	1	-	1	1	-	1	1	-	1	4	-	4
Motorbestuurder	-	1	1	1	-	1	-	-	-	-	1	1	1	2	3
Bediendes	-	1	1	-	-	-	-	-	-	-	3	3	-	4	4
Nagwag	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	1	1
TOTAAL	35	58	93	132	-	132	16	27	43	20	8	28	203	93	296

leerling vir 1961 beraam word op R421, R532, R666 en R339 vir Ottery, Porter, Faure-seuns en Faure-dogters respektiewelik, met 'n gesamentlike eenheidskoste van naastenby R484 per leerling.

(e) Verbeteringskole.

Alhoewel die Porter-verbeteringskool met die stigting van die Nywerheidskool, Ottery, aansienlik verligting in sy bevolkingsdruk verwag het, het die rol binne enkele jare weer tot die oorspronklike kerf opgeskiet. Dit was duidelik dat die tyd vir die stigting van verdere verbeteringskole aangebreek het, en dit kon geskied slegs nadat sekere geboue van die Departement Volkswelsyn beskikbaar geword het.

(i) Porter-verbeteringskool. ¹⁾

Die Porter-verbeteringskool het sy ontstaan gehad vroeg in die tagtigerjare van die vorige eeu toe met 'n toekenning van W. Porter ten bedrae van R40,000 aanvang gemaak is met verbeteringskole in Suid-Afrika. ²⁾ Aanvanklik is die Valkenberg-landgoed vir dié doel gebruik; binne 'n paar jaar is die inrigting na Tokai oorgeplaas.

In 1890 is die eerste blok geboue in die omgewing van die herehuis opgerig, en in 1923 is 'n addisionele hostel ingerig op die terrein waar die Constantia-verbeteringskool vir blankes tans geleë is. Sommige van die ou slaaplokale kon nou in werksinkels omskep word.

Tot hiertoe het die geboue sowel as die hele organisasie die stempel van die gevangeniswese gedra; want tot 1934 het hierdie inrigting onder die beheer van die Departement van Justisie geval. In hierdie jaar egter het Unie-Onderwys van die Gevangenisdepartement oorgeneem kragtens die bepalinge van die Wysigingswet op Verbeteringsgestigte, Wet No. 27 van 1934. ³⁾ Hierdie wetgewing was die gevolg van die ernstige kritiek wat oor omstandighede aan die verbeteringskole uitgespreek is. Mnr. C.M. van Coller L.V. het een van hulle, met name Houtpoort, beskrywe as „'n gevangenis van die slegste soort." ⁴⁾

Onder aandrang van die groeiende maatskaplike dienste en sosiale gewete in Suid-Afrika, het hiermee 'n nuwe era vir die verbeteringskole aangebreek: ⁵⁾

„Net/.....

-
- 1) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag 1954, pp. 1-11.
 - 2) Dept. of Education, Arts and Science: Reformatory Schools in the Union of South Africa, p. 1.
 - 3) Volksraaddebatte, 1934, Deel 22, p. 1972.
 - 4) Volksraaddebatte, ibid., p. 1973.
 - 5) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag 1954, p. 4.

„Net soos al die ander het ook Porter revolusionêre veranderings ondergaan deurdat die klemtoon van vergelding en straf na heropvoeding en rehabilitasie oorgegaan het." 1)

Reeds op 26 Maart 1937 by die indiening van die Kinderwet, No. 31 van 1937, sê min. J.H. Hofmeyer, 2)

„Daar is alreeds heelwat merkbare verandering in die algemene gees of atmosfeer en aktiwiteite van die Verbeteringskole vandat ons hulle oorgeneem het. Die regulasies waarop hulle moes funksioneer was gebaseer op 'n strafkode. Vandat hulle oorgeneem is, is daar alreeds ernstige pogings aangewend om 'n gesonder opvoedkundige rigting te volg. Daar is nou reeds min wat hulle onderskei van die beleid van 'n Nywerheidskool."

Tot in 1943 is blankes en Kleurlinge saam in Tokai, soos die inrigting sedert 1920 by voorkeur genoem is, 3) opgeneem. In daardie jaar is die rasse geskei en van die een skool is twee gemaak, teweete Porter vir die Kleurlinge en Constantia vir die blankes. Baie nuwe geboue is sedertdien opgerig en baanbrekerswerk op gebied van inrigtingsbehandeling van gedragsafwykende kinders in Suid-Afrika is gedoen. Van die belangrikste nuwe rigtings wat verken is, is dié van die uitplasingshostel 4) waarmee die oogmerk is om die skielike oorgang van die gedissiplineerde, onvrye inrigtingslewe na die dwangvrye lewe ná ontslag te oorbrug. Verskeie hostelle van dié aard het met die jare gekom en gegaan. Tans is daar nog twee in gebruik teweete Van Zyl in Claremont en Glamorgan in Nuweland. Die ander belangrike baanbrekerswerk is gedoen ook op gebied van nasorgwerk, 5) maar veral in verband met die aanwending van sielkundige dienste as deel van die inrigtingsbehandeling. 6)

(ii) Faure-verbeteringskool vir Kleurlingdogters.

Vóór 1951 moes gedragsafwykende Kleurlingdogters na Eshowe, 'n verbeteringskool vir Bantoemeisies, in Natal gestuur word. In 1951 is 'n verbeteringsgestig vir hulle in Simonstad ingerig en dié het onder die kontrole van die prinsipaal van Porter geressorteer. Hierdie toedrag van sake het egter onhoudbaar geblyk en daarvan moes afgesien word. Die leerlinge is weer na Eshowe teruggestuur tot tyd en wyl ander voorsiening gemaak kon word. Met die sluiting van die Rooikrans-veiligheidsplek/.....

1) Bester, F.A.: op. cit., p. 13.

2) Volksraaddebatte, 1937, Deel 29, p. 3256.

3) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1954, p. 4.

4) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1951, p. 1.

5) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1952, pp. 1-21.

6) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1956, pp. 1-22.

Rooikrans-veiligheidsplek, Eersterivier, is die geboue deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgeneem en in die loop van 1955 is die Faure-verbeteringskool vir Kleurlingdogters daar gestig. Die eerste leerlinge is aan die begin van die derde kwartaal van daardie jaar toegelaat. Hulle is van Eshowe daarheen oorgeplaas. ¹⁾

Die groei in leerlingtal en onkoste word in Tabel 106 en die huidige stand van personeelvoorsiening in Tabel 107 aange-
toon.

Die onderrig aan hierdie inrigting maak voorsiening vir heel elementêre onderrig in gewone skoolvakke, sowel as vir praktiese opleiding in huisbestuur, kookkuns, was en stryk en naaldwerk; en in sy eerste jaarverslag berig die prinsipaal: ²⁾

"Dit is veral aan hierdie praktiese vakke wat baie aandag bestee word. Aangesien die leerlinge ook in hierdie inrigting moet optree as huisbediendes, kry hulle daaglik die ondervinding om slaapvertrekke aan kant te maak en vloere te vryf, ens. Baie aandag word gegee aan skoonheid en netheid op die persoon."

Trouens opleiding as bruikbare huisbediendes was van die begin af die uitgesproke doel van die onderrig:

"Op hierdie stadium is die doel hier om die leerlinge op te lei as huisbediendes om veral uitgeplaas te word op die platteland." ³⁾

Verreweg die lastigste vraagstuk wat hom onder hierdie Kleurlingmeisies voordoën, het met „abnormale en verhoogde seksdrange" te doen, ⁴⁾ en die prinsipaal praat verder van die „sombere prentjie van 'n groepie seksuele psigopate wat oneindig veel moeilikheid verskaf..." ⁵⁾

(iii) Faure-verbeteringskool vir Kleurlingseuns.

Die stigting van die Nywerheidskool, Ottery, het slegs tydelike verligting gebring in die vraagstuk van oorbevolking aan die Porter-verbeteringskool, en teen 1954 was die rol terug op 750. ⁶⁾ Teen hierdie tyd egter het die Eersterivier-nedersetting en die Eersterivier-werkkorps wat beide Volkswelsynondernemings was, opgehou om te bestaan, en die geboue en terrein wat beskikbaar geword het, is deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgeneem met die oog op die stigting van 'n
tweede/.....

-
- 1) Faure-meisies: Jaarverslag, 1955, p. 1.
 - 2) Faure-meisies: Jaarverslag, 1955, p. 1.
 - 3) Faure-meisies: Jaarverslag, 1955, ibid.
 - 4) Faure-meisies: Jaarverslag, 1960, p. 3.
 - 5) Ibid., p. 4.
 - 6) Vid. Tabel 106, p. 721.

tweede verbeteringskool wat reeds op 4 Maart 1955 in die Staatskoerant aangekondig word. ¹⁾

Dit sou egter nog lank duur voordat die inrigting werklik sou begin funksioneer. Die eerste prinsipaal se aanstelling het wel vanaf 1 April 1956 gedateer, maar hy sou nie voor 18 Desember van daardie jaar sy intrek daar neem nie. ²⁾ Omstandighede aan daardie inrigting was egter sodanig dat leerlinge nie opgeneem kon word vóór 24 Junie 1957 nie. ³⁾ Alhoewel daar aanvanklik met die gedagte gespeel is dat hierdie inrigting 'n soort Junior Verbeteringskool vir leerlinge onder 16 sou wees, het dit spoedig geblyk dat ouderdom as 'n verdelingskriterium heeltemal onprakties sou wees, en daar is besluit om hierdie nuwe verbeteringskool vir plattelandse seuns te reserveer. ⁴⁾ Die bedoeling sou wees om voortaan by die behandeling van Kleurling-jeug-oortreders tussen die platteland en die stedeling te differensieer, kontaminasie ten opsigte van gedragsafwyking deur aanraking met stedelike kinders teë te gaan, verstedeliking self te bestry deur te verseker dat hierdie leerlinge nie met stedelinge bekend raak by wie hulle later gaan inwoon nie, en ten slotte deur voorbereiding in rigtings wat hulle veral in staat sou stel om op die platteland 'n heenkome te vind. ⁵⁾

Die groei van hierdie inrigting blyk duidelik uit Tabel 106 wat die vermeerdering van die beraamde rol en uitgawes verstrek. Tabel 107 dui die personeelvoorsiening in 1961 aan.

(f) Korrektiewe Onderrig.

Noudat vasgestel is hoe die kind lyk en hoe die inrigtings lyk waarheen die kind gestuur word, is dit nodig om verder te vra wat hierdie inrigtings vir die kind aanbied. Dit is duidelik dat teen sy sosiale, psigiese en sedelike afwykings 'n gespesialiseerde, opvoedkundige program gemonster moet word. Aan die hand van eerstehandse kennis en uit die verskillende jaarverslae ⁶⁾ kan die terapeutiese programme in werking aan die verskillende inrigtings goedsdiks saamgevat word.

(i) Fisiese Versorging.

Alle leerlinge is uit die aard van die saak inwonend/.....

-
- 1) Proklamasie No. 434.
 - 2) Faure-seuns: Jaarverslag, 1. 4.56-30.11.58, p. 1.
 - 3) Faure-seuns: Jaarverslag, 1959, p. 1.
 - 4) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1957, p. 5.
 - 5) Faure-seuns: Jaarverslag, 1959, par. B.1(a)-(d), p. 1.
 - 6) N.O.-jaarverslae 1950-1960;
Porter-jaarverslae, 1942-1960;
Faure-seuns-jaarverslae 1958-1960;
Faure-meisies-jaarverslae 1955-1960.

inwonend, en word gevoed en gekleed. Voeding geskied volgens 'n gebalanseerde, departementele diëetskaal en gewigsgrafieke toon sonder uitsondering veral groot aanvanklike gewigstoename. Op dié wyse word die fisiese uitwerking van verwaarlosing en wanvoeding bestry.

Al vier inrigtings verskaf omvattende mediese en tandheelkundige dienste. Daar is hospitaalafdelings met voltydse mediese opsigters, terwyl distriksgeneeshere en tandartse gereelde besoeke aflê. Elke leerling word met toelating sorgsaam ondersoek, en besondere waaksaamheid word teen tuberkulose en geslagsiektes beoefen. Aandoenings van ligtere graad word in die inrigtings self behandel, terwyl ernstiger gevalle na provinsiale hospitale oorgeplaas word. Geen onkoste ten opsigte van X-straal-ondersoeke, operasies en behandeling word ontsien wanneer die gesondheid van die pasiënt dit vereis nie.

(ii) Klaskameronderrig.

Sorgsame voorsiening word gemaak vir klaskameronderrig. Weens die algemene vertraagdheid van die leerlinge word skoolklasse in die verbeteringskole selde verder as die primêre standerds gevoer, met spesiale voorsiening egter vir std. VII en verder waar omstandighede dit regverdig. In die Nywerheidskool is die aantal leerlinge in die hoër klasse aansienlik groter. Leerplanne gebaseer op dié van die Kaapprovinsie word gevolg vir die laer primêre klasse. Vir stds. VI, VII, VIII en alle tegniese vakke word die nasionale eksamens van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geskrywe. Uit gegradeerde skoolbiblioteke kan leerlinge oorvloedige opbouende leesstof bekom.

Met die skoolonderrig word rehabilitasie en heraanpassing by die maatskaplike norme nooit uit die oog verloor nie. Daarom word baie individuele aandag aan elke leerling gegee.

(iii) Ambagsopleiding.

Alle leerlinge wat daarvoor bekwaam is, ontvang ambagsopleiding. Hierdeur word die seun nie alleen voorberei om by skoolverlating 'n volwaardige plek in die samelewing in te neem en selfonderhoudend te word nie, hy word ook geleer om vlyt en gesonde werkgewoontes te ontwikkel. Dit is juis die gebrek hieraan wat byna altyd met die wanaanpassing en gedragsafwyking van die Kaapse Kleurling gepaard gaan. Die ambagsopleiding het ook groot karaktervormende waarde insoverre dit die leerling in staat stel om die eindresultate van sy arbeid — 'n mooi gebou, 'n sierlike meubelstuk, 'n passende pak klere, en/.....

en dies meer — te sien en daarop trots te wees. Sodoende kry hy 'n besef van sy eie waarde en skeppingsvermoë. Hy leer dat die maatskappy hom nodig het om iets konstruktiefs te lewer.

Deur die ambagsafdelings het die inrigtings vir seuns ten opsigte van die boubedryf en die vervaardiging van klere en skoesel feitlik selfversorgend geword. Daardeur is uitbreidings en ontwikkelinge moontlik gemaak wat andersins nie sou kon plaasvind nie.

Benewens die ambagte beskik Porter ook oor 'n uitgebreide stal- en tuinafdeling wat die inrigting in staat stel om in sy eie melk, groente- en vrugtebehoefte te voorsien. Wanneer beskikbaar, word hierdie middele ook aan Ottery en ander departementele skole gelewer.

(iv) Sielkundige Dienste.

Aangesien die meeste leerlinge aan hierdie skole probleemkinders is en derhalwe besondere sielkundige benadering vereis, is daar voorsiening vir hierdie gespesialiseerde dienste gemaak deur die benoeming van sielkundiges.

Die sielkundige werk wat in noue voeling met die res van die inrigtingsprogram moet plaasvind, sluit twee aspekte in, te wete eers psigo-diagnose en dan psigo-terapie.

Die sielkundige moet eerstens van elke leerling 'n diagnostiese studie maak. Hierdie studie word gemaak deur middel van observasie, sielkundige onderhoude, psigometrieëse ondersoek en projektiewe toetse. Met behulp van hierdie metodes dring die sielkundige die verstandelike vermoë, die geestesgesteldheid en persoonlikheidsstruktuur van die leerlinge binne, en dit stel hom in staat om 'n kausale diagnose van sy wanaanpassing te maak.

Sodra die kausale verband blootgelê is, kan die psigoterapie aangewend word. Dikwels het die diagnostiese benadering reeds 'n terapeutiese uitwerking deurdat dit die leerling insig in homself en vertrouë in die inrigting gee. Terapeutiese onderhoude word gereeld gehou met leerlinge wat ernstige gedragswykyngs toon, en waar hierdie onderhoude daarin slaag om die leerling tot helderder insigte in sy eie probleme te bring, is reeds ver gevorder in die rigting van 'n positiewe aanpassing by die maatskappy.

Die grootste betekenis van die sielkundige se werk moet waarskynlik egter gesoek word in die minder dramatiese rigting van die algemene opvoedingsprogram. Die sielkundige ken die leerling beter as die res van die personeel, en sy bevindinge en

kennis/.....

kennis moet koers bring in die behandeling van die kind. Korrekte plasing in die skool en ambag alleen is al dadelik een van die heilsame gevolge wat uit 'n grondige kennis van die leerling voortvloei. Die sielkundige bly verder in noue voeling met elke leerling sodat moeilikhede in die ontwikkelingsproses dadelik waargeneem en skadeloos gemaak kan word.

Die sielkundige dienste kom ook verskeie ander instansies ten goede. Waar die Porter-verbeteringskool dikwels ook dien as plek van bewaring vir jeugdiges wat op verhoor wag, gebeur dit dikwels dat sielkundige verslae en aanbeveling, óf deur die hof, óf deur die Departement, aangevra word. Hierdeur word dan helderheid verkry oor die raadsaamheid van die verskillende beskikkingswyses oor die kind.

(v) Godsdienste.

Die waarde van die godsdienste as 'n herskeppende krag in die lewe van die mens kan nie oorskat word nie. Dit is egter terselfdertyd nodig om te waak teen geesdrywery en ander ongesonde verskynsels. Bo en behalwe die formele godsdiensonderrig wat by alle skole gegee word, word elke dag begin en afgesluit met Skriflesing, sang en gebed. Op Sondag word dienste en Sondagskool deur bevoegde persone gehou.

'n Ontleding van die leerlinge se kerkverband is interessant en toon aan dat daar meer as 'n dosyn verskillende denominasies verteenwoordig word met die N.G. Sendingkerk, en Anglikaanse en die Rooms-Katolieke kerke bo-aan in orde van getalsterkte. Geleentheid word geskep vir konfessionele onderrig waar die verskillende kerke dit verlang. Die predikante of priesters van die onderskeie kerke is self daarvoor verantwoordelik.

(vi) Dissipline.

By die grootste meerderheid van die skoolbevolking was daar in die voor-inrigtingslewe weinig dissipline en kontrole. Die inrigtingslewe alleen met sy orde, roetine, afgebakende tye en werksaamhede verskaf reeds 'n dissiplinêre houvas op die seun of dogter. Hulle kan nie meer loop waar hulle wil en wanneer hulle wil, of doen en laat wat hulle wil nie. Hulle moet inskakel by die pas van die inrigtings en dit alleen kweek gesonde gewoontes aan sodat baie kinders wat in die voor-inrigtingslewe as erg „moeilik” bekend was, heeltemal bedaar en aanpas.

Waar met gedragssafwykende kinders gewerk word, is dit noodsaaklik om erkenning vir goeie gedrag te gee. Dit kom daarop neer/.....

neer dat hoe beter die gedrag is, hoe meer die vryhede en voorregte aanwas. Die teenoorgestelde volg dan ipso facto as strafmaatreël: Wanneer die gedrag verswak, word die voorregte minder. Hierdie voorregte bestaan in naweek- en vakansieverlofvergunnings, deelname aan uitstappies, sportkompetisies, vakansiekampe, bioskoopvertonings, konserte en dies meer. Die ondervinding het egter ongelukkig geleer dat hierdie tegniek nie altyd betroubare resultate lewer nie; want dit gebeur dikwels dat 'n kind goeddoen om sekere voorregte te verdien, en nie omdat hy werklik 'n beter mens geword het nie.

Ander strafmiddele sluit in tereg wysings, strafwerk, detensie en lyfstraf waarmee daar by die verskillende inrigtings op verskillende wyses te werk gegaan word na gelang van die eie besondere omstandighede. Die groter inrigtings soos Porter en Ottery het dit nodig gevind om vir detensie-hostelle voorsiening te maak sodat afsondering en straf oor 'n langtermyn moontlik kan wees.

(vii) Sport, Ontspanning en Vryetyd.

Vir die wanaangepaste kind nog meer as vir die normale, is dit nodig om besliste en gesonde gewoontes ten opsigte van sport, ontspanning en vryetydsbesteding aan te kweek. Hierdie aktiwiteite absorbeer die jeugdige, oortollige energie en vul die tydleemtes tussen werksure op. Ledigheid en tyd om „kop te vreet“, het vir meer as een Kleurlingkind reeds ondergang meegebring.

Sport en atletiek het in sigself reeds liggaamlike en geestelike vormende waarde, en dit word aan hierdie skole ruimskoots aangewend. Verder stel dit egter die seuns ook in staat om op gesonde voet met die buite- en „vrye“ wêreld in aanraking te kom. Om dié rede word sover as moontlik aan liga-wedstryde en toernooie meegedoen. Dit vind veral plaas met sokker en boks, en die groter skole het reeds aansienlik presteer. Deur sport en atletiek word die kinders geleer om te speel en gesond te kompeeteer, en dit kom vir baie van hulle wat voorheen gewoontelike leeglêers en rondlopers was, besonders ten goede.

Belangrike tydgapings in die rooster van die dag kan met sport aangevul word. Maar dan bly daar tye oor wat hoofbrekens besorg. Sulke tye is die skoolvakansies, openbare vakansiedae, Saterdag, Sondag en elke aand van die week. Om hierdie geleenthede die hoof te bied, word van verskeie hulpmiddele gebruik gemaak. Verdienstelike leerlinge word byvoorbeeld toegelaat om met vakansies huistoe te gaan, eenmaal per jaar by die verbeteringskole en tweemaal by Ottery. Met spesiale geleenthede kan hulle ook/.....

ook 'n vry dag of naweek kry. Vir diegene wat agterbly, word vakansiekampe, uitstappies en spesiale sportkompetisies gereël. Op Saterdag werk aansienlik meer as die helfte van die 600 Ottery-seuns teen betaling uit. Hulle word deur hul werkgewers gehaal en terugbesorg. Op elke Sondagnamiddag ontvang Ottery-leerlinge verder besoekers en by die ander skole gebeur dit eenkeer per maand. Die weeksaande word opgevul deur studie, opvoedkundige praatjies, strokiesfilmvertonings en korrespondensie. Elke Saterdag word vermaaklikheidsfilms vertoon of eie-aandkonserte gereël. Hierdie konserte bestaan uit impromptu items wat die leerlinge self vrywillig lewer. Die organisasie van die betrokke staflid in bevel, word beperk tot die reëling van die algemene orde en distribusie van die items om variasie te verseker en een-tonigheid te vermy.

Bo en behalwe die eie-aande wat vir die leerlinge alleen bedoel is, word goedaferigte konserte georganiseer en in die verskillende stadsale van die Skiereiland op die planke gebring. Hierdie konserte het by Porter reeds 'n jaarlikse instelling geword wat besondere aandag geniet van die kant van die skool sowel as die publiek.

(viii) Prefekte.

'n Belangrike rol word deur prefekte, of monitors, gespeel by die algemene kontrole van die leerlinge in hulle hostellewe. Daar is geen selfregering by hierdie inrigtings nie, want dit is duidelik dat die delinkwent nie in staat kan wees om homself te regeer nie. Daarom het hy in die inrigting beland. Diegene wat reeds genoegsaam aangepas het, se dienste word gekoöpteer om te help met die beheer van die hostelsake en hulle word prefekte gemaak. Vir hul dienste ontvang hulle spesiale erkenning in die vorm van aansien en rang en spesiale voorregte. Hulle word by 'n algemene byeenkoms formeel deur die prinsipaal ingestel. 'n Prefek wat in misdaad verval, word van sy pos onthef en verval ook in skandê. Hy moet van vooraf begin.

Sonder die hulp van die prefekte is dit vir die staflede by verskeie geleenthede soos parades, konserte, studie, maaltye ensovoorts, onmoontlik om die honderde leerlinge behoorlik te beheer.

(ix) Uitplasing en Uitplasingshostelle.

Die kinderwet maak voorsiening vir die uitplasing van 'n leerling voor die verstryking van sy aanhoudings- of toesigperiode. Uitplasing kan alleen oorweeg word mits die leerling/.....

leerling se gedrag binne die inrigting dit regverdig, maar ook mits die huisomstandighede van sy ouers of voog toereikend gunstig is. Hierby word ook in aanmerking geneem die ouderdom van die leerling en die moontlike voordeel wat hy uit verdere klas-kamer en ambagsopleiding kan trek. Deur volle gebruik te maak van die gegewens wat die sielkundige verstrekk oor die persoonlikheid, wense, begeertes en vermoëns van die kind aan die een kant, en ook die maatskaplike agtergrond en gesinsverhoudings aan die ander kant, kan met betreklike juistheid geoordeel word of die kind vir uitplasing ryp is al dan nie. Daar moet altyd openhartigheid teenoor die leerling aan die dag gelê word om te verhoed dat hy gevoelens van diskriminasie en onregverdigheid opbou wat sy verdere vordering binne die inrigting mag benadeel.

In noue verband met die uitplasing van leerlinge staan die uitplasingshostelle van die Porter-verbeteringskool. Dit is hostelle buite die inrigting op strategiese plekke geleë waarheen die seuns gestuur kan word voordat hulle finale ontslag of ontslag met vergunning kry. Die bestaan van die hostelle word om drieërlei rede noodsaaklik geag:

aa) Baie leerlinge se gedrag en vordering regverdig uitplasing, maar hul huisomstandighede nie. Nou moet hy noodgedwonge in die inrigting aangehou word vanweë faktore waaroor hy geen beheer het nie. Dit laat hom veronreg voel, en veroorsaak dikwels dat hy in kwaad terugval.

bb) Die inrigtingslewe bring uit die aard van die saak streng kontrole mee. Onder invloed van hierdie strenge beheer leer die kind om hom aan te pas en goed te doen. Wanneer hy egter by sy mense uitgeplaas word en hierdie kontrole val met eens weg, bring die skielike verandering so 'n ontwrigting mee, dat hy dikwels terugval. Daar is 'n tussenstadium nodig waar die kontrole geleidelik verslap word en die seun hom aan die vrye buitelewe kan gewen.

cc) Leerlinge wat geen familiebetrekkings het, of ken nie, beland in hawelose omstandighede wanneer hul die inrigting moet verlaat. Die enigste oplossing is om hom, terwyl hy nog onder die inrigtingsorg val, te laat werk en sodoende kontakte en vriende te maak by wie hy later onderdak kan vind.

Die uitplasingshostel bied enigermate 'n oplossing vir hierdie probleme. Dit kom daarop neer dat daar werk vir die leerling gevind word. Hy verlaat dan die inrigting en gaan by die hostel tuis. Hy werk bedags en saans is hy terug by die hostel waar hy onder ferme, maar tog simpatieke en toeskietlike kontrole staan.

Die/.....

Die hostel word deur 'n huisvader en huismoeder beheer en omstandighede word so huislik moontlik ingerig. Hy betaal 25% van sy salaris aan losies, spaar 'n gedeelte en het die res vir sakgeld.

(x) Nasorgdienste.

Wanneer 'n leerling met vergunning ontslaan word, volg daar 'n verdere tydperk van toesig waarin die kind bewys moet lewer dat hy gerehabiliteer is, en toepas wat hy in die inrigting geleer het. Hierdie toesig word in die geval van Ottery en die Faure-skole gehou deur die proefbeamptes wat gereelde besoeke aflê en sesmaandelikse verslae verstrek.

By porter word hierdie en ander baie belangrike dienste deur 'n nasorgbeampte vir Skiereilandse seuns gedoen. Hy koördineer alle gegewens rakende die leerling en reël dan sy uitplasing. Na sy ontslag besoek hy hom elke twee weke, hou toesig en gee die nodige leiding. Omdat die leerling hom in die inrigting leer ken het, sien hy in hom die verpersoonliking van die inrigtingskontrole en -beskerming, en is hy geneë om na sy advies en waarskuwings te luister. In gevalle waar die seun nie daarin slaag om hom gedurende sy vergunningsontslag aan te pas nie, moet die nasorgbeampte aanbeveling maak oor die uiters belangrike saak van die kansellering van sy ontslag.

Die nasorgbeampte moet ook voorsorgwerk doen, dit wil sê na toelating van die leerling, maak hy kontak met die huis en die huisomstandighede van die leerling. Hier doen hy reabilitasiewerk aan die gesin en berei die huis voor vir die terugkeer van die kind. Op dié wyse skep hy daardie gesonde gesinsverhoudinge wat noodsaaklik is vir die suksesvolle aanpassing van die kind.

Dit blyk dus dat 'n geweldige uitgebreide heropvoedingsprogram vir die bestryding van gedragsafwyking onder Kleurlingjeugdiges nodig is.

(g) Die Personeel.

Dit is vanselfsprekend dat aan die personeel wat hierdie program moet toepas, hoë eise gestel sal word, en dit is derhalwe nodig dat die aantal betrekkings op 'n liberale basis bereken moet word. Die gewone onderwysersposte word volgens 'n kwotastelsel bereken, terwyl die ander betrekkings ingestel word deur die kabinet via die staatsdienskommissie op aanbeveling van die departement. Die personeelsamestelling aan die vier inrigtings soos dit op 15 September 1961 bestaan het, word in Tabel 107 uiteengesit.

Hierdie/.....

Hierdie tabel dui aan dat aan die Porter-verbeteringskool voorasnog slegs blanke staflede gebruik word. Met die stigting van die Nywerheidskool, Ottery, is die eerste proefneming met 'n gemengde personeel geloods. Die onderliggende gedagte was dat die Kleurlingpersoneel mettertyd onder blanke leiding sodanig sou ryp, dat hulle in staat sou wees om die inrigting self te hanteer. Dieselfde patroon is by die twee Faure-skole gevolg. Die ondervinding leer dat die Kleurlingstaflede onder toesig redelik goeie dienste lewer, maar dit ontbreek hulle voorasnog aan die nodige verantwoordelikeheidsin, sowel as aan voldoende dissiplinêre houvas op baie moeilike kinders. Voordat Kleurlinge nie oor die hele front van hul maatskaplike lewe ontwaak tot 'n besef van homself en tot aanvaarding van homself as mens nie, sal die Kleurlingstaflid vir die jeugoortreder wat 'n meedoënlose realis is, steeds 'n „bruin ouentjie net soos ek" bly. Tot dan toe, so leer die etiologiese agtergrondgeskiedenis, sal dit nie raadsaam wees om korrektiewe inrigtings geheel en al in die hande van 'n Kleurlingpersoneel te laat nie.

6. Resultate van Korrektiewe Inrigtings.

Gewoonlik — en streng gesproke verkeerdelik — word die sukses wat aan korrektiewe inrigtings behaal word, bereken in terme van „rehabilitasie". Dit is klaarblyklik 'n uiters vae maatstaf wat in sy eenvoudigste vorm vra of die kind ná sy inrigtingsbehandeling weer in ernstige misdaad verval het, of nie.¹⁾ Dat hierdie maatstaf heeltemal te eng is, lê voor die hand. Die kind ontvang ook klaskameronderrig; daar moet dus ook gevra word na sy skoolvordering. Die kind ontvang ook ambagsopleiding; en daar moet dus ook gevra word na sy ambagsvordering en of hy die ambag beoefen waarin hy onderrig ontvang het. Die kind is ook geleer dat hy 'n maatskaplike wese is wat vir sy eie bestaan deur eerlike arbeid moet voorsien; daar moet dus ook gevra word of die kind gereeld werk en op 'n eerlike wyse selfonderhoudend is.

Dit is dus duidelik dat enige korrektiewe inrigting, om sy bestaan in sy bepaalde opset te regverdig, veel meer en veel lastiger vrae moet vra as slegs dié wat te doen het met die vraag of die kind weer in misdaad verval het of nie. Sodanige ondersoek is egter ingewikkeld en duur, en is tot hier toe nog nie op groot skaal ingestel nie, selfs ook nie vir blankes nie.

Die/.....

1) Vgl. Porter-verbeteringskool: Oorsig van Werksaamhede, p. 27.

Die gevolg is dat daar voorasnog slegs gevra word na herverval in misdaad, en die beeld wat deur ondersoek aan die Kleurling-verbeteringskole tot dusver voorgeskilder word, is — selfs beperk soos dit is tot dié gebied alleen — ver van rooskleurig.

(a) Resultate aan Verbeteringskole.

Aan die einde van 1958 het J.C. Carstens, destyds sielkundige aan die Porter-verbeteringskool ondersoek ingestel na die sukses wat met die inrigtingsbehandeling behaal word, en hy sê daarvan:

"In die verlede is daar wel suksesse bereken van die toesiggevalle maar hierdie leerlinge verteenwoordig 'n klein groep van die leerlinge wat hier toegelaat word ... Om die persentasie suksesse in so 'n inrigting te bereken, sal jou resultaat alleen verteenwoordigend wees as jy alle leerlinge wat hier toegelaat word, in aanmerking neem. Om slegs met 'n selektiewe groep (toesiggevalle) te werk, is statisties nie betroubaar nie." 1)

Hy kies gevolglik vir sy doel 'n monster van 300 leerlinge op 'n toevallige basis. Hulle was leerlinge wat reeds deur die inrigting gegaan het, en wie se toesig reeds verstryk het, of wat om een of ander rede van die bepalinge van die Kinderwet onthef is. Hy vind dat van die 300 leerlinge slegs 46 of 15.3% as suksesse aangeteken kan word, en besluit:

"Dat hierdie resultate skokkend is, sal niemand betwyfel nie. Dat die verbeteringskool, soos dit tans funksioneer, nie in sy doel (naamlik die rehabilitasie van die Kleurling-jeugmisdadiger) slaag nie, is baie opvallend." 2)

Dieselfde onheilspellende betekenis spreek uit die woorde van die prinsipaal van die Faure-verbeteringskool vir Kleurlingmeisies toe hy skrywe: 3)

"Uit verslae oor die bewegings van uitgeplaasde leerlinge gedurende die jaar 1960, blyk duidelik, dat die aantal leerlinge wat na ontslag met vergunning of spesiale verlof bevredigend presteer, die minderheid vorm, nl. 18 uit 'n totaal van 50 leerlinge."

Hieruit blyk dat selfs uit die "selektiewe groep", soos J.C. Carstens die toesiggevalle noem, daar slegs 36% suksesse was.

(b) O.M.V.-resultate aan die Nywerheidskool.

Ondersoek is ingestel na die beskikbare informasie oor alle leerlinge wat van die Nywerheidskool, Ottery, sedert sy ontstaan met vergunning ontslaan is, en die resultate soos
dié/.....

-
- 1) Carstens, J.C.: Hoe groot is ons Persentasie Suksesse?, p. 1.
 - 2) Carstens, J.C.: ibid., p. 2.
 - 3) Jaarverslag, 1960, p. 3.

TABEL 108: O.M.V.-RESULTATE, OTTERY, 1952-1960.

JAAR EINDIGENDE	GETAL LEERLINGE	GUNSTIGE VERSLAE	ONGUNSTIGE VERSLAE	GEEN VERSLAE
31.12.52	23	12	6	5
31.12.53	61	34	1	26
31.12.54	78	50	13	15
31.12.55	88	50	8	30
31.12.56	96	27	4	65
31.12.57	127	23	6	98
31.12.58	166	27	11	128
31.12.59	227	22	11	194
31.12.60	201	26	5	170
TOTAAL	1,067	271	65	731

dié hulle jaar na jaar voordoen, word in Tabel 108 weergegee. Die syfers is verkry uit die jaarverslae van die prinsipaal ¹⁾ en daaruit blyk eerstens dat die proefbeampes uit 'n totaal van 1,067 verskuldigde verslae slegs 336 ingestuur het, wat op 'n uiters onwenslike toedrag van sake dui: Meer as twee-derdes van die leerlinge, tewete 68.5%, wat met vergunning ontslaan was, is nie deur die proefbeampes besoek en verslag oor gedoen nie. Verslae is beskikbaar oor slegs 31.5% van die uitgeplaaste leerlinge, en van die 336 verslae wat ontvang is, was 65 of 19.3% ongunstig, dit wil sê nagenoeg een uit elke vyf.

(c) Monsterondersoek van 500 Nywerheidskool-leerlinge.

Die resultate van die inrigting kan egter nie beoordeel word enkel en alleen op die basis van gunstige ontslag-met-vergunning-rapporte nie. Om dié rede is verdere ondersoek ingestel na 500 nywerheidskoolleerlinge wat reeds die skool verlaat het.

(i) Verblyfperiode.

Daar is ingegaan op die aantal jare wat hierdie 500 leerlinge aan die inrigting vertoef het. Dit is gedoen deur eers die toelatingsouderdom, dan die ontslagouderdom en dan die verblyfperiode te bereken. Die resultate word in Tabel 109 weergegee. Hieruit blyk dat die mediaan-verblyfperiode 4.37 jaar is. Dit beteken dat teen 'n beraamde R421 per capita, die inrigtingsloopbaan van elke leerling die staat meer as R1,839 kos, 'n syfer wat vir homself spreek, die grootste optimis na sy asem/.....

1) N.O.-jaarverslae: 1952-1960, Aanhangsel A.3(c)(1).

TABEL 109: VERBLYFPERIODE VAN 500 LEERLINGE AAN DIE NYWERHEID-SKOOLO.

TOELATINGSOUDERDOM.			ONTSLAGOUDERDOM			VERBLYFPERIODE		
Leef-tyd	Aan-tal	%	Leef-tyd	Aan-tal	%	Jare	Aan-tal	%
Onder 12	12	2.4	Onder 17	55	11.0	5 en Onder	33	6.6
12.0	14	2.8	17	20	4.0	1.0	9	1.8
12.5	24	4.8	17.5	52	10.4	1.5	14	2.8
13.0	48	9.6	18.0	75	15.0	2.0	29	5.8
13.5	45	9.0	18.5	65	13.0	2.5	30	6.0
14.0	55	11.0	19.0	51	10.2	3.0	37	7.4
14.5	53	10.6	19.5	61	12.2	3.5	74	14.8
15.0	58	11.6	20.0	36	7.2	4.0	92	18.4
15.5	47	9.4	20.5	34	6.8	4.5	71	14.2
16.0	52	10.4	21.0	45	9.0	5.0	44	8.8
16.5	36	7.2	21.5	4	.8	5.5	32	6.4
17 en oor	56	11.2	22 en oor	2	.4	6 en oor	25	5.0
M = 14.51	500	100	M = 18.63	500	100	M = 4.37	500	100


asem laat snak, en verdere kommentaar oorbodig maak — veral as onthou word dat 102 van hulle na 'n verbeteringskool oorgeplaas moes word wat 'n verdere minimum van 2 jaar aanhouding teen 'n per capita koste van R532 per jaar meebring.

Die laaste kolom van Tabel 109 is grafies weergegee in Grafiek 37 waaruit indrukwekkend spreek dat verreweg die grootste persentasie leerlinge 3.5 — 4.5 jaar aan die inrigting deurbring.

(ii) Skoolvordering.

Die skoolvordering wat hierdie 500 leerlinge gemaak het, blyk uit Tabel 110. Grafiek 38 is gebaseer op die eerste twee kolomgroepe en dui die persentuele standerdverspreiding eers met toelating, en dan weer met ontslag aan. Hieruit spreek duidelik dat daar wel vordering gemaak is. Teenoor 10% analfabete met toelating, was daar slegs .6% met ontslag; met die hoogste persentasie leerlinge in standers I tot III met toelating, is die hoogste persentasie met ontslag in standers IV tot VI.

Die derde kolomgroep, grafies voorgestel in Grafiek 39, toon die aantal standers wat die leerlinge gevorder het met twee en drie standers persentueel ver bo aan die lys. Dit is egter opmerklik dat 14% van hulle geen standerd gevorder het nie. Dit moet/.....



GRAFIEK 37: VERBLYFFPERIODES VAN 500 LEERLINGE PERSENTUEEL BEREKEN.

moet billikheidshalwe in verband gesien word met die feit dat meer as 20% van die leerlinge na Porter oorgeplaas is, 'n gebeurtenis wat plaasvind met leerlinge wat heeltemal onregeerbaar blyk te wees. Dit geskied ook gewoonlik heel vroeg in hul verblyfperiode, meesal binne die eerste jaar. Dit is gevolglik hulle wat op skool die minste vordering toon.

TABEL 110: SKOOLSTANDERDS GEVORDER DEUR 500 LEERLINGE.

STANDERD BY TOELATING			STANDERD MET ONTSLAG			AANTAL STANDERDS GEVORDER.		
Stand- derd	Aan- tal leer- linge	%	Stand- derd	Aan- tal leer- linge	%	Aan- tal stan- derds	Aan- tal leer- linge	%
Geen	50	10.0	Geen	3	.6	Geen	70	14.0
A	38	7.6	A	13	2.6	1	96	19.2
B	60	12.0	B	24	4.8	2	116	23.2
I	81	16.2	I	22	4.4	3	114	22.8
II	77	15.4	II	43	8.6	4	68	13.6
III	75	15.0	III	70	14.0	5	30	6.0
IV	51	10.2	IV	74	14.8	6	6	1.2
V	49	9.8	V	107	21.4			
VI	17	3.4	VI	110	22.0			
VII en oor	2	.4	VII en oor	34	6.8			
TO- TAAL	500	100.0		500	100.0	M = 2.28 Gemid. = 2.25		


Die gemiddelde hoeveelheid vordering is ongeveer 2.25 skoolstanders in 'n mediaan skoolverblyf van 4.37 jaar. Dit beteken dat leerlinge aan die Nywerheidskool gemiddeld ongeveer twee jaar neem om een skoolstander te vorder. Teen 'n beraamde per capita koste van R421 per annum, kos dit dan die staat R842 om 'n leerling aan die Nywerheidskool een primêre skoolstander te laat vorder.

In hierdie verband moet verder vermeld word dat die Nywerheidskool ten opsigte van skoolprestasie die verbeteringskole so ver oorskadu dat 'n vergelyking haas nie moontlik is nie. Dit is skrikwekkend om te dink wat die vordering van een skoolstander die land in daardie inrigtings moet kos. Gelukkig is daardie statistieke nog nie beskikbaar nie.


(iii) Ambagsvordering.

Die tegniëse opleiding maak 'n onmisbare deel uit van die inrigtingsprogram aan 'n nywerheidskool.

Trouens/.....



GRAFIEK 38: STANDERDS MET TOELATING EN ONTSLAG VAN 500 LEERLINGE PERSENTUEEL BEREKEN.



GRAFIEK 39: AANTAL STANDERDS GEVORDER DEUR 500 LEERLINGE
PERSENTUEEL BEREKEN.

Trouens die ingewyde weet dat die aktiwiteit wat daarmee gepaard gaan, 'n onmisbare deel van die hele opset is. Daarsonder is die skool heeltemal ondenkbaar. Dit is dus ook gepas om na te gaan wat op hierdie gebied tereggekom het.

Daar word algemeen aanvaar dat vir behoorlike tegniese opleiding 'n leerling minstens die primêre skoolloopbaan agter die rug moet hê. Tabel 110 dui dus aan dat met hul toelating slegs 13.6% van die leerlinge werklik ryp was vir ambagsopleiding. Die orige 86.4% was nie in staat om behoorlik voordeel uit die werkwinkelinstruksie te trek nie. Trouens meer as 60% van hulle was óf geheel en al analfabete, óf het dit nie verder as standerd II gebring nie, met die gevolg dat hulle tot weinig meer as blote ongeskoolde arbeid in staat was. Met hul ontslag was daar nog nouliks 50% wat die laerskoolloopbaan voltooi het, sodat selfs op daardie late stadium ongeveer die helfte nog nie vir ware tegniese opleiding bekwaam was nie.

Hierdie sombere toedrag van sake blyk dan ook duidelik uit Tabele 111 en 112 wat die aantal halfjare in die ambagsgroepe, sowel as die teoretiese en praktiese eksamensuksesse respektiewelik aandui.

TABEL 111: VERSPREIDING VAN 500 LEERLINGE IN AMBAGTE.

AMBAGSGROEPE	AANTAL KINDERS	HALFJARE IN AMBAG	GEMIDDELDE VERBLYF IN HALFJARE.
Huisjongens	181	289	1.6
Kleremakers	62	406	6.5
Skoenmakers	56	390	7.0
Messelaars	49	342	7.0
Timmermans	50	328	6.6
Loodgieters	31	205	6.6
Skilders	47	339	7.2
Meubelmakers	48	343	7.1
Bekleërs	51	369	7.2
Motorwerktuigkundiges	40	246	6.2

Tabel 111 toon aan dat leerlinge gemiddeld drie tot drie-en-'n-half jaar in die ambag deurbring. Verskuiwings vind soms plaas van een ambag na die ander sodat totale in hierdie tabel nie met 500 klop nie. Tabel 112 toon aan dat van die 500 leerlinge slegs 20 en 6 of 4% en 1.2% respektiewelik die praktiese gedeelte van die std. VII en N.T.S.I eksamens geslaag het. Vir die teoretiese gedeelte van dieselfde eksamens is die geslaagdes 17 en 5 of 3.4% en 1% respektiewelik. Bereken vir 500 leerlinge teen/.....

TABEL 112: TEGNIESE EKSAMENSUKSES VAN 500
NYWERHEIDSKOOLLEERLINGE.

AARD VAN EKSAMEN	GRAAD	AANTAL	%
Prakties	Standerd VII	20	4.0
	N.T.S. I	6	1.2
Teoreties	Standerd VII	17	3.4
	N.T.S. I	5	1.0

teen 4.37 jaar teen R421 per jaar, werk dit uit op R54,111 wat dit die staat kos om een nywerheidskoolleerling sover te kry dat hy in beide die praktiese en teoretiese gedeelte van die Tegniese Standerd VII-eksamen slaag. En dit is heeltemal te duur om as 'n goeie belegging beskou te word.

(iv) Oortredings en Strafmaatreëls.


Om die gedragsaanpassing van die 500 leerlinge vas te stel, is die oortredings wat hulle begaan het, nagegaan asook die strafmaatreëls wat getref is om die afwykings die hoof te bied. Hierdie afwykings is by verre na nie al wat voorgekom het nie. Dit is ook nie eens al wat onder die aandag gekom het nie. Dit is slegs dié wat van so 'n ersntige aard was, dat die betrokke staflede dit nie self kon afhandel nie, maar vir die nodige dissiplinêre optrede na die hoof of die vise-hoof moes gaan. Normaliter is die behandeling van strafsake 'n funksie wat aan die vise-hoof gedelegeer is.

Die verskillende soorte oortredings wat deur die 500 leerlinge begaan is, en die aantal leerlinge wat hulle ten opsigte van die onderskeie oortredings een-, twee- of meermale misgaan het, word in Tabel 113 uiteengesit, en die persentuele frekwensie van die eerste, tweede en verdere oortredings word in Grafiek 40 aangetoon. Hieruit blyk dat eerste oortredings in die verskillende tipes ver in die meerderheid is en soveel as 57.9% van die strafsake uitmaak. Daarna daal die kurwe skerp tot by die tweede oortreding waarna die daling steeds meer geleidelik intree. Dit beteken dat die leerlinge die meeste oortredings eenmaal probeer, dissiplinêr behandel word, en dan weer in 'n ander vertakking eksperimenteer. Oral is daar egter die meer geharde tipe kind wat ook tweemaal, driemaal tot selfs tienmaal dieselfde fout begaan. Dit is dus duidelik dat, alhoewel die dissiplinêre optrede nie sonder resultate is nie, die leerlinge steeds weer in ander opsigte oortree, en daar dus weinig sprake van algemene hervorming of rehabilitasie is.

Die oorheersende oortredingstipes is dié wat met weglopery te/.....

TABEL 113: VERSKILLENDE SOORTE OORTREDINGS EN DIE AANTAL LEERLINGE WAT DIT EEN-, TWEE- OF MEERMALE BEGAAN HET.

TIPES VAN OORTREDING.	AANTAL LEERLINGE WAT EEN-, TWEE- OF MEERMALE OORTREE HET.										TOTAAL	% VAN 500
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Wegloop	109	50	36	14	11	2	1	1		2	226	45.2
Diefstal	131	46	16	19	4	5				1	222	44.4
Aanranding	94	45	28	11	5	4	4	1	9	1	202	40.4
Sodomie	63	15	10								88	17.6
Ander Seks	2										2	.4
Morsigheid	35	2	3								40	10.0
Smokkel	45	16	3	1							65	13.0
Uitskiet en rondloop	73	52	19	13	13	2	1	2		2	177	35.4
Insubordinasie	74	25	8	3							110	22.0
Beskadiging van Eiendom	80	18	4								102	20.4
Dagga	61	16	12	2							91	18.2
Drank	26	4	1								31	6.2
Bensien	12		1								13	2.6
Vuil Taal	31	5	4								40	8.0
Pligsversuim	93	20	3	3	2						121	24.2
Oproerigheid en Wanorde	84	9	5	3							101	20.2
Verbreking van Reëls en ongehoorsaam	120	81	50	27	13	11	11	6	5	3	327	65.4
TOTAAL	1,133	404	203	96	48	24	17	10	14	9	1,958	
% VAN 1958	57.9	20.6	10.4	4.9	2.5	1.2	.9	.5	.7	.4	100.0	



GRAFIEK 40: PERSENTUELE VERSPREIDING VAN DIE AANTAL EERSTE, TWEDE EN VERDERE OORTREDINGS.

te doen het — 45.2% van die 500 leerlinge het een- of meermale, tot selfs tienmaal, weggeloop. Ook aanranding is 'n populêre vergryp met 40.4% van die leerlinge as deelnemers. Van besondere belang is egter vergrype wat met oneerlikheid te doen het soos diefstal (44.4%), smokkelary (13%) en uitskiet en rondloop (35.4%) wat in die nouste verband met oneerlikheid, dagga, drank en seksvergrype staan. Verreweg die grootste aantal oortredings het egter te doen met ongebondenheid, ongedissiplineerdheid en ongehoorsaamheid van ernstige graad, die sogenaamde „onbeheerbaarheid“, en 65.4% van die leerlinge het hulle een- tot tienkeer daaraan skuldig gemaak.


Die vraag ontstaan nou hoe hierdie oortredings bestry is, en die antwoord daarop verskyn in Tabel 114 waarin die verspreiding van die verskillende straftipes en die aantal kere wat die strafmaatreëls toegedien is. Die persentuele verspreiding van die aantal kere wat die strafsoorte toegepas is, verskyn in Grafiek 41, wat 'n merkwaardige ooreenkoms vertoon met Grafiek 40. Die styging by „10 en meer“ is te wyte aan die feit dat verskeie kinders meer as tienkeer, sommige selfs tot vier-en-twintig-keer gestraf moes word. Uit Tabel 114 blyk dat lyfstraf meer dikwels as enige ander strafsoort gebruik word. Ervaring het dan ook geleer dat ander soorte straf dikwels ondoeltreffend is en tot verdere oortredings lei. So byvoorbeeld gee kansellasië van vakansieverlof aanleiding tot drostery, terwyl die terughou van sigarette soms uitloop op diefstal en roof. So het dit gebeur dat 84.6% van die 500 leerlinge tydens hul verblyfperiode aan die inrigting een- of meermale lyfstraf moes ontvang. Dit is egter ook opmerklik dat slegs 1% die gedissiplineerde atmosfeer van die nywerheidsskool voldoende gevind het om hulle van kwaad te weerhou.

Die grootskaalse oortredings, en gevolglik grootskaalse noodsaaklikheid van tugmaatreëls, lewer 'n sombere skouspel op wat die waarheid aksentueer dat getrag moet word om Kleurlingkinders aan korrektiewe inrigtings op te voed tot 'n morele peil wat eintlik hoër is as dié van sy maatskappy as geheel waar geweld, oneerlikheid, sedelike vergrype en bandeloosheid dikwels „normale“ verskynsels is. Dit gaan dus meer dikwels om die vraagstuk hoe om die morele beginsels in te boesem eerder as om die kind te straf omdat hy die morele beginsels verontagsaam het. Vir baie van hulle is die eise wat gestel word, die „law“, die mores, die maniere van die witman wat vir hom vreemd is en op hom afgedwing word — almal dinge wat in sy besondere maatskappy meesal nie die beste resultate lewer nie, en dus vir hom nie die beste manier van aanpassing is nie.

Dit/.....

TABEL 114: VERSKILLENDE STRAFTIPES EN DIE AANTAL LEERLINGE WAT EEN-, TWEE- OF MEERMALE DIE STRAFSOORTE ONTVANG HET.

TIPES VAN STRAF	AANTAL LEERLINGE EEN-, TWEE- OF MEERMALE GESTRAF.										TOTAAL	% VAN 500
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10 en meer.		
Deur Geregshof	24	5									29	5.8
Oorplasing na Verbeteringskool	18										18	3.6
Selstraf	109	63	23	17	7	4		2			225	45.0
Lyfstraf	71	59	48	41	40	29	19	18	20	78	423	84.6
Strafdril	70	22	1	1							94	18.8
Verlies van Voorregte	100	31	8	1							140	28.0
Strafwerk	105	24	5								134	26.8
Boete	17										17	3.4
Waarskuwing	125	52	23	7	4	3					214	42.8
Ander	48	5									53	10.6
Geen (5)											5	1.0
TOTAAL (5)	687	261	108	67	51	36	19	20	20	78	1,352	
% VAN 1,347	51.0	19.4	8.0	5.0	3.8	2.7	1.4	1.5	1.5	5.7	100.0	



GRAFIEK 41: PERSENTUELE VERSPREIDING VAN DIE AANTAL EERSTE, TWEEDE EN VERDERE STRAFTOEDIENINGS.

Dit is die soveelste bewys dat die heropvoeding van hierdie kinders veel eerder 'n saak is van voorkoming as genesing, eintlik van opvoeding eerder as heropvoeding.

(v) Ontslag.

Hierdie feit dat die Kleurlingkind 'n etio-logiese agtergrond het wat benede standaard is, het 'n verydelende uitwerking op alle heropvoedingsbemoenisse, en reeds in 1953 is daarvoor geskrywe:

„Die sosiale agtergrond van die gedragsafwykende Kleurlingkind is die groot probleem vir die verbetering- en nywerheidskool. Die kind moet noodwendig teruggeplaas word in daardie sosiale omgewing waar hy misdadig geword het. Dieselfde invloede, maats en versoeking is gereed om hom te ontvang en vir die tweedemaal moreel ten gronde te rig. Die probleem is die opruiming van die sosiale misstande wat so welig tier in die meeste Kleurlingwyke om ons stede." 1)

TABEL 115: WYSE VAN ONTSLAG VAN 500 NYWERHEIDSKOOLLEERLINGE.

WYSE VAN ONTSLAG	AANTAL	PERSENTASIE
Oorlede	1	.2
Oorplasing	102	20.4
Toesig verstryk	48	9.6
Ontslaan van die Bepalings van die Kinderwet	48	9.6
SUBTOTAAL	199	39.8
Ontslaan met vergunning na: Ouers	187	37.4
: Familie	76	15.2
: Ander	38	7.6
SUBTOTAAL	301	60.2
GROOTTOTAAL	500	100.0

Tabel 115 dui aan op welke manier die 500 leerlinge van die monsterondersoek uit die inrigting ontslaan is. Daar kan summier aangeneem word dat die eerste groep wat die inrigting verlaat het as gevolg van oorplasing, verstreke toesig en ontslag van die Kinderwet, se opleiding nie suksesvol was nie. By die oorplasings (102) en die ontslag van die Kinderwet (48) wat gesamentlik 30% van die totaal beloop, is die mislukking van die inrigtingsbehandeling voldonge feit, terwyl dit in die orige 9.6% waarskynlik is. Ook onder diegene wat na ouers, familie en ander ontslaan is, was daar minstens 20% of 60 mislukkings²⁾ sodat/.....

1) Bester, F.A.: Memorie vir Gebruik by Konferensie insake Kleurlingaangeleenthede, par. G.2(a), p. 28.

2) Vgl. Tabel 108, p. 736.

sodat ongeveer 260 uit die 500, of 52% van hulle, as sekere mislukkings afgeskrywe moet word. Maar ook die 48%. wat oor is, is aan die ernstigste gevare blootgestel om weer in misdaad te verval. En dan is daar nog slegs gepraat oor herverval in misdaad. Daar is nog nie gevra na 'n meer positiewe maatstaf van ordelike, selfonderhoudende, eerlike aanpassing deur eerlike arbeid aan die maatskappy nie.

(d) Gevolgtrekking.

Op grond van hierdie uiteensetting is daar net een gevolgtrekking moontlik: Die korrektiewe inrigtings in hul huidige gedaante en opset slaag nie in hul doel nie, en regverdig nie die reuse-uitgawe wat daaraan verbonde is nie. En die rede hiervoor is in die etiologiese agtergrond van die leerlinge geleë. Dié is sodanig dat die inrigtings daardeur buite voeling met die werklikheid geplaas word, in 'n droomwêreld van wensdenkery verkeer en probeer om die onmoontlike te doen, om naamlik die gedragsafwykende kind bokant sy eie vermoë, bokant die sosiale gewete van sy maatskappy en bokant die algemene sedelike standaard van sy milieu uit op te voed. So-iets is die voorreg van slegs buitengewone enkelinge, en lê nie binne die vermoë van die massa wat kragtens sy herkoms, kragtens sosio-ekonomiese, sedelike, opvoedkundige, sielkundige en nasionale tekortkominge voorasnog onderontwikkel is nie. Die groot fout is nie dat die Kinderwet-inrigtings misluk nie, want dit is onvermydelik; die groot fout is dat hulle toegelaat word om in hul huidige gedaante te bestaan.

7. Konstruktiewe Slotsom.

Die belangrikste betekenis van hierdie ondersoek is die onvermydelike slotsom dat die vraagstuk van die gedragsafwykende Kleurlingkind gekompliseerd is, veel meer gekompliseerd as dié van die blanke kind; dat dit onlosmaaklik verstrengel is met die versunkenheid van die Kleurlinggemeenskap as geheel — met uitsondering natuurlik van die klein, bevoorregte minderheid wat hulle inderdaad van die Kleurlinge as groep losmaak; dat heropvoeding in terme van die gangbare begrip in die blanke denkwyse 'n hersenskim en wensdenkery is; dat groot bedrae geld daaraan onvrugbaar bestee word; dat die groot behoefte aan heropvoedingswerk gesien moet word as 'n primêre gevolg van die groot behoefte aan opheffing van die gemeenskap as geheel; dat 'n algemene opheffingsprogram gevolglik daadkrachtig aangepak behoort te word; en dat ondertussen belangrike reoriëntasie ten opsigte van die spesifieke heropvoedingsaktiwiteite noodsaaklik is.

(a)/.....

(a) Aanpassing en Uitbreiding van Nywerheid- en Verbeteringskole.

Die ervaring leer dat die kinders na inrigtings gestuur word met 'n tweërlei oogmerk, en dié is in 1953 reeds só geformuleer:

"Daar is ... 'n ander aspek van die inrigtingsbehandling wat nie uit die oog verloor mag word nie. Baie van hierdie leerlinge het in die maatskappy gevaarlik geword en 'n bron van ergernis vir die publiek. Deur hul sametrekking in hierdie inrigtings word die kinders nie alleen heropgevoed nie, maar ook die maatskappy beveilig." 1)

Daar kan dus nie aan gedink word om met die inrigtings weg te doen nie. Dit is om beide christelik-opvoedkundige, sowel as maatskaplik-utilistiese redes nie moontlik nie; maar daar moet wel gedink word aan die nodige aanpassinge ten einde die inrigtings uit die wolke terug te bring na die aarde toe, van nuttelose en vrugtelose wensdenkery na 'n praktiese program met bereikbare oogmerke. Hierdie praktiese program ontplooi in verskillende bane:

(1) Grootte.

Daar sal ernstige aandag aan die grootte van die bestaande inrigtings gegee moet word. Porter en Ottery is beide heeltemal te groot om geheel en al, veral met hul huidige bevolkingsamestelling, die beste dienste te lower. Dit is waar dat beide inrigtings in hul huidige gedaante wat geboue en fasiliteite betref, die resultaat is van die belegging van baie duisende Rand en daar sal nie sondermeer aan die grootte afgetakel kan word sonder ernstige materiële verliese nie. Die vraag is egter of voortgesette instandhouding in die status quo nie verdere verliese meebring wat mettertyd dié van die oorspronklike kapitaaluitgawes oor en oor verdwerg nie.

Solank dit om administratiewe en organisatoriese redes noodsaaklik blyk om hierdie inrigtings voorlopig hul grootte te laat behou, is dit nodig om sorg te dra dat daar 'n veel groter homogeneïteit in die bevolkingstipe bewerkstellig word. Daar moet in elk 'n skoolbevolking geplaas word wat gelyksoortig is, en liefers van die ligtere graad van afwykende gedrag. Vir die moeiliker kinders is die groot inrigting heeltemal ondoeltreffend. Hoe minder die afwykings, hoe makliker kan groot getalle hanteer word.

(11)/.....

1) Bester, F.A.: Memorie vir Gebruik by Konferensie insake Kleurlingaangeleenthede, p. 28.

(ii) Differensiasie.

Daar bestaan ernstige leemtes ten opsigte van differensiasie in die huidige beskikbare inrigtings. Daar is verbeteringskole, maar nie genoeg soorte nie. Daar is slegs een nywerheidskool, en dus klaarblyklik ook nie genoeg soorte nie.

aa) Verbeteringskole.

Terwyl daar ten opsigte van die verbeteringskool reeds tussen die plattelandse en die stedelike kind onderskei word vir bestedingsdoeleindes — plattelanders gaan na Faure, en stedelinge na Porter — is daar vir opleidingsdoeleindes 'n verdere belangrike onderskeiding nodig, naamlik dié wat te doen het met die opvoedbaarheid van die kind. Dit is hoogs nodig om die verkwisting van groot bedrae aan duur opleiding vir leerlinge wat hoegenaamd nie in staat is om daaruit voordeel te trek nie, te beëindig.

Dit beteken dat daar 'n verdere tweërlei voorsiening gemaak moet word: Ambagsopleiding in 'n kleiner, behoorlik toegeruste inrigting moet verskaf word aan leerlinge wat akademies ver genoeg gevorder het om die tegniese opleiding met vrug te ondergaan, dit wil sê aan leerlinge wat die primêre skoolloopbaan met sukses voltooi het, of op die punt staan om dit binne doenlike tyd vir verdere opleidingsdoeleindes te voltooi. Dit dien byvoorbeeld geen doel om 'n leerling wat eers aan die einde van sy inrigtingsloopbaan akademies ryp genoeg vir tegniese opleiding sal wees, na 'n gevorderde verbeteringskool te stuur nie. Dit moet egter terselfdertyd duidelik wees dat geen kind wat die bekwaamheid daartoe besit, van die nodige opleidingsfasiliteite verstoke mag bly nie.

Daar moet dan tweedens ook voorsiening gemaak word vir leerlinge wat nie verstandelik of opvoedkundig voldoende toegerus is om van ambagsopleiding 'n sukses te maak nie. Hier moet verder onderskei word tussen diegene wat vertraagd is vanweë 'n gebrek aan verstand en die wat vertraagd is vanweë 'n gebrek aan onderrig. Vir laasgenoemde kinders moet daar toereikende voorsiening gemaak word vir intensiewe onderrig in basiese skoolvakke wat die kind so gou as moontlik vir verdere ambagsopleiding sal bekwaam, al is dit van baie elementêre aard. Terselfdertyd moet die praktiese vleuel van hierdie inrigting die minderbegaafdes leer om behoorlike arbeidsgewoontes aan te kweek. Hulle moet leer om 'n dag se werk te doen, en dit moet só georganiseer word dat dit op 'n produktiewe basis geskied. Dit kan geskied in die rigting

van/.....

van landbou, bosbou, steenmakery of enigeen van die minder bedrewe nywerhede. Die basiese oorwegings hier is om dit by die kind tuis te bring dat hy moet leer werk en dat geld alleen deur eerlike, harde arbeid verdien moet word.

Die belangrikste behoefte op gebied van die verbeteringskool tans is dat daar 'n verdeling bewerkstellig word tussen diegene wat ambagsopleiding moet ontvang en dié wat arbeidsvorming nodig het. Dit is nie ondenkbaar dat die huidige Porter met sy groot landbou- en bosbou-potensiaal, sy vier afsonderlike koshuise en sy uitgebreide oppervlakte verdeel kan word om vir beide skole voorsiening te maak nie, net soos dit in die verlede verdeel is om vir Kleurlinge en blankes afsonderlik te voorsien.¹⁾ Sou so 'n verdeling onprakties blyk, is dit gerade om vir die klein groepie wat bekwaam is om tegniese opleiding te ontvang, elders fasiliteite te verskaf.

bb) Nywerheidskole.

Die eerste en belangrikste onmiddellike behoefte is dié aan 'n nywerheidskool vir Kleurlingdogters. Omdat so 'n inrigting ontbreek, en wetsbesteding nie tydig kan geskied nie, is dit onvermydelik dat kinders wat reeds onder strenger toesig moes gewees het, toegelaat word om verder en verder af te wyk totdat hulle uiteindelik in die verbeteringskool of selfs in die tronk beland. Veral vir die vrou wat uiteindelik self kinders sal hê om groot te maak, is dit van die uiterste belang om 'n kriminele loopbaan te vermy as dit vermy kan word.

Maar selfs vir die seuns is daar verdere dringende behoeftes ten opsigte van behoorlike differensiasie.

Net soos in die geval van die verbeteringskole is daar 'n dringende behoefte aan aparte fasiliteite vir die stedelike en plattelandse kinders. Dit is geen denkbeeldige gevaar wat skuil in die intieme aanraking tussen gedragsafwykende kinders uit die verskillende geografiese gebiede nie, en gewoonlik is die plattelandse kind die lydende party wat die skool uiteindelik verlaat met 'n veel ruimer begrip van boewery en misdaad as voorheen. As hy eers gevaarlik was, kan hy, nadat hy by sy veel vernuftiger stedelike geesverwante skoolgegaan het, 'n egte terreur word.

Maar daar moet ook op 'n grondslag van die graad van afwykende gedrag gedifferensieer word. Vir die ingewyde is dit 'n bedroewende/.....

1) Porter-verbeteringskool: Jaarverslag, 1954, p. 8.

bedroewende skouspel om getuie te word van die wyse waarop betreklik onervare afwykendes in die Nywerheidskool deur hul gesamentlike verblyf met geharde kwaaddoeners in die leer tree by hierdie veterane. Daar is 'n dringende behoefte aan aparte nywerheidskole vir gevorderde kwaaddoeners en vir kinders wat om ander redes as openlike misdaad in so 'n inrigting beland.'

Daar moet ook onderskei word op grondslag van intelligensie en skoolvordering. Leerlinge wat nie intellektueel bevoegd is vir tegniese opleiding nie, moet, soos in die geval van die verbeteringskool, nie in 'n inrigting bestee word waar hy die aarde nutteloos beslaan nie. So-iets beteken 'n sinlose verkwisting van geld. Vir diesulkes moet daar inrigtings ingerig word waar hulle geleer word om ongeskoolde of halfgeskoolde arbeid waarvoor hulle die bekwaamheid besit, te verrig. Weereens moet gesonde arbeidsgewoontes aangekweek word deur die kind te leer om 'n dag se werk te doen waarmee hy 'n gesonde, eerlike bestaan kan maak.

Op gebied van die nywerheidskool is daar dus 'n onmiddellike behoefte aan minstens vyf verdere inrigtings, naamlik een vir meisies; een vir baie moeilike kinders wat dáár hulle laaste kans kry voordat hulle na die verbeteringskool gestuur word; een vir baie begaafde en gevorderde kinders van goeie gedrag wat in staat is om betreklik gevorderde tegniese onderrig te ontvang; een vir verstandelik vertraagde kinders en een vir plattelandse kinders.

Die onderliggende beginsel moet steeds wees dat die opleiding wat verskaf word, binne die vermoë van die kind moet val en dat daar met sy lewensmilieu doeglik rekening gehou word. Dit dien geen doel om hierdie kinders aan 'n lewenspeil en luukse gewoond te maak wat heeltemal uit voeling is met die bestaansniveau van die Kleurlinggemeenskap in deursnee nie. So-iets sal óf ydele verkwisting van fondse beteken deurdat die behandeling misluk, óf waar dit tydelik slaag, by terugkeer in sy vorige omstandighede vir die leerling in ontnugtering en misnoeë eindig. En dit beteken wanaanpassing vir die tweede keer.

(b) Jeugkampe.

Indien die verbeteringskool en nywerheidskool as heropvoedingsinstansies suksesvol aangewend moet word, is die voorafgaande aanpassings en uitbreidings onvermydelik. Weliswaar sal dit duur wees, maar dit sal minstens verstandig wees omdat dit idealisme paar met realisme en sukses binne trefafstand bring/.....

bring. Die ideaal sal egter nog steeds bly om die kinders lie-
wer uit hierdie inrigtings te hou as om hulle daarin toe te laat;
en dít is voorkoming, 'n poging om die kind te onderskep voordat
hy dermate moeilik geword het dat die hof hom uit die gemeenskap
moet verwyder.

Hierdie onderskeppingsgebeure sal moet plaasvind in daardie
periode wat val tussen skoolverlating en die aanvaarding van
loonarbeid, daardie periode van leeglê en rondlopery vir kwaad-
geld wanneer die slegte maats se geselskap opgesoek, en ledig-
heid as die duiwel se oorkussing deur afwykende gedrag bevestig
word. Die De Villiers-kommissie ¹⁾ sowel as die Botha-kommis-
sie ²⁾ wys daarop dat hierdie periode dié is waarin die „skollie“
sy verskyning maak, diefstal pleeg, bendes vorm en geweld bedryf.
En as oplossing beveel die De Villiers-kommissie die kampoplei-
dingstelsel aan, soos dié in verskeie ander lande in die praktyk
gebring word. ³⁾

Die tyd is ryp dat jeugkampe vir Kleurlingseuns ingestel
word met inagnam van die volgende grondbeginsels:

(1) Populasie.

Hierdie kampe moet voorsiening maak vir kin-
ders wat enersyds nie die gewone skole besoek nie, maar wat an-
dersyds ook nie in die huidige terme van die Kinderwet as sorg-
behoewend onder spesiale sorg geplaas, of na inrigtings gestuur
word nie; kinders wat dus nog nie openlik tot ernstige misdaad
verval, en kriminele rekords opgebou het nie, maar wat tog ook
nie binne die normale maatskaplike en huisverband doeltreffend
aanpas nie, ⁴⁾ wat

„grote moeilikheden by hun opvoeding geven, moeilijk-
heden welke deels gelogen zijn in die aanleg en deels
te wijten zijn aan opvoedings- en milieu-factoren,” ⁵⁾

'n beskrywing wat in die lig van die etiologiese agtergrond van
die gedragsafwykende Kleurlingkind ewe goed van die grootste
gros leeglêerjeugdiges in stedelike en ander gebiede gegee kan
word en wat in die volgende uitbreiding ewe toepaslik is:

„Zij/....

-
- 1) U.G. 65/1948, par. 1947, p. 264.
2) Kleurlingonderwysverslag, 1953-56, par. 4, p. 20.
3) Ibid., parr. 1891-1902, pp. 258 en 259.
4) Ministerie van Onderwys, Kunste en Wetenskappe: Jeugd-
vorming en Volksontwikkeling, p. 15, kol. 3.
5) Kath. Bureau Kamp- en Internaatwerk: Kampen en Internaten
voor Katholieken Jongens en Meisjes, p. 2.

„Zij leven van die ene dag in de andere, alleen be-
lust op het onmiddellijk grijpbare genot, voor zo-
ver dit met of zonder geld, op oirbare of onoirbare
wijze bereikbaar is. Zij kennen geen beroepsideaal;
de arbeid is voor hen slechts het middel om, liefst
met zo weinig mogelijk moeite zoveel mogelijk geld
te verdienen. Of de arbeid betekenis heeft voor
hun later leven, deert hen niet. Zij hebben geen
hunkering naar de kennis van het ware, noch is er
een streven naar het goede en naar het genot van het
schone." 1)

Die populasie van die jeugkampe sal dus bestaan uit gedrag-
moeilike kinders voordat hulle met die gereg gebots of andersins
die voorwerp van wetsoptrede geword het. Hulle is die talryke
Kleurlingjeugdiges wat die skool vroeg verlaat het, doelloos
rondloop, leegglê, op hoeke van strate vergader, bendes vorm, en
gevaarloop om met die gereg te bots, die wordende „skollie" wat
in die Nederlandse terminologie treffend die „bedreigdes" heet,
diegene „die dreigen te ontsporen of reeds in lichter graad ont-
spoord zijn..." 2)

Die ideaal ten opsigte van die kamppopulasie moet wees dat
uiteindelik alle Kleurlingjeugdiges tussen 14 en 18 wat nie vol-
tyds met studie besig is of loonarbeid verrig nie, 'n tyd lank
in spesiaal-georganiseerde en geskik-geleë jeugkampe moet deur-
bring.

(ii) Grootte en Ligging.

Hierdie kampe moenie groot wees nie, liefs
in die omgewing van 50 inwoners sodat 'n familie-atmosfeer met

„vertrouwelijke omgang tussen staf en deelnemers,
waarin de eigen waarde van iedere jongen erkend
wordt," 3)

bewerkstellig en behou kan word.

Daar sal besonder aandag aan die ligging van die kampe be-
stee moet word sodat verlokkeende, onwenslike kontakte uitgeska-
kel is, terwyl geografiese faktore soos natuurskoon, en higiënie-
se en huishoudelike vereistes nie oor die hoof gesien mag word
nie. Hierdie kampe sal liefs op die platteland geleë moet
wees waar die verderflike stadsinvloede tydelik uitgeskakel kan
word, maar tog ook strategies genoeg vir latere plasing en ar-
beidsverskaffing.

(iii)/.....

-
- 1) Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, Neder-
land: Kampen en Internaten voor sociale Jeugdzorg, No. 2,
p. 2.
 - 2) Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: op. cit.,
No. 2, p. 1.
 - 3) Kath. Bureau Kamp- en Internaatswerk: op. cit., p. 4.

(iii) Inhoud en Metode van Kampaktiwiteite.

aa) Die kampaktiwiteite moet op 'n idealistiese, ideologiese lees geskoei word, sodat die gemeenskapsin en gemeenskapsverantwoordelikheid tot onplooïing kan kom. ¹⁾ Dit moet uiteraard op 'n christelik-nasionale grondslag geskied waarin die mens in al sy lewensverbintenisse tot sy reg kom.

bb) Daar moet orde en reëlmaat heers om 'n skerp teenstelling te vorm met die wanorde en ongedissiplineerdheid wat die kenmerk van sy eie milieu is.

cc) Vir intensiewe skoolopleiding word voorsiening gemaak, by voorkeur slegs in basiese vakke soos lees, skrywe, rekene en taalonderrig. Hierby word ruimskoots toegelaat vir gesonde liggaamskultuur, sport en elementêre handwerk. ²⁾

dd) 'n Besondere plek moet aan die arbeid toegeken word met spesiale aandag aan die individuele en maatskaplike waarde daarvan, die materiële sowel as die ideële betekenis van gesonde pligsgetroue arbeid. Dit sal dus nodig wees om een of ander vorm van vergoeding aan die arbeid te verbind; maar dit sal ook nodig wees om arbeidsprojekte só in te rig dat daardie projekte spesiale waarde vir die Kleurlinggemeenskap self inhou, soos die aanlê van sportvelde vir Kleurlinge, paaie en damme in Kleurlinggebiede, herwinning van die bodem, bestryding van gronderosie, afforestasie en dergelike landsdienste spesifiek ten bate van die Kleurlinggemeenskap. Dit sal nodig wees om te verseker dat geen indruk posvat dat hierdie arbeidspotensiaal ten bate van die blankes of blanke kapitaal uitgebuit word nie. Dit moet 'n naastediens van die Kleurling vir die Kleurling wees om nie net nuttige werk te doen nie, maar ook die maatskaplike sin van die Kleurlingkind wakker te maak.

(iv) Differensiasie.

Dit is vanselfsprekend dat vir seuns- en meisiekampe afsonderlike voorsiening gemaak moet word; maar verdere onderskeiding tussen plattelanders en stedelinge is ewe noodsaaklik. Ook is differensiasie nodig ten opsigte van ouderdom, intelligensie, skoolvordering en die aard van die kind se sosiale labiliteit, sodat 'n wye verskeidenheid van kampe in die vooruitsig gestel moet word.

(v) Beheer, Administrasie en Finansies.

Dit is raadsaam dat kampe van hierdie aard
deur/.....

1) De Villiers-kommissie: U.G. 65/1948, par. 1905, p. 260.

2) U.G. 65/1948, par. 1904, p. 260.

deur private organisasies en instansies soos in die Nederlande gestig en beheer kan word, terwyl die staat subsidieer en inspekteer; ¹⁾ maar dit sal vir die staat nodig wees om self ook tot die stigting van jeugkampe oor te gaan en die nodige leiding te gee.

Daar bestaan weinig hoop dat instellings van dié aard suksesvol in die lewe geroep kan word terwyl daar bloot op die samewerking van die ouer vir dié doel gesteun word. Dit is die toestand in Nederland waar maatskaplike dienste tot 'n hoë graad van uitgebreidheid en doeltreffendheid ontwikkel is en die kampstelsel uitdruklik en terwille van die samewerking van die ouers van die justisiële stempel vry gehou word. ²⁾ Maar so-iets is vir die Kleurling wat maatskaplik en sedelik ongeorganiseerd en onderontwikkel is, nie doenlik nie. In Suid-Afrika sal hierdie ontwikkeling in terme van die Kinderwet geloods en beheer moet word.

Dit spreek vanself dat die staat die leeue-aandeel van finansiële laste sal moet dra. Daar moet dus deskundig beplan word om enersyds akkommodasie op die goedkoopste moontlike manier te bewerkstellig, personeelvoorsiening só te beplan dat dit op 'n absolute minimum neerkom deur inskakeling met bestaande maatskaplike en opvoedkundige dienste, en kampprojekte só in te klee dat die arbeidspotensiaal van die jeugdiges in produktiewe diensverrigting omgesit word: Die jeugdiges moet nuttige, waardevolle dienste lewer wat enigermate sal vergoed vir die onkoste wat in hulle guns aangegaan is, 'n denkbeeld wat deur die idee van verskillende landsdienste binne trefafstand gebring word.

(vi) Ontslag.

Na sy ontslag moet die leerling in arbeid geplaas word. Deur strategiese verspreiding van die kampe self en met behoorlike differensiasie waardeur homogene kampbevolkings verseker word, en deur daadkragtige aansluiting by die verskillende arbeidsburo's moet sorg gedra word dat die seun of dogter na hul ontslag in werk geplaas word. Herverval in leegglêery moet met 'n sterk hand bestry word.

8. Slot.

Nóg die heropvoedingsprogram, nóg die onderskeppingsprogram soos hier uiteengesit, bied op sigself 'n bevredigende oplossing vir die behandeling van die gedragsafwykende Kleurlingkind. Die etiologiese agtergrondstudie bring dit tuis dat
hierdie/.....

1) Vgl. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, No. 1, p. 26.

2) Ibid., p. 4.

hierdie dienste gepaar moet word aan 'n verbeeldingryke, ingrypende opheffingsprogram van die hele Kleurlinggemeenskap op 'n christelike-nasionale grondslag. En of daarmee sukses behaal kan word, hang af van die innerlike kwaliteit van die Kleurling se ontwikkelingspotensiaal as enkeling, gemeenskap en as nasie. En daardie potensiaal bring nie vir die Kleurling in die eerste plek regte nie; dit lê vir hom primêr pligte op, pligte teenoor homself, teenoor sy eie mense, en bo alles pligte teenoor God. Die heropvoeding van die gedragsafwykende Kleurlingkind kan nie suksesvol geskied solank as die Kleurlingvolk op regte aandring en pligte versaak nie.

Per slot van rekening lê die oplossing van hierdie vraagstuk in die gesindheid van die Kleurling self. En die ontwaaking van die regte gesindheid is 'n genadige skeppingsdaad van God. Hy sal dit op sy tyd verrig tot welsyn van die Kleurling, tot heil van Suid-Afrika en tot eer van sy Naam.

BYLAE A.

I. AGTERGROND- EN PERSOONLIKE VÓÓRGESKIEDENIS VAN 500
NYWERHEIDSKOOLLEERLINGE TOEGELAAT TUSSEN JUNIE 1958 EN
JULIE 1961, TW. NRS. 1281-1780.

A. AGTERGRONDGESKIEDENIS.

1. Ras:

- (a) Kleurling en Kleurling.
- (b) Blank en Kleurling.
- (c) Kleurling en Naturel.
- (d) Kleurling en Indiër.
- (e) Blank en Naturel.
- (f) Blank en Indiër.
- (g) Indiër en Naturel.
- (h) Naturel of Indiër.

2. Herkoms:

(a) Kaap:

- (i) Skiereiland.
- (ii) Oos-Londen.
- (iii) Port Elizabeth.
- (iv) Kimberley.
- (v) Dorpe.
- (vi) Plase.

(b) Transvaal:

- (i) Johannesburg.
- (ii) Pretoria.
- (iii) Germiston.
- (iv) Benoni.
- (v) Vereeniging.
- (vi) Dorpe.
- (vii) Plase.

(c) Oranje-Vrystaat:

- (i) Bloemfontein.
- (ii) Dorpe.
- (iii) Plase.

(d) Natal:

- (i) Durban.
- (ii) Pietermaritzburg.
- (iii) Dorpe.
- (iv) Plase.

3. Inkomste:

- (a) Armoedig.
- (b) Genoegsaam.
- (c) Bemiddeld.
- (d) Onbekend.

4. Behuising:

- (a) Ongunstig (bouvallig, oorbewoon, swak omgewing).
- (b) Gunstig.
- (c) Onbekend.

5. Gesondheid/.....

5. Gesondheid:

- | | |
|-------------------|-------------------|
| (a) Vader: | (b) Moeder: |
| (i) Goed. | (i) Goed. |
| (ii) Teringagtig. | (ii) Teringagtig. |
| (iii) Sieklik. | (iii) Sieklik. |
| (iv) Onbekend. | (iv) Onbekend. |

6. Buite-egtelikheid:

- (a) Ouers getroud.
- (b) Ongetroud, leef saam.
- (c) Hoerkind.
- (d) Onbekend.

7. Huisverband:

- (a) Eie ouers.
- (b) Eie moeder < Vader oorlede.
Vader weg.
- (c) Eie vader < Moeder oorlede.
Moeder weg.
- (d) Grootouers.
- (e) Familie.
- (f) Pleegouers.
- (g) Inrigting.
- (h) Onbekend.

8. Drankmisbruik:

- (a) Beide ouers.
- (b) Net vader.
- (c) Net moeder.
- (d) Broers en Susters.
- (e) Ander inwoners.
- (f) Geen.
- (g) Onbekend.

9. Misdaad:

- (a) Beide ouers.
- (b) Net vader.
- (c) Net moeder.
- (d) Broers en susters.
- (e) Geen.
- (f) Onbekend.

=====

B. PERSOONLIKE VÓÓRGESKIEDENIS.

1. Buite-skoolloopbaan:

- (a) Toelatingsouderdom (Ottery).
- (b) Standerd met toelating.
- (c) I.K.
- (d) Vordering:
 - (i) Goed.
 - (ii) Swak.
- (e) Gedrag:
 - (i) Goed.
 - (ii) Ongehoorsaam.
 - (iii) Steel.

(iv)/.....

- (iv) Aanranding.
- (v) Stokkiesdraai.
- (vi) Ander.
- (vii) Onbekend.

2. Huis en Omgang: Gedragsafwyking:

- (a) Geen.
- (b) Ongehoorsaam.
- (c) Slaap uit:
 - (i) Pal.
 - (ii) Soms.
- (d) Bende:
 - (i) Lid.
 - (ii) Slegte maats.
- (e) Aanranding.
- (f) Dobbel.
- (g) Steel
- (h) Verdowingsmiddels:
 - (i) Drank.
 - (ii) Dagga.
 - (iii) Petrol en bensien.

3. Hofoortredings:

- (a) Geen.
- (b) Huisbraak en diefstal.
- (c) Roof.
- (d) Aanranding.
- (e) Drank.
- (f) Dagga.
- (g) Petrol, bensien, ens.
- (h) Ander.
- (i) Geen.

4. Vorige Inrigtingsgedrag:

- (a) Goed.
- (b) Diefstal.
- (c) Aanranding.
- (d) Onbeheerbaar.
- (e) Onbekend.

5. Kommittering:

- (a) Direk.
- (b) Oorplasing:
 - (i) Kindersorg.
 - (ii) Proefbeampte.
 - (iii) Inrigting.
- (c) Redes vir Wetsbesteding:
 - (i) Behoeftig.
 - (ii) Ouerloos.
 - (iii) Onbeheerbaar.
 - (iv) Stokkiesdraai.
 - (v) Verwaarlosing.
 - (vi) Bedel.
 - (vii) Misdad:
 - aa) Huisbraak en Diefstal.
 - bb) Roof.
 - cc) Aanranding.
 - dd) Drank.
 - ee) Dagga.
 - ff) Ander misdad.

BYLAE B.

II. INRIGTINGSGESKIEDENIS VAN 500 NYWERHEIDSKOOLLEERLINGE
TOEGELAAT TUSSEN APRIL 1952 EN OKTOBER 1955, EN WAT ALMAL
REEDS ONTSLAAN IS. NRS. 374-873.

C. INRIGTINGSGESKIEDENIS.

1. Verblyfperiode in Halfjare:

(a) Toelatingsouderdom:

(i)	Onder 12.	(v)	13 $\frac{1}{2}$.
(ii)	12.	(vi)	14 ...
(iii)	12 $\frac{1}{2}$.		tot
(iv)	13.	(xii)	17 en oor.

(b) Ontslagouderdom:

(i)	Onder 17.	(iii)	18 ... tot
(ii)	17 $\frac{1}{2}$.	(xii)	22 en oor.

(c) Verblyf in inrigting:

(i)	Onder 1 jaar.	(v)	2 $\frac{1}{2}$ jaar.
(ii)	1 jaar.		...
(iii)	1 $\frac{1}{2}$ jaar.		
(iv)	2 jaar.	(xii)	6 jaar en oor.

2. Skoolvordering:

(a) Standaard met toelating:

(i)	Geen	(iv)	Std. I.
(ii)	Sub A.		...
(iii)	Sub B.	(x)	Bo std. VI.

(b) Standaard met Ontslag:

(i)	Geen.	(iv)	Std. I.
(ii)	Sub A.		...
(iii)	Sub B.	(xi)	Bo std. VII.

(c) Aantal standerds gevorder:

0, 1, 2, ... of 6 en meer.

3. Ambagsopleiding:

(a) Tydperk (halfjare) in ambag:

(i)	Huishoudelik (tuine en kombuis).
(ii)	Sortering.
(iii)	Kleremakers.
(iv)	Skoenmakers.
(v)	Messelaars.
(vi)	Timmermans.
(vii)	Loodgieters.
(viii)	Skilders.
(ix)	Meubelmakers.
(x)	Bekleërs.
(xi)	Motorwerktuigkundiges.

(b) Eksamens afgelê:

(i)	Prakties:	VII of N.T.S.I.
(ii)	Teoreties:	VII of N.T.S.I.

4. Aantal Oortredings/.....

4. Aantal Oortredings:

- (a) Wegloop en tyd afwesig.
- (b) Diefstal.
- (c) Sodomie.
- (d) Aanranding.
- (e) Ander seks.
- (f) Smokkelary.
- (g) Uitskiet en rondloop.
- (h) Insubordinasie.
- (i) Beskadiging van eiendom.
- (j) Dagga.
- (k) Drank.
- (l) Bensien, en ander.
- (m) Vuil taal.
- (n) Pligsversuim.
- (o) Ander.
- (p) Geen.

5. Strafmaatreëls:

- (a) Verwys na polisie.
- (b) Verbeteringskool.
- (c) Dissiplinêre hostel.
- (d) Lyfstraf.
- (e) Strafdril.
- (f) Verlies van voorregte.
- (g) Strafwerk.
- (h) Boete.
- (i) Waarskuwing en raadgewing.
- (j) Ander.
- (k) Geen.

6. Ontslag:

- (a) Oorlede.
 - (b) Oorplasing.
 - (c) Toesig verstryk.
 - (d) Ontslaan van die Bepalings van die Kinderwet.
 - (e) Ontslaan met vergunning:
 - (i) Na ouers.
 - (ii) Na familie.
 - (iii) Na ander.
-

BYLAE C.

GESINDHEIDSQUESTIONNAIRE BEANTWOORD DEUR 354 LEERLINGE IN
STANDERDS III TOT VIII.

A. ANTWOORD MET 'N X TUSSEN DIE HAKIES.

1. As ek kon kies, sou ek graag wil wees
 - (a) witmens..... (...)
 - (b) bruinmens (...)
2. As ek kon kies, sou ek graag wil hê my kinders moet wees
 - (a) witmens (...)
 - (b) bruinmens (...)
3. As ek kon kies, sou ek graag wil hê my kleur moet wees
 - (a) Witter (...)
 - (b) donkerder (...)
4. As ek kon kies, sou ek graag die kleur van my kinders wil hê:
 - (a) wit (...)
 - (b) donker (...)
5. As ek kon kies, sou ek graag wil trou met 'n
 - (a) witmeisie (...)
 - (b) bruinmeisie (...)
6. Witmense behandel die Kleurlinge
 - (a) goed (...)
 - (b) sleg (...)
7. Hulle wat die Kleurlinge die slegste behandel is die mense wat
 - (a) Engels praat (...)
 - (b) Afrikaans praat (...)
8. As ek kon kies, sou ek graag wil wees iemand wat
 - (a) Engels praat (...)
 - (b) Afrikaans praat (...)
9. As ek kon kies sou ek graag wil skoolgaan waar die onderwyser
 - (a) Engels praat..... (...)
 - (b) Afrikaans praat (...)
10. As ek kon kies, sou ek graag wil hê dat my kinders eendag
 - (a) Engels moet praat .. (...)
 - (b) Afrikaans moet praat (...)
11. As ek kon kies, sou ek graag die koerant lees in
 - (a) Engels..... (...)
 - (b) Afrikaans (...)

=====

B. INDICATE YOUR REPLY WITH AN X BETWEEN THE BRACKETS.

1. If I had a choice, I would like to be a
 - (a) European (...)
 - (b) Coloured (...)
 2. If I had a choice, I would like my children to be
 - (a) European (...)
 - (b) Coloured (...)
 3. If I had a choice, I would like my colour to be
 - (a) lighter (...)
 - (b) darker (...)
 4. If I had a choice, I would like the colour of my children to be
 - (a) light (...)
 - (b) dark (...)
 5. If I had a choice, I would like to get married to a
 - (a) European (...)
 - (b) Coloured (...)
 6. Europeans treat Coloureds
 - (a) well (...)
 - (b) ill (...)
 7. Those who ill-treat Coloured people most are
 - (a) English (...)
 - (b) Afrikaans (...)
 8. If I had a choice, I would like to be an
 - (a) Englishman (...)
 - (b) Afrikaner (...)
 9. If I had a choice I would like to attend a school where the teacher speaks
 - (a) English (...)
 - (b) Afrikaans (...)
 10. If I had a choice, I would like my children one day to speak
 - (a) English (...)
 - (b) Afrikaans (...)
 11. If I had a choice, I would read the newspaper in
 - (a) English (...)
 - (b) Afrikaans (...)
-

BIBLIOGRAFIE.

1. Argivale Bronne : Kaapse Argief.

(a) Gepubliseer:

Daghregister gehouden by den Oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck. Drie dele. Van Riebeeck-vereniging-uitgawe. A.A. Bolkema, Kaapstad. Deel I (1651-1655), 1952; Deel II (1656-1658), 1955; Deel III (1659-1662), 1957.

Jeffreys, M.K., Naude, S.D., Venter, P.J.: Kaapse Plakkaatboek. Ses Dele. (1652-1806), Kaapstad, 1944-1951.

Leibbrandt, H.C.V., Précis of the Archives of the Cape of Good Hope

: Journal (1662-1670), Richards and Sons, Kaapstad, 1901.

: Letters Despatched from the Cape 1652-1662, Volume III, Kaapstad 1897.

Spoelstra, C.: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Twee dele. Deel I, Brieven van die Kaapsche Kerken aan de Classis, Amsterdam (1655-1804), Amsterdam 1906; Deel II, Brieven van de Classis Amsterdam e.a. aan de Kaapsche Kerken enz. (1651-1804) Amsterdam 1907.

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, No. I: Resolusies van die Politieke Raad, Deel I (1651-1669), Hoofargivaris, Kaapstad, 1957.

Theal, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten. Versaameld in de Kaap Kolonie en elders. Drie dele. Kaapstad 1896-1911.

: Records of the Cape Colony. Vyf-en-dertig dele. Londen 1897-1905.

(b) Ongepubliseer:

(i) Raad van Politie [C]:

C 1 - 112:	Resolutien, 1652-1795.
C 223 - 290:	Requesten en Nominatien, 1715-1791.
C 291 - 325:	Memorien en Rapporten 1710-1791.
C 326 - 408:	Attestatien, 1652-1791.
C 409 - 477:	Inkomende Brieven, 1649-1795.
C 493 - 582:	Uitgaande Brieven, 1652-1791.
C 583 - 649:	Daghregister, 1652-1794.
C 680 - 687:	Origineel Placcaat Boek, 1652-1795.
C 700 - 707:	Memorien en Instructien, 1657-1795.
C 708 :	Instructien voor Com. S. van der Stel door van Rheeде, 1685.
C 710 - 711:	Instructien.
C 741 - 741(a):	Burger Bezwaren, 1784-1790.
C 798 :	Gemengde Stukken - Slaven 1687-1780.
C 800 :	Burgerbesware en Kom. van Onderzoek 1742-1796.

(ii)/.....

(ii) Verbatim Copies: [V.C.]

- V.C. 1 - 35: Daghregister 1652-1789.
- V.C. 36 : Rapporten der Commissarissen, 1657-1764.
- V.C. 38 : Journaal van Hendrik A. van Rheede 1685, en bylagen.
- V.C. 58 : Lieut.-Col. Robert Wilson: Description of the Cape Colony, 1806.
- : J. Maxwell, letter to the Rev. Dr. Harris: Account of the Cape Colony 1705-1706, 1706.

(iii) Raad van Justitie: [C.J.]

- C.J. 281 - 458: Criminele Proces Stukken, 1654-1795.
- C.J. 780 - 797: Sententies.
- C.J. 2511 : Requesten 21. 4.1740 - 12.12. 1743, No. 6.
- C.J. 2558 : Requesten, 1814 - 1815.

2. Ou Reisbeskrywings, Topografies en Etnies.

- Barrow, John: An Account of Travels into the Interior of Southern Africa in the Years 1797 and 1798. Twee dele. Londen, 1801 en 1804.
- Beekman, Daniel: A Voyage to Borneo, London, 1718.
- Blommaert, W. en Gie, S.F.N.: Uit ou Reisbeskrywinge. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1922.
- Cook, James: A Voyage round the World (Related by George Foster). Londen, 1777.
- Cowley, Capt. Ambrose: Cowley's Voyage round the Globe. In William Hacke: A Collection of Original Voyages. Londen, 1699.
- Dapper, O.: Kaffrarie of Lant der Kaffers, anders Hottentots genaemt. Amsterdam, 1668. Soos vertaal in V.R.V. 14: The Early Cape Hottentots, Kaapstad, 1933.
- de Houtman, Cornelis:
- : De eerste Schipvaerd der Hollandsche Natie naer Oost-Indien. Uit Isaac Commelin: Begin ende Voorgangh van de ... Oost-Indische Compagnie. Twee dele. 1646;
 - : De eerste Schipvaart naar Oost-Indië. Drie dele. Uitgawe Linschoten Vereniging, 'S Gravenhage, 1915, 1925 en 1929.
- de Jong, Cornelius: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de Jaren 1791 tot 1797. Drie dele. Haarlem, 1802.
- Godee-Molsbergen, E.C.: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd. Vier dele. 'S Gravenhage, 1916 tot 1932.
- Grevenbrock, J.G.: An elegant and accurate Account of the African Race living round the Cape of Good Hope, commonly called Hottentots. Brief in die jaar 1695 soos in V.R.V. 14: The Early Cape Hottentots, Kaapstad, 1933.
- Kolbe, Peter: Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop. Twee dele. Amsterdam, 1727.
- Lichtenstein, M.K.H.: Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806. Twee dele. Soos in V.R.V. 10 en 11. Kaapstad, 1928 en 1930.

Mentzel, O.F.:/.....

- Mentzel, O.F.:
: A Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope. Twee dele. Uit Duits vertaal deur H.J. Mandelbrote in V.R.V. 4 en 6. Kaapstad, 1921 en 1926.
: Life at the Cape in the Mid-Eighteenth Century, being the Biography of R.S. Alleman. Soos uit die Duits vertaal deur M. Greenlees in V.R.V. 2. Kaapstad, 1919.
- Philip, John: Researches in South Africa. Twee dele. James Duncan, Londen, 1828.
- Sparrman, Andrew: A Voyage to the Cape of Good Hope. Twee dele. Dublin, 1785.
- Ten Rhyne, Willem: A Short Account of the Cape of Good Hope and of the Hottentots who inhabit that Region. Schaffhausen, 1686. Soos in V.R.V. 14: The Early Cape Hottentots, Kaapstad, 1933.
- Thunberg, Charles, P.: Travels in Europe, Africa and Asia made between the Years 1770 and 1779. Drie dele. Londen, 1793.
- Valentyn, Francois: Beschryving van oud en nieuw Oos-Indien. Amsterdam, 1726.

3. Geskiedskrywing.

- Beyers, Coenraad: Die Kaapse Patriotte. Juta en Kie., Kaapstad, 1929.
- Blommaert, W.: Het Invoeren van de Slaverny aan de Kaap. Argief-Jaarboek, Deel I. Kaapstad, 1938.
- Cory, G.E.: The Rise of South Africa. A History of the Origin of South African Colonisation and of its Development towards the East from the Earliest Times to 1857. Vyf dele. Longmans, Green and Co., Londen, 1910-1930.
- Drascher, Wahrhold: Schuld der Weizen? Die Spätzeit des Kolonialismus. Fritz Schlichtenmayer, Tübingen, 1960.
- du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa. Longmans, Green and Co., Londen, 1911.
- Geyser, O.: Die ou Hooggeregshofgebou. Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1958.
- Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede. Twee dele. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1928 en 1932.
- Grant, A.J.: A History of Europe. Longmans, Green and Co., Londen, 1925.
- Marais, J.I.: Geschiedenis der Christelike Kerk. H.A.U.M., Kaapstad, 1913.
- Preller, Gustav S.: Daglemier in Suid-Afrika. Oorsig van die Geskiedenis van Suid-Afrika van die vroegste tye tot 1881. Wallachs, 1937.
- Stockenström, Eric: Vrstelling van die Slawe. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1934.
- Theal, G.M.: Compendium of South African History and Geography. Lovedale, South Africa, 1877.
: Chronicles of Cape Commanders. W.A. Richards and Sons, Kaapstad, 1882.
: History of South Africa before 1795. Drie dele. George Allen and Unwin, Londen, 1907.
- van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). Nas. Pers, Kaapstad, 1938.

Van der Walt, A.J.H./.....

- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Twee dele. Nas. Boekhandel, Kaapstad, 1951.
- Van Rooyen, Jan J.: Die Nasionale Party, sy Opkoms en Oorwinning — Kaapland se Aandeel. Hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party, Kaapstad, 1956.
- Wangeman, Dr.: Geschichte der Berliner Missions Gesellschaft in Süd-Afrika, 3 dele. Berlyn, 1872, 1873 en 1875.

4. Etniese-, Anthropologiese- en Aanverwante Studies.

- Boeseken, A.J.: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeu-se Samelewing aan die Kaap. Argief Jaarboek, 1944. Cape Times, Kaapstad, 1945.
- Calpin, G.H.: Indians in South Africa. Pietermaritzburg, 1949.
- Colenbrander, H.T.: De Afkomst der Boeren. Uit H.T. Colenbrander: Historie en Leven. P.N. van Kampen en Zoon, Amsterdam, Juli 1923.
- Cronje, G.: Afrika sonder die Asiaat, Johannesburg, 1946.
- Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking. C.S.V. van S.A., Stellenbosch, 1947.
- Deacon, N.J.: Die Finale Stryd: Die Indiër moet uit. Pretoria, 1950.
- De Kock, Victor: Those in Bondage. An Account of the Life of the Slave at the Cape in the Days of the Dutch East India Company. George Allen and Unwin, London, 1950.
- Du Plessis, I.D.:
: Die Maleise Samelewing aan die Kaap. Nas. Pers, Kaapstad, 1939.
: The Cape Malays. Maskew Miller, Kaapstad, 1944.
- Eloff, G.: Rasse en Rassevermenging. Tweede Trek-Reeks No. XVIII. Nas. Pers, Bloemfontein, 1942.
- Ferguson-Davie, C.J.: The Early History of Indians in Natal. S.A.I.R.R., Johannesburg, 1952.
- Fischer, Eugen: Die Rehobother Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen. Gustav Fischer, Jena, 1913.
- Hahn, Th.: Buschmänner. Globus, Bd. XVIII, No. 5, 1870.
- Hoge, J.: Rassenmischung in Süd-Afrika im 17. und 18. Jahrhundert. Zeitschrift für Rassenkunde, Jahrgang 1938, Bd. VII, Heft. 2.
- MacCrone, I.D.: Race Attitudes in South Africa. Historical, Experimental and Psychological Studies. Oxford University Press, Londen, 1937.
- MacMillan, W.M.:
: The Cape Colour Question. A Historical Survey. Faber and Gwyer, Londen, 1927.
: Africa Emergent. A Survey of Social, Political and Economical Trends in British Africa. Faber and Faber, Londen, 1938.
- Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1652-1937. Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1957.
- Palmer, Mabel: Natal's Indian Problem. Johannesburg, 1945.
- Passarge, S.: Die Buschmänner der Kalahari. Dietrich Reimer, Berlyn, 1907.
- Pirow, O.: Die Witman se Weg na Selfbehoud. Pretoria, 1947.
- Polak, H.S.L./.....

- Polak, H.S.L.: The Indian of South Africa.
- Schapera, I.S.: The Khoisan Peoples of South Africa. Bushmen and Hottentots. George Routledge and Sons, Londen, 1930.
- Schultze, Leonard: Aus Namaland und Kalahari. Gustav Fischer, Jena, 1907.
- Stow, G.W.: The Native Races of South Africa. Swan Sonnenschein, Londen, 1905.
- Theal, G.M.: Ethnography and Condition of South Africa before A.D. 1505. George Allen and Unwin, Londen, 1919.

5. Sosiologies, Psigologies, Opvoedkundig en Filosofies.

- Albertyn, C.F.: Jeugmisdaad. 'n Sosiologiese Studie met spesiale Onderzoek na die Verskynsel in die Skiereiland. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.
- Batson, H.E.:
 - : The Beveridge Report. Cape Times, 1943.
 - : Social Security and the Coloured People. S.A. Institute of Race Relations, Johannesburg, 1946.
 - : The Poverty Line in Cape Town. Social Survey of Cape Town, Report S.P. 3, February, 1942.
- Bavinck, H.: Paedagogische Beginnselen. Derde Druk. J.H. Kok te Kampen, 1928.
- Biesheuvel, S.: African Intelligence. S.A. Institute of Race Relations, Johannesburg, 1943.
- Brillenburgh-Wurth, Dr. G.: Menschbeskouwing en Maatschappelyk Werk: J.H. Kok, N.V. Kampen, 1957.
- Botha, D.P.: Die Opkoms van ons Derde Stand. Human en Rousseau, Kaapstad, 1960.
- Coetzee, J. Chris.:
 - : Eksperimentele Opvoedkundige Studies. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1926.
 - : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Verkennerreeks No. 7, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.
 - : Inleiding tot die Empiriese Opvoedkunde. Verkennerreeks No. 4, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1942.
 - : Die Psiegoanaliese. Dele I en II, J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1928.
 - : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1930.
- Cooppan, S., Pitje, G.M. and Van der Ross, R.E.: Four Essays on Education. T.E.P.A.-Pamphlet No. 3, 1957.
- Durfee, C.H.: To drink or not to drink. Longmans, Green and Co., New York, 1938.
- Edwards, Allen E.: Statistical Analysis. Revised Edition. Rinehart and Company, Inc., New York, 1958.
- Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings: Koers in die Krisis. Deel I. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1935.
- Fick, M.L.: The Educability of the South African Native. S.A. Council for Educational and Social Research, Pretoria, 1939.
- Ford, J.C.: Depth Psychology, Morality and Alcoholism. Weston College Press, Weston, 1951.
- Gardiner, F.G. and Lansdown, C.W.H.: South African Criminal Law and Procedure. 2 Vols. Juta and Company, Cape Town, 1939.
- Glueck, S. and E./.....

- Glueck, S. and E.:
 : Delinquents in the Making. Paths to Prevention. Harper and Brothers, New York, 1951.
 : Unraveling Juvenile Delinquency. Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1950.
- Healy, William and Bronner, Augusta F.: New Light on Delinquency and its Treatment. Yale University Press, New Haven, 1946.
- Joorst, R.: Compulsory Education as a State Obligation. T.E.P.A. Pamphlet No. 2, 9th August, 1957.
- Kotzé, J.C.G.: Ras, Volk en Nasie in Terme van die Skrif. Die C.S.V.-Uitgewers, Stellenbosch, 1961.
- Low, Barbara: The Unconscious in Action. Its Influence upon Education. University of London Press, Ltd., London, 1928.
- Malherbe, E.G.: Educational Adaptations in a Changing Society. Juta and Co., Cape Town and Johannesburg, 1937.
- Marais, Ben: Die Kleur-krisis en die Weste. Die Goeie Hoop Uitgewers, Johannesburg, 1952.
- Merrill, F.E.: Fundamentals of Social Science. D. Appleton-Century Company, New York, 1946.
- McCord, William and Joan: Origins of Alcoholism. Tavistock Publications, London, 1960.
- Montagu, Ashley: Human Heredity. The World Publishing Company, Cleveland and New York, 1959.
- Neumeyer, M.H.: Juvenile Delinquency in Modern Society. D. van Nostrand Company Inc., Princeton, 1955.
- N.G. Kerk-Kommissie van Onderzoek insake die Gesinslewe (Navorsingsdirekteur, Prof. G. Cronje):
 : Kerk en Huisgesin. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1958.
 : Krimpande Kindertal. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1958.
 : Egskeiding. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1959.
 : Kinders sonder Sorg. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1959.
 : Ontspoorde Jeugdiges. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1960.
 : Vroue en Moeders wat werk. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1960.
 : Ongetroude Moeders. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1960.
- Pearce, J.D.W.: Juvenile Delinquency. Cassel and Company, Ltd., London, 1952.
- The Pharmaceutical Society of Great Britain: The Extra Pharmacopoeia, 24th Edition, Vol. I. The Pharmaceutical Press, London, 1958.
- Robison, Sophia M.: Juvenile Delinquency. Its Nature and Control. Henry Holt and Company, New York, 1960.
- Stagner, Ross and Karwoski, T.F.: Psychology. McGraw-Hill Book Company, New York, 1952.
- Stevens, J.M.: Educational Psychology. The Study of Educational Growth. Revised Edition. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1960.
- Sulzer, Peter: Schwarze Intelligenz. Atlantis Verlag, Zurich, 1955.
- Taute, Ben en van Rensburg, J.A.J.: Die Navorsing van Skoolprobleme. Unie-Volkspers, Beperk, Kaapstad, 1942.
- Thrasher, Frederick M.: The Gang. A Study of 1,313 Gangs in Chicago. Second Edition. University of Chicago Press, Chicago, 1936.
- Van der Ross, D.: Die Beheer van die Opvoeding van Kleurlingkinders. T.E.P.A. Pamphlet No. 1, 16th September, 1957.
- van Rensburg, J.A.J./.....

van Rensburg, J.A.J.: The Learning Ability of the South African Native compared with that of the European. Cape Times, Cape Town, 1938.

Venter, H.J.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Gevangenisstelsel, 1652-1958. H.A.U.M., Kaapstad, 1959.

Watt, J.M. and Breyer-Brandwyk, Maria G.: The Forensic and Sociological Aspects of the Dagga Problem in South Africa. Reprint from "South African Medical Journal", 22. 8.36, Vol. X, pp. 573-580.

Willemse, W.A.: The Road to the Reformatory. J.L. van Schaik, Pretoria, 1938.

Wolff, Pablo O.: Marihuana in Latin America. The Threat it constitutes. World Health Organisation, 1949.

6. Amptelike Inligtingsbronne: Sentrale- en Plaaslike Bestuursliggame en Inrigtingsdokumente.

(a) Wette van die Unie van Suid-Afrika:

- : Die Unie-wette. Geklassifiseerde en geannoteerde herdruk, 1910-1947, Vols. 1-12.
- : Statutes of the Union of South Africa, 1910-1960.
- : Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1948-1959. Dele 1-16.

(b) Provinsiale Wetgewing:

(i) Kaapland:

- : Cape of Good Hope Statutes, 1652-1902.
- : Province of the Cape of Good Hope, Ordinances, 1911-1960.

(ii) Natal:

- : Statutes of Natal (R.I. Hitchins), 1845-1906.
- : Acts of the Parliament of Natal, 1907-1910.
- : Ordinances of the Province of Natal, 1911-1960.

(iii) Oranje-Vrystaat:

- : O.V.S.-Wetboek, 1854-1891.
- : Laws of the Orange River Colony, 1900-1906.
- : Statutes of the Orange River Colony, 1907-1910.
- : O.V.S.-Ordonnansies, 1911-1960.

(iv) Transvaal:

- : Locale Wette der Z.A. Republiek, 1849-1897.
- : Laws of the Transvaal, 1901-1906.
- : Statutes of the Transvaal, 1907-1910.
- : Ordinances of the Transvaal, 1902-1960.

(c) Hoërhofverslae:

- : Prentice Hall Weekly Legal Service (P.H.), 1923-1961. Prentice Hall Services (Pty.) Ltd., Durban.
- : Natal Law Reports (N.L.R.), 1858-1934.
- : Supreme Court Cases, Cape of Good Hope (S.C.), Juta 1868-1910.
- : Transvaal Supreme Court (T.S.C.), 1881-1899.

South/.....

- : South African Law Reports (S.A.L.R.), 1910-1960, Juta and Co., Cape Town:
 - : Appellate Division (A.D.).
 - : Cape Provincial Division. (C.P.D.)
 - : Griqualand West Local Division (G.W.L.D.).
 - : Natal Provincial Division (N.P.D.).
 - : Native Appeal Court (N.A.C.).
 - : Orange Free State Provincial Division (O.P.D.).
 - : Transvaal Provincial Division (T.P.D.).
 - : Witwatersrand Local Division (W.L.D.).

(d) Blouboeke oor Spesiale Onderwerpe:

- : U.G. No. 41 van 1926: Report of the Rehoboth Commission.
- : U.G. No. 21 van 1937: Verslag oor die Onderzoek insake die Uitgawes van Europese Gesinne in sekere stedelike Gebiede.
- : U.G. No. 54 van 1937: Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie.
- : U.G. No. 39 van 1939: Report of the Commission on Mixed Marriages in South Africa.
- : U.G. No. 18 van 1943: Report of the Commission of Enquiry into Conditions existing on the Cape Flats and similarly affected Areas in the Cape.
- : U.G. No. 33 van 1945: Report of the Cape Coloured Liquor Commission of Enquiry.
- : U.G. No. 33 van 1947: Verslag van die Komitee van Onderzoek na Kleurlingaangeleenthede op Kleurlingsendingstasies, -reserwes en -nedersettings.
- : U.G. No. 47 van 1947: Verslag van die Kommissie van Straf- en Gevangenisshervorming.
- : U.G. No. 65 van 1948: Verslag van die Kommissie insake Tegnieke en Beroepsonderwys.
- : U.G. No. 31 van 1952: Verslag van die Inter-departementele Komitee insake die Misbruik van Dagga.
- : U.G. No. 21 van 1954: Verslag van die Kommissie om Onderzoek in te stel na die Onderwerp van die Wetsontwerp op Afsonderlike Verteenwoordiging.

(e) Departementele Verslae (Gepubliseer):

- : Gesondheid:
 - : U.G. 58/1948; 40/1954; 23/1956; 15/1957; 56/1957; 47/1958; 10/1959.
- : Justisie: Jaarverslae Superintendent van Gevangenis- se, 1940-1959.
- : Kleurlingsake : Jaarverslae 1952-1958.
- : Onderwys, Kuns en Wetenskap: Jaarverslae 1935-1958.
- : Volkswelsyn: Verslag van die Nasionale Konferensie oor Alkoholisme, 1951.

(f) Departementele Verslae (Ongepubliseer):

- Hoofdstreeksgesondheidsbeampte, Kaapstad: Die Invloed van Blanke Drank op die Gesondheid van die Kleurlinggemeenskap, 1960.
- Kleurlingsake: Gekonsolideerde Algemene Bibliografie, Junie 1960.
 - : Inrigtings ingevolge die Kinderwet, No. 31 van 1937.
 - : Probleemkinders in Privaatinrigtings, 1960.
 - : Klassifikasie van Privaatinrigtings, 1960.

Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing):

- : Die Omvang van jeugmisdaad in Suid-Afrika. 'n Ontleding van die Vraagstuk aan die hand van beskikbare Gegewens. 14 Mei 1958.
- : 'n Vergelykende Onderzoek na die Opleiding van Blanke Onderwysers(esse) in Suid-Afrika. Navorsingsreeks No. 7, 1961.
- : Reformatory Schools in the Union of South Africa. 1954.

(g) Buro vir Sensus en Statistiek:

- : U.G. 32 van 1912: Sensusverslag, 1911.
- : U.G. 15 van 1923: Sensus, 3 Mei 1921, Deel I: Populasie.
- : U.G. 21 van 1938: Sensus 5 Mei 1936. Geografiese Verdeling van die Bevolking.
- : U.G. 33 van 1938: Verslag oor Misdadestatistiek vir die Jare 1936 en 1937.
- : U.G. 51 van 1949: Sensus, 7 Mei 1946. Geografiese Verspreiding van die Bevolking van die Unie van Suid-Afrika.
- : U.G. 42 van 1955: Volkstelling, 8 Mei 1951. Boekdeel I: Geografiese Indeling van die Bevolking van die Unie van Suid-Afrika.
- : Maandbulletin van Statistiek, 1945 - April 1961.
- : Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, Nrs. 1 - 29.
- : Uniestatistieke oor Vyftig Jaar. Jubileumuitgawe 1910-1960.

(h) Debate van die Volksraad (Hansard):

- : Deel 6, 22 Januarie tot 26 Maart 1926.
- : Deel 8, 28 Januarie tot 14 April 1927.
- : Deel 68, 2 Mei tot 3 Junie 1947.
- : Deel 70, 20 Januarie tot 3 Maart 1950.
- : Deel 71, 6 Maart tot 21 April 1950.
- : Deel 72, 24 April tot 26 Mei 1950.

(i) Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop:

- : Verslae van die Superintendent-generaal van Onderwys, 1910-1958.
- : Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1925-26, K.P. 1-'27.
- : Verslag van die Kommissie insake Kleurlingonderwys, 1953-56.

(j) Kaapse Afdelingsraad (Ongepubliseer):

- : Jaarlikse Verslag van die Mediese Gesondheidsbeampte vir die jaar geëindig 30 Junie 1948.
- : Verslag van die Mediese Gesondheidsbeampte vir die tydperk van 5 jaar geëindig 30 Junie 1953.

Report/.....

- : Report on Housing and Income Survey, Grassy Park — Lotus River, 2nd June, 1960.

(k) Nasionale Rade (Ongepubliseer):

South African Council for Scientific and Industrial Research:

- : The Need for Research in Relation to Mass Housing in rapidly developing Tropical Africa. National Building Research Institute, Z 1776/6/59.
- : Survey of the Housing Requirements of Coloureds in the Towns of the Western Cape. February, 1960.
- : Voorlopige Verslag van die Navorsingskomitee vir Minimum Behuisingstandaarde. Nasionale Bounavorsingsinstituut. Pretoria, 1949.
- : An Analysis of Some Housing Requirements of the Urban White Population of the Union of South Africa, May, 1959.
- : Social Research into Living Habits and Preferences as one of the Basic Requirements for the Effective Design of Houses. August, 1958.

Nasionale Behuisingskantoor:

- : Die Behuisingsprobleme van die Kleurlingbevolking, Kaapstad, 1953.
- : Behuising vir Kleurlinge (H. 8/1/6). Pretoria, 1960.

(l) Inrigtingsdokumente (Ongepubliseer):

Faure-verbeteringskool vir Kleurlingdogters: Jaarverslae, 1955-1960.

Faure-verbeteringskool vir Kleurlingseuns: Jaarverslae, 1958-1960.

Porter-verbeteringskool:

- : Jaarverslae, 1942-1960.
- : Oorsig van Werksaamhede, 1953.

Ottery-Nywerheidskool:

- : Beheerraadsdokumente.
- : Dagboek van die prinsipaal.
- : Jaarverslae, 1950-1960.
- : Rekords.

(m) Ander:

Cape of Good Hope Select Committee Reports, 1854.

Imperial Blue Books: Affairs of the Cape, 1816-1826.
Papers relating to Prize Slaves at the Cape of Good Hope, 42, 13 December, 1826.

Ministerie van Onderwys, Kunsten en Wetenskappen, Nederland:

- : Kampen en Internaten voor Sociale Jeugdzorg, Nrs. 1 en 2. Onge-dateer.
- : Jeugdvorming en Volksontwikkeling. Herdruk uit Weekblad, O.K.W.-Mededelingen. Onge-dateer.

Sekretaris van Suidwes-Afrika: The Native Tribes of South West Africa. Verslag aan die Volkebond, 1928.

Union/.....

Union of South Africa, Government Information Office:
The Indian in South Africa.

W.P. 23/1950: Memorandum on Group Areas Bill.

7. Nuusblaaië, Tydskrifte, Jaar- en Kongresverslae.

(a) Nuusblaaië:

Die Banier: Maandblad, Soutrivier.

Die Burger: Dagblad, Kaapstad.

The Cape Argus: Dagblad, Kaapstad.

The Cape Times: Dagblad, Kaapstad.

Die Volksblad: Dagblad, Bloemfontein.

(b) Tydskrifte:

The Cape Monthly Magazine, Vol. X, December, 1861.

The Educational Journal: The Official Organ of the Teachers' League of South Africa.

Historia: Amptelike Orgaan van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Derde Jaargang, Nr. 2, Junie 1958.

Op die Horison: Kwartaalblad van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Maandblad. Desember 1958.

Joernaal van die Suidwes-Afrika Wetenskaplike Vereniging. Band I, 1925-1926; Band II, 1926-1927.

Die Lantern: Tydskrif vir Kennis en Kultuur, 'n Kwartaalblad uitgegee onder die Beskerming van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

T.E.P.A. Educational News: Organ of the Teachers' Educational and Professional Association.

Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede: S.A.B.R.A.-orgaan, Kwartaalblad, Oktober 1951 tot Oktober 1959.

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns: Offisiële Orgaan van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Sesde Jaargang, Eerste Aflewering, September 1927. Vol. X, 1931/32.

(c) Jaar- en Kongresverslae:

(i) Gepubliseer:

Cape Flats Distress Association (Cafda): Annual Reports, 1950-1959.

Da Gama Publications: State of the Union Year-Book for South Africa, Johannesburg, 1960.

Federale Raad van die N.G. Kerke vir Bestryding van Maatskaplike Eiwels: Die Drankvraagstuk in Suid-Afrika. Referate en Besluite van die Uniale Kerklike Kongres, Bloemfontein, 2-4 Oktober 1957.

(ii) Ongepubliseer:

S.A.B.R.A.-Kongres oor die Kleurlinge in Suid-Afrika, Januarie 1955. Die volgende Referate:

du Plessis, I.D.: The Coloured People of South Africa: Some Aspects of their present Position.

Eiselen, W.W.M./.....

- Eiselen, W.W.M.: Die Kleurling en die Naturel.
Gerdener, G.B.A.: Voorsittersrede.
Sadie, J.L.: Die Plek van die Kleurling in die Suid-Afrikaanse Ekonomie.
Yeld, R.W.A.: Die Kleurling en Plaaslike Besture.

Konferensie oor Kleurlingaangeleenthede, Kaapstad, 18 Augustus 1953:

- Bester, F.A.: Memorie vir Gebruik by Konferensie insake Kleurlingaangeleenthede.

Saamwerk-Skoolvereniging-Kongres, 12 Oktober 1960:

- Bester, F.A.: Die Khoisan Bydrae tot die Geestesvorming van die Suid-Afrikaanse Kleurling. Hoofrede by Kongres.

8. Ongepubliseerde Proefskrifte.

- Bester, F.A.: Die Naturelle- en Kleurlingonderwys in die O.V.S. — 'n Krities-historiese Studie. M.Ed., P.U. vir C.H.O., 1945.
Blignault, A.P.: Die Leerbekwaamheid van die Graaf-Reinetse Kleurling vir Vergelyking met dié van Blanke en die Naturel. M.A., Stellenbosch, 1939.
Blignaut, J.H.: Die Benadering van die Vraagstuk van Alkoholisme deur „Alcoholics Anonymous". M.A., Pretoria, 1959.
Bosman, Jan D.: 'n Onderzoek na die Gesindhede van Transvaalse Kleurlingonderwysers en -studente ten opsigte van Onderwys- en Opvoedingsvraagstukke. M.Ed., Pretoria, 1959.
Bothma, C.V.: 'n Volkekundige Onderzoek na die Aard en Ontstaans-oorsake van Tsotsi-groepe en hulle Aktiwiteite in die Stedelike Gebiede van Pretoria. M.A., Pretoria, 1951.
du Plessis, W.K.H.: Die Nywerheidsskool as Onderwys- en Opvoedingsinrigting in Suid-Afrika. D.Ed., P.U. vir C.H.O., 1958.
du Preez, J.J.: Skooltoetredingsouderdom by die Plattelandse Kleurlingkind. M.A., Stellenbosch, 1955.
du Toit, A.S.: Kontak en Assosiasie van Kleurling met Bantoe in die Kaapse Skiereiland. D. Phil., Stellenbosch, 1958.
du Toit, J.B.: Plaasarbeiders. 'n Sosiologiese Studie van 'n Groep Kleurling-plaasarbeiders in die distrik Tulbagh. M.A., Stellenbosch, 1947.
Dyason, Elizabeth R.: 'n Sosiologiese Onderzoek van die Kleurlingbevolking binne die Munisipale Gebied van Kimberley. D. Phil., Bloemfontein, 1955.
Engelbrecht, I.Z.: Die Interne Organisasie van die Suid-Afrikaanse Verbeteringskool. M.Ed., P.U. vir C.H.O., 1952.
: Apartheid en Skoolopvoeding in Suid-Afrika, 1652-1956. D.Ed., P.U. vir C.H.O., 1959.
Günther, Maria C.: 'n Kultuursosiologiese Studie van Sub-ekonomiese Behuising. M.A., Pretoria, 1955.
Hanekom, Jacoba H.: Die Verwydering onder die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937, van Kinders uit die Gesinsverband. M.A., Pretoria, 1950.
Heydorn, Gertrud E.C.: 'n Behuisingsopname in die Munisipale Gebied van Stellenbosch, M.A., Stellenbosch, 1955.

Kamfer, Elizabeth J./.....

- Kamfer, Elizabeth J.: 'n Sosiologiese Studie van Herkoms. 'n Onderzoek na die Herkoms van „Gesinshoofde" in sewe Munisipale Gebiede in die Westelike Kaapprovinsie. M.A., Stellenbosch, 1948.
- Kamfer, Louis: Die Probleem van Skoolverlating by Kleurlingkinders. M.A., Stellenbosch, 1954.
- Kieser, W.W.J.:
- : Bantoe-jeugmisdaad aan die Rand en die Behandeling daarvoor deur die Diepkloof-verbeteringskool, Johannesburg. M.Ed., P.U. vir C.H.O., 1952.
 - : Die Opvoedkundige Aspekte van die Kinderwette in die Unie van Suid-Afrika. D. Ed., P.U. vir C.H.O., 1959.
- Kirsten, Annalene J.: 'n Behuisingsopname van Nie-Blanke Plaaswerkers werksaam by 102 Uitvoerdruiweboere in die distrik Paarl. M.A., Stellenbosch, 1953.
- Le Roux, C. du P.: Vooroordele en Stereotipes in die Rassehoudings van Kleurlinge. 'n Sosiaal-sielkundige Analise van die Vooroordeel teenoor en Stereotipes ten opsigte van Blankes by Kleurlinge in die hoëre sosiale Strata. M.A., Stellenbosch, 1959.
- Le Roux, W.G.: Die Kleurling-jeugbende in Kaapstad. D. Phil., Stellenbosch, 1951.
- Loedolff, J.F.: Homoseksualiteit. 'n Sosiologiese Studie. M.A., Pretoria, 1951.
- Marais, J.C.: Die Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Druiping van skoolgaande Kleurlingkinders op die Platteland van die Kaapprovinsie. M.A., Stellenbosch, 1955.
- Marais, N.J.: Die Voorsiening en Administrasie van Kleurlingonderwys in Kaapland, veral sedert 1910. M.Ed., Stellenbosch, 1955.
- Olivier, Elias, J.J.: Misdaad en Drankmisbruik onder Kleurlinge. M.A., Stellenbosch, 1956.
- Retief, G.M.:
- : 'n Onderzoek na die Wyse waarop die Gesinsagtergrond van Jeugoortreders van veroorsakende Betekenis in die Bepaling van hul Wangedrag is. M.A., Pretoria, 1952.
 - : Oortredinge onder jeugdige stedelike Naturelle. 'n Krimineel-sosiologiese Onderzoek van 'n Groep Naturelle-jeugoortreders in die Boksburgse Landdrosdistrik. D. Phil., Pretoria, 1959.
- Retief, J.D.: Aspekte van die Gesondheidspeil van die Nie-blankes van Wes-Kaapland. M.A., Stellenbosch, 1959.
- Roux, A.S.: Enkele Sosiologiese en Psigologiese Implikasies van Alkoholisme. D. Phil., Pretoria, 1954.
- Sadie, F.A.: The Relation between the Learning Ability and the Degree of European Blood in South African Non-Europeans. M.A., Stellenbosch, 1941.
- Steenkamp, W.L.: Sosio-ekonomiese Agtergrond as Faktor by die Skolastiese Vertraging van die Plattelandse Kleurling. M.A., Stellenbosch, 1954.
- Van der Walt, P.J.:
- : 'n Uiteensetting en Beoordeling van die Suid-Afrikaanse Misdaadstatistiek. M.A., Pretoria, 1951.
- 'n Uiteensetting/.....

- : 'n Uiteensetting van die Grondslae van die Misdaad-sosiologie met besondere Aandag aan die Suid-Afrikaanse Misdaadstatistiek en die sosiologiese Klassifikasie van Misdade. D. Phil., Pretoria, 1954.

Van Niekerk, Susanna E.: Die Uitwerking van Verlating en Egskeiding op die Gesinslewe met besondere Aandag aan die Kinders. M.A., Pretoria, 1953.

Van Rooyen, Anna E.D.: Die gebroke Huisgesin en Wangedrag by gekommitteerde Blanke Kinders. M.Ed., Stellenbosch, 1949.

Van Rooyen, J.G.F.: Die Kaapse Kleurlinge en hul Lewenswyse as Byproduk van die Westerse Beskawing. M.A., Stellenbosch, 1931.

Van Zyl, G.J.: 'n Ontleding van die Lewensomstandighede van verwaarloosde Kinders van wie die Vaders en/of die Moeders Misbruikers van sterk Drank is, en 'n Poging om vas te stel in watter mate die Verwaarloosing deur die Drankmisbruik verborsaak is. M.A., Pretoria, 1949.

9. Ongepubliseerde Varia.

Botha, D.P.: Die Trek van die Kleurlinge na die Stede, 1956.

Carstens, J.C.: Hoe groot is ons Persentasie Suksesse? Porter-verbeteringskool, 1958.

Kath. Bureau Kamp- en Internaatwerk voor Sociale Jeugdzorg: Kampen en Internaten voor Katholieke Jongens en Meisjes, Utrecht, Ongedateerd.

N.G. Sendinggemeente, Wynberg: Verstoë i.v.m. die Voorgestelde Gebiedsafbakening ingevolge die Groepsgebiedewet, No. 41 van 1950.

N.G. Sendingkerk, Ring van Wynberg: Memorandum aan Adviesraad van Grondbesit, 19 Maart 1954.

Saamwerk-Skoolvereniging, Ottery Nywerheidskool-tak: Notule.

Teachers' Educational and Professional Association (T.E.P.A.): Memorandum submitted to the Coloured Education Committee, September, 1953.
